

# Jesus Christus, Seun van God, ís ons Versoening

## ’n Missionêre Christologie

PIETER VERSTER

*sb*

# Jesus Christus, Seun van God, ís ons Versoening

’n Missionêre Christologie

PIETER VERSTER

SUNBONANI SCHOLAR

*Jesus Christus, Seun van God, ís ons Versoening - 'n Missionêre Christologie*

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd

Druknaam: SunBonani Scholar

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2017 Sun Media Bloemfontein en die outeur

Hierdie publikasie is deur die uitgewer aan 'n onafhanklike dubbel-blinde portuurevaluering onderwerp.

Die skrywers en die uitgewer het alles moontlik gedoen om kopieregtoestemming te verkry vir die gebruik van derdepartyinhoud en om sodanige gebruik te erken. Rig alle navrae aan die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig dié van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe 2017

ISBN: 978-1-928424-10-9
ISBN: 978-1-928424-11-6 (e-boek)
DOI: https://doi.org/10.18820/9781928424116

Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein
Voorblad en ontwerp gebaseer op die skildery getiteld 'The Last Supper' deur Pascal Dagnan-Bouveret, in publieke domein na aanleiding van die ouderdom van die skildery [Wikimedia Commons].

Navorsing en akademiese werke word onder hierdie druknaam in druk en elektroniese formaat uitgegee.

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za
Die e-boek is beskikbaar by: https://doi.org/10.18820/9781928424116

Opgedra aan my vrou Ernéne en drie kinders, Wanda, Frida en Pieter Lafras.

Hierdie publikasie is gebaseer op navorsing wat deur die NNS (NRF) van Suid-Afrika ondersteun is. Alle standpunte, gevolgtrekkings en voorstelle wat gemaak word, is die standpunt van die outeur en die NNS (NRF) aanvaar geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

Hierdie publikasie is mede moontlik gemaak deur 'n ruim finansiële bydrae van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

# Inhoudsopgawe

**Voorwoord** ........ **xiii**

**HOOFSTUK I**

**Die benadering van die Christologie van die Een wat ons versoening ìs vanuit die bron van die openbaring** ........ **1**

1.1 INLEIDING ........ 2

1.2 PROBLEEMSTELLING ........ 2

1.3 UITGANGSPUNTE ........ 3

1.3.1 Openbaring in die Skrif ........ 4

1.3.2 Problematisering deur die postmodernisme ........ 6

1.3.3 Die reformatoriese beginsel ........ 7

1.3.4 Teks en konteks ........ 8

1.3.5 Gesonde eksegese ........ 12

**HOOFSTUK 2**

**’n Sendingbenadering tot die Christologie van die Een wat ons versoening ìs** ........ **17**

2.1 DIE BEGRIP SENDING ........ 18

2.2 DIE *MISSIO DEI* ........ *22*

2.3 SENDING AS BESTAANSWYSE ........ 27

**HOOFSTUK 3**

**Jesus die Seun van God, die Een wat ons versoening ìs** ........ **35**

3.1 DIE HISTORIESE JESUS ........ 36

3.2 DIE PRE-EKSISTENSIE VAN JESUS CHRISTUS AS DIE EEN WAT ONS VERSOENING ÌS ........ 42

3.2.1 Nicea 325 ........ 42

3.2.2 Chalcedon 451 ........ 42

3.2.3 Eksponente oor Jesus Christus se goddelikheid ........................... 43
3.2.3.1 Calvyn: Jesus Christus as ware God en ware mens .... 43
3.2.3.2 Barth: Jesus Christus as die ware openbaring van die Gans Andere ........................................................................ 44
3.2.3.3 Heyns: Christus van Bo .................................................. 46
3.2.3.4 Jonker: Jesus se unieke verhouding tot die Vader ........ 48
3.2.3.5 Kärkkäinen: Die pre-eksistensie van Jesus ................... 50
3.2.3.6 Dunn: Progressie aangaande die belydenis aangaande Jesus se pre-eksistensie .................................................. 53
3.2.3.7 Schreiner: Jesus as ware Seun van God ........................ 57
3.2.3.8 Hurtado: Jesus Christus as die Een wat aanbid word 59
3.2.3.9 NT Wright: Jesus Christus en die belydenis van monoteïsme ........................................................................ 64
3.2.3.10 A van de Beek: God is EEN ............................................ 69
3.3 SAMEVATTING ........................................................................ 75

**HOOFSTUK 4**

**Eksegetiese en hermeneutiese oorwegings aangaande die heerlikheid van Jesus Christus as die Een wat ons versoening ìs ........ 77**
4.1 INLEIDING ................................................................................ 78
4.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE .................................... 80
4.2.1 Die ewigheid van God in die Ou Testament ................................ 81
4.3 PERSPEKTIEWE IN DIE NUWE TESTAMENT ........................................ 96
4.3.1 Die heerlikheid van Christus in Matteus ....................................... 97
4.3.2 Markus ........................................................................ 102
4.3.3 Lukas ........................................................................ 106
4.3.4 Handelinge ........................................................................ 109

4.3.5 Samevattend: Sinoptiese Evangelies en Handelinge .................... 110
4.3.6 Die Johannes-evangelie .................... 111
4.3.7 Koningskap en heerskappy: Openbaring .................... 117
4.3.8 Paulus .................... 126
4.3.8.1 Filippense .................... 127
4.3.8.2 Romeine .................... 131
4.3.8.3 Kolossense .................... 133
4.4 SAMEVATTING .................... 144

**HOOFSTUK 5**
**Die eie aard van die koningskap van Jesus Christus as die Een wat ons versoening ìs .................... 146**
5.1 INLEIDING .................... 147
5.2 YAHWEH EN JESUS CHRISTUS .................... 147
5.3 DIE KONINGSKAP EN VERHOUDING MET ANDER GODSDIENSLEIERS .................... 153
5.4 IMPLIKASIES VAN KOLOSSENSE 1 EN DIE KONINGSKAP VAN CHRISTUS .................... 155
5.4.1 Jesus Christus het reg op alle aspekte van die heelal .................... 156
5.4.2 Die eenheid van Christus met God beteken dat die heil volledig en totaal in Hom is .................... 157
5.4.3 Die versoening is heilbrengend in Hom wat sy lewe gegee het aan die kruis maar ook opgestaan het uit die dode .................... 158
5.4.4 Die Christologiese implikasies van die heil is dat alle magte moet erken dat dit beperk word deur die Een wat volledige heil bring .................... 159
5.5 SAMEVATTING .................... 160

**HOOFSTUK 6**
**Jesus Christus as die ware Profeet is die Een wat ons versoening ìs ... 161**
6.1 INLEIDING ... 162
6.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE ... 162
6.3 JESUS CHRISTUS AS WARE PROFEET IN DIE NUWE TESTAMENT ... 166
6.4 DIE PROFETIESE AMP EN SOSIALE VERHOUDINGE ... 168
6.5 DIE PROFETIESE AMP EN DIE POLITIEK ... 169
6.6 DIE PROFETIESE AMP EN DIE WETENSKAP ... 172
6.7 DIE PROFETIESE AMP EN DIE TEGNOLOGIE ... 179
6.8 DIE PROFETIESE AMP EN DIE EKONOMIE ... 180
6.9 ’N BETEKENISVOLLE TOEKOMSVERWAGTING ... 186
6.10 DIE PROFETIESE AMP VAN JESUS CHRISTUS EN DIE HEILIGE GEES ... 195
6.11 DIE PROFETIESE AMP EN DIE OPROEP TOT GEHOORSAAMHEID ... 198
6.12 DIE PROFETIESE AMP EN DIE POST-KOLONIALE TEOLOGIE ... 202
6.13 DIE PROFETIESE AMP EN DIE SENDING ... 208

**HOOFSTUK 7**
**Jesus die groot Hoëpriester is die Een wat ons versoening ìs ... 209**
7.1 INLEIDING ... 210
7.2 EEN VIR ANDER ... 210
7.3 JESUS CHRISTUS ALLEEN IS DIE VOLHEID VAN DIE VERSOENING ... 214
7.3.1 Die geboorte van Christus ... 215
7.3.2 Jesus Christus se aardse lewe ... 217
7.3.3 Die kruisiging ... 218

7.3.4 Die Opstanding ..... 244
7.3.5 Lewe na die dood ..... 247
7.3.6 Hemelvaart ..... 260
7.3.7 Die Wederkoms ..... 262
7.4 SAMEVATTING ..... 263

**HOOFSTUK 8**
**Die sendingimplikasies van die Christologie ..... 265**

**Bibliografie ..... 276**

**Indeks ..... 295**

Pieter Verster is professor in Sendingwetenskap in die Departement Praktiese en Missionale Teologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is ook 'n geordende leraar van die NG Kerk en hy beskik oor 'n C3-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS).

In 2008 is sy boek: *A Theology of Christian Mission: What Should the Church Seek to Accomplish?* deur Edwin Mellen Press in New York gepubliseer. In 2012 publiseer SUN PRESS sy boek: *New Hope for the Poor*. Verskeie van sy artikels is in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer.

Pieter is getroud met Ernéne en hulle het twee dogters, Wanda en Frida, en 'n seun, Pieter Lafras.

# Voorwoord

As teologiese student het ek met die werke van Athanasius kennis gemaak. Sy wonderbare getuienis aangaande die Godheid van Jesus Christus het my diep geraak. Natuurlik volg dit op die getuienis van die Bybel self. Nie alleen getuig Petrus aangaande Jesus, U is die Christus, die Seun van die lewende God nie, maar Johannes skryf op lieflike wyse oor die Eenheid tussen God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Daar is egter ook oorvloedige ander getuienisse daaroor in die Nuwe Testament. Daardie spoor wou ek graag, ook in gesprek met teoloë, volg. Hierdie belydenis word tans bevraagteken. Dit is egter my oortuiging dat dit tot die essensie van die Evangelie behoort en steeds met volle oortuiging bely moet word. Daarom is gepoog om wetenskaplik eerlik maar ook met oortuiging te bely dat Jesus God uit God is. Die betekenis daarvan vir die sending is onuitspreeklik groot.

Ek is ten volle ondersteun deur Ernéne, my vrou, en kinders Wanda, Frida en Pieter Lafras. Aan hulle my grootste dank en liefde.

Proff A van de Beek en AH Snyman het kosbare advies verskaf en ek waardeer dit opreg. Dr A Odendaal het hulp verleen en Dr M Sukdaven en Prof PJ Strauss het verslae aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verskaf wat ek ook opreg waardeer. Die finansiële steun van die Akademie, die Universiteit van die Vrystaat en die NNS (NRF) word hoog op prys gestel.

Mev. Huibré Lombard wil ek graag bedank vir ure se werk aan taalversorging van die teks.

Alle eer moet egter aan God, Vader, Seun en Heilige Gees, gebring word. *Soli Deo Gloria*.

**Pieter Verster**
*Universiteit van die Vrystaat*

Desember 2017

# HOOFSTUK I

## Die benadering van die Christologie van die Een wat ons versoening ìs vanuit die bron van die openbaring

## 1.1 INLEIDING

’n Missionêre Christologie benader die Christologie vanuit die perspektief van die openbaring en betekenis van Jesus Christus vir die wêreld. Dit is alreeds ’n bepaalde uitgangspunt, maar word die beginpunt. Die persoon en werk van Christus staan sentraal. Die Christologie bepaal die teologie rakende die benadering van die krisisse wat tans in die wêreld voorkom. Wie is Jesus Christus? Wat moet aangaande Hom geglo word? Wat is die betekenis van Jesus Christus in verband met die mens in krisis? Wat is die betekenis van sy optrede op aarde vir die mens in al sy/haar verbande? Hoe raak Christus se daad van versoening die toekoms van die mens in die wêreld? Wat is die betekenis van Jesus Christus vir die ewigheid en die ewige lewe? Is daar ’n aanvaarbare Christologiese standpunt wat duidelike riglyne gee oor die kerk se belydenis aangaande Hom en daardeur die kerk se teenwoordigheid in die wêreld bevestig? Beteken dit dat die Christologie ’n Christologie van ‘onder’ moet wees? Of bepaal Christus self die Christologie en is wie Hy is en wat Hy doen bepalend, soos in die belydenis van Nicea en die besluite van Chalcedon in hierdie verband uitgedruk word? Nie alleen word bely dat Hy “God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God” is nie, maar ook dat Hy volledig mens geword het en dat sy twee nature op wonderbaarlike wyse verenig is: asungutos, atreptos, adiaretos, achoristos, onvermeng, onveranderd, ongedeel, ongeskei. Hoe word hierdie belydenis verstaan en wat is die betekenis hiervan vir die wêreld? Is dit nog ’n relevante belydenis? Word hier nie reeds ’n keuse vir ’n Christologie wat uit Westerse filosofiese denke ontstaan, gemaak nie? Die vraag is inderdaad: Wat is die bakermat van die Christelike oortuiging aangaande Jesus? Vanuit hierdie oortuiging moet met ander in gesprek getree word. Daar moet indringend antwoorde gesoek word rakende verskeie uitdagings wat die huidige Christologie tans moet trotseer.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In die lig van die verskeidenheid standpunte oor Jesus Christus en hoe hierdie standpunte die sending bepaal, word die unieke betekenis van Jesus Christus as Seun van God ondersoek. Die Christologie moet indringend aandui wat aangaande Jesus Christus geglo word. Om dit te bepaal, moet die Bron wat oor Jesus Christus getuig deeglik nagegaan word. Daar moet ’n aanvaarbare getuienis rakende Hom gevind word. Die vraag moet gevra word: Wat is die betekenis van

Jesus as Seun van God en self God? Vanuit hierdie getuienis moet ook gevra word wat dit vir die sending beteken. Onder die huidige omstandighede, met die verskeidenheid implikasies van sending, sal ook indringend gevra moet word wat sending behels, sowel as hoe die Christologie die sending bepaal. Daar moet ook gevra word hoe die koninkryk wat deur Christus bepaal word op alle terreine van die lewe vernuwing bring.

As sentrale uitgangspunt dien die diepgaande vraag na die EENHEID van God en die implikasies daarvan vir die sending. As hipotese word gestel dat die lewende God deeglik betrokke is by die mens en die wêreld en deur Jesus Christus as Seun van God wat ons versoening ìs, wat beteken dat die volheid van verlossing in Jesus Christus self volledig teenwoordig is, en deur die Heilige Gees die heil in tyd en ewigheid sigbaar maak. Transendensie is vir die sending onontbeerlik. Dit beteken nie dat die menswording van Jesus Christus geringgeskat word nie, of dat enigsins beweer word dat Hy nie volledig mens geword het nie, en dat Hy die mens in sy/haar bestaan volledig erken nie, maar wel dat Hy Een met die Vader is. In hierdie EENHEID met die Vader bring Hy heil.

## 1.3 UITGANGSPUNTE

Ten eerste moet die hermeneutiese en eksegetiese uitgangspunte vasgestel word. Die uitgangspunte in die benadering van die Christologie moet vasgelê word. Daar moet dus verklaar word wat die grondslag van die studie is. In die teologiese besinning moet gevra word wat die inhoud van die wetenskaplike besinning is. Die reformatoriese benadering word hier gevolg. Dit beteken dat die oortuiging dat God Homself openbaar die grondslag van die teologie vorm. Van der Walt (1999:1) skryf dat die Christelike godsdiens reeds vanaf sy oorsprong nie as 'n wêreldontvlugtende nie, maar eerder as wêreldveranderende transformerende krag beskou moet word.[1] Die hele lewe moet vernuwe word. Vanuit die innerlike

1 Van der Walt skryf (1999:109):

> *In die geval van die Christen is hierdie geloof op God se drieërlei openbaring (woordeloos in die skepping, in talige vorm in die Skrif en verpersoonlik in Christus) gegrond. Daar is dus twee rigtings: Aan die een kant is die geloof gegrond in die Woord, en aan die ander kant laat die geloof (via die lens, tregter of filter van die lewensvisie) die Woord sy uitwerking in die lewe vind. In die geval van die Christen sal daar dus 'n intieme wisselwerking tussen geloof en openbaring moet plaasvind.*

lewe moet die verhouding tot God en die verhouding tot die medemens en die res van die skepping bepaal word (1999:1).

God openbaar Homself in sy volle heerlikheid. Hierdie openbaring is kenbaar in die Bybel as die Skrif. Die *sola Scriptura*-beginsel word neergelê. Hoe die Skrif spreek, is egter nie altyd gewoonweg duidelik nie. Die reformatoriese benadering wil altyd volledig erns met die hele spektrum van interpretasie maak, maar bevestig steeds dat die openbaring van God in die Skrif kenbaar is.[2] Omdat dit kenbaar is, is dit ook nie totaal relatief nie.

### 1.3.1 Openbaring in die Skrif

In die geheel beskou, word die interpretasie deur die eie betekenis van die Skrif self vasgelê. Daar is wel 'n deurlopende lyn wat die openbaring van God onderlê ten spyte van die verskeidenheid van stemme. Die oortuiging *sacra Scriptura sui ipsius interpres est* (die Heilige Skrif is sy eie uitlegger) moet dus nie afgewys word nie. Die hermeneutiese sleutel bly dus God se openbaring wat kenbaar is. Die reformatoriese beginsel bevestig dus dat bepaalde riglyne vir die teologie duidelik voorkom. Heyns (1978:17) toon dan ook aan dat die openbaring van God juis in die Skrif neergelê is. Dit beteken dat daar nie maar telkemale getuienisse oor die openbaring gelewer word nie en ook dat daar nie nuwe direkte insprake wat telkemale voorkom, nie aangedui kan word nie. Die totale onmisbare uitdrukking van sy wil word in die Skrif gevind. Volgens Heyns (1978:18) word die diepste bedoeling van die slagspreuk, *sacra Scriptura sui ipsius interpres est* juis daarin gevind dat die Skrif self aandui wie, wat, en waarvandaan dit is. Heyns (1978:18) beklemtoon die goddelike maar ook menslike oorsprong van die Skrif. Daarom is die Bybel volgens hom 'n teo-antroposentriese boek. Hy het daarom ook die dialogiese inspirasieteorie ontwerp. Binne die koninkryk van God word die verhouding tussen God en mens binne die verbond so verstaan dat dit die mens 'n gehoorsame antwoord op God se spreke bied. In so 'n dialogiese verhouding

2 Plantinga (2003:21) vra: Hoe sal 'n Christen kan verduidelik dat die Bybel Goddelik geïnspireer is? Tradisionele Bybel-interpretasie het beklemtoon (2003:25-31) dat die Skrif as sodanig as gesagsvol en waardevol beskou word vir geloof en moraliteit en dat dit so is omdat dit 'n openbaring van God is.

spreek God in die Skrif (1978:22). Die Skrif is deur God ingegee. Die begrip *teopneustie*[3] verduidelik die ingee van die Skrif deur die Heilige Gees (1978:22).

Migliore (2004:50) beklemtoon die onvervangbaarheid van die Bybel. Dit is die bron wat die lewende God wat in Jesus Christus openbaar is, aan die mens verbind deur die krag van die Heilige Gees. Christene glo ook nie *in* die Bybel nie – hulle glo *in* God wat deur die Bybel verkondig word. Daarom is die Bybel die unieke getuienis van die soewereine genade van God wat in die geskiedenis van Israel sigbaar was, maar veral in die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus (2004:50). Migliore (2004:51) bevestig verder dat die getuienis van die Skrif polifonies eerder as homofonies is. Die rykdom van die Bybelse insigte is dan ook buitengewoon.[4] Wat die beginsels waarvolgens die Bybel uitgelê moet word, betref, gee Migliore (2004:53-63) die volgende riglyne:

1. Historiese en literêre sensitiwiteit is nodig, sonder om die unieke getuienis aangaande die lewende God te misken.
2. Die Skrif moet teosentries interpreteer word. Die getuienis aangaande die Drie-enige God, naamlik die God van Israel wat in Jesus Christus tot ons kom deur die krag van die Heilige Gees, moet bevestig word.
3. Die Skrif moet kerklik geïnterpreteer word, binne die konteks van getuienis van die Kerk.
4. Die Skrif moet ook kontekstueel geïnterpreteer word.

Dit was juis Berkhof (1973:82) wat aangedui het dat die Skrif die vrug is van die vaslegging van die openbaring van God. Daarom is die openbaring aan Israel en in Christus in Skriftelike dokumente vasgelê. Die wyse waarop die Bybel

---

3 Heyns (1978:23) lig dit toe:

> Samevattend kan ons sê *teopneustie is daardie leiding van die Heilige Gees wat die Bybelskrywers in staat gestel het om 'n betroubare skriftelike gestaltegewing aan Gods Woord vir die mens van alle tye te skenk.* (Beklemtoning Heyns).

4 Migliore (2004:52) skryf:

> *The Bible is a witness, and at its center it attests the sovereign, liberating grace of God in Christ. As described by the biblical narratives, God is always greater than we imagine. Scripture not only declares the coming of the Christ but tells the story of the crucified Christ; it not only praises the eternally rich God but proclaims that this God became one of the poor; it not only speaks of God's judgement and grace but declares that God stands on the side of the poor and the oppressed and judges the exalted and the powerful. This is the ever-disturbing, even revolutionary witness of the Bible.*

interpreteer word, hang saam met die vraag na die gesag van die Skrif wat as ontmoetingsbegrip beskou moet word (1973:91). Omdat die verhouding tussen die openbaring en die Skrif indirek is, is die skrifgesag ook indirek. Die Skrifwoorde bemiddel die ontmoeting met God (1973:93).

### 1.3.2 Problematisering deur die postmodernisme

Die voorstanders van die Postmodernisme vind dit problematies om van grondwaarhede en die bevestiging van waarhede te praat. Alfsvåg (2011:54) verduidelik dat die Christelike sendeling beskou was as iemand wat vir die waarheid staan en ook die waarheid verteenwoordig. Dit word tans bevraagteken omdat die begrip waarheid vloeibaar is en daar juis na aanvaarding van die ander gestreef moet word wat dus uitsluiting van hulle wat nie die 'waarheid' ken nie, afwys. Hy verwys na Derrida en Caputo wat die finaliteit en definieerbaarheid van die begrip waarheid afwys (2011:56). Derrida gebruik die begrip *difference* om aan te toon dat daar 'n verskil is tussen wat bedoel word en wat gesê word. Dit is egter moontlik om die relatiwiteit van interpretasies te oorkom wat dan religieuse interpretasie moontlik maak. Beide Derrida en Caputo kritiseer die eensydige modernistiese definieerbaarheid van rasionaliteit. Waar daar gesoek sal moet word vir die realisering van die goeie indien daar geen absolute is nie, is 'n belangrike vraag. Miskenning van die absolute lei tot die verabsolutering van die menslike subjek (2011:60).

Die beginsel van skepping, sondeval, verlossing en voleinding is volgens die postmoderniste nie meer houdbaar nie. Daar bestaan geen "grand narritives" nie. Die Skrif moet daarom ook op sigself bevraagteken en gedekonstrueer word. Die ou wêreldbeeld is afgelê en die nuwe wetenskaplike wêreldbeeld laat geen ruimte vir skepping op die wyse wat die Bybel voordra nie; nog minder vir 'n sondeval, en ewe min vir verlossing as plaasvervangende offer. Daar moet egter aangetoon word dat die dinamiek van die Skrif, gelees in verband met die spesifieke aard van die Skrif, wat nie as wetenskaplike handboek beskou moet word nie, maar wel essensiële waarhede oor God, die skepping en verlossing erken moet word.

Alfsvåg (2011:67) se oplossing is dat die verhaal van Jesus Christus wat as Gawe en Gewer in die nagmaal teenwoordig is, dit moontlik maak om op God te vertrou en ook te kan bevestig dat God die Gewer is van alles wat goed is. Om die integriteit

van die Christelike verhaal te bevestig, beteken nie dat ander aanhangers van ander verhale met geweld benader word nie, maar wel dat die vertel en oorvertel van die Christelike verhaal die grondslag van die Christelike sending vorm.

### 1.3.3 Die reformatoriese beginsel

Vanuit die reformatoriese beginsel word die waarhede van die Skrif dus wel as steeds geldend beskou. Die eie aard van die teks moet erken word, maar ook die waarheid daarvan. Die teks in sy veelheid van moontlikhede veronderstel wel riglyne om die openbaring van God te verstaan.[5] Die moontlikheid dat God self in die Skrif aan die woord kom, vind sy begronding in die Skrif wat dit self so aanbied en in die geloof wat hierdie bevrydende waarheid aanvaar. Dit is God wat Homself openbaar en sy waarheid deurgee. Die innerlike getuienis van die Skrif hang daarmee saam. Die bronteks bevestig dit wat wel in die geheel sigbaar voorkom. In hierdie verband is daar die belydenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat God wel in die Skrif geopenbaar word. Dat God kenbaar is in die Skrif is dus 'n belydenis en kan nie anders as om uit die hart op te kom deur die werking van die Heilige Gees nie. Daar word dus 'bely' dat dit God se Woord is en dat God Homself in die Skrif openbaar.[6]

Welker (2013:252) vra ook of die openbaring van God in Jesus Christus 'n afgeslote saak in die verlede is en of God homself voortdurend in Jesus Christus openbaar, dit wil sê dat dit 'n saak is wat nog steeds in die huidige tyd voortgaan en dat Christus Homself in die huidige tyd nog steeds teenwoordig stel. Die probleem is dat indien mens dit net in die verlede plaas, die werklikheid van die teenwoordigheid van God tans misgekyk word. Hy verwys na verskeie tekste wat beklemtoon dat Christus nog steeds die Een is in wie God Homself openbaar in die huidige tyd. Die lewe en diens van Christus is vandag, môre en tot in alle ewigheid in die eenheid met die Skepper en kan waargeneem word in die eenheid met die Skepper. As God Homself dan openbaar het in hierdie spesifieke menslike

5 Deist (1994:310) wys op die verskil tussen 'n literêre aanpak wat met 'n idealistiese teksbeskouing en krities-rasionalistiese metodologie werk, en die historiese benadering wat met 'n materialistiese teksbeskouing en krities-materialistiese metodologie werk.

6 Soms is die kritiek ook eensydig teen bepaalde benaderings van die Bybel wat wel deur verskillende benaderingswyses tot aanvaarbare oplossings kom (Martin 1977:220 e.v.).

lewe en so in mense se lewe deur die lewe van Jesus Christus teenwoordig gekom het, sal die radikale heil van God wat in Christus openbaar word, gesien kan word. Die vraag is dan hoe die bewondering van die Kind in die krip en die Man wat aan die kruis sterf in verband gebring kan word met ons menslike lewe. Kan ons dan bely dat in hierdie spesifieke mens, Jesus Christus, en in sy lyding, God geopenbaar is, of moet ons na meer universele konsepte van God beweeg soos Tillich uitgewys het? (Welker 2013:252).

Wat is die weg wat Christologie dan moet volg (Welker 2013:255)? In die eerste plek moet die soektog na die historiese Jesus ons na God se openbaring in die mens Jesus lei. Daar moet werklik gevra word na Jesus wat nie maar net 'n klip in die woestyn is nie. Die Christologie is ook nie bloot van "onder" nie, maar die teenwoordigheid van God moet in hierdie Jesus gesien word as die EEN wat Homself openbaar. Navrae oor die historiese Jesus kan egter nie die Christologie ten volle bepaal nie. Dit wat Christus vir ons bekend maak, is van belang. Die opstanding moet nie bloot gesien word as 'n fisiese heropstanding nie, maar as die volheid van die opstanding wat die totaliteit van die lewe insluit. Verder moet erken word dat Jesus se pre-opstandingslewe en opstanding God se openbaring dien en dat dit daarmee saam die reddende, verlossende genade vir die mensdom en die skepping openbaar. Die soteriologiese betekenis van die openbaring van God, wat ten diepste in Jesus Christus se aardse bestaan gevind word, sy dood, kruisiging en die opstanding, kom in God-verlossende konfrontasie met die magte en gesag wat in die wêreld van sonde en ongeregtigheid voorkom. God het dus nie net Homself openbaar nie, maar is ook in die volle diepte van die menslike krisis teenwoordig.

### 1.3.4 Teks en konteks

Die historiese begrip van die tekste is baie belangrik. In hierdie verband is die histories-kritiese metode wel van groot belang.[7] Die histories-kritiese benadering word soms so aangewend dat die invloed van die Heilige Gees misken word, en tekste so geïnterpreteer word dat die betekenis daarvan slegs logies-rasioneel

7 Gorman (2005:184-190) toon aan dat die Protestante mense van die boek is, maar dat daar nuwe tendense in die Protestantse benadering van die Skrif voorkom en dat die fokus van interpretasie geskuif het.

verstaan word. Daardie wyse van eksegese moet afgewys word. Die historieskritiese metode kan wel bepaalde ruimte skep om die teks opnuut te verstaan om sodoende die betekenis te bevestig. Dit kan egter nie op sigself as enigste metode beskou word nie omdat rasionaliteit ook soms bedenklik kan wees.

Barton (1994:14) wys daarop dat historiese kritiek en literêre interpretasies wel op 'n sinvolle wyse by mekaar aansluiting kan vind.

Die verskuiwing na 'n meer strukturele benadering van die tekste waar die bepaalde teks hermeneuties uit sy struktuur benader word, met gevolgtrekkings wat dan vanuit die struktuur vasgelê word, kan ook sinvolle kommunikasie van die klassieke teks moontlik maak.

Thiselton (1998:1570) is van mening dat heelwat ruimte in die soeke na eksegetiese vryheid kan voorkom. Daar moet egter teen hermeneutiese anargie gewaak word. Alhoewel die etiek 'n belangrike maatstaf kan wees om teen totale onsekere interpretasies te waak, is dit nie op sigself genoegsaam nie. Manipulasie is altyd 'n gevaar (1998:1571). Die geskiedenis van die interpretasie moet in ag geneem word (1998:1572).

In die moderne tyd sal daar aanpassings gemaak moet word, met inagneming van die kulturele agtergrond, die antropologiese agtergrond en die sosiale agtergrond. Dit moet dan geïnterpreteer word in die lig van wat daardie tekste dan in 'n spesifieke verband beteken. Ten spyte van die feit dat 'n mens met Barr (Barton 2013) kan saamstem dat fundamentalisme inderdaad bedenklik is, moet daar aan die anderkant bevestig word dat gesonde eksegese ook elemente kan insluit waarin 'n bepaalde verband tekste direk kommunikeer.

Wat die uitgangspunte betref, is dit duidelik dat diepgaande vrae gevra moet word na die wyse waarop die leser en die teks by mekaar uitkom. Die hermeneutiese beginsel is dus van groot belang. In hierdie verband het Van Engen (1996:35 e.v.) duidelike riglyne aangebied. Hy toon aan dat die hermeneutiese proses nie net 'n proses van eensydige beklemtoning van aspekte is nie. In die benadering van die teks sal daar dus gepoog moet word om die vooronderstellings so te hanteer dat die teks nie in 'n keurslyf ingebind word waarin die teks nie tot reg kom nie.

Dit is belangrik dat die teks op so 'n wyse hanteer word dat die wesentlike van die teks self na vore kom. Dit is natuurlik baie moeilik uitvoerbaar want dit beteken nie dat daar alleen maar lesersresepsie sal wees nie. Die leser gaan nie die teks

bepaal nie maar die teks die leser. Die vooronderstelling waarvan hier egter uitgegaan word, is dat God in sy openbaring Homself reeds in die teks aanbied en dat die persoon wat die teks lees ook in die verhouding met die teks aangeraak word omdat daardie teks wat voor hom/haar lê nie alleen maar 'n gewone teks is nie, maar gedra word deur die openbaring van God. In daardie opsig moet erken word dat die Heilige Gees velerlei funksies vervul in die begrip van die teks en die totstandkoming van die teks, maar ook in die lees en die eind-konsekwensie van die teks, soos wat dit deur die leser beskou word. Dit beteken dat daar ten diepste gevra moet word na die inhoud van die teks wanneer daar geworstel word met die vraag van wat die betekenis daarvan is. Vanuit die reformatoriese beskouing sal daar altyd groot erkenning wees dat die teks nie so onduidelik of so onherkenbaar is dat al die velerlei interpretasies soveel moontlikhede skep dat daar nie tog duidelike riglyne vanuit die teks afgelei kan word nie. Die teks self spreek vanuit die benadering dat die Heilige Gees dit tot stand gebring het, en in hierdie proses van wedersydse ontmoeting tussen leser en teks, tussen uitleg en teks, tussen konsekwensies van die teks en die neerlê van hierdie konsekwensie, moet daar dus in diepte geworstel word om die vraag te kan beantwoord van wat die teks ten diepste wil sê. Die Christologie moet ook in hierdie verband benader word. Dit wat aangaande Christus gesê word, is nie so onduidelik dat enige moontlikheid maar aanvaar kan word nie. Ook aangaande Christus kom die Heilige Gees en verheerlik Christus, verbind die leser aan die heerlikheid van Christus en verduidelik die volheid van Christus sodat die leser dan die volheid van Christus kan verstaan en daaruit kan leer. Christus self word verheerlik deurdat die Heilige Gees die Gees van Christus is.

'n Resente benadering word deur Flemming (2015) wat die Bybel missionaal wil lees, gevolg. God se volledige heil, wat alle aspekte van verlossing insluit, bepaal die sending. Die Bybel self moet vanuit die *missio Dei* gelees word.[8]

8 Flemming (2015:xviii) vat dit soos volg saam:

> *This includes God's purpose to redeem all human beings and to restore the whole of creation, as well as all that God has called and sent the church to do in connection with his mission. This understanding stands in contrast to narrower notions of mission, which primarily focus on the cross-cultural missionary activity of the church. That is part of mission, but not the whole of mission. Rather, the mission of God's people is no less than a participation in the mission of the triune God (the missio Dei), a mission that is as wide as creation itself. Missional interpretation, then, tries to read scripture in light of God's comprehensive mission.* (Beklemtoning Flemming).

Ook Gorman (2015:50 e.v.) lewer 'n belangrike bydrae tot die hermeneutiek van die sending in aansluiting by Flemming (2015:xviii). Sentraal hierin word die toepassing van die teks op die missionale kerk verstaan. Die missionale kerk moet deur die kruis bepaal word. Geloof, liefde, mag en hoop word alles binne die missionale kerk sigbaar vanuit die hermeneutiek van die kruis.[9] Gorman is van mening dat die Bybelse teks doelbewus missionaal gelees moet word, dit wil sê met die uitgangspunt dat die teks getuienis lewer van God se betrokkenheid by die wêreld en die uitnodiging om daarin te deel. Die *missio Dei* is die grondbeginsel vanwaaruit die Bybel gelees moet word. God is Skepper en Verlosser en is alreeds by die sending betrokke. God se wese is missionaal. Hy red nie net siele nie, maar wil sy hele skepping vernuwe. Die mense van God wat geroep word in Jesus Christus moet deel in die sending van God (2015:52-53). Volgens Gorman (2015:56) moet vyf sentrale vrae deur die persoon wat 'n missionale hermeneutiek aanwend gevra word:

1. Wat sê die teks oor die *missio Dei* en die missionale wese van God?
2. Wat word deurgegee aangaande menslikheid en die wêreld?
3. Wat word oor die aard en sending van God se mense deurgegee?
4. Hoe word dit in die breëre verband van die Bybel in beide Testamente oor die *missio Dei* aangedui?
5. Watter konkrete aspekte kan uitgelig word wat aandui hoe God se mense kan deel in die *missio Dei*?

Hy wil veral Paulus met inagneming van die *missio Dei* lees. Paulus word as missionale skrywer gelees. Daarom moes die kerk inderdaad evangelie word.

Alhoewel saamgestem kan word dat die Bybel missionaal gelees kan word, moet tog gewaak word teen een oorheersende prinsipe. Die Bybel is ruim en verskeie en verskillende interpretasies kom na vore wat ook die sending beslissend bepaal. Daarom moet nou enkele beginsels vir gesonde eksegese vasgelê word.

9 Gorman (2015:9) skryf:

> To put it simply: The cross of Christ reveals a missional, justifying, justice-making God and creates a missional, justified, justice-making people. *Because the cross reveals a missional God, the church saved and shaped by the cross will be a missional people.* (Beklemtoning Gorman).

### 1.3.5 Gesonde eksegese

Maar wat is beginsels van gesonde eksegese? Die Skrif moet erken word vir wat dit wil wees. Dit is ’n historiese dokument wat steeds betekenis het.[10] Dit is ’n dokument oor God en die mens wat betekenisvol oor die verhouding tussen God en mens skryf.[11] Die Skrif is die openbaring van die Drie-enige God aan die mens en is betroubaar en duidelik ten opsigte van die openbaring. Die beginsel van *sacra Scriptura sui ipsius interpres est,* is steeds van groot betekenis. Alhoewel elke teksgedeelte vanuit sy eie implikasies verstaan moet word, help die wyere verband altyd om die insig in die gedeelte te verbeter.[12] Dit is nie maar net weer ’n “grand narrative” nie, maar wel ’n hermeneutiese uitgangspunt wat die verstaanshorison van die teks verhoog. Die teks moet krities gelees word sonder om die heerlike moontlikhede dat God die onmoontlike kan doen te misken.[13] Die horisonne van verstaan (Thiselton) sal steeds in ag geneem moet word. Outeur en leser kom bymekaar uit deur die erkenning van die verstaanshorisonne.[14]

10 Jasper (2004:9) en Boer (2007:1-2) reageer teen die reformatoriese benadering en wil ’n hermeneutiek van suspisie beklemtoon en die Bybel terugwen vir die linkerkant. Alhoewel die argumente van alle kante bekyk moet word, neem hulle standpunt nie die openbaring van God in die Skrif genoegsaam in ag nie.

11 Smit (1987:12) beklemtoon dat in die Reformasie bevestig is dat die Skrif nie ’n veelheid van betekenisse het nie (allegorie, tipologie, geestelik, moreel), maar een letterlike grammaties-historiese betekenis. Daarmee wou die reformatore die veelheid van interpretasies oorkom. Die uitdaging bly egter groot om tot ’n algemeen-geldende hermeneutiek te kom.

12 Van Engen (1996:45 e.v.) skryf verhelderend oor die betekenis van die narratiewe teologie en Fokkelman (1999:19) beklemtoon dat in die narratiewe lees van die verhale volgens hulle eie reëls en konvensies gelees moet word. ’n Kreatiewe lees is nie slegs liniêr nie maar ook sirkelvormig en die leesmoment wat latent is, word aktueel (1999:21).

13 Ten opsigte van fundamentalisme bly James Barr (Barton 2013) se besondere bydrae van belang. Hy het sekere aspekte aangetoon waarop die fundamentalitiese benadering van die Bybel vasloop teen basiese beginsels van logika, sodat die persoon wat die Bybel fundamentalisties benader nie altyd bereid sou wees om in sy eie benadering onder alle omstandighede te volg nie.

14 Dit is veral Thiselton (2007:xvii) wat aantoon dat die benadering van die Skrif deur die herrneneutiek sake soos: begrip, luister, liefde in aksie en respek vir ander na vore bring. Thiselton (2007:xx) skryf:

Daar sal dus versigtig en met respek met die teks omgegaan moet word. Met ’n teks loop mens eintlik op eiers.[15] Die interpreteerder is nooit heerser oor die teks nie.[16] Alhoewel daar uitdagings voorkom soos die post-koloniale[17] lees van die Bybel moet dit nie die benadering waarin die inspirasie van die Heilige Gees wat tot verligting lei, misken nie. Dit vind nie meganies plaas nie, maar in die worsteling met die teks. Daar moet holisties na die teks gekyk word waarin die hermeneutiese lees poog om in die tyd die betekenis na te speur. Die verhouding tussen teks en konteks is steeds hoogs relevant. Daarom sal die huidige konteks ook vanuit die wetenskaplike kennis en ontwikkeling meespeel. Nuttige verklaringsperspektiewe soos Taahandelingsteorie[18] kan aangewend word om die

---

> Biblical *hermeneutics explores levels of meaning, strategies of reading, historical distance, appropriation, engagement, and formation, and often features* patient and attentive listening. *The relation between text, community, and tradition remains constantly in view.* (Beklemtoning Thiselton).

15 Rogerson (2006:856-857) skryf:

> *At the end of the day, the Bible defies and undermines all attempts to define its authority. It cannot be neatly pigeon-holed and classified. It is more than the sum of its parts, still able in a changing world to inspire visions, give hope, and demand the highest and most exacting standards of scholarship for its elucidation and and interpretation.*

16 Smit (2006:95) beklemtoon ’n ekumeniese lees en skryf:

> *Hiervolgens getuig die Skrif dus van die Tradisie, wat die evangelie self is, wat Christus self is, lewend in die kerk deur die krag van die Heilige Gees. Wat Christene met mekaar deel is die een Tradisie, die evangelie, Christus, en daarvan getuig die Skrifte. Wat meer is, die éen Tradisie of evangelie word aktueel gemaak, word dus wérklikheid, word dus ontváng en belééf op ’n verskeidenheid van maniere, naamlik deur die prediking van die Woord en deur die sakramente – die kenmerkende Protestantse antwoord op die vraag – maar ook deur die erediens, ook deur onderrig en studie, ook deur die sending en getuienis van die kerk, ook deur die lewe van lidmate van die kerk.*

17 Sugirtharajah (2006:7-14) beskryf die opkoms van ’n post-koloniale ondersoek na die Skrif vanuit die ontmoeting met die tekstuele, die historiese en die artikulasies van gemeenskappe wat deur die historiese realiteit van die koloniale teenwoordigheid verander is.

18 Daar is ook die aspek van Taalhandelingsteorie wat betekenisvol vir die interpretasie van klassieke tekste kan wees. Van Niekerk (2014a:275-280) beklemtoon dat die hele beginsel van Pragmatiek van groot waarde vir die ontleding van tekste is. Van Niekerk (2014a:294-300) dui aan dat die gespreksvoorwaardes van groot belang is. Die koöperatiewe beginsel van Grice (1989) is van belang, asook die sogenaamde samewerkingsbeginsels. Die samewerkingsbeginsels en die tersaaklike reëls soos die kwantiteitsreël, die kwaliteitsreël, die relevansie reël en die reël ten opsigte van wyse

teks duidelik te maak. Hermeneutiek en eksegese is wetenskap én kuns. Vele aspekte word in ag geneem maar onder die leiding van die Heilige Gees word die interpretasie die wetenskaplike en kunstige verwewing van die aspekte.

Die Heilige Gees vernuwe die leser op so 'n manier dat die heerlikheid van Christus aan hom of haar bekend gemaak word deur dit wat oorgedra word. Die teks is dus lewend; die teks is nie 'n dooie letter nie, maar word deur die Gees lewend gemaak. Maar hierdie teks is dan ook 'n duidelike teks en die claritas van die Skrif word hierdeur op 'n besondere wyse beklemtoon, deurdat dit wat van die teks gesê word betekenisvol is vir die totale verstaan van die teks en vir die betekenis daarvan in verskillende verbande. So word die teks dan ook ten diepste verstaan omdat die Heilige Gees die vernuwing en die verligting van die teks bring. Dit beteken nie dat daar nie 'n rasionele uitleg van die teks moontlik is nie. Dit beteken ook nie dat verskeie pogings aangewend moet word om te midde van uitlegkunde te poog om te verstaan wat die teks werklik beteken nie, maar beteken wel dat die moontlikheid bestaan om dit te begryp deur die werk van die Heilige Gees én die gesonde eksegetiese en hermeneutiese benaderings.

Dit beteken dus dat daar in die kragveld van die ontmoeting met die Skrif geworstel word om die duidelike en suiwer bedoeling van die Skrif te verstaan.

of manier. Die kwantiteitsreël beteken dat die sprekers slegs so informatief as moontlik moet wees as wat die konteks verlang. Die kwaliteitsreël beteken dat die spreker in die waarheid van sy uiting glo, die relevansie reël dat daar slegs gegewens genoem word wat vir die gesprekskonteks relevant is en ten opsigte van wyse of manier moet dit bondig en eenduidig en nie opskuur wees nie. Wanneer hierdie beginsels oortree word, ontstaan implikasies wat verskillende gevolgtrekkings tot gevolg kan hê.

Dat die gespreksvoorwaardes ook op literêre tekste van toepassing gemaak kan word, word deur Van Coller en Van Rensburg (1984:87) voorgestel. Die gespreksvoorwaardes word dan as teksvoorwaardes beskryf. Ito (2015:15) toon aan dat wanneer 'n mens taalhandelinge wil gebruik, verskeie ander aspekte in ag geneem moet word, veral wanneer klassieke tekste benader word. Indirekte taalhandelinge het vereistes dat 'n mens besondere aandag moet gee aan die wyse waarop hierdie taalhandeling binne konteks deurgegee word. Wat 'n religieuse taalhandeling behels, skryf Ito (2015:47): "And these trends, re-appreciating and re-focusing upon the religious nature of biblical text via a speech act approach could yield new insight in more comprehensive way ...". (beklemtoning Ito). Nie-egte vrae kan dus ook onderskei word as 'n spesifieke wyse waarop die taalhandeling en die indirekte taalhandeling gevoer word. Vrae wat inligting wil bekom is egte vrae (Verster 1999:53).

Onder leiding van die Heilige Gees sal die eksegeet en hermeneut diepgaande met die Skrif self en dan vanuit die Skrif ook met die konteks moet worstel. Die Skrif geniet egter die voorrang. Daarvanaf word geworstel met die betekenis daarvan vir die konteks. Dit beteken egter ook dat die Skrif in sy wyere verband gelees sal word, en verskillende aspekte daarvan in ag geneem sal word, sodat die volle betekenis uiteindelik helder kan staan. Die konteks speel wel mee en die konteks moet benader word. Die vrae wat deur die konteks gevra word, word indringend aan die Skrif gestel, maar die Skrif self, vanuit sy betekenis as Skrif, bepaal die konteks. Dit beteken dat daar in die eerste plek gevra sal word: Wat wil daardie teks ook in sy hermeneutiese verband baie duidelik sê? en dat dit dan van toepassing gemaak sal word op die konteks. Vanuit hierdie benadering van die Skrif is dit duidelik dat betekenisvol nagedink kan word oor Jesus Christus en sy betekenis vir die wêreld waarin ons lewe. Jesus Christus is die Here – dit word baie duidelik na vore gebring – maar die vraag wat gestel moet word, is hoe dit dan per slot van sake op die konteks van toepassing gemaak word. Vanuit die volle betekenis van die teks waar hermeneuties gevra word na die betekenis daarvan vir die gemeenskap in die moderne wêreld moet die Woord beklemtoon word. Natuurlik moet verskillende vrae dan ook aan die orde kom, soos wat verstaan is onder die begrip Seun van God in die Hellenistiese wêreld van byvoorbeeld Paulus se tyd, maar aan die ander kant mag dit nie beteken dat die omgewingsfaktore so beslissend is dat dit wat na vore kom in die benadering van die Skrif misken word nie. Daarom is dit van die grootste belang om ook Skrif met Skrif te vergelyk, sodat die verskillende aspekte wat na vore kom betekenisvol verreken word. Dit beteken ook dat daar nie in die Christologie vasgekyk sal word teen bepaalde aspekte sonder om in ag te neem dat daar wyere betekenis in tekste wat na vore kom gegee word nie. Dit versterk telkemale die belydenis aangaande Jesus Christus.

Ook wat die sending betref, is dit van groot belang om te verstaan dat die sending bepaal word deur die Skrif en die intensiewe betekenis van bepaalde tekste in die Bybel. Die sending kan nie bloot afgelei word vanuit die konteks nie. Die sending moet altyd bepaal word deur die Skrif self, daarom sal daar wanneer daar oor die sending nagedink word, altyd gevra moet word: Wat is die spesifieke betekenis van die aanbod van die Skrif aangaande die sending? Daar moet versigtig en omsigtig omgegaan word om betekenisvol te verstaan wat die betekenis van die

sending as sodanig is. Vanuit die betekenis van die Christologie sal die sending binne 'n bepaalde verband vasgelê word, met inagneming van die gemeenskap en die konteks. Dit sal binne die hermeneutiese sirkel verstaan moet word. Die hermeneutiese sirkel moet altyd by die betekenisvolle aanbod van die Skrif self begin. Dit is die Skrif wat bepaal hoe die konteks benader word. Dit is die Skrif wat bepaal wat vanuit die konteks na vore gebring word. Die Skrif is bepalend vir die verstaan van die konteks. Wanneer die Christologie en die sending op 'n baie spesifieke manier by mekaar uitgebring word, moet voortdurend gevra word: Wat sal die betekenis van Christus vir die mens in die moderne wêreld waarin ons lewe wees,wanneer erken word dat Christus self God is?

Die hermeneutiek sal dus altyd vra: Hoe kan dit wat in die Skrif staan betekenisvol toegepas word op dit wat in die wêreld gehoor moet word? Hoe kan die boodskap van die Skrif oorgedra word sodat daar betekenisvol daarop geantwoord kan word? 'n Antwoord word opgeroep deur dit wat na vore kom en dit is dan hoe die hermeneutiese sirkel verder voltooi word. Vanuit die Woord kom die sirkel in beweging en word na die konteks beweeg en word teruggekeer na die Woord om te vra hoe die antwoord wat op die Skrif gegee word weer eens bepaal word deur dit wat daarin gevind word. So moet daar dan vanuit die betekenisvolle benadering van dit wat na vore kom in die Skrif, gevra word na die betekenis daarvan vir die sending.

# HOOFSTUK 2

## ’n Sendingbenadering tot die Christologie van die Een wat ons versoening ìs

## 2.1 DIE BEGRIP SENDING

Verskeie standpunte oor die sending kom tans voor. Vanuit die probleemstelling, naamlik om te bepaal hoe Jesus Christus as Seun van God die sending bepaal, moet verskeie eksponente se begrip van die sending oorweeg word. Hierdie standpunte verskil dikwels van mekaar. Daarom moet ná die oorweging van die standpunte 'n eie standpunt voorgedra word.

Die begrip sending as sodanig moet oorweeg word wanneer bepaal moet word hoe die Christologie en die sending in verband met mekaar gebring kan word. Wat is die betekenis van die sending en hoe moet sending self verstaan word?

Sending kom van die vroegste tye in die kerk voor. Alhoewel uiters belangrike perspektiewe in die Ou Testament ten opsigte van sending voorkom, soos dat God die God van die nasies is en dat sy verbond juis die nasies na Hom wil bring, word hier aanvanklik klem op die Nuwe Testament gelê weens die besondere aard van die sending aldaar. Nie alleen word die groot opdrag reeds deur Jesus self in Matteus 28:18-19 gegee nie, maar die uitbreiding van die kerk deur die verkondiging van die evangelie word ook baie uitdruklik in Handelinge beskryf sodat bevestig word dat die Christelike boodskap in die wêreld op unieke wyse uitgedra moet word. Die Christelike boodskap is deur die apostels (Paulus ingesluit) met totale toewyding aan die mense in die wêreld gebring en die boodskap het besondere betekenis gehad. Paulus het mense gekonfronteer met die evangelie van Jesus Christus sodat hulle uit die duisternis na God se wonderbare lig gebring kan word. Hierdie boodskap het beteken dat mense in hulle harte deur die vernuwing wat die evangelie van Jesus Christus bring, aangeraak is. Die evangelie van Jesus Christus het dus ook verandering in hulle lewensomstandighede gebring en die wyse van hulle bestaan. Dit is van groot belang om daarop te let dat hierdie boodskap van die evangelie in die vroeë kerk onder verskillende omstandighede uitgedra is en dikwels ten spyte van groot vervolging.

'n Taalhandelingsperspektief op Matteus 28:17-20 dui op Jesus Christus se Goddelikheid en dat Hy dan die groot opdrag gee.

Die drie fasette van taalhandelinge, naamlik lokusie (betekenis), illokusie (bedoeling) en perlokusie (gevolg) moet nou in ag geneem word. Verder moet die koöperatiewe beginsel en voorwaardes (relevansie, ekonomie, opregtheid en wyse) verreken word (vgl. Van Niekerk 2014:306-307).

| | | |
|---|---|---|
| 17 | a) Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid,<br>b) hoewel party getwyfel het. | |
| 18 | c) Jesus kom toe nader<br>d) en sê vir hulle:<br>e) “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. | |
| 19 | f) Gaan dan na al die nasies toe<br>g) en maak die mense my dissipels:<br>h) doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,<br>i) en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. | |
| 20 | j) En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” | |

Lokusies wat opval is:

Aanbid
Twyfel
Alle mag
Hemel
Nasies
Aarde
Dissipels
Doop
Vader
Seun
Heilige Gees
Onderhou
Beveel
Voleinding

Die illokusie wat betekenisvol aangedui kan word, is dat Jesus Christus aanbid word, wat op sy Goddelikheid dui. Hy bevestig dat alle mag aan Hom gegee is, wat ook op sy Goddelikheid dui. Hy gee dan sy groot opdrag. Die boodskap van sy heil moet na almal uitgaan. Die doop is die bevestiging dat die woord aanvaar word. Maar dan moet alles ook onderhou word. Jesus Christus se heerlikheid word weer eens bevestig wanneer aangedui word dat Hy die Een is wat met hulle almal tot aan die einde is. Hy is egter altyd die dienskneg en sending moet in daardie verband gesien word.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes kan toegepas word. Alle mag in (e) en al die nasies in (f), en alles in (i) dui op oortreding van die kwantiteitsreël (ekonomie). Dit versterk die ruim aankondiging dat die heil juis volledig aangekondig word in Jesus Christus.[19] Dit moet ook volledig erken word. Die kwaliteitsreël word nagekom in (e) en (j) om te bevestig dat Jesus die waarheid bevestig.[20]

Die perlokusie is dus dat die boodskap van heil vanuit die gesag van Jesus na alle nasies moet gaan.

Die implikasie van sending waar mense uit die duisternis na God se wonderbare lig gebring word, is steeds van belang. Voetius se drieledige doel van sending, naamlik *conversio gentilium*, *plantatio ecclesiae* en *gloria et manifestatio gratiae Divinae; [bekering van die ongelowiges,vestiging van die kerk en die openbaring van die eer en heerlikheid van God],* word tans op ander wyses benader (soos aangehaal in Bosch 1991:262). Saayman (1992) het 'n indringende artikel geskryf rakende die vraag of die bekering van ongelowiges en die laaste aspek van Voetius se benadering, naamlik die *gloria et manifestatio gratiae Divinae, [die openbaring van die eer en heerlikheid van God],* op dieselfde vlak gestel moet word. Hy het dit behandel in die lig van die twee vrae wat na vore kom by die "Evangelism Explosion". Die eerste vraag wat gestel word is, as jy vanaand te sterwe sou kom,

19 Hagner (1998:889) gee 'n duidelike aanduiding van wie Jesus Christus werklik is en wat Hy vra en vereis:

> *The risen Jesus is central to the existence and proclamation of the church. There would be no gospel if there had been no resurrection. The resurrection, however, is not simply a datum of history, words about a past event. The resurrection has enormous consequence for present Christian existence (which, however, it is left to certain NT epistles to expound). It is the risen Jesus, to whom all authority in heaven and earth has been given, who here commissions his disciples and in effect the church of every period of history. They are to go everywhere with the message of good news in the name and authority of Jesus. Theirs is indeed an awesome responsibility: to go, make disciples of all nations, baptize, and teach. If left to their own devices and strength, the task would be overwhelming. Yet they are not left alone in this assignment. The risen, enthroned Jesus promises to be with them in their fulfillment of it, not intermittently but always.*

20 Luz (2005:636) skryf in hierdie verband:

> *Missions that are based on the power of the Lord of the universe, Jesus, possesses no instruments of power other than that which the Lord of the universe has given his disciples. It is the power of the Word that always shines only through the deeds before people (cf. 5:16*); it is the power of the one who has been not the ruler but the servant of all (20:28*).*

is jy seker dat jy in die hemel sal kom? en die tweede vraag is, om watter rede moet God jou dan in sy hemel toelaat? Saayman (1992:159 e.v.) het daarop gewys dat die kernbeginsel eintlik is dat die eer en heerlikheid van God in die sending gesoek moet word.

Dit beteken ook dat sending ruimer is as die opdrag om dissipels te maak. Lukas 4:16-20 is in hierdie verband van groot belang.

| | | |
|---|---|---|
| 16 | a) Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het,<br>b) en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan.<br>c) Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees, | |
| 17 | is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee,<br>d) en Hy het dit oopgemaak<br>e) en die plek gekry waar geskrywe staan: | |
| 18 | f)“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig.<br>g) Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep<br>h) en herstel van gesig vir blindes,<br>i) om onderdruktes in vryheid uit te stuur, | |
| 19 | j) om die genadejaar van die Here aan te kondig.” | 4:18-19:<br>Vgl. Jes. 61:1-2; 58:6. |
| 20 | k) Nadat Hy die boek toegemaak<br>l) en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit.<br>m) Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig. | |

Lokusies wat opval is:

Nasaret
Grootgeword
Sabbatdag
Skrif
Jesaja
Gees
Gesalf
Armes
Vrylating
Gevangenes

Herstel
Blindes
Onderdruktes
Vryheid
Genadejaar

Die illokusies wat aangedui moet word, is dat Jesus Christus die volle betekenis van die heil wat in Jesaja aangekondig word, oordra. So kry die woord van Jesus Christus nuwe betekenis as verlossing van die mense in nood.[21] God se heil breek op alle terreine deur. In Jesus Christus word dit vervul.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes moet ook in hierdie geval toegepas word. Herhaling van (f) die evangelie aan armes te verkondig, (g) vrylating vir gevangenes uit te roep, (h) en herstel van gesig vir blindes, en (i) om onderdruktes in vryheid uit te stuur, dui op oortreding van die teksvoorwaardes van kwantiteit. Dit kom egter ook die voorwaarde van kwaliteit na omdat bevestig word dat die heil nou bekend word in (f) se eerste deel dat die Gees van die Here op Hom is. So verkry sending 'n nuwe perspektief. Nie alleen ewige verlossing in Jesus Christus nie, maar ook die woord van heil aan hulle in ellende. Die perlokusie is dus dat die volle heil juis in Jesus Christus aangekondig word.

## 2.2 DIE *MISSIO DEI*

Dit was veral Bosch (1991) wat met belangwekkende beginsels van die sending na vore kom in sy boek, *Transforming Mission: Paradigm shifts in theology of mission.*

21 Nolland (2002:197) bevestig die omvangryke heil:

> *The Lukan Jesus is no social reformer and does not address himself in any fundamental way to the political structure of his world, but he is deeply concerned with the literal, physical needs of men (Acts 10:38), as with their directly spiritual needs.*

En (2002:202):

> *Luke clearly uses the text to express Jesus' identity and to define his role. The Spirit is upon Jesus by reason of his baptismal (3:22 cf. Acts 10:38) anointing. (In the immediate pericope, prophetic anointing is primarily in view, but Luke thinks of messianic anointing as well; Luke 3:22 and Acts 4:26-27). His anointing signals appointment and empowering to be the Isaianic figure who heralds and brings salvation. The salvation in view is represented with Jubilee imagery, but is no call for an implementation of Jubilee legislation. Jubilee release is not spiritualized into forgiveness of sins, but neither can it be resolved into a program of social reform. It encompasses spiritual restoration, moral transformation, rescue from demonic oppression, and release from illness and disability.*

In die derde deel van hierdie boek hanteer hy die opkoms van die ekumeniese sendingparadigma[22] en toon hy aan dat dit op velerlei wyses en menige terreine implikasies het. Sending kan dus nie maar net beskou word as die wyse waarop sekere mense tot God gebring word nie, maar is ’n omvattende saak wat vele aspekte van die bestaan van die mens insluit. Nie alleen toon hy aan dat die kerk sentraal staan as kerk met ander nie (1991:368), maar wys hy ook op die betekenis van die koninkryk van God vir die kerk en hoe die kerk binne die koninkryk van God bestaan. Daar moet op vele terreine van die lewe beginsels van sending uitgewerk en verstaan word. Dit is veral die sending as *missio Dei* wat beklemtoon word (1991:389). Hy wys daarop dat Barth in ’n lesing tydens die Brandenburg Sendingkonferensie in 1932 beklemtoon het dat die sending ’n aktiwiteit van God self is. Karel Hartenstein het dieselfde gedagtes in 1933 voorgedra. Op daardie wyse is beklemtoon dat God die een is wat inderdaad die Stuurder is. Die klassieke beginsel in die *missio Dei* is dat God die Vader die Seun stuur, God die Vader en die Seun en die Heilige Gees stuur, en dat daar dan ’n derde beweging is van God die Vader, Seun en Heilige Gees wat die Kerk in die wêreld uitstuur (1991:390).[23]

Hierdie beginsel van die *missio Dei* word verder uitgewerk binne die hele konsep van die *missiones ecclesiae,* naamlik die kerk se roeping en taak om ook binne die wêreld die boodskap van God te bring. Bosch toon aan dat dit nie bloot om die wen van siele gaan nie, maar dat dit eerder daaroor gaan dat God in hierdie werklikheid binnekom en dat Hy die beloftes van sy ryk teweegbring en oproep tot deelname aan die stryd teen die magte van duisternis en van kwaad (1991:391). Juis daarom is dit vir Bosch ook van belang om te beklemtoon dat sending verlossing deurgee, maar dat daardie verlossing ’n totale saak is wat baie aspekte insluit en veel meer volledig is as wat vroeër verstaan is (1991:400). Dit

22 Bosch (1991:367) skryf:

> *This means that both the centrifugal and centripetal forces in the emerging paradigm – diversity versus unity, divergence versus integration, pluralism versus holism – will have to be taken into account throughout. A crucial notion in this regard will be that of* creative tention*: it is only within the force field of apparent opposites that we shall begin to approximate a way of theologizing for our own time in a meaningfull way.*

23 Bosch (1991:392) vat dit treffend saam:

> *Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people.*

lei daartoe dat sending ook die soeke na geregtigheid insluit. Dit sluit egter nie evangelisasie uit nie. Bosch wys daarop dat sending ruimer as evangelisasie is, maar dat evangelisasie tog in die sentrum van sending voorkom. Evangelisasie self is ruimer as net byvoorbeeld die verbale verkondiging van die evangelie. Sending as kontektualisering[24] is van groot belang. ’n Meer koloniale beskouing waar die Westerse benadering van die evangelie beklemtoon is, moet verskuif na ’n omvattende benadering van die werklikheid, veral wat die lewe van persone in die ontwikkelende wêreld betref (1991:421).

Sending sluit ook bevryding van die arme in, sodat die volle boodskap van die sending uiteindelik na vore kom. ’n Gesamentlike getuienis wat deur die hele volk van God aan die hele gemeenskap van mense gebring word, is van belang. Dit sluit in dat die toekoms waarin die sending ’n aksie in hoop is en ’n verwagting op ’n nuwe lewe, tegemoet getree word. Bosch (1991:519) beklemtoon egter dat alles nie sending is nie, maar dat daar sekere aspekte is wat deurgaans beklemtoon moet word. Hy vind dit in die persoon en werk van Christus, naamlik in die eerste plek die inkarnasie van Christus, in die tweede plek die kruis, in die derde plek die opstanding, in die vierde plek die hemelvaart, in die vyfde plek Pinkster en sesdens die wederkoms. Sending moet dus altyd verstaan word in die totaliteit van Christus se werk en die heil wat Hy vir die mense in die wêreld bring.[25]

Bosch se bydrae tot die sendingteologie kan kwalik oorskat word. Sy insig in die volledige holistiese taak van sending is steeds die heersende sendingteologiese uitgangspunt. Wanneer die kreatiewe spanning sover gevoer word dat die eie unieke aard van die sending onderspeel word en die besondere aard van die kerugmatiese verkondiging dat die heil in die Enigste Seun van God alleen te vinde is, word die ruim benadering soms nie genoeg op die belydenis aangaande hierdie verlossing gerig nie.

24 Bosch (1991:421) is van mening dat die sendingboodskap van die kerk juis in die bestaan van mense tuisgekom het omdat die inkarnasie van Jesus Christus dit moontlik maak.

25 Bosch (1991:519) vat soos volg saam:

> *Rather, mission is missio Dei, which seeks to subsume into itself the missiones ecclesiae, the missionary programs of the church. It is not the church which ‘undertakes’ mission; it is the missio Dei which constitutes the church. The mission of the church needs constantly to be renewed and re-conceived.*

Bevans en Schroeder (2005) benader die sending ook vanuit die *missio Dei* maar wil veral soek na konstantes wat in die postmoderne wêreld waargeneem kan word. Hulle vra dan ook die vraag: hoe kan daar binne die veranderende wêreld waarin verskeie nuwe sake na vore kom nog van sending gepraat word? Hulle is egter oortuig dat die saak van sending steeds vanuit die *missio Dei* en die deelname aan die *missio Dei* van belang is, sodat die bevrydende diens in die koninkryk van God en die verkondiging van Jesus as universele Redder steeds na vore kom.[26] Veral van belang is die hele gedagte van profetiese dialoog. Gemeenskappe moet vernuwe word en daar moet verandering in gemeenskappe plaasvind. Dit kan alleen plaasvind as daar profetiese dialoog vanuit die kerk en die evangelie wat verkondig word met mense gevoer word. So kan vernuwing plaasvind en kan op ’n besondere wyse verandering in die gemeenskap gebring word. Die Skrif is egter daar om die beginsels vas te lê waarvolgens hierdie konstantes in die konteks waargeneem kan word. Bevans en Schroeder lewer ’n belangrike bydrae tot die aard van sending in die postmoderne wêreld. Die beklemtoning van profetiese dialoog en van Jesus as die universele Redder is van groot betekenis. Hoe hierdie belydenis inderdaad die hele bestaan van die kerk en in besonder die sending moet deursuur is nie altyd duidelik nie.

’n Baie belangrike boek, *The mission of God*, is dié van Christopher Wright (2006) wat ’n volledige sendingteologie daarstel vanuit die beginsel dat daar ’n groot lyn deur die hele Skrif loop.[27] Hierdie lyn wat vanaf die Ou Testament en deur die Nuwe Testament loop word verstaan as die wyse waarop God Hom in die Skrif openbaar. Die heil en verlossing wat God bring is ’n grondwaarheid. Sending is ’n totaliteitsaak wat in die verskillende aspekte van die bestaan inbeweeg. Selfs

26 Bevans en Schreuder (2005:342) bevestig dit wanneer hulle na die bepaalde Redemptoris Missio (encyclical letter Pope John Paul II) benadering verwys:

> *It will be no surprise that the* Christology *of this approach is a ‘high’ Christology. Jesus is the pre-existent* Logos*; He is fully and completely human but also fully and completely divine. While Jesus’ praxis of the reign of God (his teachings, miracles, inclusivity) is certainly important, the emphasis is on the fact that he is the* autobasilea*, the fulfilment of the message that he preaches, Since the ‘Good News’ is Christ, there is an identity between the message and the messenger, between saying, doing and being.*

27 Wright (2006:22) definieer sending soos volg:

> *Fundamentally, our mission (if it is biblically informed and validated) means our committed participation as God’s people, at God’s invitation and command, in God’s own mission within the history of God’s world for the redemption of God’s creation.*

aspekte soos die ekologie kom ter sprake en ekologiese verantwoordbaarheid is van belang en moet betekenisvol hanteer word. Dit is dus duidelik dat die deelname aan God se groot dade deur God se mense die sending bepaal. Daar word heelwat kritiek uitgespreek teen die gedagte van 'n sentrale lyn wat deur die Bybel loop, maar Wright se hantering daarvan is sinvol, veral in die besef van die sending as God se saak in die hele skepping. Die Christosentriese diepte word ook beklemtoon, maar die sentrale Christosentriese argument moet nog sterker gevoer word.[28]

Skreslet (2012) beklemtoon weer die historiese gang van die sending deur die eeue heen en die betekenis wat dit nou binne kulture het. Weer eens word die *missio Dei* sentraal gestel. Dit beteken dat die sending begryp moet word as 'n vernuwende saak in die werklikheid en dat hierdie vernuwende saak vanuit die kerk die gemeenskap raak.[29]

Tennent (2010:18-47) beklemtoon sekere nuwe tendense wat in die sending na vore kom en hy verwys dan na sewe sogenaamde "mega trends" wat die een-en-twintigste eeu se sending bepaal.

Die eerste is die ineenstorting van Christendom, die Westerse wêreld wat nie meer as Christendom beskou kan word nie, en die verskillende verskuiwings wat daar voorkom. Tweedens stel hy die opkoms van die postmodernisme met die gepaardgaande teologiese, kulturele en ekklesiologiese krisis. Die derde is die ineenstorting van die Westerse paradigma van die Westerse Christendom; die vierde is die globale Christendom wat totaal verander het; daar is nuwe sentrums van Christelikheid oor die hele wêreld. Die vyfde is die opkoms van

---

28 Wright (2006:57) stel dit soos volg:

> *These three features of the Old Testament – God, story and people – are affirmed as realities also for Christian believers in the New Testament. They are all, in fact, focused on Jesus in such a way that their authority and missional relevance is not only sustained but enhanced and transformed for those who are in Christ.*

29 Skreslet (2012:32) beklemtoon die besondere betekenis van die *missio Dei* soos volg:

> *As originally conceived, 'mission of God' language gave theologians a way to connect the churches and their missionary programs to the entire history of divine revelation attested in the Bible. Mission is seen not as something begun by any human organization, but as an eternal reality rooted in God's sending of the Son and the procession of the Spirit from the Godhead. Individual disciples and churches could participate in God's mission, but they were not to presume pride of authorship or claim a right to initiate something that properly fell outside their sphere of competence.*

die vierde vorm van Christendom, naas Rooms-Katolisisme, Protestantisme en Oos-Ortodoksie, naamlik die Christelike self-identiteit buite die kerk. Sesdens is daar globalisering met die gepaardgaande emigrasie, verstedeliking en nuwe tegnologieë en dan in die sewende plek 'n dieper ekumenisiteit.

Tennent (2010:75 e.v.) verkies dat die Trinitariese beginsels van die *missio Dei* beklemtoon moet word en dat dit in die *missio Trinitatis* uit die goddelike heerskappy van Vader, Seun en Heilige Gees verstaan moet word. Vanuit hierdie Drie-eenheid van God moet die sending dan bepaal word deur God die Vader as die bron, die inisieerder en die doel van *missio Dei* te erken; God die Seun as die beliggaming van die *missio Dei;* en God die Heilige Gees as die bemagtigende teenwoordigheid in die *missio Dei.*

Wat die kommunikasie van sending betref, wil hy drie baie belangrike lesse wat geleer is beklemtoon (2010:326). Die eerste les is dat die kommunikasie binne die sending die hervertaling en die herontdekking van die inkarnasie van Jesus Christus moet wees. Die tweede aspek van die sendingkommunikasie is dat dit 'n antwoord, 'n respons van die inheemse vrae wat na vore kom, moet wees. Die derde les is dat die sendingkommunikasie die proklamasie van die koninkryk van God tussen die koninkryke van die wêreld moet wees (2010:342).

## 2.3 SENDING AS BESTAANSWYSE

'n Nuwe tendens in sending is om sending vanuit 'n nuwe perspektief te verstaan, naamlik of sending nie veel eerder as bestaanswyse beskou moet word nie. Moet daar nie van die koloniale begrip van sending, waar sending aan andere gebring word, wegbeweeg word na die nuwe begrip van sending as die kerk wat "in sending" bestaan, dit wil sê as die "missionale kerk" nie? Hierdie gedagte van die kerk is veral deur Lesslie Newbigin (1989) na vore gebring in sy boek: *The Gospel in a pluralist society.* Newbigin, wat as sendeling in Indië gedien het, het by sy terugkeer na Brittanje gevind dat daar baie uitdagings vir sending in die gemeenskap is. In Indië was kerklidmaatskap en die vernuwing van die kerk essensiële aspekte van jou lewe. In die Westerse samelewing, waar die Christelike evangelie as vanselfsprekend aanvaar word, bring dit eintlik nie totale vernuwing in die lewe van mense nie. Newbigin (1989:8-12) het dan die vraag gevra: Hoe kan die kerk, in so 'n situasie, as 'n missionale kerk bestaan, as 'n kerk wat vanuit

die vernuwing lewe? Hoe kan daardie vernuwing dan betekenisvolle verandering meebring? Dit sou dan beteken dat Newbigin die kerk se vernuwing vanuit hierdie totale verandering en betekenisvolle bestaan in gemeenskap beskou het (Kyk ook Pillay 2015:6; Nel 2013:6; Niemandt 2010:1 e.v. en Mukawa 2012:245).[30] Daar kom egter ook soms uitkalwing van die unieke aard van sending voor. Sending word dan 'n gesindheid in plaas van radikale toewending in Jesus die Here waar ook kerugmaties opgeroep word tot bekering in Hom.

Daar is tans 'n nuwe benadering wat die klem op ander uitgangspunte stel. Desmond Tutu (2011) verwys in sy boek *God is not a Christian* na sending as 'n saak wat nie beteken dat die Christelike evangelie op iemand afgedruk word of dat iemand van godsdiens moet verander nie, maar dat daar saam vir geregtigheid gestry moet word met wie ook al daarvoor stry.[31] Wat dus van belang is, is die saak van geregtigheid in die wêreld en hoe die saak van geregtigheid beklemtoon moet word. Vir Tutu beteken dit dus nie dat sending daarin bestaan dat die kerk in die wêreld mense wil oortuig om van standpunt te verander nie, maar dat die kerk saam met andere in die naam van Christus stry vir die geregtigheid wat in die gemeenskap moet voorkom. Alhoewel dit duidelik is dat die sending geregtigheid oral en altyd sal moet bevorder, ontneem Tutu (2011) se standpunt tog die sending van die uitgangspunt dat Jesus die enigste ware Verlosser is.

'n Ander interessante ontwikkeling is ook dié van die ontluikende kerk, "emerging church." Die ontluikende kerk is volgens Mackenzie (2012:315) 'n poging om tot 'n antwoord op die uitdagings van die postmoderne gemeenskap te kom. Volgens hom (2012:322) gee hulle baie aandag aan die misterie van bestaan, wil hulle op

30 Niemandt (2010:s.p.) skryf:

> *The runaway, flat, globalised world is asking the church to discern new and creative patterns of what it implies in practical terms to be an inclusive church in a new era of creativity, connectivity, in-forming and empowered uploading society.*

31 Tutu (2011:18) skryf:

> *I hope I have done enough to convince diehard exclusivists that the Christian cause is served better by a joyful acknowledgement that God is not the special preserve of Christians and is the God of all human beings, to whom he vouchsafed a revelation of his nature and with whom it is possible for all to have real ancounter and relationship." En (2011:19): "People of religion have no choice in the matter. Where there is injustice and oppression, where people are treated as if they were less than who they are – those created in the image of God – you have no choice but to oppose, and oppose vehemently and oppose with all force that you have in your being, that injustice and oppression.*

weg met die gemeenskap gaan en verkies hulle gesprek bo verkondiging. Beach (2012:99) wys daarop dat dit 'n filosofies-ideologiese en teologiese beweging is wat ten diepste van evangeliese Christendom verskil. Rob Bell (2011:21 e.v.) in sy boek, *Love wins,* beklemtoon juis aspekte wat in die ontluikende kerk van belang is. Hy toon aan dat die saak van hemel en hel wat in die evangeliese kringe beklemtoon word, bevraagteken kan word. Hy wil vanuit die beginsel dat God liefde is, beklemtoon dat die lewe hier-en-nou belangrik is en nie hemel en hel nie.[32] Volgens hom is daar weinig tekste in die Bybel oor die hel. 'n Kerk in die postmoderne wêreld moet volgens hom 'n kerk vir die wêreld wees. Hy is van mening dat daar 'n valse beeld van God voorgehou word, naamlik dié van 'n veroordelende God wat die een oomblik liefde betoon en die ander oomblik mense vir ewig verdoem vir die bietjie sonde wat hulle vir 'n klein tydjie op aarde gedoen het. Hy beskou so 'n Godsbeeld as totaal onaanvaarbaar.[33] Die intense worsteling om helderheid te verkry oor die genade en liefde van God en die geregtigheid van God kan nie so eenduidig opgelos word soos deur Bell nie. 'n Keuse word lukraak vir tekste gemaak wat ook nie eksegeties juis ontleed word nie. Daar kan nie beweer word dat God nie oordeel nie omdat dit nie die mens se voorkeure pas nie.[34] Die sending moet juis die volle raad van God voordra, soos God ook Homself openbaar. In hierdie verband skryf Mackenzie (2012:322) verhelderend oor die wyse waarop Paulus sending verstaan. Drie sake is van belang: Paulus beklemtoon 'n samehangende duidelike evangelie, die noodsaak van bekering en die noodsaak van die verkondiging van die heil in Christus. Daar is volgens hom by sommige verteenwoordigers van die ontluikende kerk die gevaar dat hulle wel die kontektualisering van die evangelie só oorspan dat hulle Paulus se perspektief miskyk.

---

32 Bell (2011:62 ) skryf:

> *Jesus invites us, in this life, in this broken, beautiful world, to experience the life of heaven now. He insisted over and over that God's peace, joy and love are currently available to us, exactly as we are.*

33 Bell (2011:175) beskryf dié onaanvaarbaarheid soos volg:

> *Because if something is wrong with your God, if your God is loving one second and cruel the next, if your God will punish people for all eternity for sins committed in a few short years, no amount of clever marketing or compelling language or good music or great coffee will be able to disguise that one, true glaring, untenable, unacceptable, awful reality.*

34 Kyk Galli (2011) vir kritiek teen Bell.

Hancke (2010), in sy boek, *Ons is die plan: die geheim van verskilmakende gemeentes,* sluit by die gedagte van die missionale kerk aan, maar met 'n eie benadering en is van mening dat Christus die Een is wat die volheid van die heil in die gemeente, wat as sendinggemeente moet bestaan, beklemtoon. Die lewende gemeente moet die totale boodskap uitdra en die koninkryk van God oral bring, maar nie slegs as 'n vernuwende gemeenskap nie, maar as 'n gemeenskap wat ín Christus is. 'n Model word ontwerp waarin die wyse waarop God optree betekenisvol vir die gemeente in sy bestaan in sending gemaak word: "Binne hierdie universele, ewige Plan onttrek Hy nie as 'n God wat net op makrovlak betrokke bly nie. Jesus koop die kerk met sy bloed, en as Eienaar en Hoof is Hy deurlopend betrokke by elke faset van sy liggaam in die wêreld. Hy het daarom 'n besondere rol en taak vir elke gemeente, en is deurlopend in kommunikasie met sy kerk. Die gemeente moet verstaan dat sy bestaansdoel op die Skrif baseer is, en dat God se spesifieke Plan met en deur die gemeente as visie verwoord moet word" (2010:185).

Gorman (2015:89) wys op verskillende aspekte wat na vore kom wanneer die kerk in sending en gehoorsaam die *missio Dei* uitleef deur by die wêreld om die kerk heen betrokke te raak. Vanuit sy ondersoek na Paulus se verstaan van die missionale kerk lig hy enkele sake uit. Die kerk moet 'n missionale gemeenskap van trou, liefde en hoop wees. Dit vertoon dan juis God se missionale wese. Dit het konkrete betekenis. Dit is ook die vrug van God se missionale optrede in Jesus Christus.[35] Verder dui hy aan dat die kerk God se verhaal in Jesus Christus moet uitleef. So word Filippense 2 die kerk se eie verhaal (2015:140). Daarmee saam hang die evangelie van vrede en die evangelie van God se geregtigheid. Die kerk moet die evangelie van vrede en God se geregtigheid wórd (2015:142 e.v.). Ten slotte moet die kerk in Christus Een met God word (missionale teosis) (2015:261 e.v.). Die missionale kerk verkry so buitengewone betekenis. Daar moet egter gewaak word teen 'n benadering waar die verhouding tussen God en die kerk verkeerd verstaan word. Die grens tussen God, wat in sy optrede en wese anders

35 Gorman (2015:102) verduidelik dit soos volg:

> *As a community of faithfulness, love and hope, the* ekklesia *is set apart – sanctified – to be God's holy people* in a public way*. But it can be that holy people only as it participates in God's holiness and thus in God's own life of faithfulness, love and salvation, and thereby in God's corresponding missional activity of generating human faithfulness, love and hope.* (Beklemtoning Gorman).

as die kerk is, en die kerk wat in gehoorsaamheid in diens van God staan sonder om vergoddelik te word, moet aangedui word.

'n Verdere aspek wat beklemtoon moet word, wat veral deur Van Engen (1991) na vore gebring is in *Gods missionary people,* is dat die verskillende aspekte van die lewe van die Kerk, naamlik *kerugma, koinonia, diakonia en marturia* die kerk as God se sendingmense vaslê, en dat dit betekenis het vir hoe die kerk in die wêreld bestaan. Die kerk moet vanuit die *kerugma* steeds die woord verkondig en die heil wat daarin vasgelê is aan mense bring. Die kerk moet ook vanuit die beginsel van die *diakonia* diens lewer sodat die hele wêreld kan sien dat diens en sorg van mense in die kerk voorkom. Die kerk moet vanuit die *marturia* getuienis lewer van die heil in Christus en die kerk moet ook vanuit die *koinonia,* die gemeenskap vorm tot liefde en sorg vir mekaar, sodat hulle ook na mekaar uitreik. Die kerk moet dus die gemeenskap wees waar mense by mekaar uitkom. Wanneer die *leiturgia* ter sprake kom, moet daar feestelik gevier word dat die Kerk die gemeenskap is wat in Christus die totale vernuwing bring. Hierdie vernuwing van die sending sluit alle aspekte van die samelewing in, raak elke aspek van bestaan en vernuwe die gemeenskap op elke aspek van bestaan.

Sending is dus holisties en omvattend. Daar sal egter altyd 'n speerpunt wees rakende evangelisasie en die bring van die blye boodskap na mense, sodat hulle uit die duisternis na God se wonderbare lig gebring kan word. Schnabel (2004a en 2004b), in sy uiters omvattende werk, *Early Christian mission* oor die vroeë sending, toon aan hoe die sending die goeie nuus van Jesus Christus na die wêreld sou bring.[36] Bereid om te ly vir die evangelie, was die vroeë apostels en sendelinge van die kerk bereid om te verkondig dat Jesus die ware Messias is (Schnabel 2004a:551).

36 Schnabel (2004b:1548) bevestig die wyse waarop die sending uitgevoer is:

> *The New Testament documents portray the apostles as messengers who proclaim the good news of Jesus Christ, heal the sick and help the members of the new communities of believers in Jesus to grow and support each other in love, faith and hope, as they implement Jesus' example and commission to preach the gospel and heal the sick (Mt 10:7-8), make all nations into disciples (Mt 28:19-20) and witness to his life, death and resurrection unto the ends of the earth (Acts 1:3,8). The goal of the universal and international mission to the nations – Jews and Gentiles alike – was to be reached 'by word and deed ... (Rom 15:18).*

Word alles dan sending? Walter Freitag se waarskuwing bly van krag: As alles sending word, is niks meer sending nie. Sending word altyd bepaal deur die beginsel van die gestuurdheid in die wêreld, naamlik dat die wonderbare evangelie van Jesus gebring word om mense uit die duisternis na God se wonderbare lig in alle aspekte te bring. Pocock, Van Rheenen en McConnell (2005:156-157) toon aan hoe die uitdagings vir die sending voortgaan. In die verskeidenheid van die liggaam van Christus bly daar die uitdaging om in die globale wêreld die boodskap van heil in Christus te bring.[37]

Goheen (2014:76-77) toon aan dat daar ten opsigte van verskeie aspekte van die teologie verandering gekom het en dat dit ook die sending nuut bepaal: ’n meer narratiewe benadering kom nou na vore waarin God se groot verhaal ook die verhaal van die sending word; die eskatologiese benadering word beklemtoon, wat beteken dat die koninkryk ook hier-en-nou na vore kom en dat die sending ook op die hele skepping gerig moet word; die Christologie word ook nuut verstaan en die kosmologiese werk van Christus kry meer aandag; die soteriologie word as omvattend beskou en moet die redding van die hele skepping insluit; en die pneumatologie is ook van essensiële belang omdat die Gees as die gawe van die eindtyd die kerk lei om totaal betrokke te raak by God se hele skepping. Wat vir hom van die grootste belang is, is dat die kerk na alle bewoonbare gebiede gestuur word om die goeie nuus van God te beliggaam en uit te dra. Sonder die sending kan die kerk nie. Daarom is daar die besondere verband van die missionale kerk en die sending (2014:79).

Sending moet egter vanuit die betekenis van Matteus 28, Lukas 4 en 2 Korintiërs 5:11-21 beskou word. Matteus 10 en Lukas 10 is ook van belang. In Matteus 10:5 is daar nog ’n spesifieke spesifikasie dat daar nie afgedraai moet word na die heidene nie, maar in Matteus 28:19 is die opdrag universeel. Die voortgang in Matteus maak dit moontlik. In beide gevalle is die sentrale punt egter dat Jesus verheerlik sal word (vgl. Matt 10:18 maar veral Matt 28:18). In Lukas 10 word nie beveel dat daar van die heidene wegbeweeg moet word nie, maar word daar juis beklemtoon dat die koninkryk in die persoon van Jesus naby kom. In hierdie gedeeltes word dit baie sterk gestel dat Jesus Christus die een

37 Pocock, Van Rheenen en McConnell (2005:156) skryf daarom:

> *Mutual respect and appreciation, sincere love, and a desire to benefit from what we have all learned about the Lord in each of our cultures should characterize Christians.*

is wat die vernuwing en die totale verandering meebring. Jesus is die lewende wat wel die gemeenskappe vernuwe, maar ook elke individu oproep tot ’n nuwe lewende verhouding met Hom. Veral 2 Korintiërs 5:11-21 beklemtoon dat die bediening van die versoening ’n kernbeginsel vir die sending is. Paulus roep dan ook uit: “Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!” Hierdie versoening met God is ’n sentrale punt wat deurloop in die sending. Dit het ook betekenis vir die bestaan van die kerk in die gemeenskap. Uitgaande van hierdie dringende oproep: aanvaar die versoening met God, word die heil van Christus aan mense gebring en aan hulle verkondig. Dit is inderdaad van belang dat beklemtoon moet word dat Christus die Een in die plek van die ander is, dat Hy die Plaasvervanger is en dat Hy deur sy plaasvervanging die beginsels van die sending vaslê.

Om dit goed te verstaan moet daar indringende opmerkings oor sonde gemaak word. Die diepte van die sonde moet aangetoon word. Daar moet geen twyfel bestaan dat sonde totaal in die mensdom ingedring het nie. Die sonde deursuur die ganse bestaan van die mens. Dit raak elke aspek van menswees en ook elke aspek van die bestaan van die mens. Dit is ’n totale breek met God. Alleen wanneer die diepte van die sonde begryp word, kan daarop gereageer word en besef word dat die sterwe van Jesus Christus aan die kruis die enigste antwoord daarvoor is (vgl. Verster 2008:14). Daarom roep Paulus op tot nuwe lewe.

Sending is dan die bediening van die versoening wat van God kom. Die totale heil van verlossing van sonde word alleen in Jesus Christus gevind. Daarom is sending altyd die erkenning van die totale transendensie van God wat in hierdie wêreld heil deur die kerk vir die totale skepping gebring word.

’n Ruim begrip van sending is inderdaad noodsaaklik, maar daar sal ook gewaak moet word teen die gedagte dat sending alleen maar binne die missionale kerk verstaan kan word. Die volle betekenis van die sending, wat ook beteken dat daar vanuit die wonder van Christus in die Christologie ’n benadering kom om mense uit die duisternis na God se wonderbare lig te bring, moet steeds verreken word. Daar is ’n groot gevaar in die missionale kerk waar sending bloot vervlugtig word, as ’n gesindheid wat onder mense bestaan, en dat hierdie gesindheid onder mense die sending moet bepaal. Sending as sodanig, wat vanuit die Skrif benader word, het inderdaad ’n skerp punt van evangelieverkondiging, ’n oproep tot bekering en radikale toekeer tot God wat vanuit die woordverkondiging na vore gebring

moet word. Die sending beklemtoon ook altyd die radikale betekenis van die vrye genade van God. Uit genade alleen in Jesus Chistus is daar verlossing. Dit is betekenisvol daarin dat die sending ruim verstaan moet word. Die sending is ’n begrip wat insluit dat die volle heil van God in die wêreld gebring moet word. Hierdie volle heil van God beteken dat die wêreld in al sy verbande met die heil wat van God kom, benader moet word. Sending word dus nooit net bepaal deur mense self nie. Dit is nie die mense wat uit hulle vraag na heil die sending bepaal nie, maar dit is God self wat in sy transendensie bepaal hoe die sending verstaan moet word. God self gryp in, en sy heil en sy verlossing kom na die mens. Daarom word dit so duidelik in 2 Korintiërs 5:11-21 beklemtoon dat Christus, die Een wat vir ander gesterf het, na mense kom sodat hulle met God versoen kan word. Hierdie beklemtoning van die sending is van die allergrootste belang. Sending moet dus inderdaad verstaan word in die lig van die speerpunt van evangelisasie. Sending moet vanuit die transendensie in Christus verstaan word. Mense se lewe verander en hulle kom in ’n nuwe verhouding met God. Daarom moet die sending altyd Christologies bepaal word. Christus is die Een wat nie alleen stuur nie, maar die Een wat as gestuurde die Woord van God aan mense bring. In daardie verband moet die *missio Dei* ook bepaal word. *Missio Dei* kan nooit op sigself staan nie. Die verwysing na die begrip *missio Trinitatis* mag ook nooit die beklemtoning van Christus as die sentrum van die sending vervang nie. Christus staan inderdaad as die sentrum van die sending. Hy bepaal die sending.

Daarom sal die Christologiese benadering essensieel wees. Transendensie is ononderhandelbaar. Die sending moet vanuit Christus benader word. Daarom is die heil in Christus omvattend. Dit sluit ’n totaliteitsbenadering in wat vir al die verskillende aspekte van die lewe van belang is.

# HOOFSTUK 3

## Jesus die Seun van God, die Een wat ons versoening ìs

## 3.1 DIE HISTORIESE JESUS

Om te bepaal wie Jesus Christus werklik is, moet ook na die betekenis van sy preëksistensie én sy aardse lewe gevra word. 'n Missionêre Christologie sal dus al die verskillende aspekte rakende die heerlikheid van Christus beoordeel, en dan poog om daaruit 'n duidelike riglyne neer te lê om Christus vir die sending te verstaan. Die uitgangspunt dat Hy die EEN is wat ons versoening ís, sal steeds voor oë gehou moet word. Natuurlik sluit dit by die insiggewende belydenis aangaande Christus as Seun van God wat volledig mens geword het, aan. Dit moet dan ook beoordeel word en die betekenis daarvan sal vanuit bepaalde uitgangspunte vasgestel word. Standpunte oor die historiese Jesus en die Jesus van geloof sal ondersoek word. Dit is van groot belang vir die oorweging van die betekenis van Jesus Christus vir die sending. Soms loop die standpunte uiteen en daarom sal daar ook reaksie op verskeie eksponente se standpunte moet wees. Die drie ampte van Christus word dan ook beklemtoon. Hy is Koning, Priester en Profeet. Dit word nie net afgelei uit bepaalde titels nie maar veral vanuit die bepaalde betekenis van daardie ampte in die Ou en Nuwe Testament. Jesus gee egter daaraan totaal nuwe betekenis. Dit word later volledig uitgewerk.

Jesus se Godheid word dikwels betwyfel. Jesus het goed gedoen aan andere en dit is die wyse waarop godsdiens beoefen moet word, word beweer. Daar word gemeen dat Hy die goeie mens by uitstek was en dat die klem op die goeie wat Hy gedoen het gelê moet word en nie op sy twee nature nie (Chalcedon). Dit is egter duidelik dat dit 'n ernstige verskraling van die evangelie is.

Welker (2013:11 e.v.) vra die vraag: Wie is Jesus Christus vir ons vandag? Hy verwys na belangrike aspekte wat Bonhoeffer al na vore gebring het, naamlik dat alleenlik die lydende God kan help en dat die teenwoordigheid van Jesus Christus in die lyding van groot belang is. Die eerste bydrae van Bonhoeffer is dus dat slegs die lydende God kan help en die tweede bydra is dat God ons in die multidimensionele polifinie van lewe dra. Om hierdie saak verder te voer gaan Welker (2013:55 e.v.) oor na die bespreking van die historiese Jesus en hy verwys na die eerste, die tweede en die derde soektogte en die opkoms van die vierde soektog. Die eerste en die tweede soektogte sluit Schweitzer, Käsemann en Bornkamm in. Hulle het gevra of die historiese Jesus slegs in legendes te vind is, veral weens die feit dat met die ondersoek wat gevoer is, gevind is dat daar baie teenstrydighede in die verskillende weergawes aangaande Jesus is.

Die sogenaamde derde soektog vind plaas wanneer die hele vraag na hoe Jesus verstaan moet word gevra word deur mense soos Charlesworth, Crossan en Reed, wat Jesus veral vanuit die argeologie wil terugwen. Vanuit dié soektog het Hengel, Dunn, Hurtado, Vermes, Theissin en Mertz 'n paradigmaverskuiwing voorgestel, waar die vraag na die hoë Christologie, die sosiale geskiedenis en die analise van die politiek van die simbool gevra word. Welker (2013:87 e.v.) self sluit hierby aan met 'n sogenaamde vierde soektog[38] en is van mening dat die vraag na multi-kontekstualiteit hierdie soektog lei. Daar moet erken word dat die weergawes vanuit die argeologiese ondersoek tog 'n kern van historisiteit neerlê, maar dat die verskillende weergawes op mekaar inspeel sodat die bepaalde bevestiging van Jesus se meerdere betekenis vanuit multi-kontekstualiteit gevind kan word.

Wat die historiese Jesus betref, is dit baie belangrik om te weet dat pogings aangewend is om werklik te probeer ontsyfer wat die verskillende perspektiewe op Hom in die Evangelies en ook buite Bybelse bronne beteken. Sodoende is gepoog om te verstaan hoe die historiese Jesus aangedui moet word, wat Hy gedoen het en wat die betekenis van die historiese Jesus dan in hierdie verband is. Die historiese Jesus word dan gesoek in bepaalde tekste, maar ook hoe om vanuit die benadering van die tekste baie duidelik te kan verstaan wie Hy in die geskiedenis was. Gewoonlik word dan ook verstaan dat daar 'n verskeidenheid moontlikhede rakende Jesus Christus is en dat daar ook verskillende betekenisse aan Christus toegeken kan word. Schweitzer (1948) dui reeds aan dat daar in verskillende tydperke telkemale maar weer 'n bepaalde begrip van Christus gemaak is, naamlik as die romantiese Christus of die lydende Christus of die verlossende Christus; daar het elke keer vanuit die bepaalde tydsgees 'n bepaalde begrip van Christus gekom.[39] Die vraag is dan hoe om die historiese Jesus te vind.

38 Welker (2013:90) skryf:

> *The fourth level of multicontextuality,* the level facilitating the 'fourth quest for the historical Jesus' involves *the entire previous history of reception along with the present global multicontextuality within which Jesus' life and ministry are begin actively received, on the one hand, and are in their own turn efficaciously active, on the other.* (Beklemtoning Welker).

39 Schweitzer (1948:400) toon sy standpunt soos volg aan:

> *Modern lives of Jesus are too general in their scope. They aim at influencing, by giving a complete impression of the life of Jesus, a whole community. But the historical Jesus, as He is depicted in the Gospels, influenced individuals by the individual word. They understood Him so far as it was necessary for them to understand, without forming any*

Vermes (2000:222 e.v.) benader Jesus as die Joodse leraar wat na die ballingskap in die Joodse gemeenskap opgetree het. Hy was volgens Vermes 'n Joodse leraar wat wel unieke betekenis het en sonderlinge waarheid deurgegee het. Hierdie betekenis van Christus moet dan op 'n spesifieke wyse toegepas word op dit wat van Christus gesê word: Jesus het wel bepaalde kenmerke vertoon wat anders was as dié van Joodse leraars van sy tyd. Die unieke eienskappe word bevestig deur enkele aspekte van die lewe van Jesus wat Vermes (2004:392 e.v.) aantoon, onder andere sekere van sy uitsprake, sy geloof in die vaderskap van God, die eis om soos kinders te word, die nuwe eskatologiese begrip van familiebande, sy begrip van gebed, genesings en eksorsismes en hiperboliese uitsprake. Maar Vermes (2000:77 e.v.) is van oortuiging dat dit nie beteken dat Christus as sodanig, veral nie volgens hom deur Paulus, verstaan moet word as God uit God nie.[40] Dit is juis hier waar die volle getuienis nie deur Vermes in ag geneem word nie. Die volle heerlikheid van Jesus Christus beteken juis dat die getuienis aangaande Hom veel meer insluit as die aardse bestaan.

Welker (2013:88) beklemtoon in sy benadering die multi-kontekstualiteit van die benadering tot Jesus Christus en dat Jesus Christus in 'n multi-kontekstuele werklikheid verskillende aspekte van sy heil deurgee; hierdie multi-kontekstualiteit lei dan tot 'n dieper begrip van sy heerlikheid. Jesus se besondere betekenis word dan in hierdie verband na vore gebring. Volgens Welker wil die vierde soektog poog om nie alleen die eietydse sake soos begeertes, morele dilemmas en godsdienstige node en rigtings en dit wat op onregmatige wyse op Jesus van toepassing gemaak word te beoordeel nie en ook nie alleen die verskil in die huidige modaliteite en tydsgewrig van die tyd van Jesus oorweeg nie, maar wil ook Jesus se eie hede, verlede en toekoms soos dit neerslag gevind het in verskeie verslae oor hom, ontleed. Teen die gedagte dat dit nou onmoontlik geword het om oor Jesus te skryf, meen Welker (2012:92) juis dat die multi-kontekstuele kompleksiteit van die nuwe soektog van 'n onmoontlike probleem na 'n belofteryke ondersoek oorgaan. Hierdie multi-kontekstuele ondersoek

*conception of His life as a whole, since this in its ultimate aims remained a mystery even for the disciples.*

40 Vermes (2000:79) skryf:

*To begin with, we have substantial and unanimous evidence that Paul's prayers and liturgical blessings are regularly addressed to God or the Father, and not to, though often through, Jesus Christ. As a result, Christ is neatly distinguished from God.*

maak dit juis moontlik om teen die reduksie wat byvoorbeeld by Crossan (1991) of Vermes (2000) voorkom, te waak.

Daar is ook andere wat meen dat Jesus dan as sodanig in die historisiteit van sy bestaan benader moet word om uit te vind wat beteken dit werklik as gesê word dat Jesus Christus die Verlosser van die mensheid is (Welker 2013:87 e.v.). Daarteenoor is daar diegene wat meen dat die hele verhaal aangaande Christus fiksie is en dat daar nie beklemtoon kan word dat Christus werklik 'n historiese figuur is nie (Bultmann). Diegene wat dit voorstaan is van mening dat Christus dan bloot in die tyd waarin Hy gelewe het van verskillende hoeke af benader moet word en dat Hy nie verstaan moet word as die een wat werklik van God af gekom het nie. Daar word dan verskillende aspekte van sy bestaan voorgedra wat volgens hulle hoogs onwaarskynlik is. Hy word beskou as maar net die weergawe van mense wat in bepaalde krisistye vir hulleself 'n persoon gepostuleer het om hulle dan in hulle krisistyd aan Hom te verbind. Hierdie Jesus het dan nie historiese gronde nie want Hy word dan verstaan as 'n persoon wat in die denke van mense ontwikkel het en wat op fiktiewe manier voorgestel is. Daarteenoor staan die belydenis dat Jesus die volledige gestalte van die mensgeworde God is. In die missionêre Christologie moet die groot vraag dan uiteindelik gevra word: Wat is die betekenis van Jesus Christus in hierdie betekenisvolle tye en wat is sy invloed op die gemeenskap?

Welker (2013:88 e.v.) wys daarop dat die verhewe Christus in sy ryk heers, en is van mening dat wegbeweeg word van die drievoudige amp van Christus, naamlik van Koning, Priester en Profeet, na die sogenaamde drievoudige gestalte van Christus se heerskappy waar die koningskap, die priesterskap en die profetiese amp van Christus saamgevoeg word in die een amp van sy heerlike heerskappy en die wyse waarop Hy heerskappy voer. Baie belangrik is dan verder dat die Heilige Gees in die ryk van Christus na vore kom, want die opgestane Here is nie sonder sy mense nie. Die komende ryk van God is die werklikheid van die verlossing wat in die krag van die Vrye Kreatiewe self na vore kom. Die koninklike teenwoordigheid van Christus kom na vore in sy eie mense en in die verlossende mag van die liefde en die diakonale bestaan en die Christelike humanisme.

Welker bied inderdaad veel om te aanvaar. Die vraag bly egter of sy benadering van multi-kontekstualiteit ten volle reg laat geskied aan die getuienis dat Hy in sy aardse lewe steeds die Seun van God was.

Scheffler (2015) is van mening dat die ondersoek na die historiese Jesus inderdaad kan help om vrede tussen die hoofstroomgodsdienste van die Abrahamitiese godsdiens te bring. Hy wys op die geweldige konflik wat tussen hierdie godsdienste bestaan, naamlik die Judaïsme, die Christendom en Islam (2015:362). Hy is van mening dat dit moontlik is om vanuit die benadering van historiese Jesus vrede te soek omdat die gesindheid van Jesus geopenbaar word en waar daardie gesindheid nuwe moontlikhede skep.

Scheffler wys dan na veertien stellings ten opsigte van die historiese Jesus (2015:266 e.v.). In die eerste plek beklemtoon hy dat Jesus wel 'n Jood was, soos wat veral deur Barmen na vore gebring is. Hy wil die historiese Jesus dan binne sy Joodse verband verstaan. Die volgende saak wat hy beklemtoon, is die verwysing na "Abba" Vader wat daarop dui dat Jesus God as 'n liefdevolle en 'n Vader vol van meegevoel verstaan het. Die derde saak waarna hy verwys, is dat Jesus die koninkryk van God gebring het in 'n Romeinse wêreld waar Jesus se verkondiging uiteindelik tot 'n totale nuwe begrip van hoe mense moet leef beteken het. In die vierde plek verwys hy na die wysheid van Jesus en die beklemtoning van die wysheid wat Hy bring. In die vyfde plek is hy van mening dat Jesus 'n apokaliptiese profeet was wat inderdaad die tye en die mense uitgedaag het, veral deur sy besondere aandag aan die armes en die verworpenes. In die sesde plek verwys hy daarna dat Jesus die liefde vir die naaste ook na die vyand uitgebrei het, wat vreemd was vir daardie tyd waarin Hy geleef het. In die sewende plek word na die beklemtoning van Jesus se vergifnis van sondaars wat dan ook die skuld en die las van die verwerping van mense weggeneem het, verwys. In die agste plek het Jesus veral vir die armes en die verworpenes omgegee. In die negende plek het Hy die siekes en hulle wat ly, ook geestelik ly, op 'n besondere manier hanteer. In die tiende plek het hy nie asketisme beklemtoon nie, maar was hy deel van 'n gemeenskap en het Hy vreugde in die gemeenskap beklemtoon. In die elfde plek het Jesus se familie-etiek daarop gedui dat dit nie net oor die verhouding tussen familielede handel nie, maar dat dit wyer strek as en vroue en kinders wat in die gemeenskap nie erken is nie, insluit. In die twaalfde plek het Jesus klem gelê op kinders, wat vreemd was vir daardie tyd. In die dertiende plek is hy van mening dat Jesus se beklemtoning van die liefde bevestig het dat geweld afgewys moet word. In die veertiende plek is hy van mening dat daar religieuse inklusiwiteit by Jesus voorgekom het. Dit is van belang omdat Jesus na die koninkryk verwys

waar die mense van die Ooste en die mense van die Weste (Matt 8:11 en Luk 13:29) sal inkom en dat hulle dan daardie heerlikheid sal ervaar. Dit is van belang wat Scheffler sê en daar moet kennis geneem word van sy beklemtoning van die feit dat Jesus vanuit die liefde en vanuit die gesindheid nuwe verhoudings skep, maar Jesus skep juis hierdie verhoudings vanuit die diepe verhouding met die Vader omdat Hy Een is met die Vader. Dit sal in die dialoog met Islam en Judaïsme van die allergrootste belang wees.

Dit is van belang om oor die historiese Jesus na te dink wanneer die Christologie en die sending benader word. Jesus het immers in hierdie wêreld geleef en sy lewe het betekenis vir die wyse waarop Hy die kerk uitstuur. Die gevaar is egter dat die historiese Jesus losgemaak word van die getuienis in die Skrif. Daarom moet die verband tussen Jesus en die getuienis in die Skrif steeds volgehou word.

Wat van groot belang in die benadering van die historiese Jesus is, is dat daar nie gereken moet word dat die historiese Jesus en die Jesus van geloof so radikaal teenoor mekaar staan dat daar geen verband tussen hulle is nie. Dit beteken nie dat die historiese Jesus en Jesus van die geloof altyd so maklik met mekaar op dieselfde vlak gestel kan word nie. Wat wel van die grootste belang is, is dat die historiese Jesus en die Jesus van geloof inderdaad beide vasgelê het dat Hy van God kom. In die benadering van die historiese Jesus moet nie van 'n vooronderstelling uitgegaan word dat Jesus alleen maar menslik is en nie van God kom nie. Ook in die verrekening van die verskillende aspekte van die historiese Jesus, moet aangedui word dat daar duidelike kenmerke is van Jesus as die Een wat van God kom. Dit sou 'n miskenning van die historiese Jesus wees indien nie erken word dat Hy van God kom nie. Dit is inderdaad so dat vanuit 'n positivistiese standpunt die historiese Jesus so benader kan word dat daar dan gereken kan word dat Hy inderdaad alleen maar menslik is en dat ons sy menslikheid, sy positiewe gesindheid, moet navolg. Dit is egter nie moontlik nie. Daar moet verstaan word dat die historiese Jesus ook in die Skrif aangebied word as die Een wat van God kom, as die Een wat uit God is, as die Een wat Een is mét God. Dit beteken dat die getuienis aangaande die historiese Jesus ook moet verreken dat Jesus Christus waarlik God is wat tot ons gekom het. In dié verband moet die pre-eksistensie van Jesus ook verreken word.

## 3.2 DIE PRE-EKSISTENSIE VAN JESUS CHRISTUS AS DIE EEN WAT ONS VERSOENING ÌS

Daar moet nou indringend gekyk word na die betekenis van Jesus se pre-eksistensie en die getuienis dat Hy Seun van God en waarlik God is. Dit het besondere betekenis vir die versoening wat Hy bewerk. Verskeie standpunte kom daaroor voor. Hierdie standpunte word oorweeg en met mekaar vergelyk. Nadat die verskille en ooreenstemming in die standpunte vasgelê is, word oorbeweeg na 'n oorweging van die Skrif. Jesus Christus is uniek, maar dit is nie sy beklemtoning van liefde vir die naaste of sy wonderwerke wat Hom totaal uniek maak nie. Die pre-eksistenie van Jesus Christus is die finale onderskeid met alle ander godsdienstige leiers. Die belydenis van Nicea beklemtoon dit in die woorde "God uit God, Lig uit Lig en Waaragtige God uit Waaragtige God." Hierdie getuienis moet nou verder oorweeg word.

### 3.2.1 Nicea 325

Die begrip *homoousios* was sentraal aan die belydenis van Nicea. Daarmee is uitgedruk dat Jesus Christus <u>eenswesens</u> met God die Vader is. Dit verskil van die begrip *homoiousios* of <u>van dieselfde wese</u>. Teen Arius word die eenheid van Jesus Christus en God bely. Volgens Heick (1965:91) was die inhoud en betekenis van die belydenis volledig Skriftuurlik al het die letterlike begrip nie in die Bybel voorgekom nie.

Die groot belang van Nicea mag nie misken word nie. Nicea het inderdaad die besondere betekenis van Jesus Christus in die wêreld duidelik gemaak. Dit het inderdaad saamgehang met die kwessie rondom *homoousios* en *homoiousios*. Nicea beklemtoon dat Jesus Christus inderdaad transendent, Een met God is, en dit moet beklemtoon word om die volle betekenis van Jesus Christus te kan verstaan. Daarom sal die volheid van Nicea alleen maar verreken kan word indien in ag geneem word hoedat dit ook betekenisvol in die werklikheid verstaan word.

### 3.2.2 Chalcedon 451

Na Nicea het daar twee groot probleme voorgekom. As bely word dat die Vader en Seun wel Een God is, wat is hulle verhouding tot mekaar en as Jesus die Seun

van God is en tog ook die Seun van Maria, wat is die verhouding tussen sy twee nature (Heick 1965:92)? By Chalcedon word die probleem opgelos deur te bely dat Jesus Christus se nature *asungutos, atreptos, adiaretos, achoristos* bestaan, naamlik onvermengd, onveranderd, ongedeeld en ongeskei. Heick (1965:187) is van mening dat daar steeds in die kerk bely moet word dat die tweede Persoon van die Triniteit geïnkarneer is in die historiese Jesus.

Chalcedon 451 se betekenis kan dus nie misken word nie. Inderdaad word erken dat Jesus volledig mens geword het, maar aan die ander kant word ook erken dat in sy bestaan die twee nature onveranderlik na vore kom. Dit moet in die Christologie besonder sterk beklemtoon word.

### 3.2.3 Eksponente oor Jesus Christus se goddelikheid

#### *3.2.3.1 Calvyn: Jesus Christus as ware God en ware mens*

Calvyn (Inst 1:111:1 en 2) laat geen twyfel dat Jesus Christus wonderbaar Een met God is nie. Vanaf die skepping is God geopenbaar as drie Persone in een wese. Die ware God is alleen so geopenbaar. Die Vader, Seun en Gees is Een God, maar tog is die Seun nie die Vader nie en die Gees nie die Seun nie (Inst 1:111:5). Christus se Godheid en Ewigheid hang saam (Inst 1:111:8). Die wonderwerke van Christus is verdere bevestiging van sy Godheid (Inst 1:111:13). Hy word ook in gebed aangeroep – 'n saak wat God alleen toekom. Calvyn (Inst 1:111:19) beklemtoon ook dat die eenheid van God nie deur die onderskeiding in drie Persone opgehef word nie, want die Seun is Een met God die Vader omdat hulle saam een Gees het en die Gees is die Gees van die Vader en die Seun. Calvyn ontken nooit die menslike natuur van Christus nie, maar wil juis beklemtoon dat die Vader, Seun en Gees Een is en dat Jesus Christus se Goddelikheid bo alle twyfel staan (Inst 11:XII:1).

Calvyn gee inderdaad getuienis aangaande die wonder van Christus. Daar moet aangetoon word dat hy nog nie die volle eksegetiese implikasies kon verreken nie aangesien verskeie teologiese ontdekkings eers later gevolg het, maar sy geniale greep op die betekenis van Jesus Christus kan nagevolg word.

Calvyn beklemtoon dus dat Jesus Christus waarlik God is. Calvyn het egter hierdie betekenis van Jesus as ware God sinvol toegepas op die benadering

van die mense van sy tyd. 'n Belangrike bydrae van Calvyn word as die *extra Calvinisticum* aangedui. Daarmee word bedoel dat alhoewel Jesus Christus die volheid van God verteenwoordig, die Goddelike Logos méér is as die Middelaar in sy verskyning. Die sterk beklemtoning van Jesus Christus se Godheid neem nie weg dat Hy nie die Vader is nie en dat die Godheid inderdaad meer insluit as die Middelaar. Dit neem nie weg dat Jesus inderdaad Een met die Vader is nie. Hierdie bydrae van Calvyn bly ook hier betekenisvol.

### *3.2.3.2 Barth: Jesus Christus as die ware openbaring van die Gans Andere*

Rakende die vraag na die Godheid van Christus moet daar indringende gesprek gevoer word, veral ten opsigte van die teologie van Barth (1957 en 1978). God word as die Gans Andere beskou, as die Een wat in sy Heerlikheid en Majesteit (Barth 1957:273) totaal anders is as die menslike bestaan. Die Godheid van Christus weer egter steeds sterk na vore gebring. Moet dan inderdaad verstaan word dat Christus die Een is wat van God kom, die Woord van God en dat Hy ook Eenswesens met God beskou moet word? Barth se teologie is egter in hierdie opsig interessant. Barth (1978:94 e.v.) toon aan dat die eenheid van God en Christus juis op 'n besondere wyse 'n verbinding is tussen die heerlikheid van die hemelse God en die aardse mens.[41] Daarom word terme gebruik soos die een wat na die veraf land toe gaan, die een wat na die veraf land homself verteenwoordig sodat hy hom in die veraf land bekend stel. Jesus Christus is die uitverkorene en die verworpene voor God. Juis daarom is die mens ook in Hom uitverkies en verwerp om tot volle heil in Hom te kom (Barth 1978:347).[42] In die teologiese

41 Barth (1978:94) skryf:

> *Between God and man there stands the person of Jesus Christ, Himself God and Himself man, and so mediating between the two. In Him God reveals Himself to man. In Him man sees and knows God. In Him God stands before man and man stands before God, as is the eternal will of God, and the eternal ordination of man in accordance with this will. In Him God's plan for man is disclosed, God's judgement on man fulfilled, God's deliverance of man accomplished, God's gift to man present infulness, God's claim and promise to man declared. In Him God has joined Himself to man.*

42 Barth (1978:347) bevestig die volle betekenis van Jesus Christus vir die verkiesing:

> *The recollection for the elect is this. The distinction of God's relationship to them, and of their relationship to God, is originally and properly the distinction of Jesus Christ. It is He who is the Son and Friend of God. It is with Him that God is well pleased because He recognises His own countenance in Him. It is He who is the secret of God, which is the basis of the fact that there is such a distinction for others also.*

diskussie word die vraag gevra of Barth nie baie sterk beklemtoon het dat in die materialiteit van die menslike bestaan Jesus Christus beskou moet word as God se antwoord op die krisisse van die menslike bestaan nie. Is Christus dan nie juis die Goddelike materialiteit in die wêreld wat dan so ook op daardie wyse die teenwoordigheid van God in die menslike bestaan inbring nie? Vir Barth bly God die totale Gans Andere en godsdiens word daarom as't ware onaanvaarbaar omdat dit die Gans Andere probeer vasvang in menslike en aardse denke. God bly totaal anders omdat Hy die Een is wat van die ander werklikheid kom.

Matthias (2014:12 e.v.) toon aan dat daar tussen Luther en Barth besondere ooreenkomste is. Beide benader die versoening vanuit 'n teologiese perspektief. Dié benadering beklemtoon dat die versoening nie in ontologiese of Aristoteliese sin nie, maar sterk Christologies verstaan moet word. Dit is duidelik dat die Lutherse en die Barthiaanse posisie die Christologie 'n a prioriese en fundamentele karakter van die versoening maak (2014:15). Barth is daarom geneig om die voorrang van die Christologie deurgaans te beklemtoon. Daarom beklemtoon hy dat Christus dienskneg maar ook Here is wanneer hy oor die verheffing van die mens praat (2014:16).

Matthias (2014:18) is van mening dat Barth sy gedagtes uitwerk binne die verbondsteologie. Regverdiging, heiligmaking en roeping en die drievoudige roeping van Christus, priesterlik, koninklik en profeties word verstaan as die werk van die Heilige Gees.

Barth lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die debat oor die betekenis van Jesus Christus. Die erkenning van sy totale unieke karakter en bestaan verheerlik Hom in 'n besondere sin.

Barth se besondere betekenis is dat hy Jesus Christus as die enigste Woord van God gesien het. Indien Jesus in hierdie wêreld geëer moet word, moet Hy altyd vanuit die begrip dat Hy die enigste Woord van God (Joh 1:1) is, vereer word. Alhoewel daar met die formulering verskil kan word – enigste Wood van God – is die klem op die heerlikheid van Christus besonder betekenisvol. Vir Barth was die betekenis van Jesus dus volledig in die feit dat Hy gekom het om heil te bring. Die ware Woord van God is Jesus Christus en daar kan nie rakende Jesus Christus iets benader word sonder om te erken dat Hy waarlik van God kom nie. Dit maak dit

moontlik om die heerlikheid van Jesus Christus op 'n baie unieke en besondere wyse te beklemtoon.

### *3.2.3.3 Heyns: Christus van Bo*

Heyns (1978:229) beklemtoon dat die Christologie in 'n baie besonderse sin moet uitgaan van die ou klassieke getuienis aangaande Christus as Seun van God wat volledig mens geword het. Hierdie belydenis beklemtoon hy vanuit die Skriftuurlike antwoorde. Hy verwys daarna dat die Christologie nie geformuleer kan word anders as by wyse van Petrus se antwoorde op die vraag: "Wie sê julle is ek?", naamlik dat Christus die Seun van die lewende God is. Die Christologie wil dit verder uitbou en betekenis daaraan verskaf. Wat die benadering tot die Christologie betref, verset hy hom teen enige gedagte dat die Christologie van onder af benader moet word. Hy wil dit baie duidelik van Bo af, van God self af, benader. Christus moet verstaan word in die lig van die Openbaring van God wat van Bo af kom.

Ten opsigte van die motief vir die inkarnasie is dit vir Heyns baie duidelik dat spekulatiewe motiverings oor die inkarnasie eenkant gelaat moet word, en dat Christus altyd gesien moet word in verband met die verhouding tot die mens as sy/haar Middelaar. Die herskeppingstaak wat in die Skrif baie duidelik na vore gebring word, moet erken word. Christus moet dus nie los gesien word van dit wat Hy vir die mens kom doen het nie, maar aan die ander kant moet dit ook nie weer gesien word asof Christus nie van alle ewigheid af bestaan nie. Daarom beskou Heyns die beklemtoning van *vere Deus et vere homo* so belangrik (1978:239). Heyns beklemtoon dat Jesus Christus volledig mens en volledig God is. Hy is nie half-God en half-mens nie, ook nie 'n skyn-God of 'n skyn-mens nie. Daar bestaan wesenseenheid tussen God en mens – volle God en volle mens (1978:240).

Wat Christus se natuur betref, word vanuit die tradisionele Christologieë beklemtoon dat sy Goddelike natuur in die Bybel bevestig word. Christus se voortydelike pre-eksistensie word in die Triniteit gevind (1978:241). Die menswording van Christus het nooit die historiese Triniteit in gedrang gebring nie, omdat Christus op 'n besondere wyse die verteenwoordiger van die Goddelike *Logos* binne die Triniteit is. Sy menslike natuur word ook bevestig deur verskillende Skriftuurlike getuienisse. Die mensheid en Godheid van Christus is

nie konkurrente van mekaar nie en moet nie teenoor mekaar gestel word nie, maar moet deur die geloofsoog as die wonderbaarlike eenheid van hierdie Een mens, Jesus Christus, wat meer as die mens is, want God is ook volledig teenwoordig in Hom, gesien word.

Verder beklemtoon Heyns die totale sondeloosheid van Jesus en is hy van mening dat Hy, ten spyte van die feit dat daar in Hebreërs staan dat Hy gehoorsaamheid geleer het, nie gegroei het tot 'n gehoorsame persoon nie, maar dat Hy verdieping ondergaan het in sy gehoorsaamheid wat Hy al reeds in die begin gehad het.

Ten opsigte van die eenheid van die persoon word ook verwys na die klassieke getuienisse aangaande die nature van Christus, naamlik onvermengd, onveranderd, ongedeel en ongeskei. Hierdie eenheid in Christus is 'n volledige eenheid wat erken moet word (1978:248).

Ten opsigte van die state van Christus se bestaan, naamlik die staat van vernedering en die staat van verhoging, meen Heyns (1978:258) dat dit baie duidelik is dat die lyding van Christus in die staat van vernedering van essensiële belang is, alhoewel hy baie skerp waarsku teen enige gedagte van teopasgitisme. Hy wil dit baie eerder verstaan as Christopasgitisme. Wat die staat van verhoging betref, is daar sterk aanduiding van die wonderbaarlike opstanding van Christus wat beklemtoon moet word. Heyns meen dat die opstanding die beklemtoning en bevestiging van die versoening met God is en dat dit deur die geloof vasgegryp moet word (1978:265). Verder beklemtoon hy dat, alhoewel die *hoe* van die opstanding nie vasgestel kan word nie, die *dat* van die opstanding deur verskeie Bybelse getuienis onweerlegbaar vasgelê word – veral onder meer deur die verskynings van Jesus wat nie bloot net projeksie van hooggespanne mense was nie, maar 'n aanduiding was van die opgestane heerlikheid van die Gekruisigde.

Hy wys ook op die Christus-regering wat vanuit die heerlikheid aan God se regterhand maar ook vanuit die wederkoms bevestig word (Heyns 1978:268). Ten opsigte van die versoening met God beklemtoon hy dat, wat die standpunte van Abelardes en Anselmus betref, daar by dié van Anselmus aangesluit moet word. Dit behels dat Christus sy lewe as 'n offer van versoening gegee het sodat Hy die versoening bewerk het deurdat Hy die toorn van God oor die mens en die straf daarmee saam wegneem. God het uit sy liefde besluit om Jesus te stuur sodat die verhouding herstel kan word. Jesus se gehoorsaamheid is plaasvervangend

en bring die heil vir die mens teweeg. God bly altyd die inisiatiefnemende subjek van die versoening (1978: 284).

Heyns (1988:132-133) lê sterk klem op die heerlikheid van God wat deur Christus vertoon word soos deur sy verskillende Name beklemtoon word, asook deur sy Goddelike deugde, Goddelike werke en Goddelike eer wat wel etiese betekenis het vir die lewe van die mens op aarde. As mens voor God word die mens opgeroep om voor God te lewe en Christus maak dit vir hom/haar moontlik. Die mens wat gebonde is aan God se Woord en Wet, word deur Christus vernuwe sodat hy gehoorsaam aan God kan wees en herstel kan word tot 'n nuwe verhouding met God (1988:135). Die mens voor God sluit ook die ongelowige in sodat ook hulle in die etiese verhouding met God gestel kan word, want God handel ook met die mens op wie Hy eiendomsreg het en roep daardie mense ook op om voor Hom in 'n nuwe verhouding te kom lewe. Die mens kan egter nie sonder God bestaan nie en hiervoor vind Heyns die diepste Christologiese bewys in Jesus Christus self. Die mens wat dus wel aan sy bestemming beantwoord het, is die mens wat juis in daardie verhouding met Jesus Christus die wonder van die nuwe lewe vind en ondervind.

Daar kan kritiek teen Heyns uitgespreek word in die sin dat hy nie die volle implikasies van die (reeds in sy tyd) resente oorwegings van die Nuwe Testamentiese wetenskap oor die titel Seun van God verwerk nie, maar hy toon tog oortuigend aan dat die Skrif die Godheid van Christus nie misken nie.

Hy sluit by Calvyn aan en beklemtoon dus die Goddelikheid van Jesus volledig. Hy gebruik die verskillende titels van Jesus om dit te beklemtoon. Moderne eksegete sou versigtiger wees daarvoor, soos wat onder andere by Lampe (2016:s.p.) en andere voorkom. Hulle vra of die titels van Jesus Christus volledig aantoon dat Hy Seun van God is en dat Hy God uit God is. Heyns is van mening dat die volledige reikwydte van die Nuwe Testamentiese benadering erkenning aan Jesus se unieke karakter verleen. Hierdie unieke karakter moet erken word en het betekenis vir die verstaan van die Christologie.

### *3.2.3.4 Jonker: Jesus se unieke verhouding tot die Vader*

Jonker (1977:167) beklemtoon dat die uitsprake in die Nuwe Testament waaruit dit duidelik blyk dat Jesus waarlik God is, evangelie is omdat dit juis aantoon dat

die mens Jesus Christus God sélf is wat in die vlees geopenbaar is. Die unieke verhouding tussen Jesus en die Vader word ondubbelsinnig in die Nuwe Testament aangetoon. Christus is ook nie maar net 'n besondere instrument in die hand van God soos die funksionele Christologieë wil beklemtoon nie. Jonker (1977:168 e.v.) verwys veral na die volgende sake: Christus word as Seun aangedui wat verskil van gelowiges as kinders van God, die titel *Logos* wat aandui dat Christus dié Woord van God is, die titel *kurios,* wat in die Septuagint vir God gebruik word en die funksie wat aan Christus toegeken word is wat in die Ou Testament aan God toegeken is. Jonker (1977:172) skryf: "*Christus is eenvoudig God in sy heilsopenbaring.* Niks minder as dit kan op grond van die Nuwe Testament gesê word nie." (Beklemtoning Jonker).

Jonker (1977:174) skryf, nadat hy al die getuienis oorweeg het, dat die funksionele Christologieë, wat dikwels skriftuurlike dinge oor Christus sê, egter nie ten volle reg aan Hom laat geskied nie. Dit wat Christus gedoen en gesê het is so ryk en so betekenisvol dat die volheid daarvan alleen verstaan kan word in die diepe verstaan van sy verhouding met sy Vader. As die Christologie bloot as 'n funksie van Christus beskou word, soos dit by die funksionele Christologieë voorkom, word die volle verstaan van Christus se lewe en werk nie verreken nie – veral in 'n besondere sin sy verhouding met sy Vader wat in die oud-kerklike belydenisse (veral in Chalcedon) sy finale formulering verkry. Daarom is Jonker dan ook van mening dat om ten volle reg aan Christus te laat geskied daardie belydenis nog steeds verreken moet word.

Jonker se totale respek vir die Godheid van Christus is merkwaardig. Soos Heyns maak hy nie genoeg erns met die uitdagings van die resente teologiese wetenskap nie, maar toon tog aan dat die dogmatiese oortuigings steeds vanuit die Skrif beantwoord moet word.

Jonker tree in die kragveld van die intense debat met ander Christologieë in om aan te toon dat Jesus Christus waarlik God uit God is. Jonker verduidelik hoedat daar vanuit die Skrif 'n antwoord kan kom op die vrae wat gestel word deur verskillende Christologieë en hoedat daar dan uiteindelik vasgestel kan word dat Jesus Christus inderdaad God uit God is. Jonker laat hom nie verlei om oppervlakkig te verduidelik dat Jesus maar net eenvoudig erken moet word as Seun van God nie. Hy tree in gesprek, hy worstel met ander teoloë en kom tot die gevolgtrekking dat die heil in Christus sterk na vore kom.

### 3.2.3.5 *Kärkkäinen: Die pre-eksistensie van Jesus*

Kärkkäinen (2013) dui aan dat die vraag na die Christologie die eerste beginsels van die Chalcedonse diskussie insluit.[43] Die vraag is dus op watter wyse verstaan moet word dat Christus waarlik God is wat mens geword het en wat die verhouding tussen sy goddelike en menslike nature is. In die teologiese diskussie kom die vraag na die Godheid van Christus telkemale na vore. Daar is inderdaad dan ook vanuit verskillende perspektiewe vrae rakende die Godheid van Christus. Vanuit sommiges se nuwe perspektief word voorgehou dat ondersoeke in die teologie aantoon dat heelwat materiaal in die Evangelies aangaande Christus berus op bronne wat reeds in die Rabbynse wêreld bestaan het en dat die Christus van die Evangelies eintlik 'n gepostuleerde persoon is wat dinge sê wat reeds bekend was in die Rabbynse wêreld van sy tyd. Die vraag word dan verder gevra of Christus nie bloot 'n menslike figuur was, self 'n gepostuleerde menslike figuur wat onder bepaalde omstandighede opgetree het en sekere dinge gesê het nie. Daar word selfs beweer dat Christus hoegenaamd nie as God of Seun van God beskou kan word nie, omdat sy optrede menslik was en in menslike taal deurgegee word. Die vraag na die Godheid van Christus word egter deur Kärkkäinen (2013:97 e.v.) op 'n besondere helder wyse hanteer. Die onmiddellike vraag rondom die Godheid van Christus sluit aan by die koningskap van Christus en die aanvaarding van die koningskap van Christus. Die koningskap van Christus van die hemelse koninkryk beklemtoon dat Hy inderdaad God is. Dit was Athanasius wat sterk klem gelê het op die feit dat Christus van nature *homoousios* (eenswesens) met God is. Daar is 'n reeds vermeld dat daar 'n klein onderskeid tussen *homoiousios* (soortgelyk), en *homoousios* (eenswesens) met God is. Athanasius beklemtoon dat Christus eenswesens met God is en nie net van dieselfde wese as God nie.

43 Kärkkäinen (2013:114) verduidelik die betekenis van Chalcedon soos volg:

> *In the final analysis, the question of the continuing value of the Chalcedonian formula is a wide-ranging hermeneutical decision. A related question is the genre of the Definition itself. Its basic affirmation, namely, the coming together of the divine and human in an irreversible yet distinguishable unity, can be appropriately called a mystery and metaphor. It is mystery in the sense that it goes byond human capacity to understand. It is paradox in the sense that it is a statement against our expectations. However, it is not paradox in the sense of being so much against reason that it is a contradictory or senseless statement. Finally, it is metaphor in the sense defined above: a picture of reality that goes beyond ordinary language, yet depicts events that have happenend. So, it is a 'true' metaphor.*

Teenoor Athanasius het Arius gestaan wat beklemtoon het dat Christus 'n goddelike wese is, maar dat Hy nie van dieselfde wese as God is nie, en dat sy menslikheid beklemtoon moet word. Hy het volgens Arius dus as menslike wese geleef en bestaan en Hy moet daarom in daardie sin verstaan word as menslike wese wat op aarde geleef het.

Kärkkäinen (2013:179) is egter van mening dat die leer aangaande die pre-eksistensie nie vanuit die Hellenisme kom nie maar vanuit die kerk se Joodse wortels. Hy beklemtoon baie sterk dat die Ewigheid van God, dus die Ewige bestaan van God self, die grondslag van die pre-eksistensie van Jesus vorm en dat Jesus dan juis daarom binne die ruimte van sy goddelike karakter beskou moet word. Dit beteken dat daar in 'n besondere sin verstaan moet word dat die evangeliste en ook Paulus die klem lê op die ewige bestaan van Christus asook sy goddelike bestaan. Dit word juis deur Johannes bevestig in die Logos Christologie in Johannes 1, wat die ewige bestaan van Christus as ewige Logos, as ewige Seun van God beklemtoon en wat juis die evangelie verder inlui. Daar kan baie min twyfel wees dat die beklemtoning van die Logos as ewig met God juis ook die wonderwerke en die betekenis van sy aardse lewe in die res van die Evangelie volgens Johannes bepaal. Christus as ewige Seun van God wat in die begin was, met God was en van alle ewigheid af met God bestaan, kom in die werklikheid na sy eie mense sodat sy eie mense Hom kan aanneem. Die probleem is juis dat sy eie mense Hom nie aanneem nie, en dat Hy binne in hierdie werklikheid waar hy nie deur die eie mense aangeneem word nie, heerlikheid en die majesteit van God moet bevestig sodat verstaan kan word dat Hy God uit God en Lig uit Lig is. Hierdie verskyning van Christus as God wat mens word in die Johannes-evangelie beklemtoon dan juis ook sy eenheid met YAHWEH. Die eenheid met YAHWEH word in geen onduidelike taal voorgedra nie maar dit kom ook by Paulus na vore. In Filippense 2 bly die baie belangrike kwessie oor hoe ons moet verstaan of watter wyse God in sy heerlikheid in Christus Homself vertoon, want Christus wat as Seun van God dit geen roof ag om met God gelyk geag te wees nie, word aan die mens gelyk. In Filippense 2 word die unieke eenheid van Christus met God beklemtoon, en dit sou dan een van die vroegste getuienisse wees aangaande die teenwoordigheid van God in Christus. Dit is dus baie duidelik dat die ewigheid en die heerlikheid van Christus beklemtoon moet word as ons die volheid van die Christologie wil verstaan. Christus is die Een uit

wie en deur wie en tot wie alle dinge is en Chalcedon het daarom ook in geen onduidelike taal gepraat van onvermengd, onveranderd, ongedeel en ongeskei nie. Die Goddelike teenwoordigheid in die mens Jesus Christus het 'n unieke eenheid tussen Goddelike en menslike natuur tot gevolg gehad wat op 'n baie wonderlike wyse beklemtoon moet word. Dit is juis hierdie Goddelikheid wat op 'n baie unieke wyse die heerlikheid van Christus en die heerlikheid van sy Naam beklemtoon. Daarom kan bevestig word dat in Christus die koningskap van God unieke waarde verkry.

Kärkkäinen (2013:116) verwys na die implikasies van metafisika in die Christologie en wys daarop dat Chalcedon wel diepgaande metafisiese grondslae veronderstel. Hy verwys ook na die Rooms-Katolieke dogmatikus Walter Casper wat bevestig dat die Christen vanweë sy/haar geloof verplig is om 'n metafisikus te word en dat die vraag eerder is watter soort van metafisika nagevolg word. Kärkkäinen (2013:116) erken dat as ons korrekte verstaan van die teenwoordigheid van Christus wil hê, ons tog die metafisiese aspek daarvan moet erken en dit ook moet vaslê. Christus se teenwoordigheid het dus 'n spesifieke metafisiese implikasie en die vraag van die Woord wat vlees geword het asook die inkarnasie en die Tri-eksistensie is van belang. Die vraag na die vleeswording word deur Thomas Aquinas rondom die inkarnasie in sy *Summa Theologia* gevra, naamlik sou God van alle ewigheid af in sy goedheid mens word, sou hy dan van alle ewigheid af sonder die vlees bestaan het (Kärkkäinen 2013:143-144)? Aquinas beskryf dan vier sake. Die eenheid met die menslike natuur van Christus het God, wat van alle ewigheid dieselfde is, nie verander nie, maar die menslike natuur wat veranderlik is, is met die goddelike natuur verenig. Tweedens: Alhoewel dit nie vir die menslike natuur aanneemlik is om met die goddelike verenig te word nie, is dit vir God in sy goedheid vir die eis van verlossing goed om met die menslike natuur te verenig. Die derde punt: Dit is vir God die Skepper goed om met die menslike natuur te verenig, alhoewel van 'n ander goddelike natuur, waarvan die outeur God self is, en die vierdens soos Augustinus reeds geleer het, God het mens geword en dit beteken nie dat hy sy mag en status verloor het nie, as die EEN wat die volle menslikheid inneem.

Kärkkäinen (2013) hanteer die betekenis van Jesus Christus deurgaans in die lig van ander teïstiese tradisies. Hy wys op ooreenstemming maar ook daarop

dat die unieke betekenis van Jesus Christus nie bloot op dieselfde vlak as ander tradisies gestel kan word nie.[44]

Kärkkäinen se betekenis is daarin geleë dat hy ook ten volle besef dat daar erken moet word dat Jesus Christus se menswording van besondere betekenis is. Kärkkäinen worstel ook met die probleem van hoedat Jesus in sy menslikheid bestaan en hoedat Jesus as mens na vore kom. Hy toon dus aan dat die pre-eksistensie ook die mensheid insluit. Maar Kärkkäinen wil beklemtoon dat Jesus Christus inderdaad in die lig van die getuienis van die Skrif erken moet word as God wat mens geword het. Soms oorspan hy die vergelyking met ander teïstiese tradisies en die verskille daarmee moet sterker aangetoon word.

Kärkkäinen (2013:116) laat egter geen twyfel dat 'n metafisiese erkenning van Jesus Christus se menswording aanvaar moet word nie.

#### *3.2.3.6 Dunn: Progressie aangaande die belydenis aangaande Jesus se pre-eksistensie*

Die hele vraag van die pre-eksistensie word dus ontsettend belangrik. Die erkenning van die pre-eksistensie van Christus in die vroegste bronne word egter bevraagteken deur Dunn (1989), wat van mening is dat die ontwikkeling van die belydenis aangaande die pre-eksistensie uit die geloofsoortuiging en geloofstandpunte van die Hellenistiese omgewing waarbinne die vroeë Christene geleef het, afkomstig is. Hulle het dan om daardie rede die pre-eksistensie van Jesus vasgelê. Die pre-eksistensie van Jesus is beskou as iets wat ontwikkel het binne die teologiese denke van die vroeë Christene.

Dunn (1989) gaan van die standpunt uit dat daar 'n besliste progressie in die verstaan van die Christologie in die Nuwe Testament is. Die inkarnasie van Christus as Seun van God beteken nie dat daar byvoorbeeld by Christus self 'n

44 Kärkkäinen (2013:147) skryf in hierdie verband:

> *Speaking of the wider context of embodiment and its link with incarnation is not to compromise the traditional Christian insistence on the particularity of the incarnation, God-become-human, in the historical figure of Jesus Christ. On the contrary, it is to make that particular and unrepeatable act of God more meaningful in the wider context of the whole history of the triune God's salvific works. In this wider framework of the understanding of embodiment, there is an important link between Christian faith and some other theistic traditions.*

duidelike beeld of 'n verstaan van sy ewige bestaan by God en sy menswording is nie. Die ontwikkeling in die Nuwe Testamentiese getuienis dui volgens Dunn daarop dat sekere aspekte aan die begin nie goed ontwikkel was nie en later al meer ontwikkel is. Dit is veral rondom die konsep van die inkarnasie van Christus as God wat mens geword het, dat Dunn aandui dat daar by Paulus byvoorbeeld 'n ander verstaan as by byvoorbeeld later by Johannes was en dat daar groei en ontwikkeling was in die verstaan van die begrip van die menswording van Christus.

Daar is veral twee sake wat vir Dunn van belang is. Die eerste is dat hy besonder klem lê op die historiese konteks van betekenis. Hy wil inderdaad verstaan hoedat die teks binne die historiese konteks verstaan is, en wat die historiese konteks en betekenis van daardie teks in sy historiese verband was. Die tweede is sy konseptualiteit in verandering waar hy probeer aantoon dat daar binne die konseptualiteit van die verstaan van die inkarnasie verandering voorgekom het wat bepaalde betekenis het (Dunn 1989:X1V).

Dunn bespreek sekere aspekte intensief, veral die betekenis van Filippense 2:6-11 en Kolossense 1:15-20. Die vraag is egter of Dunn hierdie tekste op die korrekte manier interpreteer. Dunn vra of ons nie hier te doen het met 'n Adam-tipologie en dat Christus op die wyse waarop Adam een was met God, moet verstaan dat die eenheid met God van daardie tydperk af kom nie. Die eenheid met God bestaan dus in die eenheid wat van Adam af kom en nie soseer in die eenheid van die synseenheid met God as sodanig nie. Dunn wil dan ook nie erken dat daar reeds by Paulus 'n volledig ontwikkelde ewigheidsChristologie en pre-eksistente Christus is nie. Dunn (1989:114) verstaan dus Filippense 2:6-11 binne die raamwerk van die Adam-tipologie, dat Christus soos Adam Hom nie beskou het as die Een, alhoewel hy in die vorm, die beeld, die gelykenis van God is, wat Hom moes vasgryp aan God nie. Hy was onder die sonde as't ware verkoop en Hy moes gehoorsaam word, tot aan die dood om later verhef te word. Die betekenis van die Adam-beeld is vir Dunn van groot belang. Dit raak ook Kolossense 1:15-20, waar die konteks van betekenis en konseptualiteit van verandering vir hom van besondere groot belang is, omdat hy meen dat daar in hierdie gedeelte 'n verhouding kom met die sogenaamde wysheidskategorie rondom die Christologie (Dunn 1989:XIX).

Dunn (1989:12 e.v.) benader die Christologie vanuit verskillende konsepte. Hy skryf oor die begrip, Seun van God, dat hierdie konsep buitengewoon verskillend in die antieke tyd geïnterpreteer is en hoedat daar vanuit die verskillende perspektiewe in die antieke tyd ook binne die Joodse geskrifte 'n verskeidenheid van begrippe daarrondom na vore gekom het. Wat die begrip Seun van God betref, wys hy daarop dat die Joodse apologete reeds vroeg daarna verwys het sonder om daardeur werklik letterlik te bedoel dat daar 'n verhouding tussen God en mens is. Die begrip Seun van God het egter besondere betekenis gekry in Jesus Christus en is deur Hom op 'n besondere wyse voorgedra, veral met die konsep, Abba, Vader. In die vroeg-Christelike getuienis is daar dus die bevestiging dat Jesus as Seun van God erken is (1989:19). Dunn is egter van mening dat in die vroeë Christendom dit eers in die Johannese geskrifte beskou word as Goddelike Seunskap, persoonlike pre-eksistensie van 'n Goddelike wese, wat na die wêreld gestuur is en waarvan die hemelvaart die voortsetting van die intieme verhouding met die Vader is (1989:59). Dunn (1989:64) is dan van mening dat in die vroegste periode van Christendom, die begrip Seun van God nie die voor die hand liggende saak in die Christologie was wat die inkarnasie en die pre-eksistensie bevestig het nie.

Wat die Seun van die mens betref, wys Dunn (1989:95) daarop dat dit eers in die Christelike konsep is dat die persoon van die Seun van die mens met Daniël 7 in verband gebring word as 'n goddelike persoon en dat Hy in daardie opsig met Jesus in verband gebring word. Dit kom volgens hom eers in die laaste dekade van die eerste eeu na vore.

Dunn (1989:196) beklemtoon ook dat die begrip wysheid van God ook in 'n baie besonderse sin verwys na die implikasie van Christus as die besonderse wese wat van God kom. Daarom beskou hy die begrip wysheid van God as een van die sterkste aanduidings van hierdie besondere verhouding. Die vroeë Christene het daarom die betekenis van wysheid van God so aangewend omdat hulle daardeur so sterk as moontlik die betekenis van Jesus wou bevestig. Die konsep Woord van God kom veral in Johannes sterk na vore. Dit is die sterkste aanduiding van die pre-eksistensie van Jesus. Dit beteken ook dat daar ontwikkeling plaasgevind het nie sodat daar uiteindelik in Johannes die bevestiging gegee word van die pre-eksistensie van Jesus. Die Goddelike wil van God in Christus word bekend gemaak en die heerlikheid van Christus kom juis daarin na vore. Dunn (1989:248)

handhaaf steeds die gedagte dat daar ontwikkeling was aangaande die heerlikheid van inkarnasie en hy is van mening dat die skrywer van Johannes 1:1-16 die eerste persoon was wat 'n stap geneem het wat geen Hellenistiese Joodse outeur ooit sou geneem het nie en dit is om die Woord van God as 'n spesifieke persoon aan te teken. Dat daardie persoon dan in 'n besonderse pre-eksistensie Seun van God is wat na die wêreld gekom het word bevestig (1989:249). 'n Klimaks word bereik wanneer God se heerlikheid en sy mag in die persoon van Jesus Christus versinnebeeld word. Dit is dan God se duidelikste self-ekspressie, God se laaste Woord. Dunn se gevolgtrekking is dan dat 'n mens nie moet reken dat die aanduidings aangaande Christus net een bepaalde vorm van Christologie beklemtoon nie en dat daar verskillende konseptualiserings van Christus in die Nuwe Testament is wat op verskillende maniere op mekaar inspeel om die betekenis van Christus te verduidelik. Sommige is selfs tot 'n mate teenstrydig met mekaar, maar dit moet verstaan word as betekenisvol binne die breë verband van die Nuwe Testament.

Dunn (1998:292) trek beslissende gevolgtrekkings ten opsigte van Paulus se Christologie. Hy is van mening dat Paulus wel begrip van die pre-eksistense Christus het, maar dan ten opsigte van die pre-eksistensie wat uit die wysheid wat by Christus voorkom. Dit is dieselfde prehistoriese bestaan van Adam wat die beeld vorm waarop sy lewenskragtige Adam-Christologie gebou word. Daarom wil hy juis nie 'n Christologie beklemtoon wat losstaan van die wysheid in Adam-Christologieë nie en meen hy dat Paulus nie Christus se pre-eksistensie verstaan in die sin van die latere Niceaanse en Chalcedonse Christologieë nie. Daarom wil hy ook die verhouding met die identifikasie met die Gees in 1 Korintiërs 15:45 besonder sterk beklemtoon. Dunn is dan ook van mening dat dit veral ten opsigte van die opstanding van Christus is, dat die verstaan van die pre-eksistensie van Jesus binne die Adam en die wysheid Christologieë na vore kom.[45]

45 Dunn (1998:262) vat sy standpunt soos volg saam:

> *Initially at least Christ was not thought of as a divine being who had pre-existed with God but as* the climatic embodiment of God's power and purpose – *his life, death and resurrection understood in terms of* God himself reaching out to men. *Christ was identified not with some heavenly redeemer figure but with* God's *creative wisdom,* God's *redemptive purpose,* God's *revelatory word expressed in a final way that made the Christ-event the normative definition of divine wisdom and revelation* – God's clearest self-expression, God's last word. (Beklemtoning Dunn).

Die dood en opstanding van Christus staan dan sentraal ten opsigte van die Christologiese momente. Christus is die kern en die fokus van genade. Daarom sê Dunn dat die fundamentele struktuur van Paulus se Christologie juis is dat die ooreenkoms en die spanning tussen die Adam en wysheidsteologieë heenwys na die feit dat Christus wel God en mens sou wees. In Christus kry ons die finale betekenis van mensheid, maar in die beeld van God is daar kreatiewe wysheid en die beeld oorbrug mensheid en Godheid (1998:293).

Dunn se bydrae is van groot belang, maar verskeie leemtes kan aangedui word. Daar sal getoon word hoedat Paulus reeds in Filippense 2 Jesus se totale EENHEID met God beklemtoon. Daar is dus vroeë getuienis van EENHEID met God. Kolossense 1 bevestig ook in geen onduidelike taal dat die EENHEID met God ononderhandelbaar is. Daarheen word later breedvoerig verwys.

As teenstem word Dunn se benadering hier na vore gebring. Dunn erken dat Jesus later in die kerk as God uit God bely is, maar hy beklemtoon nie dat dit reeds by die heel vroegste Nuwe Testamentiese bronne voorkom nie. Dunn toon dus aan dat daar 'n vooruitgang, 'n ontwikkeling in die denke aangaande die heil van God is, en dit moet na vore kom. In gesprek met Dunn kan aangetoon word, en sal aangetoon word, hoedat daar vanuit die vroegste bronne reeds erkenning van Jesus Christus as Seun van God, as God uit God is.

Maar dit beteken nie dat daar nie kennis geneem moet word van die intrinsieke vrae wat Dunn vra nie. Het daar inderdaad ontwikkeling plaasgevind? Sekere aspekte van ontwikkeling moet erken word, sodat 'n mens byvoorbeeld by die Johannes-evangelie 'n baie meer ontwikkelde erkenning van die heil in Christus, as God uit God sien. Daardie ontwikkeling het bepaalde voortgang gehad en dit moet erken word.

#### *3.2.3.7 Schreiner: Jesus as ware Seun van God*

In teenstelling met Dunn vind Schreiner (2013: 544-546) tog 'n verhouding tussen wat Paulus van Christus verstaan en die Dawidiese Ryk, dit wil sê die Messiaanse Ryk. Hy verstaan dat Christus vanuit die nuwe ryk wat uit Dawid ontstaan het, sowel as die Adam-Christologie en die Abraham-betekenis van Christus as 'n nageslag van Abraham, reeds as unieke openbaring van God gesien word. Hy is van mening dat Jesus se besondere verhouding met God deur Paulus uitgedruk

word wanneer hy die begrip Seun van God gebruik. Israel en Dawid is geroep om as nuwe Adam en seuns van God op te tree, maar Israel en Dawid het gefaal, en dit is alleen in Jesus wat die ware Adam en die ware Seun van God na vore kom. Daarom word die ware heerskappy wat aan Adam toegeken is, aan hom toegeken. Dit vind volledig neerslag in die feit dat Hy uit die dood opgestaan het. Verder beklemtoon Schreiner (2013:547) dat die fundamentele tema in die Skrif is dat YAHWEH God is en dat YAHWEH die Here is. Hulle wat hulle voor God as die Here verootmoedig en Hom erken, ook daarin erken dat die Seun, dit is Christus, as Here erken moet word.

Schreiner (2001:152 e.v.) beklemtoon die verhouding tussen Jesus en Adam op 'n besondere wyse en verwys veral na Jesus as tweede Adam, maar dan in die sin dat Jesus wel totaal anders as die eerste Adam is. Hy verwys na Romeine 5:15-19 waar die eerste Adam sonde, dood en ongeregtigheid veronderstel en die nuwe Adam die Een van heil en geregtigheid is en dat die genade van God meer oorvloedig is as die sonde en die oordeel wat in die eerste Adam na vore kom. Die hele bedoeling van God met die mensheid word in Christus, in die tweede Adam gerealiseer. Christus is ook die beeld van God. Hy verwys na Genesis 1:27 waar die mens na die beeld van God gemaak is, maar dat Christus dan in 'n besonderse sin as beeld van God, as die tweede Adam, die volledige beeld van God is, en dat Hy Adam by verre oortref. Hy wys daarop dat slegs deur Jesus Christus die Een en Enigste ware Beeld van God die mensheid weer in 'n verhouding met God kan kom om die oorspronklike beeld van God weer terug te kry. Hy wys ook daarop dat Jesus in 'n besonderse sin as die nageslag van Abraham beklemtoon word. Dit is ook uiters belangrik dat Jesus as Here aangedui word en dan in daardie sin as Here die heerskappy en heerlikheid van God verkry (2001:165). Hy verwys ook daarna dat die troonbestyging van Christus oor alle magte in Efesiërs beklemtoon word.

Schreiner verstaan Filippense 2:6-11 in die sin dat buitengewone betekenis aan Christus as die Een wat in 'n unieke verhouding met God staan gegee word. Die Adam-Christologie word wel beklemtoon maar hy verskil van Dunn se interpretasie. Die vraag is dus of Christus die heerlikheid van God besit en of Hy dit gegryp het. Daar is dus twee gedagtes. Die een is dat Christus reeds die Eenheid met God gehad het en dat Hy sy Eenheid met God as't ware prysgegee het om 'n menslike bestaan aan te neem. Daarteenoor die gedagte dat Christus

nie Een is met God nie en dat Hy dus ook nie sy doel gesien het om die Godheid te gryp nie, maar dat Hy juis enige begeerte om Eenheid met God te hê prysgee en Hom dan voor God verootmoedig. Schreiner (2001:171) is van mening dat die Eenheid met God veronderstel word voor sy inkarnasie (teenoor Dunn) en bevestig die pre-eksistensie van Christus. Voor sy inkarnasie was Christus reeds gelyk aan God. Hy verneder Hom wel vir die saak van die mense. Ook Kolossense 1:15-20 word deur Schreiner op 'n ander wyse as Dunn verstaan (2001:172-174). Hy vra dan die vraag: Is Jesus werklik God? Hy is van mening dat die heerlikheid van Christus, die koningskap en die heerskappy van Christus, nie beteken dat die heerlikheid van God die Vader weggeneem word nie – dit is immers die Vader wat Jesus uit die dood opgewek het en Hom as Here aangekondig het, maar hy is van mening dat Paulus inderdaad bely dat Christus God is juis binne monoteïstiese verband (1 Kor 8:6). Hy meen ook dat Paulus wel na Christus as God verwys in Romeine 9:5.

Schreiner lewer 'n uiters belangrike regstelling op Dunn se siening. Christus se totale EENHEID met God ondergrawe nie die monoteïsme nie.

Schreiner is die persoon wat vanuit 'n meer klassieke benadering erken dat Jesus Christus as God uit God erken moet word. In daardie opsig verskil hy van Dunn en toon hy aan dat daar reeds vanuit die geheel van die Skrif die belydenis aangaande Jesus van besondere betekenis is. Daarmee bevestig hy dan ook dat Jesus Christus unieke betekenis het. In die antwoord op Dunn wys Schreiner daarop dat die volle heil in Christus na vore kom in sy ampte as Verlosser.

### *3.2.3.8 Hurtado: Jesus Christus as die Een wat aanbid word*

Hurtado (2003) ondersoek die vroeë Christendom intensief en vra die vraag in watter opsigte daardie vroeë gemeenskappe wel vir Jesus Christus as God wat mens geword het, erken het. Die Christus-erkenning en die Christus-aanbidding is dus 'n baie belangrike saak wat reeds aan die begin deur Hurtado na vore gebring word.[46] Dat hierdie aanbidding van Jesus dus in die vroeë gemeenskap beteken het dat wel besondere betekenis aan Christus geheg word, en dat beklemtoon

46 Hurtado (2003:4) beklemtoon dat Jesus-aanbidding baie vroeg voorkom:

> *At an astonishing early point, in at least some Christian groups, there is a clear and programmatic inclusion of Jesus in their devotional life, both in honorific* claims *and in devotional* practices. (Beklemtoning Hurtado).

word dat Christus dus verstaan moet word as die unieke persoon wat van God kom, word deur hom bevestig. Volgens Hurtado (2003:4) was die plek wat Jesus in die aanbidding van die vroeë Christelike groepe inneem reeds in hierdie heel vroeë stadium 'n aanduiding dat Jesus as besondere persoon vereer moet word.

Wat die aanbidding van Jesus so uniek maak is dat dit reeds in die briewe van Paulus voorkom, dus ongeveer 50 n.C., wat beteken dat die vroeë kultiese erkenning van Jesus in die vroeë dekade van die Christelike tydperk erken moet word (2003:7). Verder is Hurtado van mening dat aanbidding van Jesus op geen manier tot 'n paar konventikels beperk was nie, maar dat dit vroeg reeds vinnig oor die hele Christelike gemeenskap versprei het. In die derde plek wys hy daarop dat, alhoewel daar ooreenkomste met vroeg-Romeinse groepe en bewegings was, daar geen direkte analoog in die Romeinse wêreld was wat op dieselfde wyse beskou kan word as die Christus-aanbidding van die vroeë Christelike gemeenskap nie. Hy wys daarop dat geen ander religieuse beweging van Romeinse tydperk so 'n verband met die Joodse religieuse tradisie van eksklusiewe monoteïsme gehad het en wat op dieselfde wyse van aanbidding so 'n tweede figuur naas God erken het nie. In die vierde plek wys hy daarop dat aanbidding van Jesus sentraal was in die vroeg-Christelike groepe en geweldige betekenis vir die vroeëre ontwikkeling van die Christendom gehad het.

Ten opsigte van die Joodse monoteïsme wys Hurtado (2003:30) daarop dat die eksklusiwistiese godsdienstige aanname van die Jode ten opsigte van monoteïsme besonder sterk was. Terwyl hulle bereid was om selfs op verskillende wyses, grade en aspekte van die Hellenistiese kultuur, byvoorbeeld taal, kleredrag, eetgebruike en intellektuele kategorieë, temas, en sport te akkommodeer, daar een saak was waarop hulle radikaal bevestig het dat daar geen onderhandeling moontlik was nie en dit was ten opsigte van die monoteïstiese godsdiens.

Hurtado (2003:31) wys daarop dat die Jode inderdaad vir God as enigste God erken het, en dat die gedagte by die vroeg-Christelike kringe dat Jesus op 'n baie unieke wyse 'n agent van God die Vader is, en selfs meer belangrik, dat Hy op dieselfde wyse as God aanbid moet word, inderdaad nie by die Jode voorgekom het nie. Selfs die engele en figure wat op 'n besondere manier erken word, soos

Dit is belangrik om daarop te let dat Hurtado nie 'n oordeel oor die aanbidding van Jesus vel nie maar dat hy wel die saak voordra.

Moses en ander persone, is nooit op dieselfde wyse in Joodse kringe erken of aanbid soos wat die vroeë-Christene Jesus erken het nie. Joodse monoteïsme word soms bevraagteken met die verwysing na verskillende ander figure en persone in die Joodse wêreld, maar dit is baie duidelik dat Joodse monoteïsme ononderhandelbaar was en vasgelê is (2003:32 e.v.).

Hurtado (2003:48) is van mening dat daar talle aspekte van die Nuwe Testamentiese begrip van Christus is wat ten sterkste beklemtoon dat Hy inderdaad as Een met God beskou is.[47] Hy (2003:78) lig sake uit wat bevestig dat Jesus in die vroeë gemeenskap op 'n besondere wyse erken is as 'n persoon wat van God kom. Ten eerste is daar die Joodse eksklusiewe monoteïsme en die konteks daarvan en die vergelyking daarmee met die Christelike aanbidding van Jesus. Tweedens is daar die impak van Jesus, naamlik die feit dat sy bediening 'n polariserende effek op die gemeenskap gehad het en derdens die openbaring van die godsdienstige ondervindings wat aan die kring om die Jesus-beweging geopenbaar is en wat hulle oortuig het dat Jesus Goddelike heerlikheid het en dat Hy God se wil vir hulle op 'n besonder wyse openbaar in hulle aanbidding van Hom. In die vierde plek verwys hy na die ontmoeting met die grotere religieuse omgewing en die dinamiek van die polemiek teen die Jode en die verskeidenheid en regverdiging van Christelike aanbidding teenoor die heidense aanbidding.

Wat Paulus betref, skryf Hurtado (2003:85) dat die Pauliniese Christene die vroegste vorm van die christelike beweging was. Paulus se briewe is ook gerig aan die christelike kringe wat alreeds gevestig was. Paulus het hom met hierdie christelike kringe geassosieer. Die verskil tussen hom en ander Christene word ook in hierdie verskillende briewe van Paulus aan die lig gebring. Die aanbidding van Christus wat in Paulus se briewe voorkom dui reeds op 'n vroeë ontwikkeling in die geskiedenis van die christelike godsdiens, veral in die verhouding met die Joodse religieuse tradisies en die Romeinse tydperk. In die laaste plek dui hy aan dat die plek van Christus in Paulus se briewe ook gehelp het om die Christelike

47 Hurtado (2003:48) skryf:

> *I contend that the exclusivist monotheism of ancient Judaism is the crucial religious context in which to view early Christ-devotion, and that this monotheistic concern helped powerfully to shape that Christ-devotion, especially in those Christain circles concerned to maintain a fidelity to the biblical tradition of the one God.*

geloof en godsdienstige aanbidding van Christus op 'n baie breë basis te vestig.[48] Hy bevestig ook dat Paulus Jesus se Goddelike Seunskap vasstel (2003:101 e.v.). Jesus word ook as Here, Kurios, aangekondig. Wat die pre-eksistensie van Jesus betref, verwys Hurtado ook veral na Filippense 2:6-11.

Hurtado (2003:126) beklemtoon ook dat Paulus in sy briewe bevestig dat Jesus se dood en opstanding magtige versoeningsbetekenis het. Hy verwys ook na die aanbidding van Jesus op 'n baie unieke wyse en hoe dit in die briewe van Paulus na vore kom. Hy bevestig ook die doop en die nagmaal wat ook op unieke wyse van die vroeë Christelike aanbidding na vore kom. Hurtado (2003:214) bevestig dan dat daar reeds in die vroegste briewe van Paulus'n duidelike aanduiding was dat die vroeë Christene Christus aanbid het as die Een wat van God gekom het, en wat met God binne die monoteïstiese begrip van die Jode as God verstaan word.

Wat die Q-bron betref, toon hy (2003:217) verder aan dat daar soms 'n verkeerde beskouing is waarvolgens gereken word dat Q beklemtoon dat daar 'n ander Jesus onder die vroeë Christelike gemeenskap voorgekom het, as die Jesus wat deur Paulus, of deur die sinoptiese Evangelies voorgedra word. Hy wys daarop dat Q in baie van die gevalle van hoe dit voorgestel en voorgedra word, geïnterpreteer word asof dit nie soseer om Jesus sou gaan nie, maar om die koninkryk van God. Selfs wanneer 'n mens Q op sigself neem, is dit egter baie duidelik dat Jesus die unieke persoon is wat van God kom en dat dit ook soseer om Jesus gaan wat dan wel die koninkryk bevestig. Dit beklemtoon dat Jesus die besondere Persoon is.

Wat die sinoptiese Evangelies en die Evangelie van Johannes betref, maak Hurtado (2003:346) 'n baie sterk saak daarvoor uit dat daar besliste aanbidding van Jesus is en dat Hy op 'n baie unieke en besonderse wyse erken word. Die sogenaamde Jesus-boeke, die vroeë Christelike boeke aangaande Jesus – ongeveer 70 nC – gee 'n baie duidelike aanduiding dat daar 'n kring van Christene was vir wie die outeurs geskryf het, wat erken het dat Jesus in sy eie reg as God erken moet word.

48 Hurtado (2003:107) bevestig dit soos volg:

> *But, although Jesus' divine sonship does not appear as frequently as some other Christological categories, and the 'Son of God' title in particular is neither a prominent feature nor a fixed expression in Paul's Christological rhetoric, the concentration of references in Romans and Galations shows that Paul found the category useful in conveying Jesus' significance in terms of Jewish and biblical traditions. Moreover, several passages indicate that referring to Jesus' divine sonship was particularly meaningful for Paul personally.*

Wat die Johannes-evangelie betref, word daar ongetwyfeld erken dat Jesus van God kom en dat die pre-eksistensie van Jesus bevestig word[49]. Alhoewel daar aan die ander kant aanduidings in die Johannes-evangelie is dat Jesus se menslikheid ook sterk beklemtoon word, beteken dit nie dat daar twee totaal verskillende bronne is wat na vore kom en dat daar groot teenstrydigheid in die Johannes-evangelie voorkom nie. Die besondere betekenis van hierdie persoon, Jesus Christus, in sy verhouding met die Vader, word beklemtoon. Te midde van die spanning tussen die Joodse teenstanders en die vroeë Christelike gemeenskap wil die Johannes-evangelie en die Johannes-Christene beklemtoon dat Jesus dus Goddelike status en kenmerke het, dat Hy van Goddelike oorsprong is en dat Hy eksklusiewe betekenis het teenoor al die ander figure in godsdienstige aanbiedinge van die Joodse tradisie (2003:400).

Hurtado (2003:650) is dus van mening dat daar geen twyfel kan wees nie dat die vroeë Christene Jesus op dieselfde wyse aanbid en vereer het as wat hulle die God van die Judaïsme vereer het.[50]

Hurtado se groot betekenis lê daarin dat hy baie sterk aantoon dat die aanbidding van Jesus reeds in die vroegste vorme van die vroeë kerk voorgekom het. Hy toon uitdruklik aan dat hierdie aanbidding in verband staan met die aanbidding van YAHWEH. Dit sou vir die Jood ondenkbaar wees om iemand anders in die plek van YAHWEH te aanbid, maar Jesus word op dieselfde wyse as YAHWEH aanbid. Hurtado toon indrukwekkend aan dat die vroeë kerk inderdaad beklemtoon het dat die aanbidding van Jesus op dieselfde vlak as die van YAHWEH lê. Daarom moet met Hurtado saamgestem word dat Jesus Christus reeds in die vroegste

49 Hurtado (2003:384) twyfel geensins aan die feit dat die Johannes-evangelie Jesus se goddelikheid bevestig nie:

> *To speak of Jesus as invested with the divine name, as coming with and in the name of God, as given the name, and as manifesting God's name in his own words and actions, was to portray Jesus as bearing and exhibiting God in the most direct way possible in the conceptual categories available in the biblical tradition, and within the limits of the monotheistic commitment of that tradition.*

50 Hurtado (2003:650) vat sy standpunt soos volg saam:

> *The early convictions about Jesus and the corresponding devotion offered to him that became so widespread in earliest Christianity were sufficiently robust to nourish the prolonged and vigorous efforts to articulate Christian faith in persausive doctrinal formulations.*

getuienisse van die vroeë kerk erken word as die Een wat op dieselfde wyse as die Enigste God in die Joodse geloof aanbid moet word.

### *3.2.3.9 NT Wright: Jesus Christus en die belydenis van monoteïsme*

In NT Wright (2013) se belangwekkende boek oor Paulus, *Paul and the faithfulness of God*, kom sekere sake na vore wat vir die Christologie van groot belang is. Aanvanklik toon Wright (2013:197 e.v.) aan dat Paulus in sy omliggende wêreld vanuit sy verhouding tot onder andere die wysheid van Athene verstaan moet word. Die religieuse en kulturele wêreld is van belang, soos ook die Romeinse gemeenskap. Hy beklemtoon veral dat indien 'n mens Paulus wil verstaan, jy sy teologie ten diepste vanuit die verhouding met die Joodse geloof moet begryp (2013:140 e.v.). Wright (2013:644 e.v.) toon aan dat die diepste oortuiging van Paulus juis is dat Jesus Christus inderdaad die volle openbaring van die Een ware God is. Hy word geken as die ware Messias.[51] Daarom openbaar Hy Hom as die Een ware God van Israel en Paulus vind dat Hy Hom opnuut openbaar in Jesus Christus (2013:609). Die Een God van Israel word dan verstaan as die Een wat na vore kom, as die Een wat in Christus Homself openbaar, maar dit is steeds die Een ware God. Paulus se besef van die hele begrip is dat die Een ware God alleenlik kenbaar is in Jesus Christus self en dat Hy as volledige Jood dan ook die verlossing en heil in die Een ware God na vore bring. Daarom is dit van groot belang om te onderskei tussen, aan die een kant, die Judaïsme van sy tyd wat Paulus deur en deur wil erken, en waarbinne hy dan ook sy denke vorm, en aan die ander kant, Christus wat totale vernuwing bring.

Daarom is daar twee sake wat in Wright (2013:475 e.v.) se werk na vore kom: aan die een kant skepping, en aan die ander kant verbond. Skepping en verbond hang ten nouste met mekaar saam. Om Paulus te verstaan, moet begryp word dat die verhouding tussen skepping en verbond deurslaggewend is. God skep die heelal

51 Wright (2013:405) stel dit besonder sterk:

> *As Messiah, Jesus was the one in whom God's faithfulness had come to climatic expression, and who therefore called out faithfulness from his followers. Here is a point of great symbolic significance before it can be explored as a central point of theology: loyalty to Jesus as Messiah, 'the obedience of faith' as Paul puts it, occupies the place within Paul's new worldview-construct formerly occupied by the 'loyalty to God', or to the Torah, or to the holy land, within just that zealous Judaism that we know to have been Paul's own context.*

en stel die verbond in. Die verbond beklemtoon sy verhouding met Abraham en Israel, en ook Jesus Christus wat self binne hierdie raam van skepping en verbond verstaan moet word. Paulus dink ten diepste Joods want hy bring sy boodskap in die Joodse wêreld, sodat goed verstaan moet word hoe die Joodse agtergrond vir Paulus deurslaggewend is om Jesus Christus te verstaan. Monoteïsme is in die verband deurslaggewend. Vir die Jood was monoteïsme ononderhandelbaar en vir Paulus ook. Monoteïsme is nie 'n saak wat maar net prysgegee kan word omdat Paulus nou erken dat Jesus Christus in die wêreld gekom het nie. Jesus is inderdaad die Een wat die volheid van God vertoon en Hy is dan in die tweede plek die volledige Messias van God. Paulus wil volgens Wright (2013:634 e.v.) deurgaans aantoon dat Jesus as Messias van God na die wêreld kom. Hy is die Een wat die volheid van God vertoon en wat die heil van die Messias aan die wêreld bring. Hy word as 'n gekruisigde Messias sigbaar te midde van 'n verwonde Israel. Dit hang ten nouste met mekaar saam. Jesus word as die Messiaanse verskyning van die monoteïstiese God beskou en Hy vertoon dan die volheid van God in sy Messiaanse Ryk wat in die wêreld kom.[52]

Binne die wyere gemeenskap is daar die gemeenskap wat aan die Messias, die gekruisigde, behoort (2013:435). Hierdie gemeenskap moet verstaan word as die gemeenskap wat saam met die gekruisigde in die wêreld gekruisig word.

'n Verdere aspek wat by Wright (2013:1128 e.v.) van groot belang is, is dat die eskatologie verstaan moet word as die toekoms van Jesus Christus. Die eskatologie lê nie in die heelal se verre toekoms nie, maar het in Jesus Christus teenwoordig gekom. Die oortuiging is dan volgens die Joodse gebruike van sy tyd, en die begrip van die tyd dat Jesus Christus in die tyd ingekom het en dat Hy die volledige heil in Homself teenwoordig stel en dat Hy die Een is wat die eskatologiese heil voltooi en volbring. Die eskatologie beteken dus vir Wright (2013:1128 e.v.) nie 'n

52 Wright (2013:655) skryf:

> *The most important thing was that in his life, death and resurrection Jesus had accomplished the new exodus, had done in person what Israel's God had said he would do in person. He had inaugurated God's kingdom on earth as in heaven. Scholars have spent too long looking for pre-Christian Jewish ideas about human figures, angels or other intermediaries. What matters is the pre-Christian Jewish ideas about Israel's God.* Jesus' first followers found themselves not only (as it were) permitted to use God language for Jesus, but compelled to use Jesus-language for the one God. (Beklemtoning Wright).

eindtyd-oordeel waarin Christus na die wêreld kom nie, maar oordeel wat nou reeds voltrek word in Christus se teenwoordigheid in die wêreld.

Maar hoe sal die heil wat die Skepper God op aarde bring na vore kom (2013: 498)? Deur die gehoorsame Israeliet, die Messias. Hierdie gehoorsame Israeliet, die Messias, sal God se wonderbaarlike plan ten uitvoer bring en dan sal die heil weer in die wêreld sigbaar wees. Dit sal moontlik wees omdat die Messias, Jesus Christus, ook as gekruisigde en ook as opgestane Messias die volledige heil in van God na vore bring. Christus is die EEN wat die beloftes van Israel se God volledig maak en hulle dan weer volledig herstel. So word die heil van die toekoms in Christus gerealiseer. Christus self is dus die gerealiseerde eskatologie in werklikheid. Baie belangrik wat ook na vore kom, is dat die hele gedagte van wêreldbeeld of wêreldvisie wat in Christus weer volle betekenis verkry (2013:536). Die totale wêreldbeeld waarin Paulus hom wil bevind is die wêreldbeeld van die heil van God wat in Christus Jesus kom te midde van sy Joodse bestaan. Dit moet verstaan word binne die raamwerk van Jesus wat in die wêreld gekom het om die groot verhaal van God en Israel, wat in die verhaal van die getransformeerde gemeenskap in Jesus Christus vervul word, te bevestig (2013:543). Dus, die heil word in Christus 'n volledige werklikheid. Paulus glo ook dat Jesus Christus die Messias in hierdie wêreld reeds as Heer en Koning regeer. Hy is dus reeds Koning, nie een wat net eendag sal kom nie.

Alhoewel Wright (2013:562) begrip het vir die problematiek van die wêreld en die tye waarin mense leef, wil hy beklemtoon dat die heil volledig in Christus sal kom. Paulus se wêreldbeeld is die wêreldbeeld van 'n Jood wat verstaan dat Jesus Christus die Messias is wat die volledige heil bring, dat Hy die Here van die heelal is, en dat God die skepper in Christus volledig binne die monoteïstiese begrip na vore kom as die Seun van God. Vir Wright (2013:619) is dit dus van groot belang om te beklemtoon dat die Een ware God van Israel opnuut in Jesus Christus geopenbaar is. Paulus beklemtoon dat die monoteïsme van die Jode bevestig moet word en dat hierdie monoteïsme herstel word in God wat die Skepper en die Een is wat oordeel en daarom is daar Een God en Een gemeenskap. Hierdie monoteïsme word opnuut in Jesus Christus openbaar en dit vind in verskillende tekste neerslag waar Jesus as die God van die Eksodus, die God van die terugkeer en die God van die wysheid na vore kom in Galasiërs 4:1-11, Romeine 8:1-4, 1 Korintiërs 8-10 en as God van die skepping en wysheid in Kolossense 1,

2 Korintiërs 3 en 4, Filippense 2:6-11. Die terugkeer van YAHWEH vind dus plaas wanneer Christus verheerlik word, maar Hy is ook die opgestane en verheerlikte Messias as Seun van God (2013:701). Hierdie monoteïsme word verder openbaar in die Gees; die Gees is die nuwe openbaring, en die Gees bring die nuwe heil wat van groot belang was.

Hierdie opnuut geopenbaarde monoteïsme moet ook verstaan word in die lig van die kruis, in die lig van opstanding, en in die lig van die Gees. Dit is dus inderdaad vir Paulus van die allergrootste belang dat verstaan moet word dat die monoteïsme opnuut in Christus as die Here openbaar is. Hierdie monoteïsme kan dus alleen goed begryp word as verstaan word dat Hy waarlik die opgestane Here is wat die terugkeer van YAHWEH in die teenwoordigheid van die Gees 'n nuwe verhouding tot die volk van God moontlik maak. Die Messias as Seun van God (2013: 690-695) beklemtoon dus hierdie volheid van God se terugkeer in die monoteïsme. Veral die monoteïsme van die tweede tempel word as argument na vore gebring. Die verhaal word vertel van die Verbondsgod en Israel en dat hierdie Een God wat Abraham geroep het ook die Een God is wat sy geregtigheid en sy verbond in stand hou juis deur die Messias. Hierdie Messias is Christus wat dit moontlik maak. Die volk van God is dus 'n nuwe gemeenskap en die geregtigheid van God word dus gesoek, nie soseer omdat die wet 'n oortreding bring nie, maar omdat die wet opnuut verstaan word in Christus wat die heil en die verlossing van Israel bring. Die Messias is die hoop van Israel en van die Torah.[53] Die boodskap van heil kom dus deur die Gees en deur die skepping na vore en Jesus is die Messias waardeur God die wêreld met homself versoen het (2 Kor 5:11 tot 6:2) (2013:879). Jesus is die Messias waarin God se liefde vir sy volk bevestig word (Rom 8:31-39) (2013:902). Die eskatologie is dus van groot belang. Eskatologie dan nie in die sin van eindgebeure waar radikale dinge plaasvind nie,

53 Wright (2013:709) verbind Jesus met Yahweh van die begin af:

> *The identification of Jesus with YHWH seems to have been part of (what later came to be called) Christianity from more or less the very beginning. Paul can refer to it, and weave it into arguments, poems, prayers and throwaway remarks, as common coin. Recognizing Jesus within the identity of Israel's one God, and following through that recognition in worship (where monotheism really counts) seems to have been part of the way from the start.*

maar eindgebeure waarin Christus se persoon. die heil en die verlossing na vore kom – in Jesus self as persoon en as Messias.[54]

Daar kan beslis met Wright saamgestem word dat Paulus vanuit sy Joodse wêreld inderdaad baie sterk beklemtoon dat monoteïsme sentraal staan. Jesus Christus word nie beskou as 'n tweede God naas God nie. Jesus word verstaan binne die verband van die monoteïsme en dit moet sterk beklemtoon word.

Barclay (2015:239-240)[55] toon egter aan dat die sentrale hipotese van Wright, naamlik dat Jesus die Messias is wat Israel se taak en roeping om binne die verbond redding en heil te bring, nie bewysbaar is nie. Daarmee word Paulus se hantering van die eskatologie eenduidig op Israel gevestig. Paulus se begrip van die monoteïsme, soos deur Wright voorgedra, moet sterk beklemtoon en

54 Wright (2013:1263) vat sy beskouing soos volg saam:

> *Paul, then, was a Jewish thinker for the gentile missions; a covenant thinker who drew together Israel's sense of historical tradition and the apocalyptist's dream of a totally fresh revelation. In particular, he combined, in a way western theology has struggled to do, the sense (a) that the one God would call the whole world to account, and that this 'forensic' judgement could be brought forward into the present and (b) that this God had redefined his people, in the act of rescuing them from their sins and thus from the present evil age, in, and through and around the Messiah. Paul allowed 'forensic' and 'participationist' categories to interact in his thinking.*

55 Barclay (2015:239-240) stel dit heel sterk:

> *The same may be said for the claim that Jesus, as Messiah, has played out the role of Israel and fulfilled its task in saving the world. Whatever one makes of Wright's insistence that every time Paul says 'Christos' he means us to think of Jesus' Messianic status, one may dispute several elements in the claim that he was 'Israel's representative Messiah, who summed up the life and story of the people in himself [and] brought Israel's history to its appointed if shocking and unexpected climax' (p. 405). That Jesus 'represents' Israel and fulfils its vocation – a 'central' point that gives everything in Paul a 'tight coherence' (pp. 815-16, 823-4, 839) – is more asserted than proved. Arguments from biblical statements about David are advanced with some tentativeness (pp. 828-30), and it is admitted that there is nothing in Second Temple Judaism to support the notion that the Messiah incorporates his people (pp. 826-7). It can only be deduced from Paul himself – or from an imposition of Wright's schema onto Paul. The purported evidence does not convince: Paul is hardly speaking as a representative Israelite in Galatians 2:19-20, the resurrection of Jesus is never expounded by Paul as the resurrection of Israel in nuce, while the 'casting off' of Israel in Romans 11:12, 15 has no linguistic connections with what is said of Jesus' death. That Jesus as Messiah is 'Israel in person' (pp. 842, 930), offering to God the faithfulness which Israel had failed to perform (pp. 857-8, 890), is by no means the only way to bring coherence to Pauline theology, even if it ties the knots for Wright.*

aanvaar word. Daar is egter 'n vraag oor die eskatologiese begrip van tekste en van die heil wat kom by Wright, asof Wright nie ten volle wil beklemtoon dat hierdie wêreld waar Christus die Here is nog nie volledig voltooi is nie, en dat 'n mens dan uiteindelik moet verstaan dat hierdie wêreld verbygaan. In die woorde van Totius, dus, "die wêreld is ons woning nie", wat nie beteken dat die wêreld prygsgegee word nie, maar wel dat die vernuwing daarvan meer insluit as die aardse werklikheid. Daar is egter veel meer as hierdie aardse bestaan. Deurgaans moet die spanning tussen hierdie aardse bestaan en die ryk van God, wat veel meer insluit, behou word.

Wright beklemtoon die betekenis van Jesus Christus in die lig van die monoteïstiese erkenning in die Joodse geloof besonder sterk. Alhoewel Wright na verskillende aspekte kyk, is sy beklemtoning van Jesus Christus as die ware Seun van God binne die verband van die monoteïsme van groot belang. Daarom lê hy soveel klem op die Messiasskap van Jesus. Jesus is die ware Messias en as ware Messias bring Hy heil en verlossing vir die mens in sy bestaan. Jesus is die Plaasvervanger van Israel. Ten spyte van die kritiek teen hierdie gedagte van Wright, moet tog beklemtoon word dat Jesus as ware Messias die hele rol van Israel op Hom neem en so binne die verband van die Joodse monoteïsme erken moet word as Een wat uit God is.

#### *3.2.3.10 A van de Beek: God is EEN*

Van de Beek (1998:26) beklemtoon dat hierdie gebroke wêreld, stukkend en vernietigend, nie die laaste woord is nie. Die laaste woord word deur die Messias-Koning, die Gekruisigde, gespreek. In hierdie wêreld is Christus die Gekruisigde, in hierdie wêreld volg ons Hom as volgelinge van die Gekruisigde en moet ons die Gekruisigde navolg in gebrokenheid, want Hy is in hierdie wêreld teenwoordig as die Gebrokene. Daarom moet met Van de Beek saamgestem word dat Christus as't ware as Gekruisigde uit die wêreld uitgedryf word en dat die kring om die Messias die kring van lyding is (Van de Beek 2002:54).[56] Die kerk is kerk in die vervolging.

56 Van de Beek (2002:54) stel dit soos volg:

> *'Messiaans' betekent lijden aan de zonde der wereld en daaraan ondergaan en alleen door dood en oordeel heen Gods rechtvaardiging ontvangen.*

En verwysende na Psalm 110 skryf hy (2002:62):

Van de Beek (1998:17 e.v.) lei sy Christologie in met 'n verwysing na die stryd tussen die Antiocheense (Nestorius) en Aleksandrynse skole (Cyrillus). By Nestorius word beklemtoon dat God nie in tempels woon wat met hande gemaak word nie en daarom word Hy ook nie gebore nie en sterf Hy ook nie. Jesus is as mens gebore. God het Hom wel in die goddelike Logos op wonderbaarlike wyse met Jesus verenig, maar Jesus is as mens gebore. Nestorius beklemtoon 'n sigbare morele lewe, maar dit volg nie vanuit 'n sakramentele of ontologiese eenheid met God nie. Alhoewel Nestorius nie as moderne mens aangetoon kan word nie, wys Van de Beek tog op ooreenkomste met die motiewe wat die verligting beïnvloed het. Cyrillus van Aleksandrië kom in verset teen Nestorius. Cyrillus beklemtoon dat Christus één is met God. God het ons menslike bestaan aangeneem. Slegs deur self die menslike bestaan aan te neem kan God die lyding, dood en ellende van die menslike bestaan op Hom neem. God self is in Christus teenwoordig. Cyrillus is nie optimisties oor die mens nie. Die mens se totale verdorwenheid word geleer.

Van de Beek beskou die diepe gevallenheid van die mens in die sonde as radikaal en volkome (1998:25). Daarom beklemtoon hy dat Christus juis 'n volledige mens geword het om die ellende van die mens te deel. God deel (partisipeer) in die gebrokenheid en in die ellende van die mens. Dit is die Heilige God wat hom met die mens vereenselwig. Dit is God self wat hom in die nood, angs en droefheid van die mens in Jesus Christus die Here teenwoordig maak.[57]

Daarom het Van de Beek nie erg aan die gedagte dat daar ontwikkeling kan kom na 'n beter toekoms nie, maar toon hy juis aan dat in God in Jesus Christus vir die mens heil bring deurdat die mens ook kan deel in die heil wat God gee. Die versoening vind dus plaas wanneer die mens deel in die lyding en opstanding van Jesus (partisipasie). Jesus Christus is EEN met God, en omdat God EEN is kan die heil gevind word. Daarom beklemtoon Van de Beek dat die woordjie *homoousios* (eenswesens), om die verhouding van Jesus en God uit te druk, van die grootste belang is. Hy wys die gebruik van die i van *homoiousos* (van dieselfde wese) af ten

*Het gaat om de messiaanse heerlijkheid van Jezus die alle menselijke claims te boven gaat. Maar Hij maakt die heerlijkheid waar in de gestalte van het Lam dat geslacht is.*

57 Van de Beek (1998:45) maak dit baie duidelik:

*Dat is de grootste reikwijdte van de unio personalis van Christus: dat Hij God en mens in één is: Hij is helemaal God, God in persoon, niet een goddelijke persoon naast een ander (daar zat het verzet tegen* homoiousios *bij Athanasius), maar God in persoon.*

spyte van die geringe maar tog wesenlike verskil in betekenis, want vir hom gaan dit daarom (1998:71) dat Jesus Christus die enigste ware God is wat as die EEN ware God mens geword het. Van de Beek verskil egter van Cyprianus wat sê dat hy net een God ken, Jesus Christus, die een wat gebore is en gely het. Die saak waarvoor Athanasius en Luther gestaan het, naamlik die paradoks dat God mens geword het, word beklemtoon. God alleen kan ons red deur ons hele bestaan te dra (1998:71). Dit is alleen moontlik as ons bely dat Jesus Christus die enige God is wat mens geword het. Luther het gesê dat as jy die beeld van Christus nie voor oë hou en dit word verduister, dan word dit 'n ordelose bestaan waarin jy leef.

Die eenheid van Christus en die Vader moet erken word (1998:82). Hy beklemtoon dat die swakheid van die Weste juis is dat dit nie die eenheid sterk genoeg beklemtoon nie, en daarom is daar die onderskeid tussen kerk en staat, natuur en genade, openbaring en ervaring. Die gevaar is dat mens geneig is om dit los van mekaar te maak. Die swakheid van die Ooste dui weer daarop dat die onderskeiding dikwels nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Alhoewel daar in die Nuwe Testament soms aanduidings is dat Jesus ook van God verskil, moet die verhouding tussen Jesus en sy Vader deurgaans beklemtoon word (1998:114). God mag aanbid word en Jesus word aanbid.[58] Hy verwys veral na die groot troonvisioen in Openbaring. Die Lam word aanbid omdat Hy waarlik één met God is en in die EENHEID van God voorkom. Dit staan in die konteks van die erediens waar Jesus Christus as God erken word.

Van de Beek (1998:120) wys daarop dat die tekste wat op die onderworpenheid en gehoorsaamheid van Christus dui juis sy Goddelikheid beklemtoon omdat daardie onderworpenheid en gehoorsaamheid juis vanweë sy presentasie van God is; daarin kan 'n mens sien dat Hy van God kom, want so alleen is Hy die ware God wat hier in die wêreld teenwoordig is, en gehoorsaam is binne hierdie wêreld. Daar is geen ander God nie en daar is geen ander heil te verwerf buite die wil van God en buite die verteenwoordiging van Jesus as die EEN wat die regverdigheid van God vir ons verkry nie.

Van de Beek (1998:154) skryf dat die teologie van die kruis sy diepste karakter by Paulus verkry wanneer Christus self die vloek word. Hy het geen vervloekte

58 Van de Beek (1998:117) stel dit besonder sterk:

*Jezus is dus één met de Vader in wil, in werk, in eer, in volmacht, in oordeel.*

geword nie, maar Hy het 'n vloek geword soos Hy geen sonde geken het nie, maar in ons plek tot sonde gemaak is. Die vloek self word volgens Van de Beek aan die kruis genael, want dit is die wesenlike van die vloek wat gelei het tot Golgota en die dood aan die kruis (1998:155). Dit dui daarop dat die skande van die kruis steeds essensieel is om Jesus Christus te verstaan. Christus was God, maar Hy het die vloek geword sodat Hy wat God is Homself kruisig omdat Hy die wêreld en die ellende in die gevalle werklikheid tot nuwe heil moes bring.[59] Van de Beek (1998:169) beklemtoon die betekenis van die opstanding en wys daarop dat die opstanding 'n unieke gebeurtenis is omdat Jesus boweal God in ons midde is. God het die menslike bestaan aangeneem maar met sy opstanding uit die dood bring Hy die totale vernuwing, het Hy die mens meegeneem uit die mag van die dood want Hy is die tweede Adam en Hy verskyn in sy hemelse liggaam omdat Hy uit die hemel is. Van de Beek (1998:169) dui daarop dat die dood en die hel geen verweer teen hierdie wonderbare opstanding van die Seun van die mens van Jesus Christus het nie. Dit is nie ter sake of Hy opgewek is en of Hy self opgestaan het nie, want in sy eenheid met sy Vader is die heil en die verlossing wat in die verrysenis van Jesus Christus voorkom, die wonder van die Goddelikheid van die Seun van God.

Van de Beek (2012:32) grens hom sterk af teen die sogenaamde sosiale triniteitsleer, waar daar veral aansluiting gevind word by die Kappadosiese Vaders aan die einde van die vierde eeu. Die klem lê op die Drie-eenheid en die verhouding tussen die persone. In die moderne tyd is daar weer baie teoloë wat hierdie triniteitsleer weer na vore bring en aandag vra vir God se meervoudigheid en tog in die verskillende persone en entiteit op mekaar inspeel. Daarom praat hulle van 'n sosiale Triniteit. Die analogie van die Drie-eenheid as 'n sosiale gebeurtenis word dan gebruik om sodoende ook 'n pleidooi vir 'n sosiale ekklesiologie te lewer en die eenheid van die kerk te verstaan as eenheid in die veelheid en diversiteit

59 Van de Beek (1998:157) maak dit duidelik hoe die versoening lyk:

> *De verzoening der zonden is dat God en mens samen sterven aan de schuld der wereld. Dat is in Christus geschied. Als we Hem belijden als Heer, erkennen we dat zijn menszijn ons menszijn is, zijn dood onze dood, zijn vloek onze vloek … Zo ontdekken we de diepte van Gods liefde, midden in de dood. De schuld van het verleden blijft schuld, ook die van onszelf. Maar de angel is er uit: het kan boven water komen en is boven water gekomen. Alle gerechtigheid is volbracht. Je kunt het dragen omdat je samen met God in Christus bent ondergegaan en in de dood de levende Heer ontmoet hebt, die midden in de dood ons liefheeft.*

van sy lede. Van de Beek is egter baie versigtig vir die sosiale triniteit. Hy wil nie graag van analogieë gebruik maak in die triniteit van God vir die analogie van die bestaan van die kerk en hoe die kerk onder andere met mekaar in verband staan nie. Hy erken wel dat daar sprake is van analogieë, byvoorbeeld die *analogia fidei* wat selfs by Barth voorkom ten spyte van sy verset teen die natuurlike teologie.

Van de Beek stel homself dus sterk teenoor die sosiale triniteit van die Kappadosiërs. Hy wys daarop dat die Kappadosiërs opgetree het in die tyd toe die kerk staatskerk geword het, en dat hulle 'n triniteitsleer ontwikkel het wat uit die politieke religieuse mag ontstaan het. Daarom is Van de Beek versigtig om te aanvaar dat 'n beroep op die Kappadosiërs gedoen word en waarsku hy teen teoloë wat in hierdie opsig die Triniteit as 'n sosiale Triniteit wil beklemtoon. Van de Beek is van mening dat die triniteitsleer geen afgeleide filosofiese benadering rondom die vraag van die eenheid en die veelheid is nie en wil dit heel anders sien. Die kerk moet Christologies benader word, nie sosiaal nie.[60]

Volgens hom gaan die sterk Christologiese sentrum van die kerk in die sosiale triniteit verlore. Paulus het beklemtoon dat hy met Christus gekruisig is en dat hy nie meer leef nie, maar Christus leef in hom. Dit is hoe die kerk verstaan moet word. Wanneer daar 'n verskuiwing na die analogie in die Triniteit is, gebeur iets wesenlik om die kerk te verstaan Vir die kerk moet die eenheid in die dood van Christus die sentrale saak wees. Die nagmaal moet ook nie bloot 'n sosiale gebeurtenis word nie, maar juis die plek waar die ewige lewe ontvang en gevier word deurdat die gelowige deel in die liggaam van Christus.

Van de Beek wil die diepte van die heil en die verlossing wat in Christus gevind word juis in die dood van Christus aan die kruis beklemtoon (2012:36-37).

Ten opsigte van die Jodedom en Islam beklemtoon Van de Beek (2012:50) dat die skeidende punt steeds die belydenis aangaande Christus, wat die totale verlossing is, is en dat die heil volkome in Hom gevind kan word. Dit is nie net maar bloot 'n belydenis dat Jesus 'n besondere profeet was, of erkenning moet geniet nie.

60 Van de Beek (2012:36) skryf daarom:

> *De enige ware God leren we door Christus kennen. Christenen behoren hem toe doordat zij in Christus ingelijfd worden. Gedoopt worden in de naam van de Drie-enige as allereerst gedoopt worden in de Naam van Jezus.*

Die katolisiteit van die kerk as die ruim kerk wat oral te vinde is, word sterk beklemtoon (2012:79). Waarom is dit so? Omdat alle stande welkom is. Alle sonde vergewe kan word. Alle deugde en gawes gegee kan word.

Wat die eskatologie betref, beklemtoon Van de Beek (2012:137) dat daar 'n einde sal kom en dat die definitiewe oordeel van God oor die wêreld uitgespreek sal word (2012:139). Dit beteken dat dit gaan nie om staatkundige verandering of vernuwing nie, maar om die vernuwing in Christus.

Van de Beek behandel ook die hele saak van die reikwydte van Christus se verlossing. Is dit net die individu wat vanweë bekering en geloof ingesluit word? Is dit ook ruimer en sluit dit die hele gemeenskap in? By die Rooms-Katolieke sluit die heil wat deur die doop toegesê word 'n ruim groep mense in. Is dit universeel en het dit byvoorbeeld ook betekenis vir die voorouers van die gemeenskap? Van de Beek wil die verlossing en versoening in Christus ruim en betekenisvol sien omdat dit juis God is wat die heil volkome in die mens bewerk. Daarom (1998:231) wys hy daarop dat die Christelike geloof nie tot wêreldverbetering lei nie, maar dat die Christelike geloof oor geloof in Jesus Christus handel omdat dit in die persoon van Jesus Christus is waarin God self teenwoordig is en Hy dan in daardie persoon die verandering meebring waarin die heil tog verstaan kan word.

Van groot belang by Van de Beek is die besondere betekenis wat hy aan die feit dat God EEN is, heg. Dit is inderdaad van groot belang dat Van de Beek beklemtoon dat God EEN is en omdat God EEN is moet erken word dat Jesus Christus in daardie verhouding met God EEN is. Daarom kies Van de Beek baie sterk vir die volkome transendensie in die Christologie en dit is van die allergrootste belang om dit ook te erken. Daarmee word as't ware 'n gedagte voltooi dat ons moet wegbeweeg van die inperking van Christus na die erkenning van sy volledige transendensie. Van de Beek skep daarom vir ons die ruimte om inderdaad te begryp hoe groot die heerlikheid van Christus is in sy EENHEID met God. Dit het besondere betekenis vir die verstaan van die Christologie.

Dit is inderdaad nie moontlik om van teenwoordige heil te praat as jy as Christen in 'n ISIS-gebied leef en onthoof word omdat jy Jesus, die Nasarener, bely nie. Daardie heil en daardie verlossing het eskatologiese betekenis vir die toekoms. Daar moet met Van de Beek saamgestem word en nie met Wright nie om juis aan

alle tekste wat die toekomstige heil in Christus beklemtoon reg te laat geskied. Besonder waardevol is die erkenning van Jesus as EEN met God.

## 3.3 SAMEVATTING

Van groot belang is die onweerlegbare bewyse wat Wright en Hurtado aanvoer dat die getuienis aangaande Jesus Christus in die Evangelies en by Paulus in die lig van die Joodse monoteïsme verstaan moet word. Alhoewel daar wel onder Jode sekere toewysings aan figure soos engele en profete soos Moses was wat besonder verhef is, is hulle nooit in die lig van die monoteïstiese God verstaan nie. By Jesus is dit anders. Hy is as EEN met die monoteïstiese God verstaan. Hierdie eenheid is ten spyte van teoloë soos Lampe (2016), wat dit essensieel in die Nuwe Testament onderspeel. Hierdie oortuigings moet ook nou getoets word in die lig van eksegetiese en hermeneutiese oorwegings.

Vanuit die samevatting is dit baie duidelik dat daar verskillende eksponente is aangaande die begrip van Jesus Christus in die Christologie. Baie van hierdie eksponente wat oorweeg is, beklemtoon die EENHEID van Vader en Seun. Hierdie heerlikheid rig ons op die transendensie van Christus en die Vader. Dit beteken dat daar besonder sterk beklemtoon moet word dat Christus en die Vader EEN is, maar dit beteken ook dat in die reikwydte en in die spanningsveld van teologiese besinning daar geworstel moet word in terme van die vraag: Wat is die volle betekenis van Christus vir die sending? Dit beteken dat daar indringend nagedink moet word en dat die verskillende eksponente benader moet word. Calvyn beklemtoon die heil van God in Christus, die Seun van God. Barth beklemtoon Jesus Christus as die Enigste Woord van God, wat besonder betekenisvol verstaan kan word. Heyns, met sy beklemtoning van Jesus as Seun van God wat waarlik uit God is wat betekenis het in die verskillende verbande van ons bestaan, gee belangrike insigte. Jonker toon in sy debat met ander teoloë aan dat Jesus die ware Seun van God is en lê die klem op die heerlikheid van Christus. Kärkkäinen beklemtoon dat Jesus Christus in hierdie unieke sin in historiese verband as uit God verstaan moet word. Dunn, met wie daar in gesprek getree word oor sy begrip van Christus se pre-eksistensie, ontwikkel binne die bepaalde verband ook nuwe denke wat beoordeel moet word. NT Wright, met sy sterk beklemtoning van die Messiasskap van Christus as ware Israel wat die voltooiing daarvan bring,

lig veral die monoteïsme uit. Hurtado bewys onteenseglik dat Christus in die vroeë kerk aanbid is soos wat YAHWEH aanbid is.

Met die samevatting van Van de Beek word die wonderlike heil in Christus wat transendent EEN met God is, beklemtoon. Daardie heil skep die betekenisvolle erkenning van Jesus as Here.

# HOOFSTUK 4

## Eksegetiese en hermeneutiese oorwegings aangaande die heerlikheid van Jesus Christus as die Een wat ons versoening ìs

## 4.1 INLEIDING

Wanneer die Skrif benader word moet vanuit die eenheid van die Skrifte gestreef word om die getuienis aangaande God deur te gee. Dit beteken dat die Ou en Nuwe Testament oorweeg word. Om dit te doen moet die vraag na die betekenis van die ewigheid van God gevra word. Daarom is dit van belang om die getuienis aangaande God in die Ou Testament te oorweeg. Die bedoeling van hierdie gedeelte is om die Skrif deeglik te ondersoek om te bepaal hoe Jesus Christus as Seun van God geopenbaar word. Wanneer daar vanuit die Skrif groter duidelikheid oor die EENHEID van God is en hoe die versoening in Christus na vore kom, kan ook bepaal word wat die implikasies vir die sending is.[61]

Van groot belang in hierdie hoofstuk is om in die kragveld van die benadering van die verskillende standpunte oor die Ou en Nuwe Testament te kom tot ’n bepaalde begrip van Christus en ’n Christologie te ontwerp. Die teks self moet dus oorweeg word. Daar moet geworstel word met die teks. Aanvanklik word verskillende teoloë, soms teoloë wat uiteenlopende menings het, se standpunte oorweeg, maar omdat hulle dikwels ten spyte van hulle verskille dieselfde saak beklemtoon, word hulle standpunte hier aangebied. Die eenheid van die Skrifte word bely en so word vanuit die Ou en Nuwe Testament die heerlikheid van Christus beklemtoon. Tekste word nie lukraak gekies nie maar word oorweeg ten opsigte van die unieke betekenis daarvan vir die belydenis aangaande God en Jesus Christus.

In die Ou Testamentiese perspektiewe sal daar dus na die Ewigheid van God gekyk word, en sal die betekenis daarvan na aanleiding van die standpunte van verskillende teoloë beklemtoon word. Die groot betekenis van die ewigheid van God in die verskillende tekste en in die verskillende gedeeltes wat benader is, is inderdaad dat God self nie ’n gewone menslike persoon is nie. God is anders as die mense, en God se heerlikheid moet erken word. God se besondere betekenis moet vanuit die ewigheid van God self erken word. Die heerlikheid en majesteit waaroor Hy beskik word aan die wêreld bekend gemaak. God moet dus as God erken word. Daar is geen saak van soveel belang as om juis te erken dat God God

61 Hierdie hoofstuk word slegs gedeeltelik op Verster (2012) gebaseer. Verster, P. 2012. Die sendingimplikasies van Kolossense 1:15-20. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 53(3&4):402-413.

is nie. Juis vanuit hierdie erkenning dat God God is, moet aansluiting gevind word met die belydenis aangaande Jesus.

Wat die perspektiewe vanuit die Nuwe Testament betref, moet inderdaad ook gekyk word hoe die verskillende tekste op mekaar inspeel en watter betekenis dit het om die heerlikheid van God en Christus in die wêreld te verstaan. Christus word op unieke wyse verheerlik. Christus se majesteit moet erken word. Christus se transendensie en wat dit vir die gemeenskap beteken moet erken word. Daarom sal daar inderdaad na betekenisvolle tekste in hierdie verband gevra moet word om te bepaal wat dit wil sê.

Dit het besondere betekenis om Christus te verstaan wanneer die ewigheid van YAHWEH in die Ou Testament en die ewigheid van Christus in die Nuwe Testament met mekaar in verband gebring word. Dit word op verskillende wyses beklemtoon wanneer die titel *Kurios* ook aan Christus toegeken word. Daar is egter skrifverklaarders wat meen dat Paulus nie Christus se Godheid beklemtoon nie, maar dit is duidelik dat Paulus die eretitel, Here, aan Christus toeken; 'n eretitel wat YAHWEH alleen toekom. Christus is die Seun van God wat van ewigheid tot ewigheid God is. Dit is veral die Johannes-evangelie wat die aspek van die ewigheid van God, en dat Christus ook vanuit YAHWEH se ewigheid verstaan moet word, erken. God openbaar Homself as die Ewige. Jesus word openbaar as die Seun van God. Johannes dui aan dat Hy Hom openbaar as die Een wat is wat Hy is. So word sy heerlikheid op 'n unieke manier verbind aan die ewigheid van YAHWEH en sy bevestiging van heerlikheid in die Ou Testament. Daar is dus 'n deurlopende lyn wat binne die verbondsverband van God, wat Hom as die Ewige en Gansandere aan die mens openbaar, wat ook in Christus voorkom. Hy wat geopenbaar word as die wonderbare is die Here wat ook in sy heerlikheid die moontlikhede van die nuwe verhoudinge skep. So word die Ou Testament dan op 'n baie unieke manier ook in die Nuwe Testament betrek en op hierdie wyse word Christus se heerlikheid ook bevestig.

Dit is van belang om na verskeie stemme te luister wat die ewigheid van God en van Christus beklemtoon. Al sou van die stemme vanuit uiteenlopende uitgangspunte na vore kom, bevestig hulle telkens dieselfde saak. Daar moet ook eksegetiese ondersoek wees. Naas die bespreking van bepaalde tekste word die taalhandelingsperspektief op sekere sleuteltekste van toepassing gemaak wat insiggewende gevolgtrekkings moontlik maak.

## 4.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE

Ten eerste moet na die Ou Testament gekyk word om die volle betekenis van die EENHEID van God in sy ewigheid te bepaal. Die Skrif getuig oor die EENHEID van God. In ’n sinopsis van die skepping tot by die intog in Kanaän beskryf Schreiner (2013:101) hoe dit van die vroegste tye af in die verkondiging van die woord van die Here duidelik was dat die volk van God – hulle wat eintlik vir God moes dien en verheerlik – gefaal het in hulle roeping. Hulle het telkemale van God af wegbeweeg, soos byvoorbeeld waar hulle die goue kalf aanbid het en nie erken het dat God in hulle midde is nie, en dat Hy ’n verbond met hulle gesluit het nie. God het ook Adam en Eva geskape om sy koninkryk te vestig en hulle moet hom daarvoor vereer (2013:226), maar dan is dit baie duidelik hoe die vertroue in God telkemale misken word. In Rigters alreeds is daar aanduidings dat die voorskrifte van die verbond nie nagekom word nie en hoe daar telkemale ook tydens die heerskappy van die konings afvalligheid is van die lewende God is.

Wanneer daar konings kom wat God dien, soos Dawid en Salomo, is daar egter telkemale ook tekens van hulle sonde deurdat ook hulle van God af wegbeweeg. Volgens Schreiner (2013:320) is daar drie aspekte verbonde aan God se koninkryk. In die eerste plek, God se heerskappy, in die tweede plek die reaksie van mense op sy heerskappy en in die derde plek sy heerskappy in Israel. In die wysheidsliteratuur kom veral die tweede aspek na vore, naamlik die wyse waarop die volk op God se heerskappy reageer en hoe hulle gehoorsaam aan God wil lewe. Wat die profetiese literatuur betref, is dit egter duidelik dat daar konflik bestaan ten opsigte van die herstel wat God vir sy volk meebring en sy oordeel oor die volk se sonde (2013:420 e.v.). Die waarskuwing van die Here dat hulle hulle moet bekeer en moet gehoorsaam word deur die profete op ’n besondere manier aangekondig. God belowe egter ook in die profetiese literatuur heil, sodat sy heil baie sterk na vore kom.

Die hele Ou Testamentiese verhaal beskryf hoedat Adam en Eva geskape is om oor die wêreld in die tuin wat God vir hulle gegee het, te heers. Daar kom egter van die begin af konflik voor en die volk lewe uiteindelik ongehoorsaam aan die Here en soek nie die wil van God nie. Dit is egter van groot belang om te weet dat God Homself in heerlikheid openbaar te midde van die sonde van sy volk. God se ewigheid kom na vore.

### 4.2.1 Die ewigheid van God in die Ou Testament

Wat die Christologiese uitgangspunte betref, moet dan vervolgens ook na die Ou Testamentiese implikasies van die erkenning en aanbidding van die Here gekyk word. Dit is duidelik dat dit nie in die Ou Testament beklemtoon word dat God in sy openbaring volgens die *tydshistoriese* begrip van die *Verligting* as ewig beskou word nie. In die Ou Testament is daar verskillende konsepte wat met mekaar saamhang, naamlik dat dit God van oudsher is, dat God die God van die verre verlede is, dat God verstaan moet word in sy bestaan as die Een wat is wat Hy is, maar ook dat Hy in 'n verbond staan, naamlik: "Ek sal in 'n verbondsverhouding met jou wees, Ek sal wees wat Ek sal wees." Daardie verbondsverhouding met die persoon wat na Hom vra sluit God se ewigheid in. Dit word nie in verband met ewigheid soos wat dit later in die filosofiese verband neergelê word verstaan nie. Wat wel duidelik is, is dat God Gans Anders as die mense is. In sy openbaring, in die wyse waarin God Hom openbaar en die manier waarop Hy Hom bekendstel, word dit baie duidelik dat God Gans Anders as die mense is. In hierdie verband is dit belangrik om van Barth kennis te neem en te verstaan hoe hy hierdie implikasies raakgesien het. Die volle heerlikheid van die Here se openbaring is in die Ou Testament neergelê in al die verskillende stemme wat gehoor kan word.

Goldingay (2003:620) beklemtoon baie sterk dat daar geen kompromie kan wees met die belydenis dat God die unieke God is nie. Die ooreenkoms tussen God en Baäl word skerp afgewys. Die verhouding met die volkere rondom het juis die saak na vore gebring dat YAHWEH alleen as die unieke God erken moet word en dat Hy nie soos ander gode is nie. Daar is dus van mono-YAHWISME sprake wat die ontwikkeling in monoteïsme onderlê (2003:618).

Goldingay (2006:21 e.v.) wys daarop dat daar een ware God is en dat hierdie God se naam YAHWEH is, al sou mense in hulle ongeloof sê dat God nie bestaan nie (Ps 14:1), God uit hulle wêreld wegstoot word en daar gerebelleer word teen God. God self openbaar Homself as die ware God. Hy wat as die Almagtige met alle kennis die Alomteenwoordige is, is dus God wat nie net 'n konsep is nie, maar 'n Persoon wat persoonlik geken kan word.[62] Daar kan grootliks met hom saamgestem word. God se uniekheid word radikaal beklemtoon.

62 Goldingay (2006:21) skryf:

> *Here God is not a concept, but a person who can be personally known. Nor is God a person to be found at the depth of our being or as the ground of our being, but a person*

Brueggemann (1999:16) benader die verhouding met God anders en skryf dat dit baie belangrik is om die verbondsmatige bestaan as 'n proses te beskou wat ten diepste dialekties is. In die eerste plek is dit dialekties omdat daar met God in 'n verhouding getree word en omdat die self ook erken moet word maar in die sin van die neerlê en weglê van die self in die verhouding met God. In die twee plek moet die verhouding met die naaste erken word waarin met vreugde en leed, waarheid en liefde, in die vryheid wat 'n mens voor God het geleef moet word. In die derde plek beteken dit dat die mens gereed moet wees om weg te gee, om prys te gee, maar ook om die vryheid te hê om saam te bring in 'n proses waarin ook van bekering en transformasie sprake kan wees.[63] Brueggemann (1999:26) beklemtoon die betekenis van die wet in die situasie waar God Homself aan die mens bekend maak. Die wet is dus van groot belang sodat die mens binne die verbondsverhouding vir God kan ken en ook die naaste kan raaksien. Dat God goed is, word juis in die Psalms sterk beklemtoon (1999:67). Dit beteken dit ook dat die goedheid van die Here ons daartoe moet lei dat ons uitreik na hulle rondom ons en dat ons hulle dan ook wil bereik en na hulle wil uitreik.

Weiser (1972:110-111) beklemtoon dat die belydenis aangaande YAHWEH juis op 'n baie besonderse sin beklemtoon dat die werke van God die monoteïsme vaslê. Die belydenis aangaande YAHWEH bou die teosentriese konsep in die geskiedenis as 'n getuienis van die lewende krag van God uit en daardie getuienis word in die literatuur na vore gebring. In die verlossingsgeskiedenis word daar 'n belydenis neergelê wat die verhouding tussen skepping en eskatologie in 'n besonderse sin beklemtoon. In die vroeg Midde-Oosterse wêreld is dit 'n betekenisvolle en 'n ryk saak wat oorgedra word. Die klem op die monoteïsme is van die grootste belang in hierdie verband. Daar sal telkemale daarheen teruggekeer word.

*who lives outside of us and independently of us; the First Testament begins from God's act of self-revelation outside of us. The real God is the God who speaks and acts in Israel's story."*

63 Brueggemann (1999:25) skryf

*And as the text has it, this set of commands tells about the very character of God, the creator of heaven and earth, the liberator of Israel, the God is closed in Jesus of Nazareth. These are not mere rules, but a theological datum about the covenant of God of Israel. It is on Jahweh's mind that these commands are to set Jahweh and the Israel operation apart from Pharaoh ...*

Von Rad (1962:204) wys daarop dat God se ywer en God se heiligheid in die dekaloog bymekaar gebring word. Dat God inderdaad as YAHWEH die Een is wat ywer vir sy saak én dat die heiligheid van God aspekte van sy karakter is, word beklemtoon. In hierdie heiligheid van God roep Hy mense op tot diens sodat hulle geheilig kan word en as mense vir God as die bron van alles wat heilig is kan erken. Hierdie heiligheid van God moet ook erken word. Al sou daar krities met Von Rad omgegaan moet word weens sy benadering van die historiese in die Ou Testament moet sy beklemtoning van die besondere betekenis van YAHWEH erken word.

Bright (1972:152) beklemtoon dat YAHWEH van die vroegste tye af die enigste ware God van Israel was. Hierdie eis, dat slegs YAHWEH aanbid word, word in die eerste gebod besonder sterk beklemtoon. God is die jaloerse God wat geen ander gode voor Hom verdra nie (Eks 20:5). Hy is ook die Skepper van alle dinge, en daar bestaan ook nie 'n pantheon van gode rondom hom nie. Daar word ook nie mites rondom Hom deur Israel na vore gebring nie. Dit moet ten sterkste beklemtoon word.

Jacob (1974:37) beklemtoon baie sterk dat die Ou Testament sy krag en eenheid in die bevestiging vind dat die Here, die God van hemel en aarde, soewerein is. God is die grondslag van alle dinge en alle dinge bestaan vir Hom, deur Hom en tot Hom. Hy is die Een wat alle dinge tot aanskyn roep. Daar is geen ander God as Hy nie en daarom is dit net dwase wat dit nie erken nie. Hy bestaan in sy heiligheid. Daarom moet erken word dat Hy die God is wat nie alleen Israel se God is nie, maar dat alle mense Hom moet erken. Verder beklemtoon Jacob (1974:38) dat God nie 'n God is wat deur 'n proses van evolusie ontwikkel en groei nie. Hy is God wat erken moet word in die geskiedenis in die persoon van YAHWEH. Die Israeliete het daarom vir God erken as aktief in hulle lewe en dit het betekenis vir hulle totale bestaan gehad. Soos daar verstaan moet word dat die lewe misterieus is, moet ook erken word dat God totaal anders is en dat God ook as die misterieuse Persoon bestaan. Daarom word ook erken dat God 'n lewende God is wat as die Lewende God bestaan (1974:38).[64] Daar moet inderdaad bevestig word dat God so in sy heerlikheid optree dat Hy die ware God is.

64 Jacob (1974:38) skryf:

> *To say of God that he was a living God was the elementary and primordial reaction of man in the face of the experience of the power which, imposing itself on the entirety of his being, could only be envisaged as a person, that is as a living being.*

Dit is van groot belang, soos deur Brueggemann (2008) bevestig, dat daar sprake is van verskillende stemme wat op mekaar inspeel en dat hierdie verskillende stemme bepaalde waarhede deurgee. Reeds in sy teologie van die Ou Testament (1997) toon hy aan hoe hierdie bepaalde stemme 'n duideliker prentjie van die Here teken; selfs ook in sy oordeel en in sy vernietigende regspraak wat na vore kom. Daarom is daar sprake van 'n regsgeding en dat die Here in die regsgeding Homself dan juis openbaar as die Een wat in sy heerlikheid erken moet word. Die getuienis aangaande God is volgens hom nie eenduidig nie, maar eerder vol spanning ("disputatious") maar bevestig tog die totale uniekheid van YAHWEH (1997:715). Israel se getuienis aangaande YAHWEH [65] kan nie op dogmatiese wyse vasgelê word nie, maar soos in 'n hofsaak is daar vele getuienisse wat gelewer word. Alhoewel daar inderdaad indringend krities na Brueggemann se hantering van die getuienis van Israel gekyk kan word, bevestig hy tog die uitsonderlike betekenis van die uniekheid van YAHWEH wat erken moet word.

Maar dit beteken dan juis dat daar verskillende tekste in die Ou Testament is waar daar tog baie duidelik gestel word dat God se krag ewigdurend is, dat Hy self ewig is, dat hy van oudsher af is, dat Hy self bepaal wie en wat Hy is. Hy openbaar Homself aan die mens, en die mens kan dan die wonder van sy selfopenbaring ondervind. In sy selfopenbaring maak Hy Homself bekend as die Lewende God wat Homself gee sodat die mens gered kan word en sodat die mens in 'n bepaalde verhouding met Hom kan kom. Dit mond uit in die verbond. Hierdie ewig wonderbare Persoon is God wat dan 'n verbond met die mens sluit, en in hierdie besondere verbondsverhouding vir die mens sê: "Ek sal vir jou God wees en jy sal vir My 'n kind wees." Ek is God en jy is kind. Ek sal Myself aan jou openbaar. Ek sal My bekend maak aan jou, maar dan moet jy in hierdie verbondsverhouding met My lewe. Dit is hoe God hom dan in sy heerlikheid aan Abraham openbaar en die verbond met Abraham sluit en Hom so bekend maak as God. God stel Homself ook bekend aan Moses in Eksodus en maak dit baie duidelik dat Hy bestaan in heerlikheid en majesteit. Moses moet in afhanklikheid

65 Brueggemann (1997:723) vat sy standpunt soos volg saam:

> *Thus Israel's testimony about a world with Yahweh at its center intends to debunk and nullify all other proposed worlds that do not have Yahweh at its center. This testimony undertaken persistently by Israel is not neutral or descriptive, but it is thoroughly and pervasively partisan advocacy.*

erken dat hierdie heerlikheid van God vir hom onverklaarbaar en wonderbaar is. God sê, "Ek is wat Ek is." So openbaar die ewige God Hom dan.

Ook in Jesaja word beklemtoon dat God juis die Here is wat in verhouding met sy volk optree en dat die verbondsverhouding met sy volk erken moet word (Jes 40-66) (Kruger 2012:161-162).

Taalhandelingsperspektief op Jesaja 6 is nou van belang.

**Jesaja 6**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | a) In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien.<br>b) Hy het op 'n baie hoë troon gesit,<br>c) en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. | |
| 2 | d) By Hom was daar serafs om Hom te dien.<br>e) Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. | |
| 3 | f) Die serafs het mekaar telkens toegeroep:<br>g) "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!<br>h) Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid." | |
| 4 | i) Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het. | |

Lokusies wat opval is:

Ussia
Troon
Serafs
Vlerke
Heilig
Aarde
Teenwoordigheid

Die illokusie dui op die Here in sy majesteit wat verhewe is bo almal. Hy is heilig in sy heerlikheid. Die hele aarde moet dit erken.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes word hier aangewend deur die implikasies wat op die oortreding volg van die beginsel van ekonomie in (b) en (c) wat op sy majesteit dui, (e) met die klem op telkemale, twee, wat dui op die erkenning van sy heerlikheid deur die serafs en veral deur die herhaling van heilig

in (g) Die implikasie in die teks is dat die Here absoluut heilig, ewig en anders as die mens is.[66] Die perlokusie is dat die heiligheid van God in geen onduidelike taal juis aan die profeet bevestig word.

Die wonder van die Here se transendensie word beklemtoon maar ook sy immanensie.[67]

Smith, J.E. (1992:s.p.) beklemtoon ook die heerlikheid van die Here wat deur die serafs uitgesing word.[68]

Jesaja beklemtoon in geen onduidelike taal dat God die Heilige van Israel is nie. Die hele boek Jesaja getuig daarvan. In Jesaja se roepingsvisioen hier word dit duidelik gemaak. God se heiligheid het ook implikasies vir die lewe van die mens, want Hy verwag geregtigheid. (Dekker 2012:46-47). Maar God is ook die Here wat oor die hele aarde regeer. Sy oordele bevestig sy heerlikheid (Begerau 2012:71). Daarmee saam hang die soewereiniteit van God. Hy kan opbou maar ook afbreek (vgl. Jeremia). Dit is juis God wat in sy heerlikheid as Skepper gans anders as die enige ander is (Peels 2012:104.). God is ook die Heilige van Israel. In Jesaja 40-66 word dit besonder sterk beklemtoon. Hy is totaal anders as die mens (Kruger 2012:167). God is ook genadig en barmhartig (Joël) (Kim 2012:212). God spreek in sy heerlikheid en bevestig sy verbond in Maleagi (Snyman 2012:199).

Die ewigheid van God word op unieke wyse in die Ou Testament beklemtoon (vgl. die volledige verwysings na Jenni 1984:227-245 en Reicke en Rost 1969:11 e.v.

66 Watts (2005:110) bevestig dit:

> *Vv 1-4 give us a formal description of the stage setting for most of the Vision. It functions for the Vision of Isaiah in the same way that Rev 4 and 5:8-14 do for the Apocalypse of John. The Lord, YHWH of Hosts, is the center around whom all else moves. Seraphim serve him and act as his messengers, as the spirits do in 1 Kgs 22:21 and Zech 6:5. Gathered around are the "host of Heaven" in 1 Kgs 22:19. In Job 1:6 the "sons of God" gathered on a certain day.*

67 Grogan (1986:55-56). Verduidelik:

> *So this passage, insisting as it does on the awesome transcendence of the sovereign God, also emphatically teaches his immanence. His transcendence is not remoteness, or aloofness but is known through his presence in his created world and temple. Divine transcendence and immanence are always held in balance in biblical theism. Isaiah himself says later (12:6), "Great is the Holy One of Israel among you.*

68 Smith(1992) skryf:

> *In their antiphonal singing the seraphim praised God for his holiness and his omnipotence. They extolled him for manifesting his glory throughout all the earth.*

vir die volgende verwysings). God as Skepper bestaan van alle ewigheid af. Hy openbaar Homself as die Een wat is wat Hy is. As God betoon Hy Homself aan die mense in sy volheid.

Die skeppingsverhaal beklemtoon dat God daar is nog voor enige bestaan van die skepping. Hy bestaan in sy volheid. Sy bestaan is in heerlikheid. Hy gaan dan oor vanuit sy bestaan in ewigheid tot die skepping.

Die woorde waarmee God in die Pentateug beskryf word, beklemtoon sy ewigheid, naamlik El, Eljon, Elohim, El Shaddai. Dit is egter veral met die openbaring aan Moses as YAHWEH dat God se ewigheid beklemtoon word. Hy is YAHWEH – Here en Koning van alle ewigheid af. Hy is wat Hy is. Hy openbaar Homself dus as die een wat Homself in volheid bekendgemaak het as synde die EEN wat is. God se Eenheid word op unieke wyse beklemtoon. God is EEN. Dit is sy Syn; die EENHEID van God is sy Syn. Dit is 'n ewige Eenheid (vgl. weer eens Jenni 1984:227-245 en Reicke en Rost 1969:11 e.v.).

Die Hebreeuse woord "olam" beteken 'n verre tyd. In Grieks "aion" duur en "aei" altyd. Dit word die oorvloedige onbepaalde tyd. Die Ou Testament bedoel daarmee maksimale tyd volgens die wisselende omstandighede Genesis 9:16; Deuteronomium 15:17 en Psalm 90:2 bevestig dit. Die filosofiese begrip van tydloosheid is egter nie aan die Ou Testament bekend nie. God is egter bo alle tyd. God se ewigheid dui sy heerskappy en mag oor alle tye aan (Jesaja 40:28). Die wêreld en die mens het 'n begin en einde. God self is egter nie daaraan gebonde nie (vgl. Jenni 1984:227-245 en Reicke en Rost 1969:11 e.v.). God bly dieselfde (Ps 102:28); in Heb 1:12 word dit op Christus toegepas).

In verdere ontwikkeling binne die Jodedom word die menslike tydelikheid wel gemeet teen die Goddelike ewigheid (Sira 18:8). Langsamerhand word ewigheid sinoniem met Goddelikheid (Barug 4:10-52). Dit word ook gesien as eienskap van die komende wêreld. (1 Henog 12:3; 4 Esra 7:13).

Daar is tekste in die Ou Testament wat spesifiek die ewigheid van God beklemtoon (vgl. die volledige verwysings na Jenni 1984:227-245 en Reicke en Rost 1969:11 e.v.).

**Jesaja 26:4**
*Vertrou op YAHWEH vir ewig want in YAHWEH is ewigdurende krag.*

**Jesaja 45:17**
*Israel is gered in YAHWEH met ewigdurende redding.*

**Jesaja 57:15**
*Want so sê die hoë en verhewe Een wat vir ewig lewe en bly in die hoë en heilige plek. Ek is by hom wat verdruk en nederig van gees is, Ek maak lewendig die gees van die nederige en sal die hart van die verdrukte laat herlewe.*

**Psalm 10:16**
*YAHWEH is koning vir ewig en ewig; die nasies het uit sy land verdwyn.*

**Psalm 48:15**
*Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei.*

Teksgedeeltes wat dui op God se ewige bestaan kom voor:

**Genesis 21:33**
*en Abraham het 'n tamarisk by Berseba geplant en daar die Naam van die Here, die ewige God, aangeroep.*

Die verwysing na God as die Ewige staan in verband met die begrip El olam of God van oudsher, wat slegs hier so voorkom Dit mag bloot daarop dui dat God die God van die heiligdom van daardie plek van oudsher af is (Van Selms 1973:19) Dit staan wel in verband met Elohe olam in Jesaja 40:28 en vgl ook Romeine 16:26.

**Eksodus 3:15**
*Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.*

**Deuteronomium 32:40**
*Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit my mag word niemand bevry nie. Ek steek my hand op na die hemel toe en lê 'n eed af: So seker as Ek ewig lewe.*

God se oordeel word beklemtoon en word bevestig deur by sy ewigheid 'n eed te lê (Von Rad 1966:200). Die eed bevestig God se ewigheid (Thompson 1979:303).

**Deuteronomium 33:27**
*Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou. Hy verdryf die vyand voor jou uit, Hy beveel: 'Roei uit!'*

Die besondere plek van God wat op unieke wyse hier in die lied beklemtoon word, is van belang (Von Rad 1966:205).

> **Jesaja 40:28**
> *Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik.*

Die gedeelte dui op 'n lofpsalm wat die heerlikheid van God en sy ewigheid teenoor Israel se beperktheid beklemtoon (Westermann 1969:60).

Dit is veral die Psalms wat op'n besondere wyse die ewigheid van God beklemtoon. Die Psalms se unieke hantering van die verhouding met God waarin die verbond so'n beslissende se rol speel, bevestig dat die lewe met die ewige God sinvol is. Dit bevat nie abstrakte teologiese oorwegings nie en ook nie filosofiese teologisering nie, maar wel erkenning van die werklikheid van die bestaan. God is die EEN met wie in verhouding getree kan word (Craigie 2004: 39-42). Die verbond sluit die hele lewe in en daarom raak die Psalms die volle reikwydte van die bestaan. God is dan ook juis die een met wie op'n kenbare wyse in verhouding getree kan word (Craigie 2004: 39-42).

Taalhandelingsperspektief op Psalm 93 is van belang.

**Psalm 93**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | a) Die Here is Koning,<br>b) Hy beklee Hom met majesteit.<br>c) Die Here beklee Hom,<br>d) Hy omgord Hom met krag.<br>e) Die wêreld staan vas, dit wankel nie, | |
| 2 | f) en vas staan u troon van ouds af:<br>g) U is van altyd af daar. | |
| 3 | h) Riviere het gedruis, Here, riviere het gedruis, riviere het gedreun, | |
| 4 | i) maar hoog bo die geraas van baie waters, hoog bo die golwe van die see, troon die Here in sy koninklike mag. | |
| 5 | j) U verordeninge staan baie vas. Heiligheid versier u huis, Here, tot in lengte van dae. | |

Wat die lokusie betref, val dié begrippe op:

Koning
Majesteit
Beklee
Omgord
Troon
Riviere
Koninklike mag
Verordeninge
Heiligheid

Wat die illokusie betref, genereer die lokusies betekenis van Een wat bo alle mag troon in sy mag. Hy is van oudsher en van altyd daar. Sy ewigheid word erken en word verbind aan sy majesteit. Hy oorkom die bedreiging van die watervloed want Hy is van ewigheid daar.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes word beklemtoon deurdat die implikasie van die ewigheid en heerlikheid van God bevestig word. Die feit dat die Here koning is word in (b), (c), en (d) herhaal. Daarmee word die beginsel van ekonomie oortree en volg die implikasie dat die Here wonderbaar bo almal is.

Hier is sprake van die *parallellismus membrorum* (gedagterym) van die Ou Testament digkuns wat die herhaling van sake veronderstel. Dit is egter moontlik om ook die teksvoorwaardes daarin te lees. Die effek van die herhaling is nie slegs 'n poëtiese stylfiguur nie, maar het ook implikasies.

In (h) en (i) word die beginsel van ekonomie sterk oortree. Die implikasie is dat die herhaling aandui hoe groot die heerlikheid van die Here bo die gevaar is.

Die perlokusie bevestig dat die troon en verordeninge van die Here vasstaan. Daarmee word ook bevestig dat Hy ewig is.

Psalm 93 word deur Tate (1998:474) beskryf as 'n himne of lofpsalm waarin die Here se koningskap en sy heerlikheid asook sy oorwinning oor die oermagte besing word.[69]

69 Tate (1998:474).

Die Here se goddelike koningskap word Baie duidelik beskryf. Van besondere belang is sy ewigheid. [70]

Die Here se oorwinning is ook 'n huidige saak. Inderdaad word die kosmogoniese oorwinning steeds beklemtoon.[71]

Daar word ook beklemtoon dat Die Here Skepper is wat anders as die heidense konings is.[72]

> **Psalm 90:2**
> *Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!*

Die ewigheid van God word sterk beklemtoon teen die agtergrond van die skepping. Teenoor die mens se tydelikheid staan God se ewigheid. Die antieke beskouing oor die ontstaan van die wêreld word as agtergrond gebruik om te bevestig dat God in sy majesteit sal bly bestaan nadat die wêreld reeds ophou bestaan het (Weiser 1975:596-597). Daardie belydenis aangaande God wat erken dat Hy voor die skepping reeds bestaan, bevestig sy heerlikheid (Brueggemann & Bellinger 2014:392). Voor die geboorte van berge was God daar (Tate 1998:432).

---

70 Tate (1998:479) lig die betekenis uit:

> An acclamation of divine kingship *(93:1-2). The language in these verses belongs to the realm of kingship. Yahweh, like great earthly kings, is presented as having clothed, or robed, himself in majestic garments. The King himself is no newcomer; his going forth is from eternity, and his throne was established long ago. The King is also the warrior who has "belted himself with strength" and who is acclaimed as victorious over his foes (cf. 24:8).*

71 Tate (1998:480) skryf:

> *Nevertheless, the cosmogonic victory of Yahweh should not be treated as a purely past event. The context of acclamation indicates a continuing threat: Why the acclamation of Yahweh as the Victor King if the "floods" have long ceased to be a problem? The pounding, surging, and roaring of the "floods" are never far away. The seas of chaos are tamed, but their mighty roar hangs in the air like an echo, which is suggested by the use of the vocative ("O Yahweh") in vv 3 and 4.*

72 VanGemeren (1991:608) verduidelik:

> *God's reign is evident in his creation (i.e., both earth and sea) and in his acts of redemption. The rule of God is visible, as his glorious mantle spreads out all over his kingdom. "Robed in majesty" is a poetic expression for the glory associated with all of Yahweh's works. His works reveal the nature of the Great King: his glory and strength.*

**Psalm 93:2**

*Die Here is Koning, Hy beklee Hom met majesteit. Die Here beklee Hom, Hy omgord Hom met krag. Die wêreld staan vas, dit wankel nie,en vas staan u troon van ouds af: U is van altyd af daar.*

Vanuit die skepping bepaal die Psalm dat God se heerlikheid reeds by die skepping teenwoordig is en dat dit nie by die troonbestyging begin of eindig nie, maar dat dit van alle ewigheid af bestaan (Weiser 1975:619). Op feestelike wyse beklemtoon die gemeente dat God nie tydelik Koning is nie maar dat sy troon van altyd vasstaan (Brueggemann & Bellinger 2014:402-403). God se heerskappy oor die kosmiese magte word juis bevestig (Tate 1998:474).

**Psalm 135:13**

*Here, U is altyd daar, U is daar van geslag tot geslag.*

Daar is 'n feestelike verheerliking van God deur die deur die gemeenskap wat onthou dat God van die begin af teenwoordig is in die "heilgeschichte"en daar sal wees tot die einde. God se genadige sorg word ook beklemtoon (Wieser 1975:790). As die klimaks van die gedig word bevestig dat God die een is wat anders as afgode van altyd daar is (Brueggemann & Bellinger 2014:565). Die herinnering aan God se ewigheid word bevestig (Allen 2002:291).

Die ewigheid van God word ook elders beklemtoon.

**Daniël 12:7**

*Toe hoor ek die man praat wat die linneklere aangehad het en bokant die water gestaan het. Hy het sy regter- sowel as sy linkerhand na die hemel toe opgesteek en 'n eed afgelê by Hom wat ewig lewe, en het geantwoord: "Die hele vasgestelde tyd. Wanneer die gewyde volk se mag heeltemal vernietig is, sal al hierdie dinge ophou."*

**Nehemia 9:5**

*Daarna het die Leviete Jesua, Kadmiël, Bani, Gasabneja, Serebja, Hodija, Sebanja en Petagja gesê: "Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid." Toe het hulle u magtige Naam geprys verhewe bo alle lof en roem.*

Dan is daar gedeeltes wat dui op God se ewige regering:

**Eksodus 15:18**

*Die Here regeer tot in ewigheid!"*

> **Jeremia 10:10**
> *Maar die Here is die ware God: Hy is die lewende God, die Koning vir altyd; van sy toorn bewe die aarde, teen sy woede kan die nasies dit nie uithou nie.*

Daar word gespot met beelde-aanbidders want God alleen is ewige ware God (Van Selms 1972:163).

> **Jesaja 40:8**
> *Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.*

Die beloftes van God in die verlede word steeds bevestig en dit dui op God se woord wat nie vasgepen kan word nie. God se woord is ewig en keer nie leeg na Hom terug nie (Westermann 1969:42-43).

> **Psalm 10:16**
> *Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf.*

Die Psalmdigter onthou God se reddende optrede as ewige Koning. Rus word gevind in God se heerskappy wat altyd duur (Weiser 1975:154). God is die regverdige Regter wat oordeel en wie se koningskap ewig is (Brueggemann & Bellinger 2014:66). Sy koningskap oortref die kwaad. Hierdie koningskap is van 'n ander aard as menslike oorwegings (Craigie 2004:126).

> **Psalm 29:10**
> *Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning.*

Die hemelse heerlikheid van God word nie deur die sake wat op aarde gebeur versteur nie, die bedreiginge van die wêreld word deur God oortref in sy majesteit (Weiser 1975:265). Teenoor die Kanaänitiese gode word bevestig dat God se heerskappy nie tydelik is nie (Brueggemann & Bellinger 2014:147). Hy heers ook oor die bedreigende magte (Craigie 2004:249).

> **Psalm 66:7**
> *Hy het die see in droë land verander; sy volk het droogvoets deur die rivier getrek. Toe het ons gejubel oor Hom wat ewig heers deur sy mag en die nasies in die oog hou. Die vyande moet hulle nie teen God verset nie! Sela.*

Die kultiese gemeenskap beleef die teenwoordigheid van God in die "heilsgeshichte". Hy is egter ook hier en nou teenwoordig. Sy mag kan nie ingeperk word deur tyd en ruimte nie (Weiser 1975:470). God se soewereiniteit word deur die wonders

bevestig (Brueggemann & Bellinger 2014:287). Lof word aan God gebring vir sy ewige heerlikheid (Tate 1998:150).

**Psalm 92:8/9**
*U regeer vir ewig, Here,*

In die verhouding met God word sy heerlikheid erken en dat Hy die een vol majesteit bly vir ewig (Weiser 1975:615). Dit is waarskynlik 'n lied vir die Sabbat waar God se regering oor die hele skepping bevestig word (Tate 1998:468-469).

Daar is gedeeltes wat dui op God se ewige trou:

Die vyande van God kan nie voor Hom standhou nie, want sy heerskappy deur voort (Brueggemann & Bellinger 2014:400).

**Psalm 25:6**
*Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het.*

Hy wat aanbid is bewus van God se trou wat nie eindig nie (Weiser 1975:239).

God se liefde vir Israel staan vas en word met sy trou en seën in verband gebring (Brueggemann & Bellinger 2014:132). Die wysheidsliteratuur kom ter sprake met 'n verwysing na God se trou (Craigie 2004:218).

**Psalm 33:11**
*Maar die planne van die Here staan vir altyd vas, sy besluite van geslag tot geslag.*

God se woord is totaal anders as die woorde van mense en staan vas omdat Hy anders is as enige skepsel of wese wat geskape is (Weiser 1975:292). Die lied word gerig tot God wat karaktervas bly staan (Brueggemann & Bellinger 2014:164). God se plan is anders as menslike planne en daarom moet Hy erken word as EEN wat anders is (Craigie 2004:273).

**Psalm 89:2-3**
*Ek sê: "U liefde en u trou wankel nooit, dit hou vir altyd stand in hemel en op aarde."*

Die lied wat gesing word in die teenwoordigheid van God bevestig sy trou. Die lied bevestig juis God se ewigheid en die feit dat Hy in sy ewigheid trou betoon (Weiser 1975:591). God se trou is so standvastig soos die skepping maar bly vas staan (Brueggemann & Bellinger 2014:486). Die versugting is dat die Dawidiese Ryk so standvastig soos die ewige ryk van God sal wees (Tate 1998:419-420).

**Psalm 146:6, 10**
*Die Here het die hemel en die aarde gemaak, die see en alles daarin. Hy bly vir altyd getrou,*

*Die Here regeer vir altyd. Sion, jou God regeer van geslag tot geslag. Prys die Here.*

Die hele bestaan van die mens word bepaal deur die belydenis dat God getrou bly en dat sy trou ewig is (Weiser 1975:832). Die Psalm beweeg van didaktiese na doksologiese modus om te bevestig dat God se regering ewig is (Brueggemann & Bellinger 2014:607). God se hulp is ten volle betroubaar omdat Hy die Skepper ook vir ewig regeer (Allen 2002:279). Die mense moet in tyd van nood juis op die God vertrou (Allen 2002:380).

**Spreuke 8:23**
In die wysheidliteratuur wys ook op God se ewigheid.

*God bestaan van altyd af. Ek is lankal daar, van die begin af, voor die aarde daar was.*

Daar word meer klem gelê op die feit dat God die lewende is as om spekulatief oor Hom te praat. Hy is van altyd af die lewende God (Van der Ploeg 1952:37-38).

Daar is gedeeltes wat aandui dat die eer ewig aan God toekom:

**1 Kronieke 16:36**
*Aan die Here die God van Israel kom die lof toe van ewigheid tot ewigheid! Toe het die hele volk gesê: "Amen! Prys die Here!"*

Lof word aan God gebring vanweë sy ewige bestaan (Roubos 1969:231).

**1 Kronieke 29:10**
*Dawid het 'n lofprysing aan die Here in teenwoordigheid van die hele vergadering uitgespreek. Sy woorde was: "Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid.*

Die gebed is in die vorm van 'n lofprysing,waarin God nie alleen as die God van die vaders van Israel erken word nie, maar sy ewigheid ook besing word (Roubos 1969:303).

Die tekste en teksgedeeltes bevestig dat God in sy Ewigheid Gans Anders as die mens is. God is die unieke Here en Koning. God moet erken word vir wie Hy werklik is. Daarom is dit van die grootste belang om vanuit die teksgedeeltes die

heerlikheid van God vas te lê. Niemand is soos God nie. God alleen moet aanbid word. Dit het ook betekenis vir die Christologie.

## 4.3 PERSPEKTIEWE IN DIE NUWE TESTAMENT

Die Nuwe Testament het nie 'n abstrakte en uitgewerkte begrip oor die ewigheid nie. Lewe in die ewigheid is in verbondenheid met God se Seun (Joh 6:51, 58). Die wêreld en die mens het 'n begin en einde. God bly egter dieselfde (Ps 102:28; in Heb 1:12 op Christus toegepas). Christus is die onveranderlike in alle ontstaan en vergaan (Joh 1:1 en volgende; Kol 1:15 en volgende; Openb 1:4, 8).

Collette (2014:390 e.v.) toon aan dat daar deur die eeue verskillende beskouinge was oor die verhouding tussen Christus en die Ou Testament en dat verskeie bronne spanning aantoon in die begrip van Christus en die Ou Testamentiese wêreld. Hy wys daarop dat sedert Marcion daar diegene was wat van mening was dat die Ou Testament inderdaad nie Christosentries gelees kan word nie en dat daar 'n radikale breuk tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is. Hy wil egter die Ou Testamentiese Psalmboek, Christomorfies lees en vra of daar nie uit die Ou Testamentiese Psalmboek aanduidings van Christus in die werklikheid is nie. Hy verwys na Psalms 1 en 2, wat wel aandui dat die gesalfde van die Here op Christus van toepassing gemaak kan word.

Goldingay (2003:709) beklemtoon dat Jesus die aankondiger is van die ryk van God en dat daarmee ook beklemtoon word dat Jesus die Een is wat God openbaar en die Een wat van God af kom. God word as Vader aangespreek (2003:794), en dit beklemtoon dat Jesus juis die Een is wat die koninkryk aankondig en juis daarom is Hy waarlik die Een wat die verlossing en die heil aankondig. Hy is self as Koning gesalf, (2003:814) en ook as die Seun van God aangekondig (2003:823). Sy Goddelike optrede is baie duidelik in dit wat Hy doen en daarom kan erken word dat Jesus in die lig van die Ou Testamentiese beklemtoning van die uniekheid van YAHWEH ook erken word as die unieke Seun van God (2003:840).

En dit is juis hierdie aspek wat van groot belang is. Wanneer ons dan Christus binne hierdie verband van die ewigheid van God en die selfopenbaring van God verstaan, is dit duidelik dat daar ook van Christus gesê moet word dat Hy Homself bekendstel, dat Hy Homself openbaar aan die mens en dat sy openbaring soos wat dit neerslag vind in die Evangelies vir ons duidelik aandui wie Hy is.

Dit beteken dat die vraag gevra moet word of Jesus Homself dan reeds as Seun van God beskou het, en of Hy in sy openbaring dit duidelik gemaak het dat Hy Seun van God is. Daaroor bestaan meningsverskil. Daar is diegene wat meen dat Christus Homself nie as Messias, Verlosser en Here beskou het nie, maar dat Hy binne die tydsomstandighede opgetree het en volgens Schweitzer (1948:386 e.v.) sterf Hy as 'n ontgogelde omdat die koninkryk van God wat Hy aangekondig het nie aangebreek het nie. Die koninkryk het nie deurgebreek soos wat Hy dit verwag het nie.

Daarteenoor moet egter eksegeties en hermeneuties na die Nuwe Testament gekyk word. Jesus Christus se heerlikheid as Seun van God moet oorweeg word.

### 4.3.1 Die heerlikheid van Christus in Matteus

In Matteus word die heerlikheid van Jesus Christus op 'n baie unieke wyse beklemtoon deurdat Hy geteken word as die Een wat uit die geslag van Dawid kom en ook as Immanuel, God met ons. Hierdie beklemtoning van die Naam, Immanuel, God met ons, beklemtoon ook die heerlikheid van Christus as die Een wat van God kom. Dit word uitgebrei in ander gedeeltes in Matteus waar die heerlikheid van Christus bekend gemaak word. Johannes die Doper (Matt 3:11-12) wys op Jesus se besondere heerlikheid:

> *Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eens werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur te bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand.*

Die heerlikheid en majesteit van Jesus word hier reeds baie duidelik gestel, maar dit word ook in die Bergpredikasie duidelik gemaak wanneer Hy doen wat alleen God kan doen, en wanneer Hy ook sê, "maar Ek sê vir julle." God alleen kan sê dat Hy vir hulle die nuwe wet en nuwe implikasies van die wet gee. Wanneer Jesus die implikasies van die nuwe wet gee en die nuwe betekenis aan die verskillende aspekte daarvan in die Bergpredikasie deurgee, is dit baie duidelik dat Jesus die Een is wie se uniekheid beklemtoon word. Sy wonderwerke, sy heerlikheid, sy opwekking uit die dood, sy genesings, beklemtoon Jesus se heerlikheid baie sterk. Die uitnodiging van Jesus in Matteus 11:25 e.v. beklemtoon dit:

Taalhandelingsperspektief:

| | | |
|---|---|---|
| 25 | a) Daardie tyd het Jesus gesê:<br>b) "Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde,<br>c) dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het<br>d) en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. | |
| 26 | e) Ja, Vader so was dit u genadige bedoeling. | |
| 27 | f) My Vader het alles aan My toevertrou<br>g) en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader;<br>h) en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun<br>i) en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak. | |
| 28 | j) Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is,<br>k) en Ek sal julle rus gee. | |
| 29 | l) Neem My juk op julle en leer van My,<br>m) want Ek is sagmoedig en nederig van hart,<br>n) en julle sal rus kry vir julle gemoed. | |
| 30 | o) My juk is sag en my las is lig." | |

Lokusies wat opval is:

Jesus
Vader
Here
Eenvoudiges
Bedoeling
Toevertrou
Ken
Uitgeput
Juk
Hart
Las
Lig

Wat die illokusie betref, is daar die besondere betekenis by (f), (g), en (h). Die illokusie druk uit dat daar 'n uiters besondere verhouding tussen Vader en Seun is. Hulle ken mekaar ten volle. Die teksvoorwaarde van kwantiteit word oorskry deurdat die begrippe Vader en Seun telkemale herhaal word. Die implikasie is dat dié begrippe besondere betekenis dra. Die kontras tussen slim en geleerdes

en eenvoudiges oorskry weer die begrip van kwaliteit. So word die kontras uitgebeeld teenoor die wyses van hierdie wêreld van hoe die Seun inderdaad met die Vader in verband gebring word.[73] Juis vanuit die verhouding met die Vader is die Seun se juk sag. Die perlokusie is dan dat die Vader en Seun in hulle genade vir die mens EEN is.[74]

Dit is 'n baie duidelike uitspraak wat die uniekheid van die Seun inbed in die wonder van die verhouding met die Vader. Die unieke wonderbaarlike verhouding tussen Vader en Seun word hier in Matteus baie sterk beklemtoon. Die verdere implikasies is dat die wondere wat Jesus doen beklemtoon dat sy Naam wonderbaar is.

In Matteus word die gebeure rondom die kruisiging van Jesus duidelik beskryf om sy oorwinning en heerlikheid te beklemtoon. Reeds sy waarskuwings aan die Fariseërs in die profetiese rede asook die aanduidings dat die Seun van die mens met tekens sal kom wat sal weerklink, dui alles op die heerlikheid en majesteit van Jesus. Hy staan teenoor die vals profete wat juis ook teenoor God staan terwyl Hy as Here die waarheid van God verkondig.

Ook in die laaste oordeel sal dit baie duidelik word.

In Matteus 25:31 word dit beklemtoon waar geskryf staan:

> *Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word,*

73 Hagner (1998:321) verduidelik die betekenis van die gedeelte soos volg:

> *Thus everything comes down finally to the person of Jesus and the nature of the fulfilment he brings. This Jesus will not be understood if he is restricted to preconceived categories; he will not conform to human conceptual frameworks. He must be understood as God knows him, as the one who on behalf of the Father implements his will, which at the same time can paradoxically be described as the will and work of Jesus. God and his unique agent belong intimately together.*

74 Turner (2008:303) stel dit baie duidelik:

> ***11:27*** *Jesus turns from prayer to affirmation of his unique messianic status as the exclusive revelator of the Father. The Father has delegated all things to the Son (cf. 28:18), with whom he shares a unique relationship of intimate reciprocal knowledge. This is not unlike the relationship of God and wisdom in Hellenistic Jewish texts that reflect on Prov. 1:20-23; 8:1-36 (e.g., Sir. 1:6-9; 24:19-22; 51:23-30; Bar. 3:32; Wis. 8:4; 9:1-18; 10:10) ... Here the trinitarian basis of Jesus's messianic mission, previously seen at Jesus's baptism, is reiterated and developed (cf. Matt. 3:17; 12:18; 17:5; 28:18-19). The unique relationship of the Father and the Son in redeeming God's people is clearly described in 11:25-27.*

*en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan*

*Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê ...*

So sal die heerskappy en die heerlikheid van Christus duidelik gemaak word. Dit word verder beklemtoon wanneer Jesus in Getsemané die worsteling deurgaan sodat die wil van God in sy lewe voltrek kan word en Hy so die wonder van God se genade beklemtoon. Matteus 26:40-42 toon aan dat Jesus die Een is wat die gebed bid dat as die lydensbeker nie by Hom kan verbygaan sonder dat Hy dit drink nie, die wil van die Vader moet geskied.

Ook by die instelling van die nagmaal in Matteus 26:26 roep Hy sy dissipels op om almal te drink uit die beker want dit is sy bloed, die bloed waardeur sy verbond beseël word, en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

In Matteus is daar geen twyfel dat die kruisiging van Jesus Christus rondom die storting van die bloed en die verlossing handel wat dan uiteindelik beteken dat Hy die volle heil en die volle verlossing deur sy kruisdood bring nie. Dit beteken dat Hy die toorn van God oor die sonde wegneem. Daar kan geen twyfel bestaan dat Matteus dit in die verduideliking van die nagmaal ook baie sterk na vore bring nie omdat Jesus die verlossing bring. Die totale verlossing word bevestig wanneer Hy opstaan uit die dood en sy dissipels uitstuur in Matteus 28:18-20:

*Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

DeSilva (2004:253) beklemtoon dat Jesus as die betroubare leermeester van die wet in Matteus voorgehou word. Jesus beklemtoon die waarheid van die wet, maar dan gee Hy die dieper betekenis daarvan deur. Hy kom self van God en omdat Hy die Een is wat God se Woord oordra, kan Hy ook die ware betekenis van die wet beklemtoon. Matteus 5:17-20 bevestig dit op 'n besonder kragtige wyse. DeSilva (2004:253) verwys na die persone wat gedink het dat Jesus gekom het om die wet en profete te ontbind, maar hy toon aan dat Jesus uitwys dat om te lewe en te wandel in die Woord van God baie belangrik is, sodat 'n mens naby God kan lewe. Daarom dat Jesus in Matteus as 'n ware en getroue Leermeester

God se weg aandui (2004:254). Sy wonderwerke beklemtoon dit, sy boodskap is in ooreenstemming met die Skrifte en God verklaar ook dat Jesus se leringe die pad is wat welgevallig vir God is, omdat Hy die Een is wat die Geliefde Seun is na wie geluister moet word (Matt 17:5).

Ook Flemming (2015:14) beklemtoon die kerk se rol vanuit die missionale perspektief. Die kerk is betrokke by die sending van God. Sending is dus ook nie bloot 'n opdrag nie. Dit hang saam met die erkenning van Jesus.[75]

Jesus openbaar dus die ware Wet, teenoor die Fariseërs en hulle wat Israel weglei van die waarheid af. Jesus is ook die Een wat sy wonderwerke doen vanuit die krag van God en nie soos Hy beskuldig word, vanuit die mag van Satan nie. Jesus is dus deur die Heilige Gees en krag van God gesalf (DeSilva 2004:255), en veg teen die magte van Satan, en daarom is daar voortdurende erkenning dat Hy in God se aangesig wandel.

Maar daar is ook die verwagting van die nuwe belofte van God wat in vervulling sal gaan. Schreiner (2013:427) is van mening dat die Ou Testament eindig met afwagting en verwagting en dat die Nuwe Testament begin met vervulling; die koninkryk van God het gekom. Dit is duidelik omdat Jesus uit die dood opgewek is en alle gesag in die hemel en op aarde aan Hom toegesê is. Jesus se unieke betekenis in Matteus word deur Schreiner (2013:440) bevestig, wanneer die mag en die gesag van die heerskappy van Jesus nie net in sy titels voorkom nie, maar in sy unieke status of die posisie wat Hy inneem deur die hele evangelie van Matteus en die wyse waarop Hy optree.

Dit is dus duidelik dat Matteus in die eerste plek beklemtoon dat Jesus as Seun van God erken moet word. Hierdie erkenning van Jesus Christus as Seun van God kan nie bloot gelyk gestel word aan die erkenning van die Romeinse Keisers wat ook as Seun van God aangedui is nie. Die rede hiervoor is dat daar teksgedeeltes is wat dit baie duidelik na vore bring dat Jesus se besondere betekenis anders is as die van die Romeinse Keisers. Vergelyk Matteus 11:25 en volgende, wat hier bespreek is. Dit beteken dat Jesus se Eenheid met die Vader reeds in Matteus na vore kom en ook erken moet word.

75 Flemming (2015:14) skryf daarom:

> *Above all, the church's mission arises out of the lordship and abiding presence of Jesus.*

### 4.3.2 Markus

In Markus 1:1 word Jesus Christus as die Seun van God beskryf. Die woorde "Seun van God" kom nie hier in alle manuskripte voor nie. Die lyn wat egter deurloop, naamlik dat Jesus Christus die Een is wat die verlossing bring en dat Hy die Een is wat die koninkryk van God naby bring, word in die Markus-evangelie baie sterk na vore gebring.

So word dit reeds aangedui:

| | | |
|---|---|---|
| 9 | a) Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom,<br>b) en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. | |
| 10 | c) Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur<br>d) en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. | |
| 11 | e) Daar was ook 'n stem uit die hemel:<br>f) "Jy is my geliefde Seun.<br>g) Oor Jou verheug Ek My." | |

Taalhandelingsperspektief lig die besondere betekenis van die Seun uit.

Lokusies wat opval is:

Jesus
Nasaret
Doop
Gees
Duif
Stem
Hemel
Geliefde
Seun
Verheug

Wat die illokusies betref, is dit veral (e), (f), (g) wat besondere betekenis oordra. Die stem bevestig dat Jesus die Seun is en dat God is die EEN is wat Hom verheug oor die Seun. Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes wat hier ook van belang is ten opsigte van die implikasies wat volg uit die oortreding van die teksvoorwaardes, is veral kwaliteit. Die waarheid word verhul totdat die volle

boodskap deurgegee word en die stem uit die hemel gehoor word.[76] Die perlokusie is juis dat die Seun totaal uniek is in sy verhouding met die Vader.[77]

Hy begin sy prediking (Markus 1:15):

> *Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.*

Die koninkryk is naby – die verlossing is sigbaar. Die verlossing wat Jesus deur sy genesings bring, die getuienisse en die verlossing van duiwelbesetenes en ook die opwekking uit die dood van Jairus se dogtertjie, beklemtoon die heerlikheid van Christus verder. In Nasaret word Hy verag (Mark 6) en Hy is verbaas oor die ongeloof van die mense, en Hy wys daar dat 'n profeet orals erken word behalwe in die plek waar Hy grootgeword het en in sy familiekring en sy gesin. Jesus beklemtoon die heerlikheid wat van die Vader kom. Ook wanneer daar verskillende menings oor Jesus is, is dit tog baie duidelik dat die uniekheid van Jesus Christus erken word. Die unieke heerskappy van Christus as die Een wat van God kom word beklemtoon. Dit word deur twee besondere gedeeltes uitgedruk: Markus 8

76 Stein, R.H. (2008:58) gee besondere betekenis deur:

> *The voice functions in conjunction with 1:1 as an authoritative spokesman for what Mark's readers should think about Jesus of Nazareth. Though numerous OT texts are suggestive as to the meaning of the divine affirmation (Gen. 22:2, 12, 16; Exod. 4:22-23; Ps. 2:7; Isa. 42:1), the meaning of the voice should be understood within the context Mark provides in 1:1; 3:11; 5:7; 9:7; 13:32; 14:61; 15:39; cf. also 12:6. In light of these references, Jesus is presented in this verse as the beloved and only Son of God (12:6), who possesses a unique relationship with God that distinguishes him from all others (13:32). This is not a "functional" sonship, for up to this point Jesus has done nothing to earn such an affirmation. He is not the Son of God because he does certain things; he does certain things because he is the Son of God. Who he* is *determines what he does, not vice versa.*

77 Guelich (1998:35) beklemtoon die Messiasskap van Jesus maar ook sy dienskneggestalte:

> *The reader permitted to share in this private audience with Jesus expectantly listens to the voice from heaven. But the voice from heaven apparently gives a mixed signal. It begins with a royal messianic designation of sonship drawn from Ps 2:7 and concludes with the servant motif of Isa 42:1. Mark's heading of 1:3, which aligns the events of 1:4-15 with Isaiah, may weight the balance in favor of Isa 42:1 where the Spirit is given to the servant. But the tension continues throughout Mark's narrative. Both the royal messianic sonship and the servant figure persist. One might also maintain that what is true of Mark's narrative holds true for his tradition. The combination of Jesus' "sonship" including his messianic role and his servanthood permeate the tradition behind the Gospels. Therefore, we should not be surprised that this tension should appear explicitly at the scene of Jesus' introduction in Mark.*

waar die belydenis van Petrus na vore kom en Markus 9 waar die verheerliking op die berg beskryf word. Ook in Markus 10, wanneer beskryf word hoe Jakobus en Johannes versoek is om aan die regter en linkerkant van Hom te sit, Jesus se heerskappy na vore kom, wanneer Hy sê:

> *Die beker wat Ek drink sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word. Maar om aan my regter- of linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het.*

In die profetiese rede in Markus word verder beklemtoon watter heerlikheid op die een wag wat erken dat Jesus die Christus is. Sy majesteit en heerlikheid word bevestig. Ook by die instelling van die nagmaal word dit weer beklemtoon, waar aangetoon word dat dit sy bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word, is wat vir baie mense uitgegiet word (Mark 14:24). Dit is baie duidelik dat die verlossing en die heil in Christus ook die verseëling met die bloed beklemtoon. Jesus word dan uiteindelik oorgelewer om gekruisig te word, maar in sy kruisiging, selfs wanneer Hy uitroep: "My God, my God waarom het U my verlaat"? (Mark 15:33), bly Hy verbonde aan God en daarom sê die offisiere in vers 39 dan uitdruklik dat hierdie man werklik die Seun van God is. Dit is 'n erkenning in die Markus-evangelie van Jesus se heerskappy.

DeSilva (2004:201) beklemtoon dat dit belangrik is om aan te dui wie Jesus Christus werklik was en wat die betekenis van Jesus se diens is. Wanneer hy na Markus verwys beklemtoon hy in die eerste plek die Messiaanse geheim wat in Markus 'n baie sterk rol speel, naamlik dat daar verskeie geleenthede is waar Jesus die mense verbied om oor Hom te praat, omdat Hy nog nie sy Messiasskap geopenbaar het nie. DeSilva (2004:201-202) toon aan dat die rede waarom Jesus hierdie geheimenis voorhou juis is omdat Hy die volheid van sy Messiasskap wil beklemtoon. Markus wil dus uiteindelik die geheimenis van die Messiasskap van Jesus behou totdat Hy aan die einde sy kruis volledig dra en uiteindelik die voleinding bereik van die gemeenskap met God. Markus wil dus die boodskap aanbied as die goeie nuus van Jesus die Messias, as Seun van God. Vir die leser van Markus is daar dan geen geheimenis oor sy boodskap nie, maar die boodskap word verhul totdat daar die volle betekenis gegee word aan die gedagte dat Jesus die Geliefde Seun van God is en dit ook bekend gemaak word.

Jesus het die gesag om sonde te vergewe en daarom moet besef word dat Hy die Een is wat van God kom en doen wat God alleen kan doen (DeSilva 2004:204). Die Skrifgeleerdes en Fariseërs se onvermoë om werklik te kan begryp dat Christus van God kom word aangetoon, maar Jesus openbaar dit omdat Hy die Een is wat van God kom, onder andere ook by die geleentheid waar Hy die wind stil maak en die heerskappy oor die wind behou.

Petrus se belydenis in Markus 8:29 is verder ook deel van die proses waarin die geestelike blindheid geopenbaar word en Hy die ware belydenisse uitspreek, wanneer hy moet leer dat dit om Jesus gaan, wat die koninkryk van God aankondig (DeSilva 2004:205). Die ware erkenning van die Messias beteken om jouself te verloën, jou kruis op te neem en Jesus te volg. Dit is die volheid van die diens aan Jesus Christus (2004:205).

Wat egter ook baie belangrik is, is Markus se beskouing oor die kruis van Jesus. DeSilva (2004:223) stel dit dat dit nie beskou moet word as iets wat los gelees moet word van Jesus se Messiasskap en ware dissipelskap nie, sodat verstaan kan word dat Jesus die EEN is wat sy lewe prysgee sodat dit tot die heil van baie kan kom (2004:223). Markus beklemtoon dus dat Jesus se dood nie van die aard is van 'n persoon wat dit verdien, as 'n persoon wat onreg gepleeg het op 'n kriminele wyse nie. Dit was ook nie bloot 'n ongelukkige ongeregtigheid wat plaasgevind het nie. Dit was volgens DeSilva 'n handeling van Christus wat tot die heil van baie is en wat die voorafbeskikking van God tot vervulling sou bring. Jesus ondergaan dit gewilliglik en doelbewus en Jesus word dus nie onverwags in sy dood ingelei nie, maar Hy doen dit sodat die heil vir die gemeenskap kan kom.

Schreiner (2013:455) wys daarop dat Markus aankondig dat die koninkryk van God in Jesus Christus sigbaar word. Daarom sê hy nie dat God oor alle dinge regeer soos wat Hy wel doen nie, maar wel dat in die koninkryk van God die verlossende heerskappy van God en die vervulling van sy belofte sigbaar word.

Wat Markus betref, is dit inderdaad so dat daar by die doop erken word dat Jesus die geliefde Seun van God is (Mark 1:9-11). Dit is dus nie moontlik om maar net weer eens wat Markus beklemtoon op dieselfde vlak te stel as die van Romeinse keisers of andere wat ook godheid ontvang het in die Romeinse Hellenistiese Tyd nie. Die unieke Seunskap van Jesus Christus word ook deur Markus bevestig.

### 4.3.3 Lukas

Hoe moet Jesus Christus se heerlikheid in die lig van die geheel van Lukas se Evangelie verstaan word? Jesus se unieke plek in die Lukas-evangelie word sterk beklemtoon. Wanneer die aankondiging van Jesus se koms gemaak word, word gesê dat Maria geseënd is. Maria hef dan ook 'n loflied aan wat handel oor die beloftes van God wat in sy ontferming aan die volk Israel heil en verlossing bring. Ook wanneer oor Johannes die Doper in 'n loflied uitgebreek word, word beklemtoon dat Johannes die Doper 'n profeet van die Allerhoogste sal wees wat die pad gereed gaan maak vir Hom wat sou kom en dat daar dan verlossing sal kom uit die persoon wat op Johannes die Doper sou volg. Ook in Lukas 2:11 word beklemtoon dat die seuntjie wat gebore word, die Verlosser sal wees, Christus, die Here. Hierdie Christus, die Here, is die Een wat verheerlik word wanneer die engele sing, Ere aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, vir die mens in wie Hy 'n welbehae het. Die totaliteit van die heil is reeds sigbaar in Jesus Christus, maar dan nog nie op die wyse dat sy dood hulpbrengend sou wees nie. Reeds by die tempel waar Simeon en Anna vir Jesus ontvang, is daar die aankondiging dat Jesus 'n lig tot verligting van die nasies sal wees en tot eer van die volk Israel, en ook dat hierdie kindjie bestem is tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. Hier word baie sterk aangedui dat daar reeds in die teken wat kom teenspraak sal wees en dat die Persoon wat in die teken kom, ook verwerp sal word. Die beklemtoning van die skeidende elemente is dus van groot belang.

Johannes die Doper se optrede is ook nie anders wanneer hy baie duidelik maak dat Jesus die Een is wat besondere heil vir die volk sal bring nie. In Lukas 3:16 word dit bevestig:

> *Daarop gee Johannes aan hulle almal die antwoord: "Ek doop julle met water, maar my meerdere kom, en ek is nie eens werd om sy skoene los te maak nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. Hy het sy skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Die koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand."*

Dit is baie duidelik dat die Here Jesus ingrypende betekenis vir die wêreld sal hê, en dat wat Hy doen en sê ingrypende gevolge vir die volk Israel sal hê, maar dat dit ook wyer betekenis sal hê wanneer daar ook heil en verlossing vir volkere buite Israel sal wees.

Wat die versoeking van die Here Jesus in Lukas 4:1-13 betref, is dit ook duidelik dat die Here Jesus in 'n besondere verhouding met die Vader staan, en as Seun van God die heil vir die mense bring. Nie deur net brood te gee nie, nie net deur majesteit te verkry nie, nie net deur op die hande gedra te word nie, maar veral deur sy gehoorsaamheid wat Hy as Seun aan God vir die Vader het. Lukas 4:16-28 is van groot belang. Hier word dit duidelik gemaak dat Jesus die unieke Messias is. Hy is die Een op wie die Gees van die Here rus, en Hy kondig aan dat daar vrylating van gevangenes sal wees, herstel van gesig vir blindes, en dat onderdruktes in vryheid uitgestuur sal word. Die genadejaar van die Here word aangekondig en daardeur word die heil sigbaar in die gemeenskap waar Jesus optree. Nadat aanvanklik instemming met Jesus se woorde betuig is, word Jesus verwerp. Hulle verstaan nie dat die heil wyer as Israel is nie, naamlik dat dit juis Elia en Elisa was wat persone buite Israel bedien het. Wanneer die heil sigbaar word vir die wêreld daar buite word Jesus en sy verlossing nie meer erken nie. Jesus bly egter die groot Koning in Lukas 4:31 e.v. wanneer Hy die duiwels uitdryf en met gesag uitsprake oor hulle lewer. Ook wanneer die eerste dissipels geroep word, moet Simon Petrus erken dat Jesus die unieke Seun van God is, wanneer hy sê, gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens. Die oomblik van erkenning beteken dat Simon Petrus diep onder die indruk kom van wie Jesus werklik is, van sy majesteit en sy heerlikheid.

Die merkwaardige geleentheid van die verheerliking op die berg beklemtoon dat die Seun ook in die Lukas-evangelie aangetoon word as die Een wat 'n uiters unieke verhouding met die Vader het.

**Lukas 9:34 e.v.**

Taalhandelingsperspektief lig die volgende uit:

| | | |
|---|---|---|
| 34 | a) Terwyl hy nog praat, kom daar 'n wolk en gooi sy skaduwee oor hulle,<br>b) en toe die wolk hulle insluit,<br>c) het die dissipels bang geword. | |
| 35 | d) Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê:<br>e) "Dit is my Seun wat Ek uitverkies het.<br>f) Luister na Hom." | |

| | | |
|---|---|---|
| 36 | g) Toe die stem praat, merk hulle dat Jesus alleen daar is.<br>h) Hulle het hieroor stilgebly<br>i) en in daardie tyd vir niemand anders enigiets vertel van wat hulle gesien het nie. | |

Lokusies wat opval:

Wolk
Dissipels
Bang
Stem
Wolk
Seun
Uitverkies
Luister
Jesus
Stilgebly

Wat die illokusies betref word op merkwaardige wyse 'n verband tussen die vrees van die dissipels in (c) en die wonderbare openbaring van God in (d), (e) en (f) gelewer. So word betekenis aan die openbaring dat die Seun van God kom, gelewer. Die Seun is ook die uitverkore van God wat in die verband nie op ondergeskiktheid dui nie, maar op uniekheid.[78] Die kwaliteitsgespreksreël word nagekom omdat die belydenis van wie Jesus is vasgelê word. Die perlokusie is dan dat Jesus inderdaad die Een is wat van God kom.

In Lukas 10:16 sê Jesus vir die 72 wat Hy uitstuur dat wie na hulle luister, na Hom luister en Hy wat Hom gestuur het. Die verlossing in Jesus Christus is so volledig dat Hy die Vader verteenwoordig. Dit word verder in Lukas 10:22 beklemtoon wanneer Hy sê:

> *My Vader het alles aan my toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak.*

78 Bovon & Koester (2002:379) bevestig dit:

> *The transfiguration has the same mighty significance for the life of Jesus that the resurrection has for his death: we should recognize this man, who is neither priest nor king, who is from Nazareth and not Jerusalem, as the last and final revelation of God. God has only given a few legitimizing signs, but, in addition to the voice at the baptism, the voice at the transfiguration provides the strongest proof.*

Vir Lukas is daar die wonderbaarlike getuienis dat Jesus by die nagmaal erken word, en dat hy ook by die verheerliking op die berg erken word, in Lukas 9:34 e.v. Daardie erkenning dat Jesus waarlik die Seun van God is, word op so 'n kragtige wyse deur die res van Lukas ondersteun, dat dit nie verstaan kan word as maar net bloot 'n gedagte dat Jesus op dieselfde vlak as 'n Romeinse keiser of 'n engel van die Ou Testament gestel kan word nie.

Flemming (2015:30) beklemtoon dat Jesus se bediening, soos beskryf deur Lukas, dus een van opheffing is. Dit sluit volledige versoening in. Die goeie nuus word aan sondaars verkondig en bevryding van allerlei aanvegtinge vind plaas. Totale vernuwing vind in Jesus plaas.

### 4.3.4 Handelinge

Die argument word aangevoer dat Handelinge 'n lae Christologie voorhou en dat Jesus as ondergeskik aan God beskryf word. Daar word aangetoon dat daar nie duidelike teksgedeeltes is waarin Jesus as ewig Een met God beskryf word nie. Veral Handelinge 2:32-36 dui op adopsianisme[79] en nie synseenheid van ewigheid af nie, word aangevoer. Daar kan egter aangetoon word dat die getuienis aangaande Jesus Christus in Handelinge nie Eenheid met God uitsluit nie. Dit word wel op ander wyse as in die Johannes-evangelie beklemtoon. Handelinge 2:36 sluit nie uit dat Jesus Christus wel ook Here is nie en dat God dit bevestig nie. Bruce (1976:73-74) wys op die betekenis van die feit dat Jesus Christus as Here aangedui word wat ook op sy besondere verhouding met YAHWEH dui. (vgl. ook Handelinge 7:55, 9:5;9:28; 10:39-43; 13:32-37; 16:31; 17:23-31; 32:8; 26:15; 28:30-31). Alhoewel dus erken moet word dat verskeie van die teksgedeeltes dui op die bevestiging

79 Conzelmann (1987:21).verduidelik goed dat dit nie beteken dat Lukas Jesus as ondergeskik aan God beskou nie:

> *This has an adoptionist ring, as if Jesus were made κύριος, "Lord," and χριστός, "Christ," only through his resurrection. For Luke Jesus was certainly Messiah during his lifetime (10:38*; Luke 4:18*), and he makes no essential distinction between κύριος and χριστός. Is a pre-Lukan statement of an adoptionist type reproduced here? Hardly; the formulation may come from Luke himself. Luke derives the combination of the two titles from the scriptural proof, the results of which he summarizes here; he obtains the Messiah title (vs 31*) from Psalm 16 and the κύριος title from Psalm 110. Luke is not reflecting on the time of installation at all but simply sets forth God's action in opposition to the behavior of the Jews.*

van Jesus as Here deur God wat Hom so aandui, sluit dit nie uit dat Hy wel as Here wat sonde vergewe aangedui word nie en dus tog Een met God is nie. DeSilva (2004:361) toon aan hoe die boodskap aangaande Jesus rondom sy kruis en opstanding bevestig dat Hy die ware Messias is.

Die besondere betekenis van Handelinge word veral deur Bevans en Schroeder (2006:11) aangedui. Die teologie wat na vore kom, is dat daar 'n besondere verband met die Ou Testament en die kerk se inklusiewe en universele bediening is, veral in die lig van die profete se optrede. Die kerk se bediening is dan verder inderdaad begrond in die lewe en werk van Jesus Christus, die Here. Die apostels se volle vertroue dat Jesus die universele Here is en dat Hy ook die Opgestane Christus is, is die grondslag van die bediening van kerk deur hulle.

Bovon (2006:500) dui aan hoedat Lukas beklemtoon dat die bediening van Jesus die laaste Woord van God is waarin die profesieë vervul is en die laaste dae verwag word. Jesus se optrede is die voltooiing van God se handelinge met sy volk. Die wonder van die boodskap wat dan deur Lukas in Handelinge beklemtoon word, is dan juis dat die proklamasie van die Woord en die manifestasie van die Gees die groot dade deur Jesus Christus is wat oorgedra moet word. Handelinge beskryf die voortgang van die Woord na die toekoms nie triomfantelik nie maar wel in die lig van Jesus se heerlikheid.[80]

### 4.3.5 Samevattend: Sinoptiese Evangelies en Handelinge

Jesus word uitdruklik aangekondig as die Messiaanse Koning wat in die wêreld kom. Hy is die ware Messias, wat Hy ook as sy koningskap aankondig (Schreiner 2013:474). Jesus is ook Heerser oor alle dinge (2013:476). Schreiner is van mening dat die sinoptiese Evangelies en Handelinge ten spyte van hulle verskille baie duidelik aankondig dat die Koning gekom het, dat Jesus van Nasaret die Seun van die mens, die Seun van God, die Messias, die finale Profeet, die ware Israel en die Here oor almal is. Jesus het al die beloftes vervul wat aan Dawid en sy ryk aangekondig is en Hy is dus die bevestiger dat iemand op die troon van Dawid sal

80 Flemming (2015:35) beskryf die getuienis van die apostels in Handelinge treffend:

> *In Acts, then, the apostolic witness to the resurrection of Jesus is actualized in sins being forgiven, bodies healed, Satan and magic defeated, communities of Christlike compassion and justice established, and seeds of transformation planted. A robust mission indeed.*

sit. By wyse van sy opstanding en sy verheerliking waar Hy nou aan die regterhand van God sit en heers vanuit die hemele (2013:499) word sy heerlikheid bevestig.

Samevattend kan aangetoon word dat in die sinoptiese Evangelies, alhoewel nie so duidelik soos in Johannes nie, reeds sterk aanduidings is van die wonder van Jesus Christus en die betekenisvolle heil wat van Christus kom. Hierdie heil kom van Hom wat Een met die Vader is, die Seun van God, wat reeds in die sinoptiese Evangelies erken word en wat betekenisvol is vir die erkenning van die transendensie van Jesus Christus.

### 4.3.6 Die Johannes-evangelie

Johannes verstaan die wyse waarop God deur Jesus Christus in die wêreld handel op ’n nuwe wyse. Johannes gee eintlik daaraan ’n totaal nuwe begrip en dit word dan ook op ’n nuwe manier deurgegee. Die dood van Jesus in Johannes word deur DeSilva (2004:427) beklemtoon as die uur van sy verheerliking. Al vier die Evangeliste, volgens DeSilva, wil met Jesus se dood beklemtoon dat dit bewonderingswaardig is. Johannes maak egter geweldig baie daarvan dat die oomblik van die kruis die oomblik, die uur, van Jesus se verheerliking is. Die kruis is die begin van sy verheerliking en die verwerplikheid van die gruwelike dood aan die kruis word verander deur die wonder van Jesus se verlossing wat Hy aan die kruis bewerk en die begin van sy verheerliking. Die vyande van Jesus wil Hom degradeer, hulle slaan Hom, hulle gésel Hom, hulle laat Hom sy eie kruishout dra, hulle maak Hom naak aan die kruis vas, maar Johannes beklemtoon dat Jesus vrywillig hierdie dood tegemoet gaan sodat Hy die verlossing kan bewerk en die heerlikheid kan tegemoet gaan. Jesus het gesag oor sy eie lewe. Hy gee sy eie Gees prys, Hy het voorkennis van sy dood, Hy gee nie in die dood oor omdat sy vyande oorwin nie, maar hulle pogings om Hom te vernietig word verander deurdat Hy die oorwinning behaal. Hy sterf in gehoorsaamheid aan God.

Dit word ook baie sterk in Johannes se boodskap beklemtoon word (DeSilva 2004:417). Jesus is duidelik die Een wat van Bo kom. Daar is ’n baie duidelik beklemtoning in vroeg Christelike getuienis aangaande die Christologie, naamlik dat Jesus die Een is wat van God kom. Daar is baie ander Nuwe Testamentiese gedeeltes wat dit ook beklemtoon, soos Filippense 2:5-11, Kolossense 1:15-20, 1 Timoteus 3:16, Hebreërs 1:1-4. Selfs Markus beklemtoon dat Jesus Seun van

God is (Mark 1:1). Johannes bring egter 'n baie skerper fokus en diepte na hierdie gedagte wat die verhouding tussen Jesus en die Vader beklemtoon (2004:418). Die bekende Logos-lied aan die begin beklemtoon dit baie sterk. Johannes, soos die skrywer van Hebreërs, het na die Joodse begrip van die persoon en werk van wysheid as eerste getuienis aangaande die waarheid gekyk en Jesus op daardie manier geïnterpreteer. Die Joodse spekulasie oor wysheid het 'n baie belangrike bron vir die groot Christelike nadenke oor Jesus geword, en die vierde Evangelis wil dus beklemtoon dat Jesus die inkarnasie van God, die Woord is, want soos wysheid is die Logos wat Johannes gebruik die Een wat van die Hemel na die mens kom.

Daar kan geen twyfel bestaan dat in die Johannes-evangelie die klem lê op die feit dat Jesus as ware Seun van God na die wêreld gekom het, dat Hy as Seun van God die Here is wat van God kom.

> **Johannes 1:1**
> *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.*

Dit word soms verskillend geïnterpreteer, maar vanuit die Griekse grammatika is dit baie duidelik dat die Woord self God is. Hy kom van God, Hy was self God, Hy was by God, in die begin was Hy God. Daardie heerlikheid van Christus word beklemtoon deur die hele Johannes-evangelie. Telkemale word in die "Ek is" uitsprake beklemtoon dat Hy die Een is wat soos YAHWEH die Een is wat Hy is, en dat dit erken moet word, omdat Hy van God kom. Die getuienis van Johannes die Doper is reeds duidelik, wanneer Hy sê (Joh 1:29-31):

> *Dáár is die lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: "Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar."*

Telkemale word die Messiaanse heerlikheid beklemtoon, soos by die bruilof in Kanaän waar die bruilofsfees aandui dat Jesus die Messiaanse Persoon is wat die verlossing en heil van die Messiaanse tyd self meebring.

In Johannes 3 word beklemtoon dat Jesus die Een is wat van God kom en die wyse waarop die verlossing in voltrek word deurdat beklemtoon word dat niemand op die aarde al in die hemel was nie, behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die mens. In Johannes 5:30 word uitdruklik beklemtoon dat Jesus van die Vader kom

*Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.*

Ook wanneer Hy as die Brood van die lewe aangekondig word en sê dat iemand wat na Hom toe kom nooit weer honger sal kry nie (Joh 6:35) beklemtoon Hy die feit dat Hy Een met die Vader is. In Johannes 7:28 skryf Johannes:

*Terwyl Jesus die mense in die tempel geleer het, het Hy uitgeroep: "Ja, julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog het ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie. Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het."*

Onmiddellik is daar dan die weerstand en die spanning teen Jesus Christus wat hierdie wondere aankondig.

In Johannes 8, wanneer die owerspelige vrou deur andere beoordeel word, is Jesus die een wat haar vryspreek omdat Hy van God kom. In dieselfde gedeelte waar Jesus dan uiteindelik sê dat as hulle Hom geken het hulle die Vader ook sou geken het, word dié waarheid ook beklemtoon. In Johannes 8:54 word it weer eens beklemtoon:

*Maar Jesus antwoord: "As Ek Myself verheerlik, beteken my heerlikheid niks. Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê: 'Hy is ons God,' en tog ken julle Hom nie. Maar Ek ken Hom. As Ek sê Ek ken Hom nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom en Ek neem sy woorde ter harte. Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly."*

Die reaksie van verskeie van die Jode is dat hulle dit nie wil aanvaar en erken dat Jesus één met God is nie. Jesus verwys na hulle wanneer hy die blindgebore man genees. Hy maak dit duidelik dat daar diegene is wat sien en erken dat Hy die Here is en diegene wat nie sien nie en dit ontken. Ook wanneer Hy oor die Goeie Herder praat, maak Hy dit baie duidelik dat Hy die Goeie Herder is en dat Hy die skape ken. In Johannes 10:14-15 bevestig Hy dat Hy die Vader ken:

*Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape.*

Telkemale, ook by die dood van Lasarus, word dit duidelik gemaak dat Jesus die Een is wat die heerskappy en die heerlikheid van die Vader ontvang het en daaruit die verlossing bring. Wanneer die tyd van sy verheerliking kom, is daar 'n baie

duidelike aanduiding dat Hy die Here is. Ook by die gedeeltes wat oor die gebeure voor sy kruisiging handel, is dit baie duidelik dat sy uniekheid, heerskappy en heerlikheid beklemtoon word. Wanneer Hy in Johannes 14 bevestig dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is en dat niemand na die Vader toe kom behalwe deur Hom nie, word aangedui dat Hy van God kom. Hy is die ware wingerdstok, Hy is die Een wat die wêreld oorwin wanneer die Heilige Gees Hom verheerlik en wanneer die droefheid in heerlikheid sal verander.

Johannes 16:26 bevestig verder:

> *Van daardie dag af sal julle in My naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het. Ek het van die Vader gekom en Ek is hier in die wêreld. Nou verlaat Ek weer die wêreld en Ek gaan na die Vader toe.*

Nêrens word dit nog duideliker uitgedruk as in Johannes 17 waar die noue verhouding tussen Vader en Seun uitgebeeld word in byvoorbeeld Johannes 17:5 nie:

> *Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.*

Die kruisigingsgebeure beeld ook baie duidelik uit dat Jesus self verwerp en verstoot word, maar dat Hy die Here is wat die verlossing bewerk. In sy kruisiging, en in sy sterwe roep Hy uit: "Dit is volbring!" en Hy voltooi sy lewenstaak. Alles word uiteindelik saamgevat wanneer Thomas wat twyfel, uitroep: "My Here en my God". Dit is 'n voltooiing van die Evangelie van Johannes waarin die heerlikheid van Christus beklemtoon word en vasgelê word in die belydenis aangaande Hom as Here en as God.

Jesus is egter meer as net 'n agent. Hy is die unieke openbaring van die Vader en maak die Vader op hierdie baie besondere wyse bekend (DeSilva 2004:419). Jesus word die gesig as enigste Middelaar van God se guns en in Johannes word die ontmoeting met Jesus in die werk van Christus as die Een wat van God kom, geïdentifiseer. DeSilva (2004:419) is dan van mening dat Johannes se aanbieding van Jesus swaar op die Joodse wysheidstradisie steun, maar dat daar 'n baie spesifieke beklemtoning is van die Woord van God wat die Middelaar van God word in die Nuwe skepping. Daarom is die Woord volgens DeSilva die enigste een wat Vader kan openbaar, nie die Tora of enige ander bron kan God bekend maak nie, net die Seun.

**Johannes 14:9-11**

Verskeie gedeeltes soos Johannes 5:18-47 en Johannes 6:32-59 beklemtoon die eenheid van God. Jesus Christus is een met die Vader. Dit word kernagtig saamgevat in Johannes 14:9-11.

| | | |
|---|---|---|
| 9 | a) En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus?<br>b) Wie My sien, sien die Vader.<br>c) Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? | |
| 10 | d) Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?<br>e) Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. | |
| 11 | f) Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My;<br>g) of anders, glo op grond van die werke self. | |

Opvallende lokusies is:

Ken
Filippus
Sien
Vader
Glo
Woorde
Werke
In
Op grond van

Wat die illokusie betref, word die betekenis van geloof in Jesus Christus wat EEN is met die Vader beklemtoon. Die Seun is in die Vader en die Vader in die Seun. Hierdie geloof is die bevestiging dat Jesus Christus waarlik uit God is.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes is hier van belang ten opsigte van die implikasies wat uit die oortreding van die teksvoorwaardes volg. Die beginsel van ekonomie word deur die oorvloedig herhaling van wat dit beteken om "in" die ander te wees in (d) en (f) oortree. Die implikasie is duidelik dat die vader en Seun EEN is. Dit word hier oorvloedig beklemtoon. Die perlokusie bevestig die waarheid dat Jesus Een met God is.

Beasley-Murray (2002:253-254) wys daarop dat Jesus God openbaar in sy totaliteit. Omdat Jesus in die Vader is en die Vader in Hom, is dit nie bloot die een wat gestuur is as verteenwoordiger van die een wat stuur nie, of selfs die openbaring van God wat bekend gemaak word nie, maar die wesenseenheid tussen Vader en Seun.[81]

Tenney (1981:145) verduidelik dat die eenheid van Jesus met God juis natuurlik was. Die dissipels moes dit eintlik vanself verstaan. In sy persoon was God teenwoordig. Daarom maak Hy ook vir God bekend omdat Hyself God is.[82]

Schreiner (2013:505 e.v.) is van mening dat in die Johannes-evangelie dit baie duidelik gemaak word dat Jesus die lewe is, dus dat Hy die ware lewe bring, ook die ewige lewe, en dat hierdie ewige lewe in Hom gevind word. Jesus is in Johannes ook die Messias en Koning en dit word verder bevestig deurdat Hy as Seun van God erken word. Jesus is egter ook die Waarheid en die Woord. Die "Ek is"-uitsprake is ook van groot belang.

Daar kan geen twyfel bestaan dat in die Johannes-evangelie in die verskillende tekste en verskillende aanbiedinge wat hier gesien word, dit baie duidelik is dat Jesus Christus waarlik as die ware Seun van God uit God beskou word.[83]

Die vraag of dit 'n latere ontwikkeling is, is eintlik nie ter sake nie, omdat dit so duidelik gestel word dat die kerk bely het in Johannes se Evangelie dat Jesus waarlik Seun van God is, en dat Hy van God kom.

---

81 Beasley-Murray (2002:253-254) skryf:.

> *The reality is greater than human language can express, but that to which it points is sufficiently clear: in the depths of the being of God there exists a* koinonia, *a 'fellowship', between the Father and the Son that is beyond all comparison, a unity whereby the speech and action of the Son are that of the Father in him, and the Father's speech and action come to finality in him.*

82 Tenney (1981:145) skryf:

> *Furthermore, if a personality must be employed to represent God, that personality cannot be less than God and do him justice, nor can it be so far above humanity that it cannot communicate God perfectly to men. For this reason John says that "the only Son, who is at the Father's side, has made him known" (John 1:18). The way Jesus made known the character and reality of the Father was by his words and works. The truth of God filled Jesus' words; the power of God produced his works.*

83 Flemming (2015:55) dui aan hoedat die bediening van Jesus ten diepste van die Vader afhang:

> *Jesus' mission is utterly dependent on the Father and brings glory to the Sender. Jesus does the Father's will, completes the Father's work, speaks the Father's words, obeys the Father's will, and reveals the Father's heart.*

### 4.3.7 Koningskap en heerskappy: Openbaring

Wat Openbaring betref, is daar baie duidelike aanduidings van die majesteit en die heerlikheid van Jesus Christus. Daar kan geen twyfel bestaan dat in die boek Openbaring klem gelê word op Jesus Christus as die Heer en die Heerser nie. Die vraag wat egter gestel word, is of Jesus in Openbaring voorgestel word as 'n Krygsheer en dat dit beteken dat aspekte van die voorstelling van Christus in Openbaring geweld verheerlik en dan ook as't ware in diens staan van oorlog. 'n Spesifieke gedeelte waarna dikwels verwys word, is Openbaring 19:13-16.

> *Hy het klere aangehad wat met die bloed deurweek was, en sy Naam is: "Die Woord van God."*
>
> *Die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aangery. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad. Uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref, en Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer. Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en die oordeel van God, die Almagtige. Op sy klere, by sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: "Die Koning van die konings en die Here van die heersers."*

Moet hierdie beeld van die Woord van God, Jesus Christus as 'n Krygsheer wat uittrek om te oordeel as onaanvaarbaar beskou word? Staan Openbaring dan in diens van oorlog en geweld en is Jesus in diens daarvan opgeneem? In die geheel moet 'n mens kyk na die aard van die boek as Apokaliptiese geskrif wat 'n baie spesifieke aspek wil beklemtoon, naamlik die heerlikheid van Jesus Christus vir die Christene wat absoluut vervolg word. So, te midde van die vervolging van die Christene, is daar die heerlikheid van Christus wat beklemtoon moet word. Deur die beklemtoning van die heerlikheid van Christus word die toorn van God oor hulle wat hulle teen God verset verduidelik. Dit is egter baie duidelik dat dit die implikasie inhou dat die verlossing in Christus radikaal is. Dit is egter goed om die lyn wat deur Openbaring loop na te speur en daarom word reeds aan die begin die heerlikheid van Christus beklemtoon, en dit hang saam met die belofte van genade en vrede, naamlik Openbaring 1:5-6.

> *... en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.*
>
> *Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag in alle ewigheid! Amen.*

Die heerskappy word beklemtoon, maar dit moet altyd in verband gesien word met die bedreiging wat daar vir Christene in die tyd van Johannes se optekening van die Openbaring op die eiland Patmos was.

Reeds hier in die eerste verse van Openbaring is daar 'n interessante verbintenis tussen, aan die een kant God wat in sy heerlikheid verskyn en wat sy majesteit openbaar, en aan die ander kant Jesus Christus as Seun van God, wat ook as Alfa en Omega, as die geloofwaardige getuie, geteken word. Hier word reeds beklemtoon dat die heerskappy van Christus van God kom.

Johannes sien hierdie getuienis en dan sien hy Jesus Christus as die Een wat tussen die lampe loop. Hy beskryf Christus in geen onduidelike taal:

> **Openbaring 1:14-16**
> *Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uitgekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn.*

Die absolute heerlikheid en majesteit van Christus word dus, in geen onduidelike taal, bekendgestel en Johannes en kan dan nie anders as om aan sy voete soos 'n dooie te val nie, omdat hy besef dat Hy die Eerste en die Laaste en Lewende is, wat dood was en lewe tot in ewigheid. Daarop volg die verskillende getuienisse aangaande die gemeentes wat aan Hom getrou moet wees om die oorwinning te behaal. Dit word in taalgebruik duidelik dat hierdie oorwinning 'n absolute oorwinning in Jesus Christus die Here is. Dit is Hy wat die oorwinning gee en dit is Hy wat dit moontlik maak omdat Hy aan hulle wat die oorwinning behaal die heerskappy toeken. In Openbaring 3:5 staan daar byvoorbeeld:

> *Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek voor my Vader en voor sy engele verklaar dat Hy aan My behoort.*

Die heerlikheid van Christus word egter intensief beklemtoon wanneer na Openbaring 4 en 5 gekyk word. In hierdie hoofstukke/gedeeltes word die majesteit en die heerlikheid van God baie duidelik gestel. Dit moet gesien word binne die raamwerk van die verdrukking van die gelowige in daardie tyd. Vanweë die verdrukking was daar die vraag of God in sy majesteit wel regeer en

heerskappy uitoefen. In Openbaring 4:8 word beklemtoon dat God die Een is wat op die troon sit.

> *Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.*

Ook in Openbaring 4:11:

> *Here, ons God, U is waardig*
> *om die heerlikheid*
> *en die eer*
> *en die mag te ontvang*
> *omdat U alles geskep het;*
> *deur u wil het alles ontstaan,*
> *en is dit geskep.*

Die totale heerskappy en majesteit van Christus word beklemtoon wanneer daarby aangesluit word in Openbaring 5 en die troonvisioen van die Lam voorkom. In Openbaring 5 sien ons hoe die Een wat waardig is om die boekrol oop te maak, die Lam asof hy geslag is. Die taal van die militêre oorwinning wat behaal word moet teen die agtergrond van die Lam wat geslag is, verstaan word. Die militêre oorwinning van Hom wat aan die einde van Openbaring as die Woord van God met die skerp swaard geteken word, is egter ook die Lam van God. Reeds in Openbaring 5 sien ons dat die Een wat geslag word, die Hy is wat sy heil bring deur die feit dat Hy homself prysgee en dat Hy die Een is wat die verlossing bewerk. Daarom word Hy geteken as die Lam, asof Hy geslag is.

**Openbaring 5:5-13**

| | | |
|---|---|---|
| 5 | a) Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie.<br>b) Kyk, die Leeu uit die stam van Juda,<br>c) die Afstammeling van Dawid,<br>d) het die oorwinning behaal<br>e) en kan die boek met die sewe seëls oopmaak." | |
| 6 | f) Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan,<br>g) die Een wat geslag was.<br>h) Hy het sewe horings en sewe oë gehad.<br>i) Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is. | |

| | | |
|---|---|---|
| 7 | j) Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit. | |
| 8 | k) Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel.<br>l) Elkeen van hulle het ’n siter gehad<br>m) en ’n goue bak vol wierook,<br>n) die gebede van die gelowiges. | |
| 9 | o) Toe sing hulle ’n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem<br>p) en die seëls daarvan oop te maak<br>q) omdat U geslag is<br>r) en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. | |
| 10 | s) U het hulle ’n koninkryk en priesters vir ons God gemaak<br>t) en hulle sal oor die aarde regeer.” | |
| 11 | u) Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge ’n groot menigte engele gesien.<br>v) Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. | |
| 12 | w) Ek het hulle hard hoor uitroep: “Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.” | |
| 13 | x) Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is,<br>y) het ek hoor sê: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.” | |

Wat die lokusie betref, val die begrippe op:

Ouderling
Leeu
Afstammeling
Dawid
Oorwinning
Seëls
Troon
Lewende wesens
Lam
Geslag
Sewe

Geeste van God
Boek
Kniel
Siter
Wierook
Nuwe lied
Geslag
Waardig
Alles
Troon
Lof
Eer
Heerlikheid
Krag
Ewigheid

Die illokusie beklemtoon die Leeu, maar ook die Lam wat geslag is, en dan oneindige heerlikheid ontvang as die eer aan Hom gebring word deur die gemeenskap om die troon wat sy eer tot die hoogste verheffing beklemtoon. Die rede vir die verheffing van die Lam is ook duidelik omdat die Lam dié wat aan God behoort losgekoop het. Hierdie daad bring oneindige lof mee.

Die wyse waarop die koöperatiewe beginsel en voorwaardes sekere implikasies na vore bring, kan nagespeur word.

Die beginsel van ekonomie word oortree wanneer (b) en (c) die besondere waarde van die Persoon beklemtoon. (f) en (g) herhaal die betekenis van die lam. Die herhaling van die begrip sewe in (h) en (I) oortree weer eens die beginsel van ekonomie en beklemtoon die besondere betekenis van die toneel om die troon en die waardigheid van die Lam. (q) en (r) herhaal geslag en bloed om die lyding maar ook betekenis van die dood te beklemtoon. (r) herhaal die omvangryke verlossing met die implikasie dat dit besonder universeel is. (v) oortree die beginsel van ekonomie om die totale heerlikheid van die lam te beklemtoon. Die herhaling in w dui in geen onduidelik taal nie op die implikasie van die wonder van die Lam/Seun. (x) en (y) ewe-eens.

Die perlokusie is dus juis dat die Lam verheerlik word as die Een by die troon, maar ook as die geslagte Lam. Christus is dus beide die Een op die troon wat

verheerlik moet word as/saam met God maar ook die een wat in die ellende van die lewe ingaan as die Een wat die Offerlam is.

Aune (2002a:352) beskryf die betekenis van die Lam as heerser of leier maar ook as geofferde Lam. Jesus is die Messias wat oorwin maar is ook die gekruisigde Messias. Hierdie tweevoudige benadering, naamlik 'n *theologia crucis*, en 'n *theologia gloriae*, word deur Aune (1998:352) as 'n saak wat by verskeie skrywers van die Nuwe Testament voorkom, byvoorbeeld Markus, briewe van Paulus en die Johannes-evangelie, beskryf. Die oopmaak van die boekrol wat deur die Lam oopgemaak kan word, word aan die betekenis van die Messias wat die heil bring verbind.[84]

Johnson (1981:468) beklemtoon die totale uniekheid van die Lam. Hy is geslag maar is ook die Here.[85] Absolute eer en heerlikheid word aan Hom gebring. Die lofsange aan Hom beklemtoon sy goddelikheid. Die lof aan Jesus is dieselfde lof aan God. Ook in die Qumran geskrifte word die lof so aan God gebring (1981:470).

> *Toe het ek voor die troon wat omring was deur vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was.*

Dit is baie duidelik dat Jesus Christus se heerskappy en majesteit binne die raamwerk van die Een wat geslag is, die Lam wat geslag is, die Een wat prysgee, die Een wat die kruishout moes dra en aan die kruis gesterf het, verstaan moet word. Hy is die Lam wat geslag is – so kom die oorwinning en daarom kan Hy wat as Lam geslag is later die volle oorwinning in sy heerskappy en heerlikheid weer dra. Daar word voor Hom gekniel en dan sing hulle in Openbaring 5:9:

> *U is waardig om die boek te neem*
> *en die seëls daarvan oop te maak*

84 Aune (2002a:373-374) bevestig dit:

> *The central dramatic scene of this vision segment is the cosmic sovereignty that the Lamb is revealed to possess, and the scene focuses on his acceptance of the sealed scroll from the hand of the one seated on the throne, symbolizing the full investiture of the Lamb (v 8). This focal revelation is followed by expressions of hymnic joy chanted by the twenty-four elders (vv 9-10), by an innumerable host of angels (v 12), by all created beings throughout the cosmos (v 13), with a concluding "amen" uttered by the four cherubim.*

85 Johnson (1981:468) skryf:

> *John notices that the Lamb who bears the marks of death is also the ruler who bears the signs of the fullness of divine omnipotence, dominion, and omniscience ("seven horns and seven eyes").*

*omdat U geslag is*
*en met u bloed mense vir God*
*losgekoop het*
*uit elke stam en taal*
*en volk en nasie.*
*U het hulle 'n koninkryk*
*en priesters vir ons God gemaak*
*en hulle sal oor die aarde regeer.*

Die heerskappy van Christus is 'n heerskappy wat spruit uit die lyding van die Lam wat geslag is omdat die Lam die verlossing gebring het. Hierdie heerskappy is dus die heerskappy van die prysgawe van die Een wat die verlossing bring en wat Homself oorgegee het. Twee gedeeltes bevestig dit, naamlik Openbaring 5:12 en Openbaring 5:13 se tweede gedeelte, sodat aan die Lam wat op die troon sit die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid behoort. So het die Lam van God wat Homself prysgegee het die verlossing en die heil bewerk. Die Lam van God is die ware Verlosser en Here. Hý bring die verlossing, geen ander nie. Hy is die Een wat die heil moontlik maak. Dit moet egter ook in verband met die oordeel-uitsprake verstaan word. Die Lam van God wat die verlossing bring is die geslagte Lam, maar is dan ook die Lam wat die oordeel van God aankondig. Hierdie Lam van God dra ook die oordeel van God oor. Die toneel van hulle wat uit die groot verdrukking kom word in Openbaring 7:10 aangetoon.

*Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!*

Dit is hulle wat die verlossing ontvang omdat die Lam die Een is wat vir hulle verlossing bied en hulle ontvang daardie verlossing van Hom.

Daarbenewens moet ook die trompette wat aankondig dat die oordeel voltrek sal word, altyd verstaan word binne die vergelyking van oordeel teenoor die verlossing van die Lam wat die verlossing bewerk. Wanneer die 144 000 dan in Openbaring 14 geteken word, word gesê dat hulle die Lam volg waar Hy ook al gaan en dat hulle onder die mense losgekoop is as eerstelinge vir God en vir die Lam. Hulle is onberispelik. Die heerskappy word verder voltrek in die wyse waarop die Lam die verlossing vir die gemeenskap bring. Daarteenoor staan die sedelose vrou, die val van Babilon, die oordeel wat voltrek word, die seemanne, die sakemanne wat huil oor die verskriklike val van die bose Babilon en die slegte

vrou. In hoofstuk 19 kom die ongelooflike gedeelte van die bruilof van die Lam. Openbaring 19:6:

> *Prys die Here!*
> *Die Here ons God, die Almagtige,*
> *heers nou as koning.*
> *Laat ons bly wees en juig*
> *en aan Hom die eer gee,*
> *want die bruilof van die Lam het aangebreek,*
> *en sy bruid het haar daarvoor*
> *gereed gemaak.*
> *God het haar dit vergun om fyn,*
> *helder blink klere aan te trek.*
> *Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges.*

Geseënd is hulle dus dan wat uitgenooi is na die bruilofsmaal van die Lam. Die beeld aan die een kant van die oorlogsheerser word aan die ander kant getemper deur die beeld van die geslagte Lam en die van die bruilofsfees. Wanneer oor die Lam en die wyse waarop die Lam die verlossing bring, gedink word, moet dit in gedagte gehou word. Die Lam se verlossing veronderstel altyd heerlikheid en majesteit wat die volle heil en verlossing van Christus beklemtoon. Alhoewel die beeld in Openbaring 19 een is van die Ruiter op die wit perd, die Woord van God, wat uitgaan om die oordeel van God aan te kondig, moet daar inderdaad telkens aangetoon word dat die beeld van die heerskappy van 'n militêre heerser, deur die beeld van die bruilof en die van geslagte Lam en satan wat oorwin word, oortref word. Daarom word in Openbaring 21:22 geskryf:

> *'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig en die Lam is sy lamp. Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan. Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie. Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.*

Openbaring 22 vat alles saam wanneer gehandel word oor die wederkoms van Jesus, en baie uitdruklik gesê word dat Jesus die Een is wat gou sal kom en dat Hy die verlossing sal bewerk en dat Hy die Een is wat die volledige heil sal bring.

Openbaring 22:12 beklemtoon dat Jesus gou sal kom en sy loon sal bring om elkeen te beloon vir wat hy/sy gedoen het. Hy is die helder Môrester. Beelde word opgestapel om sy heerlikheid te beklemtoon maar die sentrale beeld in Openbaring bly die beeld van die Lam wat geslag is. Hy bring die heil.

Wat is dan die gevolgtrekking aangaande die boek Openbaring? Dit is wel waar dat Openbaring as apokaliptiese literatuur die heerlikheid van Christus teken as dat Hy die Een is wat die oorwinning behaal, soos 'n Heerser. Maar hierdie oorwinning, ook vir sy kerk word behaal sodat almal in die kerk die heerlikheid en heerskappy en majesteit van die oorwinning kan beleef. Die wonder daarvan is groot. Daardie heerskappy en daardie heerlikheid word uitgedruk in die beeld van die geslagte Lam, maar ook in die beeld van die bruilofsfees. Die Here is die Lam maar ook die Bruidegom wat die volle oorwinning van God in die wêreld behaal.

Wat Openbaring betref, is Schreiner (2013:629) van mening dat dit die volledige einde, die hoogtepunt, van die kanon is. God se koninkryk is gevestig en deur Jesus Christus is dit sigbaar, Hy is die Lam en die Leeu wat die oorwinning oor die draak behaal het en wat die slang verslaan het deur sy kruis en sy opstanding. So maak Hy dit moontlik dat die geskiedenis kan voortgaan en dat die oorwinning behaal kan word.

God is die soewereine Koning en die oorwinning is in Christus behaal. Die teenwoordigheid van God maak hierdie ryk van God so ongelooflik goed (2013:629) en daarom is daar inderdaad 'n sogenaamde "grand narrative". Hy beklemtoon vooruitgang is vanaf die begin by Adam en Eva wat moet heers oor die skepping tot in Openbaring waar Jesus Christus se groot oorwinning bevestig word. Hy beklemtoon die heil wat deurloop ten spyte van die mens se totale verwerping en ongehoorsaamheid en dat in Jesus Christus hierdie heil sigbaar is – nie alleen vir die Jode nie – maar ook vir die heidene (2013:639).[86]

86 Flemming (2015:127) vat dit goed saam:

> *Positively, Revelation beckons God's people to mediate the healing of the nations, which involves not only evangelizing people from every tribe and nation, but also practicing and working for peace, justice, and reconciliation within and among the world's nations. And it calls us to do so, even as we reenact the drama of the slaughtered Lamb, the one who in love 'emptied himself,' to the very point of death on a cross (Phil 2:5-11). If we are listening, John still tells us that this story of the slaughtered Lamb is not only the source of our salvation. It is the pattern of our life and mission in the world.*

In die lig van die spanningsveld wat in Openbaring voorkom, word bevestig dat Jesus Christus waarlik Een met God is. In die spanningsveld van die vervolging van die Kerk, word bely en erken dat Jesus waarlik die Seun van God is, en dat Hy uit God is.

### 4.3.8 Paulus

Paulus beklemtoon verskillende aspekte van die heerlikheid van Jesus Christus. Hy lê op 'n baie unieke wyse die majesteit en die genade van Jesus Christus vas in dit wat Hy kom doen het. In die verskillende briewe van Paulus word dit baie sterk beklemtoon.

Schreiner (2013:544) is ook van mening dat Paulus bevestig dat Jesus in die lig van die Ou Testamentiese aankondiging die nuwe Dawid is en dat dit belangrik is vir die koningskap van Jesus Christus omdat daar so dikwels na Hom verwys word as die Christus – 375 keer in Paulus se geskrifte.

Paulus bevestig ook dat die opstanding van Jesus sy oorwinning oor alle dinge beteken. Hulle wat aan Jesus Christus behoort, is die ontvangers van die verlossing wat Hy verkry het. Paulus hanteer ook die reeds- en die nog-nie-beginsel baie sterk. Christus het gekom om sy mense te verlos deur die kruis en die opstanding. Dit is vervul, maar dan is daar ook nog dit wat sal vervul word wanneer die verlossing volledig plaasvind (2013: 579).

Barrett (1994:170) is van mening dat die teologie van Paulus inderdaad in 'n paradoks dialekties is. Paulus stel Christus in die spanning van die tye bekend. Te midde van die verskillende aankondigings, worstelinge, herformulerings en verskillende aspekte van Paulus se begrip van die evangelie, is dit baie duidelik dat die Solus Christus sentraal in sy denke staan. Christus is die Gekruisigde met die Messias-geheim as die teken van die kruis. Die opstanding is nie triomfantalisme nie, maar dat dit is 'n bevestiging dat die gekruisigde Jesus ewig is en dat Hy gekruisig is vir hulle wat Hy red (1994:174).

Die Solus Christus is dus die kern van Paulus se teologie en die regverdigmaking deur die geloof is die skerpsnydende waarheid.

### *4.3.8.1 Filippense*

Filippense 2 beklemtoon dat Christus waarlik God is.

| | | |
|---|---|---|
| 5 | a) Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: | |
| 6 | b) Hy wat in die gestalte van God was,<br>c) het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, | |
| 7 | d) maar Hy het Homself verneder<br>e) deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem<br>f) en aan mense gelyk te word.<br>g) En toe Hy as mens verskyn het, | |
| 8 | h) het Hy Homself verder verneder.<br>i) Hy was gehoorsaam tot in die dood,<br>j) ja, die dood aan die kruis. | |
| 9 | k) Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef<br>l) en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, | |
| 10 | m) sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel<br>n) en op die aarde<br>o) en onder die aarde is, die knie sou buig, | |
| 11 | p) en elke tong sou erken:<br>q) "Jesus Christus is Here!"<br>r) tot eer van God die Vader. | |

Wat die lokusie betref, is daar die volgende belangrike begrippe, naamlik:

Gesindheid
Gestalte
Godgelyke
Verneder
Slaaf
Gehoorsaam
Kruis
Eer

Die betekenis wat in die illokusies na vore kom, is dat 'n gesindheid van nederigheid beklemtoon word. Dit word juis in Jesus Christus gevind wat in die gestalte van God is, maar Hy het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy hom moet vasklem. Daar is ook die alternatiewe betekenis van hierdie

woorde: "dat Christus sy Godgelyke status nie beskou het as iets wat Hy tot sy eie voordeel moes uitbuit nie." (Daar kan byvoorbeeld aan die versoekings in die woestyn gedink word waar Christus nie sy mag misbruik het nie). Die bedoeling van die vernedering is juis om aan te toon hoe verhewe Hy is. Die gelaaide begrip slaaf word nou aangewend om juis aan te toon hoe groot die vernedering is, maar ook hoe Hy Hom aan mense verbind. Verder word gehoorsaamheid binne die verband beklemtoon. Die gelaaide begrip, kruis, word gebruik om sy totale vernedering te verduidelik. Maar die omwenteling word deur die begrip eer na vore gebring. Elke knie sal buig om dit te erken.

Alhoewel daar in poëtiese tekste stylfigure aangewend word, is dit tog van belang dat die stylfigure ook die teksvoorwaardes oortree en implikasies ontstaan.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes word juis relevant wanneer daarop gelet word dat die teks die beginsel van ekonomie herhaaldelik oortree word:

- (c) en (d) herhaal die vernedering.
- (e) beklemtoon weer eens die vernedering deur die lokusie "slaaf".
- (f) herhaal die begrip deur "mens" by te haal.
- (d) en (h) herhaal die begrip.
- (j) is ook 'n uitbreiding van dit wat reeds gesê is.

Wanneer die beginsel van verhef en eer na vore kom, word die beginsel van kwantiteit ook oortree.

Let op "Hoogste eer" (k) en (l) "Naam bo elke naam" en (m), (n) en (o) wat die saak herhaal en ook (p) dat "elke tong sal bely".

Hierdie oortreding van die teks (gespreksreël) van kwantiteit laat geen twyfel dat die bedoelde perlokusie juis is dat Jesus, die Here, Een met God is.

Relevansie word ook oortree, wanneer in (e) en (f) die begrippe "slaaf" en "aan mense gelyk" gebruik word. Daarmee word sake bygebring wat nie nodig is om die relevante betekenis van Jesus as aan God gelyk te verduidelik nie. Juis daarom word die implikasie versterk dat Hy wat uit God is juis 'n slaaf en 'n mens word.

Die bedoelde perlokusie word weer eens bevestig: Hy is uit God. Wat egter tog duidelik is, is dat die bedoelde perlokusie ook aandui dat Hy volledig mens geword het in gehoorsaamheid.

Die ringskomposisie wat begin by die gelykwaardigheid van Jesus aan God sluit af met die beginsel dat almal sal getuig dat Hy die Here is.

Dunn vind dat die himne sterk aansluit by die Adam tipologie in Genesis, die eerste Adam-laaste Adam tipologie. Christus wat die "Beeld van God" is het volgens Dunn nie "begeer" om soos God te wees nie, maar Adam, wat na die "beeld van God" geskape is, het wel begeer om soos God te wees. Jesus Christus het Homself verneder, maar Adam het homself verhoog. Jesus Christus ontvang eer en heerlikheid, maar Adam word veroordeel en ontvang vloek.[87]

Hawthorne (2004:110-111) toon aan hoedat hierdie Christus-himne unieke betekenis in Paulus se hantering van die Christologie verkry. Die oorsprong daarvan is veelduidig en oor die betekenis word verskeie standpunte gehuldig, maar van groot belang is die standpunt dat Paulus Christus se Eenheid met God beklemtoon. Alhoewel daar nie direk gesê word dat Jesus Christus God is nie, word sy verhouding met God essensieel uitgedruk. Die himne druk dan uit dat Christus in die gestalte van God was. ἐν μορφῇ θεοῦ ὑπάρχων. Morphe is moeilik om te verklaar maar druk uit dat daar wonderbaarlike eenheid is.[88] Dit is 'n besondere uitdrukking van Christus se heerlikheid.[89]

Van de Beek (1998:122-123) se benadering word hier gevolg teenoor dié van Dunn. Van de Beek wys daarop dat Christus volgens Paulus die heerlikheid van

87 Hawthorne (2004:104). Na 'n ongepuliseerde weergawe van L.A. Losie, in navolging van Dunn, "Christ, Adam, and Preexistence," 76.

88 Hawthorne (2004:110-111) skryf:

> *Thus, when this word is applied to God, his μορφή, "form," must refer to his deepest being, to what he is in himself ... To say, therefore, that Christ existed ἐν μορφῇ θεοῦ, "in the form of God," is to say that outside his human nature Christ had no other manner of existing apart from existing "in the form of God," that is, apart from being in possession of all the characteristics and qualities belonging to God. This somewhat enigmatic expression, then, appears to be a cautious, hidden way for the author to say that Christ was God, possessed of the very nature of God ...*

89 Hawthorne (2004:114-115) bevestig die wonderbare betekenis:

> *So Phil 2:6-11 is a self-contained unit of Christian hymnody, an aretalogy in praise of the church's Lord, who becomes such as he is acknowledged by all cosmic powers as their rightful ruler. The hymn sets down the "way" he took from the Father's eternal presence, where he enjoyed the privilege of reflecting God's glory as his "image," to his ultimate glory alongside God's throne by way of his becoming human (v 7), his obedience to death (v 8), and then his being exalted to the divine throne as Lord of all creation (vv 9-11).*

die Vader deel en dat Hy vanuit die heerlikheid van die Vader na die bestaan op aarde kom. Sy heerlikheid, sy majesteit, is sigbaar in sy inkarnasie. Sy wonderbare koningskap word baie duidelik na vore gebring. Dit is Hy wat in sy heerlikheid en in sy majesteit na die mens toe kom en Homself openbaar as die Wonderbare Seun van God en dan in Filippense 2 word dit beklemtoon dat Hy dit nie as roof ag om gelyk te wees aan God nie. Dunn meen dat die bevestiging dat Jesus dit nie as roof ag om aan God gelyk te wees nie, op Adam slaan wat met God in verband gebring moet word. Van de Beek maak dit egter baie duidelik dat waarom dit hier gaan die besondere betekenis van die Seun van God is wat in die verhouding met die Vader van alle ewigheid in ’n unieke radikale besondere verhouding bestaan en dat dit beklemtoon moet word.

Daardie bestaan op God-gelyke wyse en in die gestalte van God is nie iets waaraan Hy moes vasklem nie, want Christus is die Een wat die heil en die verlossing bring, en Hy maak dit moontlik. Dit is alleen moontlik omdat Jesus Christus homself verneder het, gestalte van ’n slaaf aangeneem het, sodat Hy die mense kan red, en sodat, aan die ander kant, Hy tot die hoogste eer verhef sou word. Aan Hom is die Naam gegee bo alle name, sodat in sy Naam elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken, Jesus Christus is Here, tot eer van God die Vader. Daardie heerlikheid en daardie majesteit word dan totaal beklemtoon en verenig in dit wat Christus doen. Sy gehoorsaamheid as Seun van God het besliste betekenis vir die kerk en die sending. Gehoorsaam moet die kerk die sending uitvoer deur God se boodskap uit te leef. Flemming (2015:84) dui aan dat die kerk juis deel in die wonder van die sending omdat God elke knie voor Jesus sal laat buig. Christus moet as Here verkondig word omdat die kerk ook die toekoms in Jesus Christus verwag. Hierdie erkenning dat Jesus die Here is het beteken dat téén die keiser getuig word dat Hy as Gekruisigde die ware Verlosser is. Op sy beurt beklemtoon Gorman (2015:140) dat die kerk die verhaal van God in die wêreld moet word. Filippense 2 roep die kerk op om die waagstuk aan te gaan om met alle moontlike ywer en diens God se saak volledig uit te leef.[90]

90 Gorman (2015:140) bevestig hierdie waarheid:

> *What they, and we, are called to proclaim and perform is the Pauline narrative about the crucified Jesus as the self-giving, life-giving Son of God and sovereign Lord.*

#### *4.3.8.2 Romeine*

Wat Paulus betref, word daar dikwels debat gevoer oor die volle betekenis van sy interpretasie van Jesus Christus se Eenheid met God. Daar is by Paulus talle getuienisse dat Hy Jesus Christus op dieselfde vlak as YAHWEH stel. Nie alleen met die getuienisse van die woord *Kurios*, en die aanbod wat gemaak word in sy belydenisse nie, maar ook in die geheel van die verduideliking van wie Jesus Christus is. Daar kan aangetoon word dat daar soms by Paulus gedeeltes is wat moontlik op adopsionisme dui, byvoorbeeld Romeine 1:4. Die vraag is egter of Paulus nie juis beklemtoon dat Hy aangewys word sodat Hy erken kan word as Seun van God nie, maar dat dit nie beteken dat Hy nie juis Seun van God van ewigheid is nie. Die Heilige Gees bevestig net wat Jesus reeds is, naamlik die Seun van God in heerlikheid. Let op hoe dit gestel word: ... *die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here.* Dit is nie die taal van adopsianisme nie, maar van die erkenning van die heerlikheid van Jesus.

Die vryspraak word immers bereik deur in Jesus Christus te *glo* (Rom 3:21). Hy maak dit baie duidelik dat Christus die verlossing gebring het, en niemand anders nie. Daardie verlossing is nou 'n moontlikheid omdat (Rom 3:25) God Christus gegee het as

> *'n offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo.*
>
> *Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels, Hy het die sondes wat hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe, maar Hy het ook getoon dat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels. Hy oordeel regverdig, deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.*

Daar is talle verwysings, soos byvoorbeeld Romeine 5:1, dat die vrede met God kom deur in Jesus Christus ons Here te glo. Weer eens bevestig dit die Eenheid met God in die wyse waarop geloof in die Here dit bevestig. Daar word wel in Romeine 6:4 bevestig dat God Jesus opgewek het, maar dit beteken nie dat die Eenheid met God ontken word nie want die opstanding is beide die herrysenis van die mens Jesus en die bevestiging van sy Godheid. Die ewige lewe kom immers deur Jesus (Rom 6:23). Die gelowiges is ook erfgename van God in Christus (Rom 8:17). Die liefde van God is in Jesus Christus (Rom 8:39).

*Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie.*

Romeine 9:5 is duidelik in die erkenning dat Jesus God is.

*… hulle stam van die aartsvader af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen.*[91]

Vanuit die Griekse grammatika moet 'n beklemtoon word dat die Godheid van Christus bevestig word.

Ook die lofsang op God se genade sluit Jesus Christus in (Rom 11:33-36). Romeine 14:9 bevestig dat Jesus lewend geword het en Here is van dooies en lewendes, wat net God toekom. Die Lof aan Jesus is ook oorvloedig (Rom 15:7-13).

Die verlossing van die heil en die genade wat Christus bied, kan nie anders as om vir die nasies heil te bring nie. Romeine 15:9:

*Daarom sal ek U loof*
*voor die nasies,*
*en tot eer van u Naam*
*sal ek 'n lofpsalm sing.*

---

91 Jewett (2007:568) verduidelik die betekenis van die teksgedeelte besonder goed:

> *On the one hand, there is no denying the roots of the messianic expectation and the cultural origins of Jesus; but, on the other hand, resistance to recognizing Jesus as the Christ involved the question of his divinity, which Paul boldly claims at the end of this introduction to the third proof. This sets the stage for arguing in 10:9 that confessing Jesus as 'Lord' leads to salvation, and in 10:11 that Jesus is Lord of all. If salvation results from calling on the 'name of the Lord' (10:13), then the salvation of 'all Israel' in 11:26 would entail their regocnition that Jesus is 'really God over all things' (9:5). If Christ is to be 'blessed for the ages,' then the doxology typical for the OT and Hebrew worship is extended to him as God.*

Kyk ook Witherington 111 (2004:251) wat aantoon dat dit inderdaad beter Grieks is om te aanvaar dat die verwysing eerder terug na Christus verwys as vooruit na God. Indien die doksologie op God van toepassing sou wees volg dit nie Paulus se normale hantering daarvan nie. Daarteenoor stel Dunn (1998b:529) dit dat dit vreemd vir Paulus sou wees om Christus as God te beskryf al sou hy wel heerlikheid aan hom toeken. Dunn se standpunt kan egter nie aanvaar word nie omdat hy dit eintlik op sy benadering van Filippense 2 bou wat reeds vroeër hierin afgewys is.

Selfs Paulus se bevestiging van sy sendingroeping bevestig Jesus Christus se besondere betekenis (Romeine 15:15-19). Die lof aan God kom ten slotte deur Jesus Christus (Rom 16:27).

#### *4.3.8.3 Kolossense*

'n Brief wat nie as 'n egte Paulus-brief beskou word nie, Kolossense, beklemtoon hierdie aspek van die heerlikheid en die heerskappy en majesteit van Christus baie sterk. Veral die wonderlike lied wat gesien word as 'n ou Christelike lied, Kolossense 1:15-20, het unieke implikasies. In die eerste plek word daar beklemtoon dat die Seun die beeld van God is wat self nie gesien kan word nie, die enigste Een wat werklik vir God kan vertoon. In die tweede plek is die Seun die oorsprong van die skepping. Alle dinge het uit Hom ontstaan.

**Kolossense 1**

| | | |
|---|---|---|
| 15 | a) Die Seun is die beeld van God,<br>b) van God wat self nie gesien kan word nie.<br>c) Die Seun is die Eerste,<br>d) verhewe bo die hele skepping. | |
| 16 | e) God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is:<br>f) alles wat gesien kan word<br>g) en alles wat nie gesien kan word nie,<br>h) konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders.<br>i) Alles is deur Hom en vir Hom geskep. | |
| 17 | j) Voor alles was Hy al daar,<br>k) en deur Hom bly alles in stand. | |
| 18 | l) Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk.<br>m) Hy is die oorsprong daarvan,<br>n) Hy is die Eerste,<br>o) die Een wat uit die dood opgestaan het,<br>p) sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. | |
| 19 | q) God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon | |
| 20 | r) en om deur Hom alles met Homself te versoen.<br>s) Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel,<br>t) deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. | |

Wat die lokusie betref, val die volgende begrippe op:

Seun
Beeld
God
Geskep
Konings
Heersers
Maghebbers
Gesagvoerders
Hoof
Liggaam
Kerk
Eerste
Dood
Opgestaan
Bloed
Kruis
Vrede
Versoen

Die illokusie beklemtoon deurgaans die voorrang van die Seun wat verhewe is bo alle ander. Let op die wyse waarop die illokusie die herhaling van begrippe dra om die verhewenheid van die Seun te beklemtoon. Hy is verhewe bo die gesagsdraers van die oudheid wat besondere mag gehad het. Verder is Hy die Hoof van die gemeenskap wat as kerk aangedui word. Daarop volg die gelaaide begrippe dood, kruis, bloed en versoen. Die teksgedeelte bou op tot die unieke heerlikheid van die Seun.

Die koöperatiewe beginsel en voorwaardes is van groot belang om die implikasies van die teksgedeelte na te speur.

Die beginsel van kwantiteit word deurgaans oortree. Die verhewenheid van die Seun word telkens herhaal in (c), (d), (e), (f), (g) en (h). In (h) is daar oorvloedige herhaling en oortreding van die beginsel van kwantiteit. Die implikasie is duidelik dat die voorrang van die Seun bo alle maghebbers uitermate beklemtoon word.

Die feit dat Hy voor alles daar was word weer in (I), (j), (k) en (l) beklemtoon. Die implikasie is dat sy pre-eksistensie beklemtoon word.

Die feit dat Hy die Eerste is deur die oortreding van die beginsel van ekonomie word weer eens in (m), (n), (o) en (p) beklemtoon.

Die begrip versoen word in (r) en (t) herhaal en vrede (s) sluit ook daarby aan om die implikasie dat die Seun die ware versoener is te beklemtoon.

Die perlokusie is dan ook juis dat Jesus bo alles en almal is.

O'Brien (2002:42-43) dui op die betekenis van vers 15. ὅς ἐστιν εἰκὼν τοῦ θεοῦ τοῦ ἀοράτου: Daar word op 'n unieke wyse in die himne beklemtoon dat Christus vereer moet word as die geliefde Seun wat die beeld van God is (εἰκών). Dit is die totale verheerliking van die Seun in wie God geopenbaar word. Al het niemand God gesien is Hy juis in Christus sigbaar en kenbaar (vgl. ook Joh 1:18). Ook Paulus getuig daarvan (vgl. 2 Kor 4:4, 6; cf. 3:18). Ook die Hebreër-skrywer beklemtoon dat in Christus die glans (ἀπαύγασμα) van God se heerlikheid sigbaar is (vgl. Heb 1:3).[92]

O'Brien (2002:42-43) beklemtoon ook 17. καὶ αὐτός ἐστιν πρὸ πάντων καὶ τὰ πάντα ἐν αὐτῷ συνέστηκεν dat Christus se heerlikheid oor die hele heelal strek en dat Hy daaroor heers. Die pre-eksistensie en kosmiese betekenis van Christus word weer eens bevestig. Juis daarom is Arius nie korrek wanneer hy sê dat daar 'n tyd was toe Christus nie bestaan het nie.[93]

Juis omdat Hy die Middelaar is, hoef daar nie vrees vir magte en gesag te wees nie.[94]

Kolossense 1:15-20 is dus 'n merkwaardige teksgedeelte. Nie alleen bevestig hierdie lied die besondere betekenis van Jesus Christus vir die kerk nie, maar dit

92 O'Brien (2002:42-43):

*As the preexistent One (cf. John 8:58) he is Lord of the universe.*

93 O'Brien (2002:47):

*He is the sustainer of the universe and the unifying principle of its life. Apart from his continuous sustaining activity (note the perfect tense συνέστηκεν) all would disintegrate.*

94 O'Brien (2002:53):

*As the "image of the invisible God," Christ is the preexistent One who has revealed the very nature and character of God. He is both prior to and supreme over creation, for he is its Lord. All things have been created in him as the sphere and through him as the agent. Yet the passage tells us more: Christ is unique, for he is the ultimate goal of all creation (no parallel assertion was ever made of Wisdom in the OT or Jewish literature).*

maak ook die kosmiese betekenis van Jesus Christus duidelik. Christus is hoof van die kerk en die heelal. Christus se hoofskap hang egter ook ten diepste met sy versoeningswerk saam. Die universele aard van die versoening kom ook sterk na vore. Vir die sending het dit verskeie implikasies en die teenwoordigheid van die volheid van God in Christus beteken ook dat die sending hierdie waarheid sal moet verkondig. Die feit dat Jesus die Here van die heelal is, het die implikasie dat Hy die wonder van God ten volle vertoon. Die vraag wat gestel moet word, is: Wat is die implikasie van Christus se hoofskap in die versoening vir die kerk en die wêreld? Dit beteken dat 'n mens ook sal moet beoordeel op watter wyse Christus se versoeningswerk nie alleen die kerk bepaal nie, maar ook die wêreld in al sy verbande. Sou dit 'n omvattende benadering tot die sending onderlê, en indien wel, op watter wyse?

Ten spyte van die feit dat daar verskeie standpunte oor die teksgedeelte is, is daar redelike konsensus dat dit 'n himne is.[95] Harris (1991:41) is van mening dat sekere stylfigure nie noodwendig 'n himne veronderstel as daar nie 'n duidelike metriese patroon is nie. Dit beteken nie dat daar 'n lied in die moderne sin van die woord voorkom nie. Sekere stilistiese elemente wat voorkom, dui egter op die himniese karakter van die gedeelte.[96]

Oor die Pauliniese outeurskap van die gedeelte is daar geen eenstemmigheid nie. Daar is verskeie eksegete wat nie die outeurskap van Kolossense aan Paulus toeskryf nie, en ook nie dié van die himne nie (vgl. Helyer 1983:170,171 vir 'n volledige oorsig oor die vraagstuk). O'Brien (2002:xli e.v.) beklemtoon egter wel dat Paulus die outeur kan wees. Hy sou ook deur die redigering van die gedeelte die outeur van die himne kon wees. Hy verwys na argumente teen die Pauliniese

95 *The striking character of the language used in the middle section of the first chapter of Colossians suggests the identification of vv. 15-20 as a separate hymnic unit: a glorification of the Son of God as co-creator of the universe and the one in whom God reconciles all to Himself.* (Behr 1996:247; vgl. egter Harris 1991:41).

96 Baugh (1985:228) skryf:

> *I find, however, that the structure of Col 1:15-20 can indeed be identified without reconstructing the text. In its details it is quite intricate; nevertheless, the overall pattern is a simple chiasm much like poetry and prose from the OT and from other Semitic works ... This assumes that we can rank the Colossians poem as a type of Semitic versus some other kind of poetry.*

outeurskap en toon aan dat so 'n beoordeling nie aanvaar behoort te word nie.[97] (kyk ook na Guthrie [1974:554] en Kümmel [1975:346] vir aanvaarding van die Pauliniese outeurskap). Brown (1997:610-615) is egter veel meer huiwerig en na deeglike oorweging besluit hy teen Pauliniese outeurskap (kyk ook na Schweizer [1982:59]), terwyl Barclay (2001:35) versigtig is om 'n keuse uit te oefen (kyk ook na Standhartinger [1999:29 e.v.] oor die pseudepigrafiese werke in die Nuwe Testamentiese tyd).

Dit is dus nie duidelik of ons hier met 'n deeglik gekonstrueerde himne te doen het nie, maar wel dat sekere stylfigure dit veronderstel (O'Brien 2002:32 e.v.). Ook Guthrie (1981:352) wys op die ritmiese vorm, ongebruiklike woordeskat en verhewe styl as himniese karaktertrekke. Schweizer (1982:63 e.v.) probeer selfs om die oorspronklike himne te rekonstrueer. Barclay (2001:59) meen dat dit nie ooreenkomste met Hellenistiese of Joodse himnes toon nie, maar dat dit wel sekere himniese karaktertrekke vertoon. Dunn (1996:83-84) beskou dit wel as 'n himne in oorspronklike vorm. Okure (2002:64) is van mening dat dit 'n lied is wat by die doop gesing is.

Sekere parallelle gedeeltes kom voor. O'Brien (2002:36 e.v.) toon dit volledig aan:

- ὅς ἐστιν εἰκών ("Hy is die beeld", v. 15) is parallel aan ὅς ἐστιν ἀρχή ("Hy is die oorsprong", v. 18).
- πρωτότοκοσπάσης κτίσεως ("eersgeborene van die skepping [die Eerste, verhewe bo die hele skepping"], v. 15) is parallel aan πρωτότοκος ἐκτῶν νεκρῶν ("eersgeborene uit die dood. [Hy is die Eerste, die Een wat uit dood opgestaan het]", v. 18).
- Verder word elkeen van die relatiewe sinne deur gevolgsin gevolg, 'n sinsnede wat begin met ὅτι ("omdat"):
    - ~ ὅτι ἐν αὐτῷ ἐτίσθη ("omdat alle dinge deur hom geskape is,[God het deur Hom alles geskep]", v. 16); en

97 O'Brien (2002:xli e.v.):

> *Such a judgment in our view appears to be unduly negative and presupposes an almost infallible understanding of what Paul could or could not have done. It also does not really explain the close similarities between Colossians and the generally accepted Pauline letters, ...*

- ~ ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν ("omdat in Hom ... verheug [God het besluit om met sy volle wese]", v. 19).
- Die kosmiese aspekte van Christus se heerskappy word aangetoon in vers 16, εἴτε θρόνοι εἴτε κυριότητες εἴτε ἀρχαὶ εἴτε ἐξουσίαι ("trone maghebbers en heerskappye en gesagvoerders"[konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders]) en vers 20, εἴτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς εἴτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς ("dinge [alles] op die aarde en in die hemel").
- Verder kry 'n mens die frekwensie van πᾶς ("alles") en die formele chiasme in 16c and 20:

| | |
|---|---|
| *A* τά πάντα ("alle dinge[alles]") | *B* καί δῖ αὐτοῦ ("en deur Hom ") |
| *B* δῖ αὐτοῦ καί ("vir Hom en") | *A* τὰ πάντα ("alle dinge [alles]"). |

In vers 16 kom twee voorbeelde van chiasme voor. Twee reëls kom voor in 'n chiasme van sinonieme parallelisme:

ὅτι ἐν αυτῷ ἐκτίση τά πάντα
τὰ πάντα δῖ αὐτοῦ καὶ εἰς αὐτὸν ἔκτισται
"want in Hom is alle dinge geskep [God het deur Hom alles geskep]"
"Alle dinge is vir Hom en deur Hom geskep"

Tweedens word τὰ πάντα ("alle dinge") uitgebrei:

ἐν τοῖς οὐρανοῖς καὶ ἐπὶ τῆς γῆς
τὰ ὁρατὰ καὶ τὰ ἀόρατα
"In die hemel en op aarde,
Sigbare en onsigbare dinge [alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie]"

Die herhalende τὰ πάντα ("alle dinge") en werkwoord ἔκτισται ("skep") is 'n voorbeeld van 'n *inclusio wat die tweede* chiasmus bind. Die formele korrespondensie tussen 17 and 18 moet ook aangetoon word:

17 καὶ αὐτός ἐστιν πρὸ πάντων
18 καὶ αἰτός ἐστιν ἡ κεφαλή
"en [voor alles was Hy al daar] ...
En [Hy is die hoof] ..."

Hierdie verduideliking deur O'Brien (2002:36 e.v.) bevestig dat daar wel 'n sterk himniese karakter aan die teksgedeelte is.

Dit is duidelik dat Paulus standpunt inneem teen 'n dwaalrigting waarvan die aard onseker is, al word gnostiek en misteriegodsdiens dikwels aangedui (Barth & Balke 1994:21-23). In die dwaalrigting word Christus se heerskappy bevraagteken en die volkomenheid van sy verlossingswerk aan bande gelê. Hierteenoor stel Paulus Christus se totale en volstrekte uniekheid (Roberts 1984:150). Barclay (2001:40-48) gee 'n volledige oorsig oor standpunte oor die saak waarteen Paulus polemiseer, naamlik Joods-Christelike gnostiek, 'n verchristelikte misteriegodsdiens, mistieke Joodse geloof, Hellenistiese filosofie en sinkretistiese volksgeloof. Guthrie (1981:353) veronderstel 'n Joodse agtergrond vir die himne. Hy veronderstel ook dat Paulus polemiseer teen die gedagte dat die Torah verhewe is deur Christus se verhewenheid te beklemtoon. Barclay (2001:67) hanteer die saak vanuit die standpunt dat dit 'n kreatiewe teologiese ontwikkeling is waarin Christene heidense konsepte met die opgestane Christus in verband bring soos die hellenistiese Jode die hellenistiese filosofie met Joodse wysheid vermeng het. Dunn (1996:90) beklemtoon ook dat die element van wysheid 'n belangrike rol in die gedeelte speel. Witherington III (2007:130) toon volledig aan dat daar elemente is wat ooreenstem met die Wysheid van Salomo ten opsigte van die rol van wysheid en dat daar dus ook verwysings na die Joodse begrip voorkom.

Sekere hooftemas kom in die gedeelte sterk na vore:

### *Skepping*

Die verband tussen die gedeelte wat Christus as die Eerste voor die skepping stel in Genesis verbind die heil in Hom met die skeppingsteologie. As beeld van God is die Seun die Een deur wie die hele skepping in sy volheid geskape is. Die Seun as beeld van God is egter van 'n ander aard as Adam, wat skepsel is. Die beeld van God dui op 'n verteenwoordiger of manifestasie van God (Schweizer 1982:66). Thompson (2005:29) wys op die implikasies van Christus as beeld van God. Die onsigbare God is in Hom sigbaar en verder is Hy die volle beliggaming van God soos die wysheidbeeld dit vertoon.[98] Dit is God se heiligheid wat in Christus

98 Lohse (1971:48) beskryf dit soos volg:

> *As the 'image' of the invisible God, he does not belong to what was created, but stands with the creator who, in Christ, is acting upon the world and with the world.*

gestalte vind (Lähnemann 1971:47). Die Seun is self die een deur wie geskep word. Hy is egter nie slegs die Skepper van die fisiese, sigbare wêreld nie, maar heers ook oor die onsigbare magte en heerskappye. Uitman (1978:32) toon aan dat dit juis nie die magte is wat aanbid moet word nie, maar Jesus self. Teenoor die "af"goddelike magte is die een wat aanbid moet word waarlik God.[99] Ook Gundry (2010:12) bevestig dat die Seun deur die inkarnasie die onsigbare God sigbaar maak. Witherington III (2007:133) beklemtoon dat die ooreenstemming tussen Christus en God nie in uiterlike voorkoms geleë is nie, maar in die volledige verteenwoordiging van God in Christus.

Martin (1972:40-42) toon aan hoe die vraag of die skeppingsteologie in die teks deur die gnostiek beïnvloed is, bevraagteken moet word omdat die gnostiek waarskynlik nie vroeg ontwikkel het nie, en omdat 'n mens waarskynlik eerder die agtergrond in die Joodse wysheid as in die gnostiek moet soek. Kolossense beskou die heerlikheid van Christus as skepper in samehang met die wysheid van God en met die personifisering van die wysheid in die Ou Testament (Bruce 1977:124). Christus is die volle wysheid van God (Thurston 1995:33).[100]

Die Seun se heerlikheid word verder bevestig deurdat Hy die Een is vir wie alles geskape is. Verder word die voorsienigheidsleer daarin bevestig dat die Seun die Een is wat alle dinge in stand hou. Christus is dus nie alleen die Een wat die skepping inisieer nie maar ook die Een wat dit bewaar (Carson 1983:43). Hiermee word ineens die wonder vasgelê van die Seun as die Een wat die hele skepping bepaal (vgl. Kümmel 1975:336). Die Seun is inderdaad die eniggebore van God en die verband met Johannes 1 is ook duidelik. Die himne bevestig die Seun se heerlikheid. Hierdie heerlikheid oorspan die hele heelal. Uitman (1978:34) noem dit die *leitmotiv* van die hele brief.

Hierdie *leitmotiv* bepaal die skepping in al sy verbande. Geen aspek van die heelal is van die heerskappy van Christus uitgesluit nie. Die skeppingsteologie word so

---

99 Christensen (2007:318) beklemtoon dat:

> *Christ is not an example of something else, neither a universal principle nor an abstract rationality. He is, in his person and work, the actual presence and activity of the living God.*

100 Bruce (1984:102) skryf in hierdie verband:

> *Whatever other figures in Jewish literature may have préexistence ascribed to them, none of them is credited with such cosmic activity and significance as are here predicated of the préexistent Christ.*

op radikale wyse aan Christus verbind. In Ou Testamentiese verband word die skepping deur God self bepaal wat die dinge tot aansyn roep, en God se heerlikheid word daardeur bevestig. Jesus Christus self word nou die een wat die skepping bepaal (Witherington III 2007:134). Dit beteken dat God en Christus, as eenheid, self radikaal in die heerlikheid deel. Die skeppingstaal is egter volledig.[101]

Dit beteken ook totale oorwinning. Wilson (1997:197) praat daarom van God se kosmiese oorwinning wat daarin geleë is dat Christus ook oor die kosmiese magte triomfeer. Dit is dan juis Christus wat die magte onttroon en deur sy rol in die skepping en sy versoenende dood aan die kruis sy heerskappy toon (Thompson 2005:9).

### *Christus se hoofskap oor die kerk*

Harris (1991:43) verduidelik dat die onsigbare God wat 'n ontoeganklike lig bewoon Hom sigbaar in sy Seun openbaar. Die verhouding tussen Christus en die kerk word egter ook duidelik vasgelê. Die heerlikheid van die Een wat die beeld van God is, maar juis in sy verhewenheid bo die skepping is, bevestig ook sy heerlikheid as Hoof van die kerk. Die eie unieke aard van die kerk word sterk bevestig. Hy is nie alleen die Hoof van die kerk nie. Hy is ook die oorsprong daarvan. As Here van die heelal is Hy in besonder die Here van die kerk (kyk na Guthrie 1981:357).[102]

---

101 Guthrie (1981:356) skryf dan ook:

> *In no clearer way could he have set Christ at the very centre of creation, and in no more explicit terms could he have asserted his superiority.*

Goppelt (1982:77) stel dit soos volg:

> *Being the agent of creation meant accordingly not merely participation in an event at the beginning but the enduring relationship to the cosmos. He was the 'first-born of all creation' (v. 15b) not because he was the first one to be created and as such would introduce the succession of that which was created, but because he 'is before all things'. (v. 17).*

102 O'Brien (2002:49) skryf:

> *We consider, then, that it was Paul, rather than some unknown redactor, who is the originator of this way of expressing the church's vital union with Christ, the head (cf. Col 2:19). Using the Old Testament concept of corporate personality and by referring to "body" (σῶμα) and "head" (κεφαλή) as he does, he has made his own distinct contribution to NT Christology and ecclesiology.*

Christus is die Een wat bepaal wat die kerk is. Dit beteken dat die kerk inderdaad die skepping van Christus is. Christus is die Hoof van die skepping en ook van die kerk. Die Here van die kerk is die onbetwiste Here van die koninkryk van God. Waar die Hoofskap van Christus in Efesiërs op die kerk van toepassing is, word dit in Kolossense na die hele wêreld uitgebrei (vgl. Uitman 1978:7).

### *Die eenheid van Christus en God*

Die Christologie bepaal dus hierdie benadering op 'n besondere wyse (Standhartinger 1999:217). Deur die opstanding word bevestig dat Hy die eerste plek in die heelal inneem. Die opstanding bevestig die hoofskap van Christus oor die kerk en die wêreld. Die eenheid met God is dus nie onderhandelbaar nie en word in die gedeelte radikaal bevestig. Die eenheid met God bevestig dus die wonderbare erkenning dat Christus die Here is. Guthrie (1981:358) toon aan dat die Godheid van Christus juis daarmee bevestig word.[103]

### *Die versoening aan die kruis*

Christus se eenheid met God lei dan ook tot die versoening omdat God die versoening in Christus Trinitaries bewerk. Daarmee verkry die versoening 'n eie goddelike karakter. God woon met sy volle wese in Christus. Hy versoen alles deur Hom met Homself. Volgens Uitman (1978:36) gaan dit nie om idees of gedagtes of spekulasies nie, maar om 'n heilswerklikheid met reële gebeure en handelinge deur God waar Hy Homself offer, gee en oorgee in Jesus Christus. Guthrie (1974:551) bevestig Christus se "immeasurable superiority" in teenstelling met die voorstelling aangaande Christus deur die dwaalleraars van die Kolossense. Die werklike belewenis van die versoening beteken dat die heil in Christus in die tyd werklik word (Wall 1993:70). Die versoening is 'n radikale daad van God. Dit is nie die mens

103 Tripp (2004:78) toon in geen onduidelike taal aan nie die eenheid aan:

> *Christ is the image of God, and, as the firstborn before all creation, tbe instrument of creation, so that his relationship with the Father is the matrix and model of their shared work of creation. As the means of the reconciliation of all creation with the Father, he is (the texts say at least this much) indwelt on a permanent basis by the full being of deity.*

O'Brien (2002:56) beklemtoon die universaliteit van die versoening:

> *Paul affirms that this universal reconciliation has been brought about, not in some other-worldly drama, but through something done in history, the death of Jesus Christ upon the cross.*

wat God beïnvloed of aanmoedig om 'n nuwe verhouding te skep nie, maar God in Jesus Christus wat die daad van versoening moontlik maak (Schnelle 2005:454).

### *Die totale reikwydte van die versoening*

Die versoening het dus 'n sterk universele betekenis.[104] So kan die betekenis van die volledige heil wat Christus bring, bevestig word (Guthrie 1981:358). As sentrale tema is die versoening bepalend vir die verlossing van die wêreld. Die bedreiging deur die magte en heerskappye is dus verbreek. Die kruis van Christus het die radikale hoop na vore laat tree. Hierdie hoop is volledig omdat dit ook universeel is. Die versoening strek dus verder as die kerk, maar sluit dit ook in. Vanuit hierdie universele heil moet die koningskap van Christus beklemtoon word. [105]

Die werk van Christus is egter in die versoening van wesenlike belang. Dit vind nie los van Christus plaas nie en kan daarom nie universele versoening wees nie (Martin 1972:49). Ook Schweizer (1982:93) beklemtoon die radikale aspek van die versoening, maar hy beklemtoon dat dit in die geloof in Christus neerslag vind.[106]

In Kolossense 3 word uiteindelik op 'n unieke wyse gesê hoe heerlik die heerskappy van Christus is, want daar word beklemtoon:

> *"Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle gesterwe en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus*

---

104 Guthrie (1981:358)

105 Ook Brown (1997:604) bevestig Christus se totale heerskappy:

> *By divine election God in all fullness dwells in Christ. That is why through him all things can be reconciled to God.* (1:20a).

Carson (1983:46) beklemtoon ook die reikwydte van die versoening. Wall (1993:69) skryf:

> *To deny Christ as the Lord of God's creation is to deny the redemptive consequences of Christ's death; to reject God's desire to delight in the inherent goodness of creation is to reject the prospect of a new creation of redeemed humanity in Christ.*

Pokorný (1987:66) wys daarop dat die eskatologiese werklikheid hier in Christus reeds 'n aanvang neem.

106 Peterson (2010:44):

> *Colossians 1:20 teaches, then, not "cosmic salvation" or even "cosmic redemption," but "cosmic restoration" or "renewal." Through the work of Christ on the cross, God has brought his entire rebellious creation back under the rule of his sovereign power.*

*wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn, en in sy heerlikheid deel."*

Dit is dus duidelik dat vanuit die Nuwe Testamentiese getuienis die wonder van Jesus Christus as waarlik Seun van God wat uit God gekom het, God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, op 'n unieke wyse beklemtoon word, en dat daardie heerlikheid en majesteit verder uitgedra en beklemtoon moet word. Dit is dan juis in Jesus Christus waar die wonder van God se genade beklemtoon kan word, en verder gedra kan word. Dit is sy heerlikheid en majesteit wat ons inderdaad moet beklemtoon.

Samevattend wat Paulus betref, bevestig Kim (2002:165) dat die verhouding van Christus tot God uitgebeeld word in die eenheid met die Vader waar die laaste Adam juis die Here is wat die sentrale plek inneem in Paulus se Christologie. Dit hang saam met die Damaskus-Christofanie. Die Christologie is juis hieruit ontwikkel. Paulus bou sy teologie juis op dit wat hy op die pad na Damaskus beleef het. Christus openbaar homself as die beeld van God. Kim (2002:176) verwerp die kritiek van Dunn dat hy visioene vermeng en dit oorspan en dat hy dan daarom om daardie rede die Christologie te veel bind aan die Christofanie wat op die pad na Damaskus plaasvind. Barrett (1994:104) wys daarop dat Paulus inderdaad vir Christus vanuit die heerlikheid van sy opstanding en sy verheerliking verstaan. Daarom lê hy minder klem op Jesus as Messias of as Lydende kneg, maar die klem lê veral onder andere in 1 Korintiërs 15:3-8 op die verheerliking van Christus as die opgestane Here. Paulus beklemtoon dus dat Jesus Christus die Persoon is wat vanuit sy lewe, dood en opstanding en ook in 'n eskatologiese perspektief, eerder as in 'n bloot historiese perspektief verstaan moet word. Die heerlikheid van die Christus is duidelik in sy totale verheerliking. Hy verwys ook in 'n besonderse sin na Filippense 2 en is van mening dat juis daar die verskillende aspekte na vore gebring word wat Jesus Christus se heerlikheid beklemtoon. Verder lê hy ook klem op die feit dat die Adam-Christologie van betekenis is en wys hy daarop dat Paulus in hierdie verband Adam en Christus met mekaar in verband bring (1994:112).

## 4.4 SAMEVATTING

Daar is die vraag of Jesus onderdanig aan God in 1 Korintiërs 15:28 geteken word. Dui dit op die miskenning van die synseenheid? Die vraag is egter of dit nie

eerder dui op die voltooiing van Jesus Christus se aardse taak nie en nie op die verhouding met sy Vader nie. Paulus beklemtoon egter oorvloediglik dat Jesus Christus so aanbid en erken word dat Hy die volle heil en heerlikheid van God ontvang en dat Hy Een met God is, byvoorbeeld Filippense 2, en Kolossense 1.

Die ongelooflike getuienis van Paulus en Jakobus vat die getuienis dat Jesus Christus Een met die Vader is saam in 1 Korintiërs 2:8 en Jakobus 2:1 waar na Jesus verwys word as "ádonai kabod". Paulus en Jakobus is Jode. Dit kom God alleen toe. Onweerlegbaar word die heerlikheid van Jesus beklemtoon. Hy is die Here. En *Hy* is gekruisig.

Dit beteken dus dat Jesus Christus nie bloot vanuit die titels soos Seun van God, Here of Verlosser erken word as Een met God nie. Die getuienis uit die Skrif is oorvloedig. Nicea word telkemale bevestig. Die monoteïsme van die Jode word nie opgehef deur die belydenis dat die ware Messias Jesus Christus die Here, Een met God is nie (Wright 2013). Van de Beek se besondere bewysvoering word bevestig deur die eksegetiese ondersoek. Dit beteken dat transendensie ook in die sending ononderhandelbaar is. Hierdie Jesus is die Christus Een met God en Hy gee sy lewe sodat Hy ons versoening ís. Die sending kan dus nie anders as om dit te getuig en daaruit te lewe nie. Sending is dus nie 'n bepaalde getuienis oor hoe ons moet lewe nie, dit is ook nie die bevestiging van 'n oortuiging dat Jesus 'n besondere persoon is nie; dit is die getuienis is dat Hy Een met God is en dat dit erken moet word en dat Hy daarom ons versoening ís.

Vir die sending het dit ongelooflike betekenis. Hierdie Jesus is die Here. Hy is Een met God. Daarom moet juis Hy met alle oortuiging as Here en Redder verkondig word. Die sending sal sy dienskneggestalte moet vertoon. Deur die sending sal egter ook sy heerlikheid as ewige Seun van God onteenseglik bely moet word. Hierdie belydenis moet nou verder uitgebou word.

Samevattend kan dus gesê word dat in die Nuwe Testament daar sterk aanduiding van die Godheid van Jesus Christus is. Sy Godheid moet beklemtoon word. Dit beteken dat sy Godheid en transendensie van die allergrootste belang is vir enige benadering van die sending en die wyse waarop sending verstaan word.

# HOOFSTUK 5

## Die eie aard van die koningskap van Jesus Christus as die Een wat ons versoening ìs

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk moet bepaal word hoe die heerlikheid van Jesus Christus betekenis het in die koninkryk waar Hy as Koning regeer. Sy eenheid met die Vader beteken dat Hy die Here is. Daar moet bepaal word hoe Hy op velerlei terreine regeer. Dit is egter 'n vreemde koningskap. Hy is Een met YAHWEH en daarom Koning, maar juis as die Koning wat die mag prysgee en anders regeer as die menslike konings. In hierdie gedeelte moet bepaal word hoe Hy oor alle lewensterreine regeer op 'n vreemde wyse as die Een wat ons versoening ís. Daar moet altyd vanuit Jesus Christus se EENHEID met YAHWEH gedink word wanneer bepaal word hoe die heerskappy van God daar uitsien.

Die heerlikheid van Jesus Christus moet daarom deeglik ondersoek word. Sy EENHEID met die Vader is van die allergrootste belang. Dit beteken ook dat Hy die groot Koning is. Vir die sending is dit van die allergrootste belang omdat die betekenis van sy koninklike heerlikheid en sy transendensie van groot belang vir die mens is om sy bepaalde verbande te verstaan.

Die koningskap van Jesus Christus beteken dat Hy regeer. As groot Koning wat 'n anderse koningskap het as die menslike konings, is sy ryk nie van hierdie wêreld nie. Dit is 'n ander ryk, dit is 'n ryk van heerlikheid, dit wat 'n mense nie kan bedink nie. Sy koningskap is die koningskap van die ewigheid. Sy koningskap is die koningskap van transendensie. Sy koningskap is die koningskap wat hierdie wêreld moet omvorm en verander sodat vanuit die gebrokenheid van hierdie wêreld 'n nuwe wêreld en 'n nuwe koninkryk na vore kan kom. Daardie koninkryk kan alleen gevind word wanneer die kerk in gebrokenheid saam met Christus vir die wêreld hierdie ware Koning bring. Die kerk moet dus kerugmaties verkondig: Daar is 'n ander Koning. Nie soos die wêreld se konings nie. Die kerk verkondig die ware Koning wat in hierdie wêreld die ware heil bring.

## 5.2 YAHWEH EN JESUS CHRISTUS

Schreiner (2013) beklemtoon dat die koningskap van Jesus Christus van besondere betekenis is. Alhoewel daar teenkanting teen die gebruik van die begrip Koning is, is dit tog baie duidelik dat Christus as unieke persoon op 'n baie unieke wyse in die wêreld Homself openbaar as Groot Koning.[107] Dit moet verstaan word binne

107 Lampe (2016:s.p.) is van mening dat verskeie Christologiese titels soos Seun van God vanuit die tydsgees verklaar moet word. Romeinse keisers het ook die titels gedra. Selfs

die verband van die koningskap van die Ou Testament. Psalm 72 druk op unieke wyse uit hoedat die koning 'n koning van geregtigheid moet wees wat God dien en na hulle in nood omsien. Hierdie koning moet juis in volle diens van God staan. Taalhandelingsperpektief is in dié verband nuttig:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Van Salomo.<br>a) Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens u wil,<br>b) leer die koning om die reg te handhaaf soos U dit wil, | |
| 2 | c) sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel<br>d) en aan die verdruktes reg laat geskied. | |
| 3 | e) Laat berge en rante hulle verbly oor die vrede en reg vir die volk. | |
| 4 | f) Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm,<br>g) laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel, | |
| 5 | h) sodat die mense U kan dien so lank as die son en die maan daar is, van geslag tot geslag. | |
| 6 | i) Mag die koning vir sy mense wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk. | |

wat die Joodse benadering betref, is hy van mening dat goddelike eienskappe aan iemand soos Moses toegeken is. Hy wil dan die erkenning van vergoddeliking van Jesus in die Grieks-Romeinse wêreld plaas, en nie soseer binne die Joodse tradisie van monoteïsme nie. Die gevolgtrekking wat hy daaruit trek is om versigtig te wees vir sosiale en politieke kritiese aspekte van die Christologie. Hy beweeg weg van die erkenning van die substansie in die eenheid van die verhouding tussen Christus en God en ook die tradisionele titels, soos Seun van God omdat dit volgens hom tot misverstand aanleiding gee. Hy is van mening dat Jesus van Nasaret God se wil en intensie beklemtoon gemaak het om mense te red. In sy woord en aksies was God teenwoordig en daarom wil hy eerder die Gekruisigde en die swak en die nederig Seun van God beklemtoon om in die taal van vandag op 'n nuwe manier oor Jesus se verlossingswerk te praat. Alhoewel Lampe 'n betekenisvolle bydrae lewer, kan die volledige verhouding tussen Jesus en die Vader nie misken word nie. Hurtado (kyk pp 60-64) en Wright (Kyk pp 64-69) het egter voldoende aangetoon dat Jesus Christus in die lig van die Joodse monoteïsme verstaan moet word. Deuteronomium 6:4 se belydenis: *Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here,* moet erken word. In die lig hiervan word Jesus as Here bely, Een met God. Hy word aanbid as Here soos die Jode slegs vir YAHWEH sal aanbid (Hurtado). Hy as Messias is die Here wat YAHWEH volkome openbaar en dus ook binne die raam van Joodse monoteïsme verstaan moet word (Wright). Lampe se voorstel dat die belydenis aangaande Jesus dus vir die moderne eise van die gemeenskap aanvaarbaar gemaak moet word kan dus nie aanvaar word nie. Jesus Christus is Here, soos wat die Jood alleen van YAHWEH sou erken.

| | | |
|---|---|---|
| 7 | j) Mag die reg onder sy regering floreer en mag daar vir altyd groot voorspoed wees. | |
| 8 | k) Mag hy heers van see tot see, van die Eufraat af tot in verre lande. | |

Lokusies wat opval is:

Koning
God
Regeer
Wil
Regverdige
Reg
Verdruktes
Vrede
Armes
Geslag
Reën
Floreer
See

Die illokusie dra die betekenis dat die Koning in alle opsigte reg aan die volk sal laat geskied. Die reg moet God se reg wees, (a) en (b). Dit moet aan verdruktes en armes geskied (d) en (g) Dit moet juis daartoe lei dat God geëer word en dat daar sorg vir die mense sal wees soos goeie reën.

Die teksvoorwaardes word oortree in (b), (c), (d) en (e) deurdat die beginsel van reg wat gedoen moet word oortuigend herhaal word en die implikasie ontstaan dat die koning juis die reg moet deurgee. In (d) en (g) word die verdruktes herhaal wat saam met armes dui op klem wat op die swakke lê.

Die perlokusie is dus juis dat die ware koning reg sal doen en soos reën vir plante vir sy volk sal wees.[108]

108 Tate (1998:223) bevestig hierdie waarheid:

> *The king's function as the agent of Yahweh (1 Sam 10:1-2) is evident in the emphasis in v 2 on his extending God's righteousness and justice to God's people, especially the poor; both the attributes and the people belong to God, and the king is the instrument that brings them together. V 3 shows that the completed well-being of the people flows out of the natural order of things; when the righteous king is blessed with God's justice, the earth itself participates in the positive relationship existing among God, king, and people. Harmony and righteousness become part of all of creation.*

Christus is nie die Koning wat wreed en onbarmhartig regeer nie, maar Hy is juis die Koning wat die mag prysgee en as die Een wat die mag prysgee die heil en die verlossing bring (Van de Beek 1998). So word die koningskap van Christus dan die unieke verhaal van hoe Hy wat Seun van God is Homself verneder om onder mense te kom woon en by mense die heerlikheid sigbaar te maak. Dit is juis die verband met Openbaring wat na vore gebring moet word. Alhoewel daar diegene is wat van mening is dat Christus in Openbaring (Scheffler) geteken word as die magtige Krygsheer is daar tog 'n ambivalensie in die tekening van Christus in Openbaring. Aan die een kant is Hy die heerlike Seun van God wat oor majesteit beskik maar Hy is ook die Lam asof Hy geslag is. Hy gee die mag prys. Die heerlikheid van God is dan sigbaar in dit wat Hy as Seun van God doen.

Die koninklike amp van Christus beteken nie dat Christus vanuit 'n bepaalde verhouding gesag wil uitoefen en mense onder gesag wil indwing nie. Die koninklike amp beteken dat Christus die koninkryk van God laat kom. Hy is 'n Koning maar hy is 'n Koning van 'n ander aard. Hy is nie die Koning van die aardse aard van konings wat in ongeregtigheid en onheiligheid regeer nie. Hy is die Koning van die aard van die koninkryk van die hemel. Hierdie Koning is 'n Koning wat anders optree. Hy bring die heil, Hy bring die verlossing. Wanneer Hy as Koning optree, soek Hy die geregtigheid van die koninkryk van die hemele. Jesus het reeds in sy prediking die koms van die koninkryk van God beklemtoon. Van de Beek (2002:63) dui aan hoe Jesus Christus die mag verkry, nie deur heerskappy van geweld nie, maar deur die mag van die woord van die waarheid.

Markus 1 beklemtoon dit:

> *Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom.*

In Christus is die koninkryk naby, die heil van die koninkryk het in Christus naby gekom; so sal die wonder van verlossing ook baie sigbaar wees in Christus.

Hy is die groot Koning wat die Dawidiese lyn van koningskap volledig voltooi. Hy volbring die belofte wanneer Hy die koninklike roeping aanvaar en daardie koninklike taak uitoefen. Die heil vir mense word verseker. Sy Majesteit is wonderbaarlik, omdat daardie Majesteit verseker dat Hy as Opgestane Here die voltooiing van die koninkryk van God moontlik maak. Missionêr sal dit beteken dat die gehalte van die koninkryk ook sy koningskap bevestig en dat dit

voortdurend bevestig hoe Heilig en Goed Hy is en hoe sy koninkryk in hierdie wêreld sigbaar word.

Hierdie Jesus is Een met God. Vir die Jood wat die monoteïsme bely is dit 'n ongelooflik betekenisvolle belydenis.

Juis daarom breek Paulus in Romeine in 'n lofsang tot God uit:

> *O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God, hoe ondeurgrondelik is sy oordeel, Hoe onnaspeurlik sy weë. Wie ken die bedoeling van die Here, wie gee Hom raad, wie bewys Hom 'n guns sodat Hy verplig is om iets terug te doen. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge, aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. AMEN.* (Rom 11:33).

Dit word juis bevestig omdat Christus as die ware Koning, daardie verlossing moontlik maak.

Hierdie koningskap word egter ook op 'n unieke wyse hanteer wanneer Jesus voor die Goewerneur gebring word en hy vir Hom vra:

> *"Is jy die Koning van die Jode?" Jesus antwoord: "Dit is soos u sê!"* (Matt 27:11).

Op die beskuldiging van die priesterhoofde en familiehoofde het Hy niks gesê nie. Pilatus vra Hom dan:

> *"Hoor jy nie waarvan hulle jou alles beskuldig nie"? Maar Jesus het hom op geen enkele woord 'n antwoord gegee nie, sodat die goewerneur baie verbaas was.* (Matt 27:13-14).

As ware Koning, as die groot Koning van Israel, as die Een in wie die vervulling is van alle koningskap, as Messiaanse Koning, as die Koning wat die ware heil bring, antwoord Jesus nie op die beskuldigings nie omdat Hy erken moes word as die ware groot Koning; omdat daar inderdaad eintlik geen vraag moet wees oor sy koningskap nie en daardie koningskap in 'n besondere sin erken moet word. Die implikasie van die koninklike roeping van Christus ten opsigte van sy kruisiging word in hierdie verhoor wat plaasvind duidelik. Eintlik is Christus self die Een wat Pilatus tot oordeel moet bring, maar Hy, om die Skrifte te vervul, neem die plek in van die Een wat veroordeel word. Sy koningskap is dus 'n koningskap van Een wat verag word, van Een wat ontneem word van sy reg as Koning. Uiteindelik word sy koningskap die koningskap van die kruis. As Gekruisigde verseël Hy die koningskap, maar ook as die Een wat die heil en die verlossing bewerk en wat die verlossing dan juis in die gebeure aan die kruis bevestig.

Hierdie koningskap het besondere missionêre betekenis. Dit beteken dat daar op 'n baie unieke wyse in die wêreld verkondig kan word dat Christus Koning is, maar die koningskap van Christus moet so verkondig word dat dit nooit 'n koningskap is wat 'n bepaalde negatiewe betekenis het nie. Dit moet altyd koningskap wees wat positief ingevul is. Die Koning is die Koning van geregtigheid, die Koning wat reg laat geskied aan almal, die Koning wat die heil vir almal bring, die Koning wat as ware Koning verlossing en heil vir almal verseker. Hierdie koningskap is 'n koningskap wat vir altyd duur. Hierdie koningskap is 'n koningskap wat in die ewigheid uitloop. Hierdie koningskap verseker die verlossing wat beteken dat daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal wees waar die ware Koning Christus sal wees. Maar hierdie Koning is die Koning wat as die Lam geslag word. Hy het homself verneder en het in sy vernedering die heil vir mense bewerk.

Die vraag is egter of die gebruik van die term Koning ten opsigte van die pre-eksistensie en van die heerlikheid van Christus nie tot baie misverstande kan lei nie. Is daar nie sprake daarvan dat hierdie koninklike aspek van God se heerlikheid op so 'n wyse verstaan word dat dit alte maklik in die sin van mag van magsmisbruik verstaan sou kon word nie? Sou God dan nie verstaan word binne die ruimte van magsmisbruik nie? Die Seun van God is egter nooit die Koning van magsmisbruik nie. Sy heerlikheid en sy majesteit is nooit die majesteit van Een wat magsmisbruik toepas nie. Sy mag en sy heerlikheid is die mag en die heerlikheid van die Gebrokene, en die Gebrokene toon aan dat die heerlikheid van God wat wel absolute heerlikheid is, ook gebroke is. Die belydenis dat God die Almagtige, Skepper van hemel en aarde is, is egter geen belydenis van aardse koninklike mag nie maar die mag van die ware Skepperkoning. God het die reg op die mag. Hy oefen mag uit soos wat Hy dit wil uitoefen en op die wyse waarop Hy dit wil uitoefen tot die heerlikheid en majesteit van wat Hy bevestig. God se heerlikheid en God se majesteit word daardeur op 'n baie sterk en besondere wyse beklemtoon. Maar die mag en heerlikheid is die mag van die kruis. Christus se Godheid is egter nie die Godheid van 'n magshebber nie, maar die Godheid van 'n gebrokene wat as Lam van God in die wêreld verskyn. As Gekruisigde vertoon Hy die ware Godheid aan ons, die God wat Hom vereenselwig met die gebroke mensheid en dat God in die gebrokenheid van die mensheid sy majesteit en sy

lieflikheid juis anders toon as die majesteit en lieflikheid van 'n aardse koning. Die term Koning word egter aangewend om hierdie majesteit te beklemtoon.[109]

## 5.3 DIE KONINGSKAP EN VERHOUDING MET ANDER GODSDIENSLEIERS

Kan die beklemtoning van Christus se heerlikheid vergelyk word met dié van Krishna, met dié van die voorouers of van Allah en Mohammed as Profeet? Die vraag is of 'n mens byvoorbeeld iets soos Christus se lewe na die dood kan verbind aan die voorouerverering. Kan 'n mens praat van Christus as Groot Voorouer omdat Hy as lewende dooie beskou kan word? Daar is sekere persone wat dit sterk beklemtoon en sê dat die gedagte van die voorouers en Christus as die absolute voorouer nie teenstrydig is met ander wyses waarop Christus verduidelik en begryp word nie (Van de Beek 1998:197 e.v.). Die begrippe Logos, of Seun van God, of tweede Adam, kan dan daarvolgens ook dui op aanpassing by woorde en terme van die tyd waarin die Bybel geskryf is. Dit was bekend toe die Evangelies geskryf is. Wat baie belangrik is, is egter dat daar misverstand aangaande die persoon van Christus kan kom indien Hy met die voorouers verbind word. Dit kan daartoe lei dat die unieke werk van Christus as Middelaar heeltemal misken word. Die wyse waarop die voorouers as tussengangers optree moet afgewys word. Die volle implikasies van Christus se persoon, lewe en werk moet in ag geneem word. Die verering van voorouers word in talle tekste in die Ou Testament afgewys en daar kan ook nie gesê word dat Abraham, Isak en Jakob voorouers in die tradisionele sin van die Afrika Tradisionele Godsdienste is nie, want Abraham, Isak en Jakob het gesterf maar leef by God, nie as voorouers nie, maar as mense wat deur God in sy heerlikheid opgeneem is. Jesus self verwys daarna. God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Abraham, Isak en Jakob leef by God. Maar dit is dan nie in die sin van dat hulle die middelaarsrol van Christus oorneem nie, maar Christus bly juis die Middelaar ten spyte van die verering wat wel by Abraham, Isak en Jakob voorkom. Die voorouerverering lei tot erkenning van 'n middelaarsrol by hulle. Christus self is egter die Middelaar tussen die mens en God omdat Hy in die eenheid met God die ware herstel van die gebroke verhouding met God bring.

109 Veral Van de Beek (1998) beklemtoon hierdie gedagte baie sterk.

Daarom sal daar opnuut gekyk moet word na die belydenis aangaande die Godheid van Christus en hoe hierdie belydenis aangaande die Godheid van Christus ook betekenis het vir ons begrip van die heerlikheid van God. God openbaar sy volle heerlikheid in Christus en dit het groot betekenis vir die Christen se verhouding tot die ander godsdienste. Hoe daar in verhouding met die Afrika Tradisionele Godsdienste, die Islam, die Hindoeïsme, ens, gestaan moet word moet verstaan word vanuit die belydenis dat Christus die volheid van God verteenwoordig.

Dit neem egter nie weg nie dat indringend gevra moet word: Wat is die betekenis van die heerlikheid van God in Christus Jesus, en hoe word dit na vore gebring? Op watter unieke wyse moet dit verstaan word? Die heerlikheid van God in Jesus Christus beklemtoon juis dat die volheid van God bekendgemaak word en dat die heerlikheid van God erken word. So kan sy heerlikheid volkome verstaan word. Die Godheid van Christus moet dus beklemtoon word as die volle heerlikheid en die openbaarmaking van YAHWEH. YAHWEH openbaar Homself in Christus. Die volheid van YAHWEH is teenwoordig in Christus sodat daardie volheid waargeneem kan word en daaruit gelewe kan word.

In antwoord op Scheffler moet gesê word dat alle teoloë wat werklik erns met die Bybel maak vrede tussen alle godsdienste wil vind, maar dat onderlinge mooi gesindhede egter nog nie vrede bring nie. ’n Onderlinge gesindheid waar daar met mekaar gepraat word en waar ’n historiese ingesteldheid van ’n historiese persoon geneem word om daardeur goeie gesindhede te skep, is nie die antwoord op die probleem nie. Slegs God, in Jesus Christus die Gekruisigde, die Een wat Hom ter wille van die ander oorgegee het, die ware Seun van God, kan die vrede bring deur dit wat Hy vir ons verwerf het.

Bonhoeffer het die extra-Calvinisticum verwerp omdat hy van mening was dat die ware inkarnasie van God daarin misken word. Bonhoeffer maak dit egter nie self baie duidelik wat hy as die saak van God-mens en mens-God aangaande Christus beskou nie. ’n Trinitariese beskouing is dus volgens Holmes sinvol in hierdie verband en ’n trinitariese benadering kan dit duideliker maak wat die verhouding tussen die Vader en Christus in sy oorspronklike verhouding is (Holmes 2014:28). Die vraag na wat die werklike betekenis van die inkarnasie is moet beantwoord word deur die extra-Calvinisticum Trinitaries te verstaan (2014:41).

## 5.4 IMPLIKASIES VAN KOLOSSENSE 1 EN DIE KONINGSKAP VAN CHRISTUS

Christus se wonderbare verlossing wat universele implikasies het, word in Kolossense 1 uitgewerk. Dit beteken dus juis dat Christus self verheerlik word. Dit wat Hy doen, bevestig self ook die heerlikheid van die verlossing wat Hy bewerk het. Die universele betekenis daarvan is dus wonderbaar en die heil se reikwydte dus totaal.

Niks en niemand kan van die betekenis van die heil uitgesluit word nie. Die reikwydte sluit alle magte, heerskappye, mense en koninkryke in.[110] Barth en Blanke (1994:201-202) wys op hulle beurt daarop dat verskeie standpunte oor die magte en heerskappye voorgedra word, maar dat dit na alle waarskynlikheid op alle strukture en instellings dui.

Daar is twee aspekte wat verreken moet word. Die een is dat die versoening inderdaad universeel is en alle aspekte van die bestaan insluit. Die ander is dat dit nie veronderstel dat universalisme bevestig word nie.[111]

Die beklemtoning van Christus se heerlikheid bevestig aan die een kant die universele karakter van die heil. Aan die ander kant beteken dit ook dat die heil nie anders as juis in Hom gevind kan word nie. Hy is Here en dit sluit die moontlikheid van ander verlossers uit.

Kolossense skakel met Jesaja 19:19-25 en alhoewel dit nie beteken dat die heil universalisties verstaan moet word nie, beteken dit tog dat die verlossing volledig universeel is. In Jesaja 19 word op unieke wyse aangetoon dat God nie slegs vir Israel heil bewerk nie maar ook vir Egipte en Assirië, die vyande van Israel. Hierdie wonderlike volledige heil neem nie weg dat die oordeel wel ook in Jesaja

---

110 Christensen (2007:319) verduidelik dit soos volg:

> *The writer of Colossians is clear: Christ is Lord over all other powers and authorities, even supernatural ones. Proponents of the false teachings in Colossae (see 2:8-13) probably saw these other beings as rivals of Christ, or they saw in the existence of those other powers the opportunity to 'hedge their bets' by giving allegiance to those other powers alongside Christ.*

111 Shultz (2010:444) skryf:

> *The Bible clearly rules out universalism, but it also teaches that all things created by God are reconciled to God through Christ's death. Therefore the Bible teaches* universal reconciliation, but not universal salvation. (Beklemtoning Schultz).

voorkom nie. Vir die Christologie beteken dit dan inderdaad dat Christus die Here van die kerk en die heelal is. Vir die sending het dit radikale implikasies.

### 5.4.1 Jesus Christus het reg op alle aspekte van die heelal

Hierdie universele aspek van die heil bevestig die wonder van Christus se heerskappy. Hy is die een wat op alle wesens, geskape werklikhede en magte reg het. Vir die gebroke werklikheid skep dit die hoop op 'n nuwe werklikheid, asook die nuwe verwagting op hierdie nuwe hoop. Kolossense toon hiermee juis aan hoe die vernuwing van die gebroke werklikheid moontlik is. Die werklikheid is nie 'n totale put van ellende nie. Groter as die bedreiging vir die skepping en geskapenes is die verwagting van die heil wat in Christus verkry kan word. Hy is dus nie bloot 'n geskape wese nie, maar in werklikheid die Hoof oor die geskape werklikheid. So verkry die werklikheid nuwe inhoud in die sin dat Hy daaroor heers. Dit is juis die groot bydrae van die ontwikkeling van die gereformeerde beskouing wat God se heerskappy in Christus oor die hele skepping bevestig. Die sending kan juis vanuit hierdie verhouding 'n nuwe blik op die werklikheid in Afrika verkry en lewer (Van der Walt 2003:545-551).

Dit beteken verder ook dat die afgode afgewys moet word. Christus alleen is Here (Smit 1986:31).[112] Christus versamel as hoof van die kerk vir Hom 'n gemeente tot eer van God. Hy roep die mense om hulle voor God te verootmoedig en by die gemeente aan te sluit.

Christus se hoofskap sluit ook die kerk in. Die kerk kan nou nie los van die heelal gedink word nie. Die kerk as liggaam bestaan in die heelal waarin Christus ook die hoof is. Die kerk is dus die gemeenskap wat in noue verbintenis met die Hoof lewe en so ook die heil vertoon. In die kerk is die hoofskap van Christus so

112 Ook Walsh en Keesmaat (2004:89) wys daarop dat Paulus om die hart van die gemeente veg om dit juis teen die magte van die koninkryke van hierdie wêreld stelling te laat inneem:

> *In a culture of power as truth, we need servant communities ministering to the most vulnerable to demonstrate that truth is on a cross. In a culture of radical uncertainty, we need preaching and liturgy that build the body of Christ, where truth takes on flesh.*

teenwoordig dat dit duidelik is dat die heil 'n werklikheid is en ook dat die heil die totale werklikheid kan deursuur.[113]

Verder is dit duidelik dat die totale lewe in die eenheid met die Christusgebeure nou die gelowige merk. Jesus Christus is die begronding van die nuwe lewe. Die kerk leef uit hierdie begronding (Schnelle 2003:551).

### 5.4.2 Die eenheid van Christus met God beteken dat die heil volledig en totaal in Hom is

Christus is Een met God. Die volheid van God woon in Hom. Hy maak die verlossing totaal moontlik, alleen omdat God die Een is wat in sy volheid in Christus woon. Die Goddelike heerlikheid seël daarom die bestaan van die mens.[114] Die toekoms van die mens word bepaal deur die lof aan die Hoof wat die volheid van God vertoon. Die nuwe werklikheid is dus moontlik omdat die Hoof van kerk en heelal self die volheid van God vertoon. Daar kan geen twyfel bestaan dat die Godheid van Christus soos nog nooit vantevore bevraagteken word nie en dat die sending juis ten opsigte van hierdie waarheid onomwonde moet getuig dat Jesus Een met God is.[115]

---

113 Dunn (1996:104) vat dit saam:

> *It says much for the faith of these first Christians that they should see in Christ's death and resurrection quite literally the key to resolving the disharmonies of nature and the inhumanities of humankind, that the character of God's creation and God's concern for the universe in its fullest expression could be so caught and encapsulated for them in the cross of Christ (cf. already 1 Cor. 1:22-25,30).*

114 Maier (2005:338) dui aan hoe volledig die heil in Christus is:

> *All this brings into striking relief the panegyric affirmations of Colossian Christology. An early Christian audience listening to Col. 1.15-23, with its charged diplomatic language, surrounded by imperial imagery celebrating the cosmic and earthly concord of Roman rule, could not have helped but recognize imperial overtones in the celebration of an incarnate Son in whom the fullness of God dwelt (1.19; 2.9) to bring about a universal reconciliation. Like Nero, whom imperial poets acclaimed as an embodied deity, and Seneca celebrated as the head of the body, the Roman Empire, on whom all rests and depends for its health and vigour, the incarnate Son, the enthroned Jesus, heads the cosmos by which all things hold together (1.17) and from whom, in the "empire [βασιλεία] of his beloved Son" (1.13) comes growth and renewal (2.9-10, 19; 1.6).*

115 Migliore (2004:177) skryf daarom:

> God *acts, suffers, and triumphs in and through Jesus. In Jesus Christ we do not have less than God's very own presence in our humanity. In this person the eternal God suffers and acts for our salvation.*

### 5.4.3 Die versoening is heilbrengend in Hom wat sy lewe gegee het aan die kruis maar ook opgestaan het uit die dode

Nêrens verkry die hoofskap van Christus meer indringende betekenis as wanneer aangedui word dat Hy die Een is wat aan die kruis gesterf het om die versoening te bewerkstellig nie. Hierdie versoening het deur middel van die opstanding tot volledige heil gelei.[116]

Kruis en opstanding verkry sodoende 'n bepaalde intensie wat die Hoofskap van die Here verder invul. Die hoofskap kom uit God maar word ook deur die verlossing en versoeningsdade van die kruis en die opstanding bepaal. Dit het ook kosmiese betekenis. Die heelal word bepaal deur die Hoof wat juis die Een is wat in sy eenheid met God uit die dood opgestaan het.[117]

Sending wat nie die volheid van die heil vir kerk én kosmos deurgee nie, is altyd beperkend. Dit beteken dat die sending juis in gehoorsaamheid en in diens aan die Hoof die volheid van God moet vertoon. Dit sluit die volle skepping in. Die heil sluit die mens in die bestaan op aarde in, sowel as sy hoop op die ewige lewe. Die ekologiese aspekte word dus ook erken. Nie alleen moet die skepping as God se werk erken word nie maar die mens moet ook verantwoordelikheid vir die gesonde hantering van die skepping aanvaar. Nie alleen onder die huidige omstandighede moet met groot respek met God se hele skepping omgegaan word nie – soos om besoedeling teen te werk – maar ook wat die toekoms betref, moet gestreef word na riglyne vir 'n ekologies vriendelike gemeenskap (Conradie 2006:195). Die hoofskap van Christus oor die heelal beteken die nuwe aarde moet reeds sigbaar word in die versorging van die wêreld wat tot ons beskikking is. Die Hoof is hoof

116 Okure (2002:62) verduidelik hoedat 'n missiologiese lees van Kolossense moontlik is:

> *Missiological reading here refers primarily to how the letter can be read to promote an atmosphere where Christians and peoples of other faiths can live and work together as God's children and members of the one human family, respecting the religious freedom of each, and yet, for Christians, without ceasing to proclaim Jesus as God's gospel or Saviour of humanity. The letter to the Colossians addresses in its own context, though in different terms, the questions of the uniqueness, unicity and salvific universality of Jesus. It therefore poses a serious challenge to missiology today within the contemporary background of religious pluralism.*

117 Thompson (2005:12) skryf:

> *In Christ, appropriate conduct is self-giving, directed towards the other, and colored by humility, graciousness, truth and love.*

van die kerk wat die versoening en verlossing vir mense in hierdie wêreld maar ook in die ewigheid beteken, maar die Hoof is ook hoof van die heelal wat die totale vernuwing van die totale skepping insluit. Trevethan (1981:44) dui aan dat dit baie duidelik moet wees dat 'n dualistiese benadering, waar Christus slegs vir 'n geestelike wêreld van belang is, nie volhoubaar is nie omdat Hy die Here van die kerk en die skepping is. Die bydrae van Bosch (1991:511-519) vir die sending word juis gestempel deur sy beklemtoning van die heilsgebeure in Christus. Al God se dade, vanaf die inkarnasie waar God radikaal ingegryp het tot by die wederkoms waar die tyd voltooi word, bevestig God se heerlike aanvaarding van die mens en die skepping.

### 5.4.4 Die Christologiese implikasies van die heil is dat alle magte moet erken dat dit beperk word deur die Een wat volledige heil bring

In hierdie werklikheid stuit ons teen die magte wat in die wêreld voorkom. Die magte skyn onoorwinlik te wees. Die Hoof oor die kosmos is die Een wat die magte onttroon. Juis Hy is die Een wat as Hoof die heil bring waarin die magte moet erken dat daar Een is wat heerliker en sterker en magtiger is as die magte van die wêreld, al is dit die mag van die Gekruisigde wat swak geword het om te verlos. Christus self bring die heil wat die heelal insluit. Hierdie vrede kom deur die bloed van Christus. God se heiligheid word deurgaans beklemtoon en slegs in Christus kan daar herstel kom (Witherington III 2007:136).

Jesus is die een wat die herstel bring. In sy heerlikheid maak Hy alle dinge moontlik, juis omdat Hy die Here is. Die Hoof wat deur sy lyding sy Hoofskap, wat van 'n ander aard as gewone aardse hoofskap is, bevestig het, bring die heil vir die gemeenskap. Gundry (2010:15) wys daarop dat die volheid van God juis die volledige versoening in die Seun moontlik maak deur die vrede wat Hy met sy bloed aan die kruis bewerk het. In Christus is die sending en die koninkryk ten diepste aan mekaar verbonde (Moreau et al. 2004:81). Die gevolg is dat die Christelike sending in die geskiedenis op ongeëwenaarde wyse heilbrengend op mense en gemeenskappe ingewerk het (Webster 1982:765). O'Brien (1995.63) dui ook aan dat die essensie van die boodskap van die sending by Paulus juis die aankondiging van die ware hoop was. Ten spyte van die swakheid van die kerk

bring die heil in Christus op alle terreine nuwe hoop. Dit is alleen moontlik vanuit die perspektief van die hoofskap van Christus oor kerk en heelal.

## 5.5 SAMEVATTING

Jesus Christus is Koning, Een met YAHWEH. Hy is egter ’n totaal unieke koning. Hy is die Koning van die versoening en lyding. Hy gaan deur dood heen (Van de Beek). Hy gee Homself prys. Maar Hy bring ook die heil. Nuwe dinge is deur Hom moontlik. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Hy bring die nuwe ryk van God. Sending is dus altyd sending in gebrokenheid vanuit sy versoening. Hy ís ons versoening, ook as Koning. Om so ’n Koning te dien beteken dat die kerk ’n kerk in gebrokenheid sal wees. Gebroke voor die Here en diensbaar aan Hom, maar ook triomfantlik in sy heerlikheid.

# HOOFSTUK 6

## Jesus Christus as die ware Profeet is die Een wat ons versoening ìs

## 6.1 INLEIDING

Ten opsigte van die profetiese amp van Christus bestaan daar 'n besondere verhouding tussen Christus as Profeet wat met die Ou Testamentiese profetiese optrede in verband staan en die verwagting dat daar in die nuwe wêreld waarin ons woon 'n profetiese boodskap van die kerk sou uitgaan om die sosiale, ekonomiese en politiese omstandighede van mense te verander. Daar moet bepaal word hoe Hy as Here profeties optree in die bestaan van mense. In hierdie gedeelte word gekyk hoe die profetiese werk van Jesus Christus op talle terreine van die lewe betekenis het. Vanuit die belydenis dat Hy Een met God is, eis Hy onverdeelde trou aan Hom op alle lewensterreine.

Inderdaad moet daar nou weer intensief gekyk word hoe Jesus wat Een met die Vader is en wat vanuit sy transendensie verstaan moet word, in die wêreld optree. Hy is die Een wat van God kom juis om die wêreld betekenisvol te bepaal. Dit moet verreken word hoe Hy dit juis vanuit sy profetiese amp doen – as die ware Profeet, die vervolgde Profeet en die verwerpte Profeet – en die wêreld oproep tot die nuwe verhouding met Hom.[118]

## 6.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE

Ten opsigte van die profetiese amp van Jesus Christus moet daar in die eerste plek gelet word op die wyse waarop hierdie amp in die Ou Testament na vore kom. Die profete in die Ou Testament het 'n besondere roeping van God ontvang. Telkemale word aangedui dat die woord van die Here tot die profeet gekom het en dat die profeet deur God geroep word tot sy taak. Hierdie roeping word beklemtoon deur die feit dat God self spreek: Hy roep die profeet om sy woord onder unieke omstandighede te verkondig. God gebruik die profeet om 'n radikale en volledige oordeel van God, maar ook die heil van God aan te kondig. Die striemende woorde van die profete is die woorde van God vir sy volk. Hulle moet tot radikale bekering en toewyding aan God opgeroep word; 'n nuwe lewe waarin

118 Hierdie hoofstuk word slegs gedeeltelik op Verster (2013) en Verster (2014) gebaseer. Met vergunning van die uitgewers: Verster, P. 2013. Toekomsverwagting en hoop by inwoners in die informele nedersettings rondom Bloemfontein. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 54 (3,4):1-12. Verster, P. 2014 Watter ryk man sal gered word? Riglyne uit 1 Timoteus 6. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 50(3):111-131.

hulle hulself weer aan God toewy en aan Hom behoort. Hulle moet hulself oorgee aan God en hulle moet omkeer van die dade waarmee hulle besig is.

Jeremia (1:4-11) ondervind dit besonder sterk. Taalhandelingsperspektief is hier ook sinvol:

| | | |
|---|---|---|
| 4 | a) Die woord van die Here het tot my gekom: | |
| 5 | b) Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken;<br>c) voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel. | |
| 6 | d) "Ag, Here my God," het ek geantwoord, "ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk." | |
| 7 | e) Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: "Ek is te jonk" nie.<br>f) Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur,<br>g) en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê. | |
| 8 | h) Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou,<br>i) Ek sal jou red.<br>j) Dit is wat die Here gesê het. | |
| 9 | k) Hy het sy hand uitgesteek,<br>l) my mond aangeraak<br>m) en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê. | |
| 10 | n) Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek<br>o) en uit te roei,<br>p) om te vernietig<br>q) en plat te slaan,<br>r) te bou<br>s) en te vestig. | |

Lokusies wat opval is:

Woord
Here
Mond
Praat
Jonk
Stuur
Koninkryke
Af te breek
Uit te roei

Vernietig
Platslaan
Bou
Vestig

Die illokusie is dat die huiwerige profeet deur God geroep word omdat God sy woorde in sy mond lê (m). Hy moet oordeel maar ook verlossing aankondig (n-s). Hy is dus in diens van God se volle boodskap.[119]

Die teksvoorwaardes word oortree deurdat daar meer as wat nodig is aangekondig word dat daar afgebreek, uitgeroei,vernietig en platgeslaan (n, o, p, q) sal word, maar ook gebou en gevestig (r, s) sal word. Die voorwaarde van ekonomie word oortree om aan te dui hoe volledig die saak is. Die perlokusie is dus dat die boodskap, met positiewe en negatiewe gevolge, wat die profeet moet oordra, volledig van God kom.

Die profetiese boodskap is inderdaad dat God self tot hulle kom en dat Hy reg en geregtigheid geskied en eis dat hulle na Hom terugkeer. Die profeet, as geroepene van die Here, moet dikwels deur uiters ongewone optrede die volk direk onder die indruk van God se radikale ingrype bring. Jesaja en Hosea is voorbeelde van sodanige optrede. Die woord van die Here wat tot die profete kom, is 'n suiwere woord en die profete spreek hierdie woord te midde van die ongeregtighede van die volk en volkere rondom Israel. Dikwels praat die profete nie net met die Israeliete nie, maar ook met die mense rondom Israel waar gehoor word wat God van hulle vra en hoe hulle hulle tot God moet keer. Dit is inderdaad God self wat hierdie verandering teweeg wil bring. Die profete is soms huiwerig om hulle roeping uit te voer. Hier word aan Jeremia, wat telkemale terugdeins om sy

119 Craigie (1998:11) maak die rol van die profeet duidelik:

> *Finally, a statement is made concerning the authority of Jeremiah's prophetic ministry to the nations. The authority in part is simply a consequence of the divine origin of the message, but it is particularly crucial that the authority be recognized, given the negative nature of much of the message he is to deliver. Of the six verbs used in v 10b, four are negative and destructive and only two are positive and constructive. Immediately, the unpleasant nature of the new prophet's task becomes clear; it is one thing simply to declare a prophetic word, but when most of that word is negative and destructive, it is bound to elicit a hostile response. These themes of destruction and construction recur frequently throughout the remainder of the book (see further 12:14-17; 18:7-9; 24:6 in this volume of the commentary); here in the vocation, they set down the lines and character of the prophetic ministry that will follow.*

verantwoordelikheid as profeet in die unieke omstandighede uit te voer, gedink. God gryp egter deur die profete in en gebruik hulle om sy woord te bevestig en sy heil uit te dra.

Waar die profete dan aan die een kant onheil verkondig, waarin hulle die volk striem met woorde van oordeel soos dat die volk self in ballingskap sou gaan, is daar ander gedeeltes waarin God die heil wel aan die volk Israel verkondig. Die heil neem egter dikwels 'n baie lang tyd om in vervulling te gaan. Die openbaring aan Daniël is 'n voorbeeld hiervan aangesien dit nog 'n geruime tyd sou wees voordat God sou optree en die heil en verandering vir die volk sou meebring. Daar is egter ook 'n verwagting dat God sal optree deur 'n persoon of persone in die heil en verlossing wat Hy teweegbring. In besonder word die kneg van die Here liedere by Jesaja uitgewys. Hierdie liedere beklemtoon dat God die Een is wat mense kan opwek om in sy diens te staan. 'n Baie duidelike lyn kan getrek word tussen die kneg van die Here en die persoon wat die verlossing en heil vir Israel bring. In 'n sekere sin word Kores 'n tipe van die kneg van die Here wanneer hy as ongelowige heerser die heil vir die volk bewerkstellig deur hulle te laat terugkeer na hulle land toe. Die kneg van die Here is in diens van God en word opgeroep tot 'n nuwe verhouding waarin God die heerskappy voer. Jeremia, op sy beurt, beklemtoon dat God die Een is wat uitruk en platslaan, maar ook opbou en herstel. Nie alleen is daar vernietiging nie, maar daar is ook herstel, sodat daar in Jeremia baie duidelik sprake is van 'n nuwe verbond wat God sal sluit; nie soos die ou verbond wat verbygaan nie, maar 'n totaal nuwe verbond waarin die heil op 'n nuwe en unieke wyse bevestig word. God sal hierdie nuwe verbond vestig omdat Hy die Een is wat die harte van klip sal verander in harte van vlees. God self gryp in. In Esegiël kry ons die unieke verhaal waar dit beklemtoon word dat God ook die Een is wat die volledige herstel bring, deurdat die doodsbeendere opgewek word tot nuwe lewe. God is die Een wat dit doen en wat so vir die volk nuwe heil en verlossing bewerkstellig.

Telkemale is die profete ook voorbidders wat in die unieke taak en roeping wat hulle van God ontvang voorbidding vir die volk doen. Ook hier kan veral aan Daniël, wat voorbidding vir die volk doen, gedink word. Hy lê die saak van die volk aan God voor en vra dat God hulle sal begenadig. God is die Een wat ingryp en wat dan die belofte aan Daniël maak dat die verlossing wel sal plaasvind. Hierdie heil van die profete wat saamhang met die oordeel wat dan in heil verander

word deur God self wat ingryp in die lewe van die volk en die omringende volke om Israel bevestig weer eens dat God die Een is wat 'n pad met sy volk loop. Die profete is die persone wat dan juis hierdie pad wat God met die volk sal loop bevestig en uitbou. So word die heil wat God bring, beklemtoon.

## 6.3 Jesus Christus as ware profeet in die Nuwe Testament

Die profetiese amp van Jesus Christus hang hiermee saam. Jesus is die Een wat deur God geroep is en wat dan die woord van God in die wêreld uitdra. Wright (1996:147 e.v.) maak 'n besondere sterk saak daarvoor uit dat Jesus beskou moet word as 'n profeet binne die kader van die tweede tempel, naamlik profete wat as profeet optree sodat die volk vanuit die woord wat hy aan hulle bring bewus kan word van God se betrokkenheid by hulle. Wright oorspan egter hierdie saak en die besondere betekenis van Jesus word soms slegs op die profetiese amp van toepassing gemaak. Wright sien dan inderdaad nie raak dat die heil in Christus veel vollediger en heerliker is as bloot dié van profetiese amp nie. Calvyn het die profetiese amp van Christus besonder sterk beklemtoon. Volgens Calvyn is Christus self juis die ware Profeet wat die ware woord van God verkondig. In die verkondiging van die woord word die volk opgeroep tot 'n nuwe verhouding met God. Jesus Christus self is dus die ware Profeet wat hierdie verlossing en heil aan die volk bring.

Enkele sake kan beklemtoon word. Eerstens dat Jesus reeds op twaalfjarige ouderdom in die tempel onderrig het. Hierdie verhaal, wat beklemtoon dat hy as jong kind reeds in die heil van God geleef en dit uitgedra het, verseker ons van die feit dat Jesus Christus self die profetiese woord sou bring. Hy is die Een wat met volmag leer en sy woord kom met gesag.

Dit word verder beklemtoon wanneer Hy begin optree. Nêrens word dit duideliker beklemtoon as wanneer Hy as tweede Moses die nuwe wet van God in Matteus 5 kom gee nie. Moses, die man van God, het die Wet van God kom gee. Moses het hierdie wet beklemtoon en uitgedra. Jesus as die ware Profeet van God kom nou in Matteus 5 soos dit deur Matteus deurgegee word en beklemtoon dat Hy as die ware Profeet ook God se woord en boodskap in die wêreld bring. Daar is egter 'n nuwe boodskap. Daarom dat Jesus dan in die Bergpredikasie dit baie

duidelik maak dat Hy wat van God kom, 'n besonderse boodskap aan die mense oordra. Hierdie boodskap sluit sake in soos dat Jesus baie uitdruklik leer dat die ware saligheid, die ware gelukkigheid, die welgeluksaligheid by God self lê; God wat dit vir die mens skep wanneer mense in 'n besondere verhouding met God kom en naby aan God lewe. Dit word verder uitgebou deurdat hierdie salighede beklemtoon word aan die hand van die verhouding met God. Afhanklikheid van God en die lewe waarin God beklemtoon en geëer word, en diens aan God gedoen word, is die gelukkige lewe. Dit beklemtoon dan juis dat die verlossing en die heil in Christus self is en dat Hy as Profeet, die ware Profeet na Moses, hierdie verlossing en heil kan verkondig.

Verskillende ander aspekte van die verkondiging word in die Bergpredikasie gevind en beklemtoon juis hierdie saak baie sterk wanneer Jesus aandui dat die ware geluk by diegene lê wat weet hoe afhanklik hulle van God is, was ook nederig voor God lewe, wat treur voor God en wat in 'n verhouding met God lewe. Jesus bring as't ware die nuwe profetiese woord na vore. In hierdie profetiese woord word ook beklemtoon dat die heil wat in Christus na vore kom, radikaler is as die heil wat ooit vantevore in die Ou Testament gegee is, en in hierdie profetiese amp is Christus meer as al die profete van tevore. Hierdie profetiese amp bevestig dat Christus die heil op 'n meer radikale wyse as ooit vantevore beklemtoon – daarom sê Hy telkemale: maar Ek sê vir julle.

As ware profeet is Jesus nie net die Een wat die Woord van God as voertuig bring nie, maar is Hy die Persoon wat die Woord van God bring omdat Hy self God is en dit verkondig. Vanuit die unieke begrip van sy Godheid bring Jesus Christus die Woord van die lewende God. Sake soos 'jy moet jou nie bekommer nie, maar soek eers die koninkryk van God', beklemtoon dan juis watter unieke verhouding daar tussen Jesus Christus en die mens self, wat geroep word tot 'n nuwe verhouding tot God, is.

Jesus Christus beklemtoon dat die lewe met Hom die ware lewe is en sy profetiese woord is dan juis dat die mens in hierdie verhouding met Hom moet lewe. Die vraag wat dan onmiddellik gevra kan word, is, hoe moet hierdie profetiese woord van Christus in die huidige wêreld gestalte kry? Dit is hier waar indringende gesprek nodig is, omdat dit dikwels losgemaak word van die Persoon van Christus self. Die binneaardse heil word onderstreep en die verskil tussen die "Jenseits" en die "Dieseits" word dikwels nie beklemtoon nie. Vanuit 'n bepaalde begrip van die

werklikheid word gesoek na 'n wêreld waarin heil op 'n polities-sosiale wyse na vore kom, wat dikwels nie in verband gebring word met die woord wat Christus in Matteus, Lukas, Markus en ook in Johannes deurgee nie. Die profetiese amp van Christus sluit aan by die koninklike amp waar die Godheid van Christus beklemtoon word. Die woord wat Hy dan verkondig is 'n woord wat saamhang met die boodskap van heil wat Hy aan mense bring. Hierdie boodskap van heil is uniek en betekenisvol en beteken dat mense daaruit kan lewe.

Dit moet egter altyd ook in verband met die koninklike roeping van Christus gesien word. Die koninklike amp en die profetiese amp hang met mekaar saam en wanneer dit van mekaar losgemaak word, kry ons allerlei uitwasse, soos die sosiale en politieke teologie en die revolusionêre teologie. Dan word die koninklike amp van Christus as koning wat sy goddelikheid beklemtoon, losgemaak van die profetiese amp waar Hy die heil vir die mense bring. Dit is juis die probleem wanneer sosialistiese en kommunistiese oortuigings binne die kerk ingedra word, met die gedagte dat dit heil vir 'n mens en armes sou bring. Dit is 'n verkeerde begrip van hoe die heil in die wêreld sou kom. Vanuit die koninklike en profetiese ampte van Christus word die politieke, sosiale, en ekonomiese heil alleen moontlik wanneer dit in Christus verstaan word.

## 6.4 DIE PROFETIESE AMP EN SOSIALE VERHOUDINGE

Die profetiese amp van Christus raak egter al hierdie terreine. Dit raak die sosiale terrein daarin dat Christus die een is wat vanuit sy profetiese woord alle sosiale verhoudinge radikaliseer. Die sosiale verhoudinge moet gestempel word deur die verhouding tot Christus self. Vanuit sy lewe moet verstaan word hoe verder op die pad gegaan moet word. Die sosiale verhoudinge kan nie op 'n bepaalde wyse verstaan word wat nie vanuit die heil in Christus betekenisvol toegepas word nie. Vanuit die heil wat Hy gee, bring Hy die nuwe verhoudinge. Nuwe verhoudinge is nie moontlik wanneer dit bloot op sosiale vlak plaasvind nie, en dit is dan inderdaad ook die groot probleem wat soms na vore kom. Sosiale verhoudinge moet in Christus vernuwe word.

Praktiese voorbeelde in die verband kan gegee word. Wanneer in die huwelik bloot op die sosiale vlak na oplossings vir die intense huweliksprobleme van die huidige tyd gesoek word, word dit dikwels losgemaak van 'n nuwe verhouding tot God.

Alleen vanuit hierdie nuwe verhouding tot God wat op die huweliksverhoudinge inwerk kan die huwelik ook vernuwe word. God se genade in die huwelik is baie ruim en mag nooit onderdrukkend verstaan word nie.

Interkulturele verhoudinge is ook uiters belangrik. Wanneer interkulturele verhoudinge bloot op die vlak van onderdrukkende sisteme benader word, loop dit baie verkeerd. Sisteme word dan ’n negatiewe saak wat mense dwing tot nuwe verhoudinge waarin hulle, hulle nie wil bevind nie, en waarin hulle nie verstaan op watter manier hierdie nuwe verhoudinge moet plaasvind nie. Daarom moet beklemtoon word dat ware nuwe verhoudinge uit Christus se profetiese woord verstaan moet word. Nuwe verhoudinge kan tot stand kom wanneer verstaan word dat Christus die Een is wat hierdie nuwe verhoudinge beklemtoon. In hierdie opsig sal daar verskillende sake moet wees wat uitgelig moet word. Die eerste aspek is dat die kerk alleen maar ’n vernuwende gemeenskap kan wees indien dit die profetiese amp van Christus erken. Die kerk sou nie vanuit ’n humanistiese, sosiale begrip van die werklikheid, die vernuwing kon bring nie. ’n Kerk wat bloot op die vlak van sosiale omstandighede wil optree, sal inderdaad die profetiese amp van Christus misken. Daarom moet die kerk vanuit ’n nuwe verhouding tot Christus verstaan word.

## 6.5 DIE PROFETIESE AMP EN DIE POLITIEK

Wat die profetiese amp betref, is dit baie belangrik dat ten opsigte van die politiese aspekte daar verskillende vrae gevra moet word. In aansluiting by Bloch en Marcusse (vgl. Verster 1979:25-29), word gemeen dat Jesus Christus ’n nuwe toekoms sou skep en dat Hy die perpetuerende revolusie sou bring. Die politieke heil sou dus daarin lê dat ’n perpetuerende helende revolusionêre gang van sake beklemtoon word en dat hierin heil vir die gemeenskap lê. Dit wat Hy doen moet dan as die omverwerping van ’n valse orde verstaan word. Dit word as die politieke betekenis van Jesus Christus beskou, naamlik dat Hy die Een is wat dan verset teen hulle onreg en ongeregtigheid bring en ook selfs die onregverdige politieke orde omverwerp.

Daarteenoor staan diegene wat sê dat Christus in sy verlossende genade radikaal staan teenoor hierdie politieke begrip van Christus. Christus is nie ’n politieke Messias wat die juk van die Romeine wou afgooi nie. Hy sou wel politieke

uitsprake maak, soos dat Herodes 'n jakkals is, en oor die betaal van belasting uitspraak gee, maar Hy het nie gekom om 'n radikaal nuwe politieke bestel vir die Jode te bring deur die omverwerping van die ou politieke bestel nie. Nee, Hy kom juis om binne die politieke bestel as lydende Kneg van God die nuwe heil in sy Naam te bring. Sy verset is die verset van die liefde en hierdie verset van Christus is geweldlose verset. Nooit mag dit gewelddadige verset word nie. Christus se voorbeeld is die voorbeeld van die Geweldlose Een, die Een wat nie in gewelddadigheid optree nie, maar wat geweldloos die heil bring wat dan uiteindelik deurbreek in dít wat Hy na vore bring.

Die vraag van totale geweldloosheid is meteens aan die orde. Sou dit dan moontlik wees om te sê dat Christus geen geweld goedkeur nie en dat daar vanuit 'n Christelike oogpunt nooit van geweld sprake kan wees nie? Moet daar dan in hierdie sin ook gesê word dat die sending altyd geweldloosheid sou beklemtoon en dat die sending en die kerk in hierdie verband binne die sending altyd geweldloos moet optree? Dit is 'n diepgaande saak wat indringend bespreek moet word. Christus se optrede is inderdaad dié van die Geweldlose; die Een wat nie met geweld en mag optree nie, wat sê dat die wat die swaard gryp deur die swaard sal vergaan, wat Homself verneder tot aan die kruis, wat Homself aan die kruis prysgee sonder om gewelddadig op te tree. Hy gee Homself totaal oor. Sou dit beteken dat die gemeenskap van gelowiges in die sending en ook die kerk, altyd geweldloos moet optree? Sou dit dan ook moet uitmond in 'n pasifistiese benadering ten opsigte van al die aspekte van die bestaan van die mens in hierdie werklikheid?

Vroeë Christene het sonder geweld opgetree. Hulle het hulleself binne die Romeinse Ryk as mense gesien wat nie geweld pleeg nie. Hulle het hulleself verneder om steeds geweldloos op te tree, soos onder andere deur Origines en andere na vore gebring is. Wanneer daar ongelooflike bedreigings voorkom, is daar egter die vraag of daar nie wel 'n laaste moontlikheid van optrede teen die oorweldigende geweld met beperkte geweld sou wees nie. Sou die navolging van Christus uiteindelik tog kan beteken dat onder die uiterste omstandighede, waar geen ander uitweg meer oor is nie, daar tot geweld oorgegaan kan word?

Die rolprent *The Mission* toon aan dat die keuse vir of teen geweldloosheid soms uiterste eise stel. Hierdie keuse word dramaties uitgedruk wanneer albei priesters sterf. Die gewelddadigheid van die aanvallers om die stam-inwoners van die

sendingstasie te verdryf, lei daartoe dat die een priester, 'n bekeerde vroeëre slawevanger en handelaar, hom onder daardie omstandighede weer tot geweld wend om die aanval af te weer. Daarteenoor kies die ander priester, die leier, om geen geweld te pleeg nie. Die keuse van die een is vír geweld en die geweld lei tot ondergang. Die keuse van die ander priester is liefde, maar die liefde oorwin nie. Beide sterf. Die vraag is uiteindelik in watter opsig die heil kan deurbreek. Sou die sending-implikasies wees dat 'n mens nooit met geweld optree nie? Sou van die sending verlang kan word om altyd geweldloos te wees? Sou 'n mens hierdie begrip van die sending dat daar altyd beklemtoon moet word dat geweldloosheid die beginsel is waarvolgens ons die sending moet leef, moet voorstaan? 'n Mens sou die beginsel kon neerlê dat vanuit Jesus Christus in die eerste plek altyd beklemtoon moet word dat die Christen geweldloos moet optree en dat die swaard slegs aan die owerheid behoort. Selfs die onbarmhartige owerheid is die enigste wat die swaard mag hanteer. 'n Mens mag nie met geweld of terreur teenoor die draer van die swaardmag optree nie. Maar, die vraag bly tog of daar nie uiterste omstandighede kan kom waar daar in die totale waansin van geweld tog opgetree moet word om dit te keer nie.

Van der Walt (1999:590) beskryf sterk punte van die Christendom, naamlik fenomenale groei in die suidelike lande, vertroue wat nog by baie mense bestaan en die feit dat die kerk 'n georganiseerde samelewingsverband is in gebiede waar hierdie verbande swak ontwikkeld is.

Swak punte van die Christendom word met tien -ismes beskryf, naamlik nominalisme, piëtisme, eskapisme, kerkisme, institusionalisme, sekularisme, subjektivisme, eurosentrisme, miopisme en sinkretisme (Van der Walt 1999:591-600). Tien agendapunte vir 'n nuwe Christendom word dan voorgedra, naamlik 'n oortuigde Christendom, 'n integrale Christendom, 'n betrokke Christendom, 'n ekumeniese Christendom, 'n koninkrykschristendom, 'n radikale Christendom,'n normatiewe Christendom, 'n Afrikachristendom (vir die eie konteks), 'n visioenêre Christendom, en 'n sosiale Christendom (wat sosiaal betrokke moet wees sonder om in "social gospel" te verval) (Van der Walt 1999:600-610). 'n Diep en breë Christendom sal in relasie met God, sy wet en sy skepping (medemens, diere, plante en stoflike dinge) staan (1999:610-611).

Van der Walt (1999:502 e.v.) beskryf 'n Christelike visie op die politiek soos volg: dat God verordineer het dat ampsdraers in die staat verkies word om die

onderdane volgens die beginsels van God se wil, soos uitgedruk in sy wet, te dien. Die taak van die regering is om die burgers te begelei om hulle roeping te vervul. Geregtigheid moet vir alle burgers geskied. God gee die mag vir die uitvoering van sy gesag vir die staat. Hierdie mag is beperk en moet bevorder en nie vernietig nie. Die regering mag ook nie in ander verbande inmeng, soos die huwelik, skool, universiteit ens. nie. Indien onreg voorkom, mag die burgery die regering vermaan om reg op te tree. Die burgers van die land moet ook gehoorsaam, alhoewel nie kritiekloos nie, optree, respek betoon, regverdigde belasting betaal, bid vir die owerhede, voorbeelde van liefde en versoening wees en nie aan geweld deelneem nie, armes en uitgebuitenes help, en profeties optree wanneer die staat nie geregtigheid teenoor al sy burgers laat geskied nie.

Van der Walt (1999:526) is ook van mening dat, om geregtigheid teenoor almal te laat geskied, meer as menseregte sal moet geld. Die diep religieuse aard van regte en geregtigheid sal volle aandag moet verkry sodat mense daagliks vernuwe kan word na die beeld van Christus.

Op die politieke terrein sal dit beteken dat die kerk in die sending juis die profetiese heil van Christus aankondig. Die kerk bring die Gebrokene, die Gekruisigde, na die wêreld toe. Die kerk kom in gebrokenheid, maar roep ook op politieke terrein op tot 'n nuwe verhouding en tot geregtigheid. In gebrokenheid wil die kerk hierdie nuwe verhouding beklemtoon.

## 6.6 DIE PROFETIESE AMP EN DIE WETENSKAP

'n Christologie van sending moet ten diepste ook kennis neem van die uitdagings wat na vore kom in die hantering van die nuwe wêreld waarin mense woon. Diepgaande eise word aan die Christologie gestel deur 'n nuwe begrip van wetenskaplike ontdekkinge, veral op terreine van die paleontologie en ook van die ontstaan van die heelal. Hierdie vrae vra die vraag na die ontstaan van sonde, na geregtigheid, na die versoening in Christus, na die lewe en die dood van Christus en die betekenis daarvan. Veral ten opsigte van die paleontologie is daar verskeie ontdekkings gemaak wat daarop dui dat die wêreld geweldig oud is, dat daar oorgange van vroeëre bestaansvorme na latere bestaansvorme voorkom, dat aanduidings gevind kan word van wesens wat geleef het wat nog nie volledig menslike wesens was nie, maar ook nie volledig aapwesens is nie.

Hoe dit interpreteer moet word, is van belang. Die teenwoordigheid van die dood, wat reeds in 'n baie vroeë stadium van die werklikheid deel van die werklikheid was, bring baie vrae mee. Hoe die sonde geïnterpreteer moet word, en wat die betekenis daarvan is, is ook van groot belang.

Uit paleontologiese studies is daar sterk aanduidings dat daar ontwikkeling voorgekom het en dat daar 'n gemeenskaplike voorouer kan wees waaruit verskillende lewensvorme (wat aapagtig en mensagtig kan wees) voorkom. Hierdie verskillende vorme van bestaan (aapagtige en mensvormig), het dan ook verskillende implikasie vir die mens in sy bestaan. Daarom word meteens ernstige vrae gevra oor die hele bestaan van Adam en die wyse waarop Adam gesondig het. Daar is dan ook diegene wat dit totaal bevraagteken en meen dat die groot verhaal van die Christelikheid, naamlik die skepping, sondeval en verlossing, in die lig van die moderne wetenskap ernstig bevraagteken moet word en dat daar daarvan afskeid geneem moet word.

Dit is veral Dawkins (2006:190 e.v.) wat op populêre wyse probeer aantoon dat die Darwinisme komplekse probleme wetenskaplik opgelos het en die antwoord bied op die vrae van die bestaan en ontstaan van lewe en dat daar daarom geen God is nie. Die mees essensiële vraag van lewe en die ontstaan van lewe is egter nog nie deur die wetenskap opgelos nie en daar moet vervolgens aangetoon word dat die werklikheid veel meer kompleks is as wat Dawkins beweer. Eweeens gaan die werk van Jurie van den Heever (2017), *Wat moet ons met die Kerk doen*? mank aan 'n begrip vir die kompleksiteit van die bestaan van die mens. Sonder begrip vir eksegetiese en hermeneutiese beginsels verwys hy na verskeie problematiese tekste in die Bybel deur dit nie diepgaande te ontleed nie en hom bloot te bedien van enkele teoloë wie se werk ernstige kritiek uitgelok het. Verder spandeer hy ruim tyd om die verhaal van Noag se ark te diskrediteer, sonder om verskeie insigte van behoudende eksegete wat aantoon dat oergeskiedenis voorgehou word en dat die konteks in ag geneem moet word self te erken. Daar is ook geen begrip vir die beperktheid van die wetenskap nie. Hoe is dit hoegenaamd moontlik om miljoene jare gelede te kan meet in die lig van ons beperkte verstand, wat nog te sê, sinvolle opmerkings daaroor te maak? Met groot stelligheid word beweer dat evolusie totaal bewysbaar is en alle begrip van 'n siel, lewe na die dood en die Godheid van Christus derhalwe verwerp moet word. Onbegrip vir die beperktheid van die wetenskap kom voor (vergelyk maar

net die werk, *We have no idea*, deur Cham en Whiteson (2017) oor die beperktheid van die wetenskap).[120] Wat die Godheid van Christus, die lewe na die dood en die opstanding betref, word breedvoerig na die eksegetiese grondslag daarvan verder in hierdie werk verwys.

Daarteenoor lewer Van de Beek (1996:46 e.v.) 'n besonder heldere bydrae tot die debat tussen wetenskap en geloof. Hy toon aan dat die empiriese waarneming 'n bydrae tot die geloof kan lewer, maar ook dat die geloof 'n bydrae tot die empiriese begrip van dinge kan lewer. Hy wys daarop dat God nie slegs in die goeie van die lewe as Skepper sigbaar is nie, maar juis ook in die gebrokenheid van die skepping. God se teenwoordigheid in die skepping is juis in die paradoks van die kruis sigbaar (1996:47). Die empiriese vraag is dus die vraag na die lydende skepping. Daarom moet ook juis teen enige vorm van reduksionisme gewaak word. Die empiriese wetenskap moet ook besef dat die wetenskap altyd 'n bepaalde blik op die werklikheid is en die 'geloof" moet ook besef dat daar 'n bepaalde blik op die werklikheid is (1996:55). Die werklikheid is nie eenduidig nie en is gedifferensieerd, maar ook 'n simboliese universum van eenheid (1996:81). Wat van die skeppingsteologie gesê moet word, is dat God altyd groter as ons simbole en kennis is (1996:84). Die natuurwetenskap moet daarom ook besef dat dit slegs een aspek van die heelal aanspreek. God se voortdurende kreatiewe omgang met die werklikheid en nie net sy betrokkenheid by 'n skeppingsmoment nie, verruim die begrip van die werklikheid (1996:108). Ten diepste moet die werklikheid vanuit Jesus Christus verstaan word, sy mensheid, Goddelikheid en sy kruis (1996:155 e.v.). Die goedheid van die skepping is volgens Van de Beek (1996:184) die goedheid van die kruis en nie 'n volmaaktheid wat geen onafheid ken nie.

Ten spyte van die sterk aansprake van die Neo-Darwinisme is daar nog baie aspekte in die teorie wat nie al die probleme kan verklaar nie. Die vraag van die skielike verskyning van sekere vorme word nie uit 'n ontwikkelingsmodel verklaar

120 Cham en Whiteson (2017:336) skryf oor die grense van die wetenskap:

> *Of all the questions you can ask, there are some that are within the scope of science because their answers are testable. Other questions, whose answers cannot be experimentally tested, may be deep and facinating but are beyond the scope of science and belong more to the realm of philosophy.*

Vrae oor die Godheid van Christus, die bestaan van God en die ontstaan van die heelal val buite die grense van die fisiese wetenskap.

nie. Daar kan byvoorbeeld aangetoon word dat sekere van die hominiede vorme nie noodwendig oorgaan in 'n verdere vorm van menslike bestaan nie. Dit is byvoorbeeld heeltemal onmoontlik om te bepaal watter vlak daardie hominiedes bestaan het en op watter vlakke hulle kommunikasie was. 'n Mens kan vanuit die breingroottes sekere dinge probeer aflei, maar kan nooit aflei of dit ontwikkelde ape was of reeds hominiede persone nie. Hoe het hierdie wesens met mekaar gekommunikeer?

Daar is egter enkele moeilike sake wat in die sending beoordeel moet word. Die eerste groot saak is die teenwoordigheid van die dood. Dit is so dat paleontologiese ondersoeke aantoon dat die dood teenwoordig was voordat mense op aarde verskyn het. Voordat daar aanduiding was van menslike bestaan is daar reeds die aanduiding van die dood. Dit sou dan beteken dat die dood nie as gevolg van die sonde voorkom nie, maar as bloot natuurlik. Aan die ander kant kan gevra word of die sonde inherent aan die werklikheid is. Dit sou teenstrydig wees met die uitsprake in Genesis dat God alles geskape het en gesien het en dat dit goed was. Van de Beek dui dan aan (1996:181 e.v.) dat wanneer God sê dat dit goed is, Hy daarna verwys dat dit alles reg pas en dat die mens op die aarde sou kon leef en dat 'n bepaalde verhouding op die aarde moontlik was om vir die mens genoegsame voorsiening te gee. Die mens sou dus op hierdie aarde kon leef. Die rede waarom dit goed is, is nie soseer omdat daar niks onaf en onseker was nie, maar omdat God die bestaansruimte moontlik maak. Die Skepping is immers aan die begin woes en leeg, wat aandui aan dat daar aan die begin onafheid is. Sou 'n mens dan moet verklaar dat God die vormende een was, wat die vorming gebring het? Die vraag is egter of daaruit afgelei kan word dat daar nie 'n sondeval was nie, dat die sonde inherent aan die skepping van God is en dat God dan uiteindelik die outeur van die sonde word. Verskeie teoloë gaan van die standpunt uit dat aangetoon moet word dat God inderdaad van die begin af die sonde voorsien het en dat Hy nie deur die sonde oorval is nie, en dat Hy die sonde in diens neem. God kan egter nooit die outeur van sonde wees nie.

God is meer as die bedreigings wat in Genesis voorgehou word. God is die Een wat die onmoontlike dinge moontlik maak. Die bedreiging van die sonde kan teruggevoer word op die breek met God. Hoe dit presies plaasgevind het, kan nie verduidelik word nie. Daar kan byvoorbeeld nie teruggedink word vanuit 'n na-sondeval posisie na 'n voor-sondeval posisie nie.

Alle paleontologie, alle wetenskap, is denke ná die sondeval en daarom is alle verstaan van die werklikheid ná sonde. Selfs al sou toegegee word dat die ontwikkeling van die mens vanuit bepaalde voorouers moontlik is, moet dit beklemtoon word dat die werklikheid van die sondeval of van die sonde as sodanig, nie wegredeneer kan word nie. Dit is vir die Christologie van die grootste belang, want juis wanneer Christus se versoenings- en verlossingsdaad beklemtoon word, het dit juis betekenis in die sin dat Jesus Christus die sonde wegneem en dat Hy dan sodoende herstel kan bring in 'n verhouding met God. Christus maak die nuwe skepping moontlik.

Die Neo-Darwinisme maak egter nie voorsiening daarvoor dat God die Een is wat skep nie, dat God die Een is wat ook die sonde oordeel en dat God die Een is wat in Jesus Christus die nuwe skepping moontlik maak nie. Vir die Neo-Darwinisme is dit 'n groeiende sisteem. 'n Sisteem wat ontwikkel, wat verder en verder ontwikkel en ontwikkelde lewensvorme na vore bring. Wat egter van belang is, is om te vra hoe Christus in hierdie werklikheid 'n totale breek met die sonde moontlik maak en 'n nuwe werklikheid kan skep?

Natuurlik moet van wetenskaplike, asook van die teologiese ontdekkings kennis geneem word, wat vir ons daarop dui dat ons versigtiger met die oerskepping moet omgaan. Daar sal ook versigtig omgegaan moet word met argumente wat bloot kreasionisme en intelligente ontwerp voorhou, byvoorbeeld dat die aarde relatief jonk is. Aan die ander kant kan die Neo-Darwinisme, wat die deurgange van verlossing nie wil erken nie, en wat in die verlossing en heil in Christus nie wil aanvaar nie, ook nie aanvaar word nie. Die verlossing en heil in Christus maak dit vir ons moontlik om te kan besef dat daardie heil direk van Bo, van God kom. In die interaksie met die wetenskap sal hierdie sake baie intensief bespreek moet word. Is dit moontlik dat daar in die werklikheid waar ons van groeiende ontwikkeling kan praat, tog 'n diepgaande probleem voorkom, naamlik dat die groeiende ontwikkeling dikwels die allerverskriklikste ellende meebring? Wat openbaar die vernietigende aspekte in die werklikheid? Elke keer wanneer die mens poog om self die verlossing te bring, loop dit uit op selfvernietiging. In die Christologie moet beklemtoon word dat die heil in Christus, in sy versoeningsdood moontlik is. Dit is 'n verlossing wat ten diepste voorkom vanuit sy versoeningsdood aan die kruis. Christus herstel die verhouding met God en maak die eskatologiese wonder van die nuwe hemel en aarde moontlik.

Die totale heil word sigbaar in die glorieryke koms van Christus. Dit is die eskatologiese vervulling van die heil. Dit wat aan die kruis gebeur het, word volkome vervul in die koms van die Seun van die mens in sy heerlikheid en majesteit. Dit beteken volledige heil, wat betekenis vir die hele skepping het. Hierdie eskatologiese heil het verskillende aspekte. In die eerste plek is dit radikaal. Christus se koms na die wêreld sal radikale vernuwing bring. Dit word in Openbaring besonder sterk beklemtoon. Die nuwe heil wat aanbreek kom vanuit Christus wat die verlossing en die heil radikaal teweegbring.

Ten tweede: Dit is 'n totale lewens- en wêreldveranderende gebeurtenis. Die totale verandering vind plaas en heil en verlossing en versoening vind plaas in dít wat van God af kom. Die totale heil, die totale verlossing, vind plaas in dít wat Christus bring. Hy bring die verlossing. Hy bring die heil. Hy bring die totale vernuwing en Hy bring dit radikaal en volkome.

In die derde plek: Dit skep verwagting van nuwe lewe, van 'n nuwe verhouding met God en van lewe met God. Nou is die vraag egter: Indien dit waar is van die eskatologie, waarom vind dit nie reeds plaas nie? Waarom is daar dan die gebrokenheid van die werklikheid sedert die eerste koms van Jesus Christus? Waarom kon die eerste koms van Jesus Christus nie hierdie heil en volledige versoening teweegbring nie? Waarom is daar steeds die gebrokenheid tot by die tweede koms van Jesus Christus? Waarom is daar die afwagting? Die verwagting is dat die heil van God voltrek word en voortgaan in die lewe op aarde. Die tussentyd, tussen die eerste en tweede koms van Jesus Christus, is die tyd van genade, van God se guns wat op aarde uitgegiet word, sodat die getal van uitverkorenes kan vol word. Die verwagting van die heil vind dus in Jesus Christus sy finale voltooiing. Daarom kan die volledige verlossing in Jesus Christus gevind word. Dit is ook die verwagting wat in Openbaring sterk na vore kom. Die skrikwekkende werklikheid word oorkom deur die nuwe heil wat sal plaasvind. Dit wat in hierdie werklikheid volkome stukkend en gebroke is, sal oorgaan in 'n werklikheid van heil. Is dit in die gang van ontwikkeling? Is dit Neo-Darwinisties? Nee, dit is die radikale direkte ingryping van Bo. Hierdie heil en versoening wat van God af kom, is radikaal en volkome en nuut. Hierdie vernuwing bring verandering. Dit is die vernuwing van die heil wat dit moontlik maak. Dit is nie vernuwing van die aardse nie maar juis opstanding uit die dood. Dit gaan juis deur die dood heen. Hy bring dit, en Hy skep dit vir ons op 'n

wonderbare en deeglike wyse deurdat Hy die heil en verlossing bring. In Jesus Christus word dit volledig voltooi wanneer Hy die boekrol kan neem en die geskiedenis tot sy voleinding kan bring, en Hy dan daardie volledige versoening bring en die geskiedenis dan uiteindelik op sy einddoel afstuur.

Dit beteken dat daar vir die sending ook geweldige eskatologiese verwagting is wat beklemtoon moet word. Die sending staan nie los van hierdie heil wat na vore kom nie. Die sending sien uit na die volkome heil wat in die versoening na vore kom, maar wat voltooi word in die heerlikheid in Christus wanneer Hy dan weer sal kom. Daardie heerlikheid in die einde van die tye, wanneer Hy in sy heerlikheid en majesteit kom, sal volledig voltooi word. Die heerlikheid en majesteit in Christus sal 'n heerlikheid wees wat vir almal wat in Christus is volledig sal wees. Die heil is volledig in Christus en daardie heil sal in sy koms, in sy heerlikheid wat Hy bring 'n totaliteitsheil wees; 'n heil wat alle aspekte van die bestaan insluit. Dit kan nie deur die gewone voortgang van die wêreld verkry word nie. Die wêreldse ontwikkeling kan dit nie meebring nie, dit moet van buite kom, dit moet 'n ingrype van elders wees en hierdie ingrype van elders moet die heil meebring. Dit moet van elders ingryp in die werklikheid sodat hierdie werklikheid getransformeer kan word. Die werklikheid kan nie op sigself verander nie. Die werklikheid moet van buite verander word deur die wyse waarop dit deur die ingrype van Bo en van buite vernuwe word. Dit moet dan beklemtoon word dat dit van besondere betekenis en belang is en dat die heil deur Christus kom.

Die vraag is egter of daar nie ook ernstige probleme in die Neo-Darwinisme voorkom nie. Die wyse waarop die oog ontwikkel het kan nie eenvoudig eensydig verklaar word nie Die vraag moet ook oor die ontwikkeling van gehoor, van byvoorbeeld musiek, gestel word. Die vraag na abstrakte begrippe, soos liefde en geregtigheid, moet gevra word. Hoe sou dit in die werklikheid ontwikkel het, as daar net 'n historiese oorgang van sake was? Waarom kom daar geen van die sogenaamde primaat-mense meer voor nie; waarom is daar wel sjimpansees en oerangoetangs en ander vorme van primate en van mense, maar daar is geen huidige tekens van die mense wat in bepaalde oorgange voorgekom het nie? In hierdie benadering van die sending wat vanuit die hoek van die verlossing in Christus gedink word, sal groter ruimte moet wees om die werklikheid vanuit 'n wetenskaplike oogpunt te verstaan, maar daar sal baie duidelik gesê moet word dat die ware grondslag van die verlossing in Christus vir ons aan God as

Skepper verbind en dat dit ononderhandelbaar is. Dit is ononderhandelbaar dat God die Skepper van hemel en aarde is – hoe dit presies plaasgevind het, is oop vir bespreking.

Die wyse waarop die wetenskap beoefen word, moet ook erken dat Jesus Christus die Here is. Die vraag is of daar vanuit die wetenskaplike benaderings van die paleontologie, die sterrekunde en die historiese wetenskappe aangetoon kan word dat daar inderdaad slegs die Neo-Darwinistiese moontlikheid is. Dit is veral DFM Strauss (1978:140 e.v.) wat hom hieroor uitspreek. Hy beklemtoon dat daar vooronderstellings ingeneem word deur die Neo-Darwinisme en dat dit as uitgangspunt voorgegee word. Strauss stel dit ook dat hierdie standpunt die deure sluit vir 'n diepgaande Christelike benadering tot die ontstaan van die mens en die benadering tot die wetenskap. Hy wys daarop dat die vrye wetenskaplike beoefening juis daardeur ingeperk word en dat die vryheid van wetenskaplike denke daarom beslis benadeel word.

Wat die wetenskap betref, sal die kerk altyd in groot nederigheid en groot afhanklikheid van die Profeet Jesus Christus verkondig dat die heil by Hom te vinde is. Hy wil verandering op alle terreine teweegbring, ook op wetenskaplike vlak. Daar moet erken word: Hy is die Een wat van God kom.

## 6.7 DIE PROFETIESE AMP EN DIE TEGNOLOGIE

Wat die sending en die tegnologie betref, word die vraag uitdruklik gevra: As Christus Heer van die hele werklikheid is, neem Hy ook die tegnologie onder sy beheer? Daar is egter 'n vraag of ons in die moderne tegnologiese samelewing nie uitgelewer word aan die tegnologie nie. Neem die tegnologie nie totaal oor sodat die mens totaal verslaaf is en nie meer op sy eie kan bestaan nie? Die mens is slaaf van die tegnologie; die tegnologie bepaal elke aspek van die mens se bestaan. Nie alleen rekenaars, tablette en selfone nie, maar ook die wyse waarop hierdie tegnologie ingryp op die mens en hoe die mens daarvolgens lewe, skep probleme. Die bevrydende is egter dat Christus ons ook binne die tegnologiese en tegnokratiese samelewing kan vrymaak om dit wat tot ons beskikking is aan te wend tot eer van sy Naam. Die bevryding is dan inderdaad moontlik omdat Christus dit moontlik maak. Christus se heerlikheid neem dan die tegnologie in diens.

Die tegnologie mag die mens nie oorheers nie. Die tegnologie mag nie in die kerk oorheers nie. Dit moet altyd in diens van die mens staan en daarom moet profeties getuig word teen die oorheersing van tegnologie in die gemeenskap. Ook wat die tegnologie betref, sal daar vanuit die profetiese amp van Jesus na nuwe verhoudinge gestreef moet word deur dit aan te wend maar ook te beperk. Die betekenis van die tegnologiese wonders moet erken word maar die aanwending daarvan moet altyd in diens van die koninkryk van God wees.

## 6.8 DIE PROFETIESE AMP EN DIE EKONOMIE

Die volgende aspek wat ook bespreek moet word in die lig van Jesus as ware Profeet, is die vraag na sending en ekonomie. Sampie Terreblanche (2014) het indringend hieroor geskryf en word deur baie as 'n besonder belangrike ekonoom beskou. Sy uitgangspunt is dat daar vanuit die benadering van die hoogkapitalisme in die vrye mark dikwels onderdrukkingssisteme gevestig is wat mense op verskillende maniere van hulle regte ontneem het en hulle ook hulle vryheid in baie opsigte ontneem het. Hy is dan veral van mening dat persone in ontwikkelende dele van die wêreld uitgebuit is deur slawerny, deur ontneming van hulle regte, en deur uitbuiting van hulle bestaan, en hulle daardeur op 'n baie nadelige manier ingeperk is.

Terreblanche (2014) toon aan dat daar verskillende oorgange in die geskiedenis van Suid-Afrika voorkom. Daarin is ten diepste onreg teenoor verskeie van die werkers wat op 'n tradisionele manier hulle arbeid aan die groot kapitaal en die sogenaamde "new liberal" wêreldryk verkoop het, gepleeg. Hy verduidelik hoe daar oorgange plaasgevind het in die algemene globale werklikheid, maar ook in die Suid-Afrikaanse werklikheid. Sy groot beswaar is dat daar nêrens in die oorgange voorsiening gemaak is vir die verdeling van rykdom, vir die heropbou van gemeenskappe, vir die bevestiging van verhoudinge en vir verdere politieke insigte wat daartoe moes lei dat daar in hierdie verskillende lande en omgewings wat voorkom geregtigheid kan geskied nie. Hy is van mening dat daar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap groot korrupsie was wat veral gedryf was deur die gemeenskappe wat groot kapitaal en die minerale energie kompleks (MEK) wou bevorder. MEK het volgens hom 'n beslissende rol gespeel – ook na die onderhandelinge van 1994 – om te verseker dat die Groot Kapitaal onvernietig bly en dat daar nie invloed daarop uitgeoefen word nie. Terreblanche is van mening

dat die ooreenkomste wat bereik is eintlik deur geheime samesprekings deur die beheersers van Groot Kapitaal bevestig is.

Terreblanche (2014:104) vra dan ook die vraag of die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie daarin geslaag het om die hantering van instelling en individue in so 'n posisie van mag en bevoorregting te plaas dat hulle steeds aanspreeklik gehou kan word. Het dit legitimiteit onder die burgerry verkry?

Hy bespreek agt swakhede van die Suid-Afrikaanse stelsel (2014:104-117).

Eerstens wys hy op die probleem van die rassedemografie in Suid-Afrika wat groot uitdagings na vore bring en wat dit moeilik maak om kohesie in die gemeenskap te bring. Die tweede swakheid wat hy uitwys, is die elite kompromis van 1993 wat nie voorsiening gemaak het vir die normale arm burgery om inspraak te hê nie en dan so ook 'n nuwe situasie vir hulle self te kon skep nie. Die derde swakheid is dat Suid-Afrika 'n ontwikkelende land is waar 'n groot deel van die bevolking verarm en 'onderontwikkeld' is en nie in staat is om deur weldeurdagte politieke keuses 'n nuwe situasie te vestig nie. Verder wys hy daarop dat die proporsionele grondslag van die verkiesings in Suid-Afrika verteenwoordigers daartoe lei dat daar nie aanspreeklikheid is van diegene wat die regering uitmaak nie. Hy is ook van mening dat daar nie genoeg waghond-organisasies in privaat- en staatsektore is om beheer uit te oefen oor al die dwalinge en misbruike in die gemeenskap nie. Hy wys ook in die sesde plek daarop dat 'n hegte vennootskap tussen die ANC-regering en die korporatiewe sektor gevestig is wat dit moeilik maak om duidelike skeidslyne tussen die twee te trek om sodoende die gemeenskap verder te kan ontwikkel. In die sewende plek wys hy op die ernstige swakheid van die feit dat die ANC magteloos is omdat sy soewereiniteit te veel aan bande gelê word deur die drieledige kapitalistiese strukture waarmee dit gekonfronteer word, naamlik die opvolger van die wit kapitalistiese struktuur uit die apartheidstyd (hoofsaaklik die MEK), die nuwe SEB-kapitalistiese struktuur en die internasionale kapitalistiese struktuur. Die laaste swakheid is volgens hom dat die ANC-regering nie weet hoe om die belange van die 50 miljoen mense op regverdige wyse te hanteer nie.

Die vraag wat indringend gevra moet word, is hoe geregtigheid en herstel in die gemeenskap kan plaasvind. Daarin misluk Terreblanche en maak selfs die hoogs aanvegbare stelling dat dit moontlik nodig sou gewees het om in die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n verligte diktatuur te kry om hierdie sake reg te stel.

Hierdie stelling van hom getuig van baie aspekte van sy werk wat ongenuanseerd is en wat geen begrip toon vir die werklikhede van Suid-Afrika voor 1948, na 1948 en na 1994 nie. Daar kan saamgestem word dat die rassedemografie groot uitdagings stel, dat die kompromis van 1993 nie alle gemeenskappe genoegsaam bemagtig het nie, dat die politieke bestel sekere tekortkominge het, en dat die belange van armes nie genoegsaam op politieke en ekonomiese terreine hanteer is nie. Die oplossings wat hy aanbied is egter onaanvaarbaar. Niemand word opgehef deur ander af te trek en weer op hulle beurt te onderdruk nie. Dit is inderdaad so dat die hoog-kapitalisme en die MEK nie noodwendig geregtigheid bring nie, maar alle ander moontlikhede het soveel intrinsieke mislukkings gehad dat dit vernietiging van gemeenskappe meebring. 'n Sosialistiese benadering waar rykdom ongenuanseerd verdeel word, lei spoedig weer daartoe dat armoede toeneem en dat die spiraal van verval nie gestuit kan word nie. Die huidige klassieke voorbeeld is Venezuela.

Wat wel beklemtoon moet word is die insigte van die WRK-verslag *Together towards life* (Keum 2013:6 e.v.), waarin die gevaar van die aanbidding van mammon in die geglobaliseerde wêreld duidelik uitgespel word. Die Drie-enige God wil op alle terreine mense se heil bevorder – ook op materiële gebied – maar die gevaar van die aanbidding van die gode van rykdom en uitbuiting moet aangetoon word. Uitbuiting deur die groot Ryke (Empires) moet wel ten sterkste afgewys word.[121]

Die gevolgtrekking moet egter gemaak word dat, in plaas van staatsinmenging in alle aspekte van bestaan wat groter staatsbeheer behels en baie negatiewe gevolge vir die gemeenskap het, daar groter vryheid van mark, inisiatief en entrepreneurskap moet wees en dat dit bevorder moet word, sodat daar meer en meer werksgeleenthede geskep kan word en die situasie totaal kan verander en vernuwe.

121 Niemandt (2015:95), met verwysing na TTL, vat die gedagtes soos volg saam

> *The significance of "mission with creation at its heart" is that mission in God's way extends to God's creation, and that participating in life-giving mission is a crucial part of the church's mission. This entails, at the very least, missiological reflection on appropriate lifestyles and practices as part of Christian mission, and means that eco-justice becomes fundamental to mission. The economic solution has moved to the centre of the stage. One of the significant effects is that poverty and affluence have diametrically grown beyond all expectations. The problem is a destructive consumerism, driving people apart. This calls for a serious reflection from the ecumenical community and creative ideas on appropriate lifestyles and practices.*

Daar moet inderdaad gewaak word teen sisteme wat vernietigend ingewerk het op sake soos vryheid, geregtigheid, entrepreneurskap en inisiatief. Dit is sake wat vir die Christen vanuit Jesus Christus se versoenende werk van die grootste belang is. Sake soos die ware menslikheid en die ware geregtigheid dat jy as mens kan bestaan, moet beklemtoon word. Christus gee aan ons die reg om te kan bestaan en in ons bestaan voor Hom bestaan ons in al ons verbintenis sodat ons die volle heerlikheid van sy skepping ten volle kan benut en ten volle kan uitleef. 'n Ekonomie van geregtigheid sal 'n ekonomie wees waar ruimte vir ontwikkeling, vir volle menswees, inisiatief, en aanpak van dinge sal wees. Hiermee sal egter groot verantwoordelikheid, en rentmeesterskap, saamhang. Waar daar ruimte is vir hierdie bevrydende aspekte van die mens sal rentmeesterskap ook van groot belang wees, en sake soos klimaatsverandering en dit wat daarmee saamhang sal inderdaad besondere aandag moet geniet, omdat dit juis die ruimte wat God vir ons gee om ons volle potensiaal as mense te benut, kan inhibeer. God wil hê dat ons daardie volheid sal kan beleef in Christus wat die verlossende en profetiese amp beklee.

Jesus Christus bring eintlik al ons ekonomiese programme en oortuigings onder die oordeel. Daarom moet ons juis strewe na die bestaan waar God se reg geld. Dit is 'n groot uitdaging en moet gesoek word ten spyte van ons gebreke. Daarom moet volle menslikheid beklemtoon word.

Wat is egter die beginsels waarvolgens die ryke moet lewe? Is daar in die evangelie aanduidings dat die ryk persoon wel gered kan word? Op watter wyse sal die ryk persoon dan die saligheid bekom en sal sy/haar rykdom nie vir hom/haar 'n struikelblok word nie, soos vir die ryk jongman, wat vanweë sy rykdom van Jesus weggedraai het nie? In 1 Timoteus 6 is daar 'n gedeelte wat in hierdie verband van besondere belang is. Dit dui daarop dat rykdom tog aanvaarbaar is indien daar aan sekere beginsels voldoen word.

Towner (2006:424) is van mening dat daar wel sosio-ekonomiese verskille in die vroeë Christelike gemeenskappe voorgekom het en dat dit wel uitdagings vir die eenheid en gemeenskapsverhoudinge gebied het. Alhoewel sommige, volgens Towner (2006:424), meen dat die skrywer van 1 Timoteus 6 wel baie meer toegeeflik teenoor rykdom is as in die Jesus-tradisie, of selfs in die strenger Pauliniese benadering, is Towner tog van mening dat dieselfde beginsel neergelê word as by Paulus, naamlik mededeelsaamheid.

Die skrywer waarsku in 1 Timoteus 6:10 teen hulle wat ryk wil word en hulle laat mislei deur die rykdom. Hier wil hy die rykes leiding gee oor hoe hulle moet lewe met hulle rykdom, sonder om daardeur beheers te word (Mihoc 2008:148). Hierdie gedagte dat daar aan sekere beginsels voldoen moet word en hoe daar aan hierdie beginsels voldoen kan word, is van groot belang. In 1 Timoteus 6:17 word die beginsel neergelê dat dié wat in die wêreld ryk is nie soseer onmiddellik veroordeel word nie, maar dat hulle gewaarsku word om nie hooghartig te wees nie. Hooghartigheid kan tot ’n verskeidenheid sondes lei en daarom moet hulle juis nie hulle oog op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God, wat let op alles ryklik en dit aan ons gee om te geniet. Dit is ’n merkwaardige sinsnede. Hier word uitdruklik bevestig dat dit God is wat ryklik skenk en dat God die Een is wat ook die rykdom aan die persoon skenk om vanuit die rykdom wat hy ontvang, vir God te kan dien (Wall 2012:150). God skenk om te geniet en dit hang saam met verskeie gedeeltes wat ons ook in die Ou Testament kry, onder andere wanneer Abraham in sy rykdom uit God se hand ontvang; wanneer Dawid en Salomo rykdom uit God se hand ontvang; en wanneer Spreuke sê dat God in sy seën ook rykdom in mense se hande stel. Hierdie twee gedeeltes in 1 Timoteus 6, aan die een kant vanaf vers 6 tot vers 10, en in hierdie verband weer vanaf vers 17 tot vers 19, dui uitdruklik aan dat daar twee kante van die saak is. Aan die een kant die waarskuwing, die oordeel oor rykdom, en die waarskuwing dat dit verkeerd aangewend kan word en daarteenoor die positiewe dat dit uit God se hand kom – God wat alles ryklik aan ons gee. Holtz (1980:146) verwys na die oorvloed wat God ook gee. Die belangrike vraag is egter: hoe moet daardie ryk persoon dan optree? en hoe moet rykdom aangewend word? Vers 18 maak dit baie duidelik. Spoor hulle aan om goed te doen om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. Dit wil sê, die ryk persoon wat hom wil deel maak van die evangelie van Christus moet ryk wees in goeie dade, en vrygewig en mededeelsaam.

*Uitgangspunte in die hantering van rykdom*

In die wêreld van globalisering en ongebreidelde kapitalisme is daar dus ’n paar uiters belangrike sake wat beklemtoon moet word.

Die eerste saak is dat inisiatief en die aanwending van die gawes wat God ’n mens gee, en die vryheid in die aanwending van die gawes, nie verkeerd is nie. Dit is belangrik dat ons op ’n baie positiewe manier nuwe dinge kan doen waar

geleenthede aangegryp word en werk en rykdom geskep word. Nyweraars en beleggers wat werkskepping bevorder en geleenthede vir mense skep, moet aangemoedig word. Deur geleenthede vir mense te skep word werk moontlik gemaak. Daarteenoor sou net hulp aan armes nie noodwendig vir die armes en opheffing van die armes in daardie situasie betekenis hê nie. Die arme word dan nie noodwendig gehelp deur hulle wat 'n mooi gesindheid openbaar of wat noodwendig saam met hulle leef nie, maar wel deur hulle wat entrepreneurskap aan die dag lê en nuwe geleenthede skep. Etiese belegging op die beurs is dus nie uitgesluit nie, maar moet met oorleg en diensbaar gedoen word. DeSilva (2004:773) se standpunt dat dit nie gedoen word nie, is nie houdbaar nie.

Die tweede beginsel wat aangedui moet word, is dat daar 'n dringende waarskuwing teen hoogmoed, geldgierigheid, en uitbuiting, wat dikwels met rykdom saamhang, moet wees. Die gevaar daarvan is lewensgroot en dit kan 'n afskuwelike sonde voor God word, veral waar daar op mense getrap en hulle vernietig word. Die ryke kan egter in diens van God net die teenoorgestelde doen. Rykdom kan gebruik word tot diens aan mense deur vrygewigheid en mededeelsaamheid. Deur hulp, bystand en ondersteuning kan 'n baie positiewe gesindheid aan die mense uitgedra word.

Die derde aspek wat van belang is, is dat eintlik gesoek moet word na die koninkryk van God. Die koninkryk van God is 'n omvattende en volledige saak. Die koninkryk van God sluit alle aspekte van ons lewe in. In die koninkryk van God kan die volle heerlikheid van God ondervind word. Wanneer die volheid van die bestaan in God se koninkryk beleef word, word naasteliefde die beginsel waarvolgens geleef word. Dit beteken ook dat daar in die ekonomiese lewe na 'n verhouding met God gesoek moet word sodat sy koninkryk gebou kan word. Die koninkryk van God is dus ook op dié terrein van die allergrootste belang. In Openbaring is daar 'n baie duidelike waarskuwing teen die handelaars en die rykes wat op hulleself staatmaak en hulle eie koninkryke wil bou. Babilon val dan ook wanneer die sedelose vrou van Openbaring 17 veroordeel word; die vrou wat 'n rykdom uit haar onsedelikheid wil vergader en wat ongeregtigheid gedien het. Daarteenoor staan die Nuwe Jerusalem waar die strate van goud is en die mense in heerlikheid lewe omdat hulle God dien en gehoorsaam aan die Here lewe. God vra gehoorsaamheid en dat volgens sy Wet gelewe moet word, maar sy seën en

sy genade is so oorvloedig dat ons daarvan in volheid kan beleef en dit in volheid kan ondervind.

In die werklikheid waarin ons lewe, moet beklemtoon word dat rykdom altyd afhanklik moet wees van diens aan God, waar God se roeping vir ons baie sterk beklemtoon word en ons voortdurend in gehoorsaamheid aan God lewe.[122] God gee sonder om te verwyt. Die vraag is egter wat met die gawes van God gedoen word. Daaroor sal verantwoording gedoen moet word. God gee oorvloediglik, daarom moet ons ook oorvloediglik gee.

Wat die ekonomie betref, is dit inderdaad so dat entrepreneurskap, heil en ontwikkeling van die grootste belang is. Dit beteken ook dat die kerk voortdurend sal waarsku dat die mens wat sy vertroue in hierdie wêreld, op sy eie goed en op sy eie rykdom stel, ver van die koninkryk van God is. In daardie opsig is die wêreld nie ons woning nie, maar die kerk word egter deur die Heilige Gees vernuwe om ook die gemeenskap te vernuwe sodat ook daar ware heil en verlossing beleef kan word. Iemand wat heil in die gemeenskap wil bring, sal dit altyd in gebrokenheid moet doen. Wanneer entrepreneurskap en ontwikkeling bevorder word, moet dit altyd gedoen word met die oë gerig op Jesus Christus, die gekruisigde Profeet wat leer dat gebroke voor God gelewe moet word en dat mense nie op hulleself in hierdie wêreld moet vertrou nie. Die heil kom van Jesus Christus en Hy bevorder mense se welwese. Jesus Christus bring heil vir die arme en vir die swakke. Hy bring vernuwing in die gemeenskap en dit kan alleen plaasvind indien daar entrepreneurs en yweraars is wat nuwe moontlikhede skep, maar wat dit ook altyd in gebrokenheid voor God doen.

## 6.9 'N BETEKENISVOLLE TOEKOMSVERWAGTING

Die verwagting van 'n nuwe toekoms is deel van die menslike bestaan. Dit is onmoonlik om sonder hoop te lewe. Hoe hierdie toekomsverwagting en hoop ingevul word, is van groot belang. Verskillende perspektiewe kom na vore. Vorster (2011:13) argumenteer dat dit 'n groot uitdaging is om hoop in Suid-Afrika te

122 Malherbe (2011:94) vat dit goed saam:

> *It therefore goes without saying that wealth is a good; indeed, the purpose of God's beneficence is human enjoyment, understood as the socially responsible use of wealth, which is tantamount to a new, powerful notion of laying up treasure for the secure future.*

bring. Rassisme, seksisme, xenophobie en ander vorme van spanning kom steeds voor. Alle vorme van miskenning van menswaardigheid moet teengewerk word. Dit beteken dat die kerk sigself inderdaad profeties teen alle bedreigings van hoop in die samelewing moet uitspreek.

Hoop moet dus geskep word deur die menslike bestaan te vernuwe. MacMillen (2011:241) beklemtoon juis dat geloof, hoop en liefde saamhang en dat die liefde die hoop op hierdie wêreld rig. Deur die liefde verkry die menslike bestaan nuwe betekenis en hoop word geskep. Ook Lennan (2011:253) beklemtoon dat hoop ’n uitdaging is en dat die liefde van Christus ook beteken dat hoop die werking van genade in ons lewe uitdra. Dit is inderdaad betekenisvol. Hoop moet met die liefde van Christus ingevul word anders word dit dikwels leeg en sonder inhoud; ’n blote verwagting van iets nuuts. Die hoop wat saamhang met die volle vernuwing wat Christus bring, sluit die huidige en toekomstige lewe in. Moltmann et al. (2004:15) wil die eskatologiese hoop nuut interpreteer en is van mening dat Jesus, wat as regter kom, juis die Een is wat volledige versoening met God bring sodat universele heil deurbreek. Daar sal egter van hulle verskil moet word dat die versoening en hoop universalisme veronderstel. Hoop as universele heil sal egter ook in die huidige bestaan reeds die gemeenskap tot ’n lewe in hoop oproep. Wanneer die beslissing in Christus wat die hoop bepaal, nie ook as skeidende geregtigheid beskou word nie, verkry die hoop ’n verkeerde inhoud. Die begrip “teologie van hoop” word ook anders ingevul en Mashau (2008:31) wys op die betekenis wat ’n “teologie van hoop” kan inhou. Eerstens moet dit gevestig wees op die persoon en werk van Christus, omdat Hy Immanuel (God met ons) is wat Hom verneder het om in die menslike bestaan en leed te deel. Tweedens moet dit op die opstandingshoop van Jesus Christus gevestig wees. Die hoop op ’n beter toekoms is daarop gevestig. Derdens het die teologie van hoop betekenis vir die hier en nou. Die strydende kerk is op weg in hierdie wêreld, maar wil ook die nuwe heil bring met die verwagting op die toekoms waar alle verlossing sigbaar sal wees. Vierdens word die kerk opgeroep om by die wêreld betrokke te raak. Die stryd teen die boosheid en lyding in die wêreld moet aangeknoop word. Esterman (2003:112) wil juis die nood en ellende en angste van mense in die onontwikkelde wêreld met erns bejeën om sinvol oor hoop te praat (kyk ook Bockmuehl 2012:15). Holton (2010:81) sluit hierby aan deur aan te dui dat betrokkenheid aan die

ontvouing van God se beloftes van hoop in die wêreld van groot belang is. Die historiese hoop in Christus is egter essensieel (vgl. Ware 2009:137).

Terwyl dit inderdaad waar is dat die teologie hoop moet beklemtoon, moet gewaak word teen 'n teologie waarin die betekenis van die dood van Christus aan die kruis misgekyk word. Die dood aan die kruis skep hoop maar veroordeel ook ongeloof en sonde. Die eskatologiese hoop wat weer deur die opstanding bevestig word, is van beslissende betekenis. Hierdie hoop is egter die hoop in Christus. Dit moet aan die heil in Christus alleen verbind word.

Hoe kan hierdie hoop Bybels begrond word?

Die eskatologiese verwagting in die Bybel is ononderhandelbaar, maar het ook betekenis vir die hier en die nou. Die toekoms is steeds 'n ingevulde toekoms wat betekenisvol deur God bepaal word. Die eskatologiese heil is egter reeds in God se ingrype in die werklikheid sigbaar.

### *Die toekoms in die Ou Testament*

Watter uitgangspunte moet neergelê word vir 'n nuwe toekomsverwagting en hoe moet hierdie toekomsverwagting bereik word? Indien 'n mens vanuit die Ou-Testamentiese perspektief vra wat die toekomsverwagting van mense moet wees en hoe 'n verdere toekomsverwagting ontwikkel kan word, moet die gedagte dat God in sy ingrype in mense se lewensomstandighede die Een is wat elke nuwe toekoms skep, beklemtoon word. Nie alleen is Hy die God van die geskiedenis nie, maar Hy is ook die God van die toekoms, en hierdie God word op velerlei wyses in die Ou Testament beskryf. God skep die nuwe toekomsverwagtinge.

Hoop en verwagtinge van die toekoms in die Ou Testament hang ten nouste met die verbond en met die belofte van God saam. Aan die een kant is die verbond die grondslag waarop hoop en verwagting vir die toekoms gebou kan word. Die grondslag vir die verbond vind ons wanneer God vir Abraham sê: "Ek sal vir jou 'n God wees, en jy moet my kind of my volk wees" (Gen 12). Uit hierdie verhouding tussen God en Abraham spruit die belofte dat die nasies ook geseënd sal wees, want "[i]n hom sal al die geslagte van die wêreld geseën wees" (Gen 12:3) (vgl. Wenham 2002a:282). Sailhamer (1990:138) verduidelik dat die verbond juis op twee beloftes van God berus, naamlik dat God 'n oorvloedige nageslag sal gee, en ewige toewyding en seën. Hierdie verbondsverhouding beklemtoon ook

'n nuwe bevestiging van die beloftes van God. Die beloftes van God skep hoop en verwagting dat die toekoms in God se hande is en dat God die toekoms in vervulling sal laat gaan. Hierdie beloftes van God verseker God se volk, diegene wat aan God behoort, van 'n seënryke toekoms. Dit vind sy hoogtepunt in die Josef-geskiedenis wanneer God sy beloftes aan die volk vervul toe Hy gesorg het dat hulle deur Josef in Egipte bewaar is (vgl. Wenham 2002b:493 en Sailhamer 1990:266).

Verder vind die beloftes vervulling in Moses se geskiedenis wanneer Moses deur God geroep word en God in Moses beloftes vervul wat Hy aan die volk gedoen het (Kaiser 1990:486). Die hoogtepunt van daardie vervulling vind eers plaas wanneer Josua die land inneem, maar dit beteken dat God ook op 'n besondere wyse met die volk was en dat Hy hulle ook van 'n toekoms verseker.

Hierdie toekomsverwagting, wat vervul word wanneer die beloftes in vervulling gaan, hang saam met die verbond en die vervulling van die verbondsbeloftes wanneer die toekoms 'n werklikheid word.

Dit is veral Wright (2006:77-78) wat die besondere betekenis van die heil wat deur God in die uittog beklemtoon word, verhelderend bespreek. Die God van die Bybel is die wonderbare Koning. Die heil van God is dus nie slegs geestelik en spiritueel nie, maar in die geskiedenis word dit konkreet en radikaal. Alle terreine van die lewe word geraak. God vernuwe die gemeenskap totaal – op geestelike, ekonomiese, sosiale en politieke gebied. Hierdie heil het betekenis vir die hele gemeenskap.

Veral in Jesaja word dit baie sterk beklemtoon dat God die Een is wat vir die volk wat in ballingskap (eintlik 'n volk sonder hoop met geen verwagting meer oor nie) is, verwagting en hoop kan skep. Hy doen dit deur vir hulle 'n nuwe toekoms te skep sodat hulle in die verwagting van wat God skep, vooruit kan beweeg in 'n rigting waarin hulle dan in 'n nuwe verhouding kan leef. Lessing (2011:134) maak 'n saak daarvoor uit dat Israel as die kneg van die Here ook die Kneg van die Here nodig het.

Nuwe verwagting word telkemale geskep wanneer God heil en verlossing moontlik maak en dit vir hulle skep. Kaminsky et al. (2006:162) beklemtoon God se volledige soewereiniteit en majesteit in Deutero-Jesaja. In Jesaja vind die hoop natuurlik 'n besondere betekenis wanneer God die spesifieke aard van die verlossing en die seën beklemtoon. In Jesaja word die heil vir die volk verseker, asook 'n terugkeer

uit die ballingskap waarvandaan hulle in heerlikheid sal terugkeer om die land in besit te neem. Verder verseker Jesaja hulle van die vervulling van die beloftes wanneer die hoop 'n nuwe gestalte verkry en wanneer dit alles plaasvind, sal die beloftes van God ten volle in vervulling gaan. Die liedere oor die kneg van die Here in Jesaja bevestig dit op 'n baie besonderse wyse. Hierdie heil wat God gee, hou hoop vir die toekoms in, onder andere in Jesaja 40:1-2 waar daar geskryf staan:

> *Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê. Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, Hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes.* (vgl. ook Grogan 1986:245-246).

Die Here bevestig hiermee dat daar hoop en 'n toekomsverwagting is en dat Hy die toekoms nuut kan skep.

In die profetiese literatuur kom dit dikwels voor dat daar te midde van die onheil en die oordeel van God telkemale ook heil en verlossing is. So vind ons dit dan ook in 'n besondere sin in Daniël wanneer Daniël met sy skuldbelydenis voor God deur God verseker word van die toekoms wat God sal skep (Dan 9:20) (vgl. Goldingay 2002:266).

Die Ou Testament beklemtoon dus op unieke wyse hoe God ingryp en heil skep sodat die hoop met volle inhoud gevul word. God skep die hoop – soms uit totaal ellendige omstandighede sodat Hy geëer kan word. Die toekoms is volledig in sy hande.

## *Toekomsverwagting in die Nuwe Testament*

Heil en verlossing en hoop in die Ou Testament is baie konkreet. In die Nuwe Testament is dit ewe-eens konkreet maar dit sluit die toekomsverwagting van heil in die ewigheid in. Dit bly nie uit dat die belofte van God in vervulling sal gaan in die heil wat God skep nie. Nie alleen is daar die verwagting op die ewigheid nie, want God verseker die volk en die gelowige ook van die teenswoordige heil. Die Nuwe Testament bied beloftes oor die heil wat volledig in die toekoms in vervulling sal gaan, 'n verlossing wat werklik en absoluut sal wees. Die belofte van vervulling in die toekoms word egter ook aan die teenswoordige heil wat reeds in die teenswoordige tyd na vore kom, gebind. Daarom word verskillende aspekte van die toekomsverwagting en die teenswoordige heil beklemtoon. God se heil

word in die teenswoordige tyd geskenk, maar die verwagting op die toekomstige heil bly nie uit nie. Daarom word die vervulling en die verwagting van die heil in die toekoms verder in die teenswoordige tyd bevestig. Juis dit gee hoop vir mense vir nou en vir die lewe hierna.

Dit vind ons veral in die Johannes-evangelie waar dit baie duidelik gemaak word dat die heil in die teenswoordige tyd beklemtoon word. God beklemtoon baie uitdruklik reeds in Johannes 6 dat die heil teenswoordig is (Joh 6:47). Dit is ’n sterk bevestiging van die heil wat in die teenswoordige tyd reeds ’n werklikheid is. Beasley-Murray (2002:97-98) beklemtoon dit juis. Dit word verder bevestig wanneer Jesus hierdie heil en verlossing aan sy Persoon koppel en verseker dat Hy en die Vader Een is en dat Hy in die EENHEID met die Vader, hierdie verlossing en heil kan gee wat tog vir die persoon in die tyd self betekenis het. Die versekering van die heil in die tyd self word in Romeine ook verder beklemtoon wanneer Paulus oor die werking van die Heilige Gees skrywe, en aandui dat die skepping deur God bestuur word omdat God die Heilige Gees gee (vgl. Dunn (2002:493).

Die hoop en verwagting is soms ’n uitgestelde hoop, soos blyk uit Hebreërs 11 waar aangedui word hoe die gelowige mens deur die geloof aan God verbind is, hoe die heilsverwagting beklemtoon word, hoe die mens uitsien na die verlossing wat van God kom en hoe God die verlossing en sekerheid vir hom of haar gee wat in vervulling gaan. Hierdie verlossing tree egter nie altyd hier en nou volledig in werking nie, maar gelowiges leef met verwagting dat die belofte in vervulling sal gaan. Hebreërs 11 verseker gelowiges van die heil wat vir hulle gegee is omdat hulle deur die geloof die toekomstige heil in die verte gesien het (Lane 2002:394-395 en Morris 1981:131-132).

Dan natuurlik word in Openbaring die belofte van heil baie sterk beklemtoon. Dit is ’n heil wat verkry word wanneer Christus gelowiges verseker van sy teenwoordigheid tussen die gemeentes – die sewe gemeentes waar Hy as Here teenwoordig is. Hy verseker sy verlossing en heil vir hulle, maar Hy verseker hulle ook dat hierdie heil en verlossing wat Hy aan hulle belowe ook in die toekoms ten volle na vore sal kom. Dit word bevestig in Openbaring 7 waar die 144 000 mense met die naam van sy Vader op hulle voorkoppe staan (Aune 2002a:480).

Dit is die verlossing wat in Openbaring 19 belowe word wanneer daar vreugde in die hemel is en die bruilof van die Lam aanbreek en die stem van die troon van

God gekom en gesê het: "Loof ons God as sy dienaar, die wat Hom vrees klein en groot en dan die lof wat aan God gebring word vir die groot bruilofsmaaltyd van die Lam; verlossing van die heil wat kom" (vgl. Aune 2002b:1040 en Johnson 1981:571).

Die Nuwe Testament beklemtoon dat God in Jesus Christus die heil skep, nie alleen vir die toekoms nie, maar ook vir die teenswoordige tyd. Hierdie heil omvat die mens se volle bestaan en bring hoop onder die mees ongunstige omstandighede. Dit word radikaal aan die kruis en opstanding van Jesus Christus verbind en word deur Hom bemiddel. Die heil wat Hy gee word die inhoud van die ware hoop.

Die kerk is steeds vir baie mense die gemeenskap wat inderdaad die nuwe toekoms kan skep. Onder haglike omstandighede bring die kerk nuwe verwagtinge by mense. Hierdie aspek sal ontwikkel en uitgebou moet word.

Dit is egter ook belangrik dat 'n mens moet besef dat gemeenskappe self ook verantwoordelikheid moet aanvaar.

### *Voorstelle vir die skep van 'n toekomsverwagting*

Hoe het die verlossing wat bevestig word in die heil wat vaslê in die toekoms vir 'n persoon in informele behuisingsgebiede betekenis? Op watter manier kan hierdie beloftes van God ook daar reeds in vervulling gaan? Is daar aspekte van die heil wat teenswoordig midde-in daardie omstandighede ervaar en beleef kan word?

Dit is duidelik dat daar 'n brug geslaan sal moet word tussen die belofte van God binne die verbond en die bestaan van mense in die algemeen en hoe hulle op hierdie hoop en verwagting kan staatmaak.

In die eerste plek is daar die persoonlike verhouding tot God waarin die hoop sekerheid verkry en 'n mens uit die krag van hoop kan lewe. Dit is alleen moontlik wanneer die persoon in 'n noue verhouding met God gebring word en ook in die teenwoordigheid van God kom. Die vraag wat egter onmiddellik gevra moet word, is of hierdie verwagting van 'n persoonlike verbondsverhouding wat op 'n toekomsverwagting kan uitloop nie 'n tipiese voorbeeld van Christelike vermyding van die werklikheid is nie? 'n Sterk evangelisasie-aksie sal dus in die gebiede geloods moet word, maar dit sal gevul moet word met wêreldbeskoulike inhoud sodat daar nie sprake van dualisme is waar die huidige lewe geskei word van die spirituele lewe nie. Kerkies in die informele gebiede moet mense aktief

uitnooi na eredienste en aanbiddingsgeleethede om 'n gemeenskap van hoop te vorm.

Dit is inderdaad van groot belang, want indien 'n persoonlike verhouding met God daartoe lei dat 'n mens jou aan die werklikheid onttrek en jy jou in 'n tipe geestelike kloosterbestaan bevind, word die betekenis en die ware aard van die hoop en toekomsverwagting van die Bybel meteens misgekyk. Die hoop en die toekomsverwagting van die Bybel hang saam met die sekerheid dat die heil en verlossing in Christus gevind kan word en dat hierdie heil en verlossing dit moontlik maak om met God te lewe en die toekoms tegemoet te gaan. Hierdie nuwe toekomsverwagting maak dit moontlik dat 'n mens ook verantwoordelikheid kan aanvaar.

Dit bring ons by die tweede aspek, naamlik die mens se verantwoordelike lewe voor God. Die mens word tot 'n verantwoordelike lewe voor God geroep. God gee die mens die taak en die verantwoordelikheid om in die werklikheid te leef.

Verantwoordelikheid hang ook met gemeenskapsverantwoordelikheid saam. Die individuele persoon in byvoorbeeld die informele behuisingsgebiede kan dikwels nie verantwoordelikheid aanvaar vir infrastruktuur en ander sake wat negatief op die gemeenskap inwerk nie. Hulle moet hulp ontvang van mense wat hulle ondersteun en die gemeenskap moet saam hierdie verantwoordelikheid aanvaar.

Kerke sal selfs tydelike strukture moet oprig om mense te bedien. Daar sal gepoog moet word om die strukture wettig op te rig. Vanuit hierdie strukture moet die gemeenskap bedien word met crèches, opleiding en selfs primêre mediese dienste. As voorbeeld van gemeenskapsdiens sou kerke aksies kon loods soos skoonmaakaksies, padopvullings en hulp met watervoorsiening.

Munisipaliteite is onder druk om vir mense behuising en dienste te verskaf. Dit is in baie opsigte onmoontlik om almal tegemoet te kom en hierdie dienste vir almal te verskaf. Die gemeenskap moet ook self verantwoordelikheid aanvaar om daarby betrokke te raak. Die kerk kan hierin 'n besondere rol vervul, nie alleen deur die spreekbuis van die armes te wees nie, maar ook deur die owerhede by te staan in die ontwikkeling van die gebiede.

Die derde aspek is die skep van 'n nuwe toekoms en 'n nuwe verwagting deurdat daar van buite hulp kom. Dit kan geskied deur NROs of deur die kerk self wat in die gemeenskap God se beloftes in vervulling laat gaan deur ook vir die gemeenskap hoop te skep en hulle deur daardie hoop op 'n nuwe pad te plaas. Dit

sou kon beteken dat mense ander mense op die mees basiese vlak versorg sodat hulle nie in wanhoop verval en geen hulp en geen bystand kan verkry nie. Kerke moet aksies saam met ander rolspelers aanpak om die omstandighede prakties te verbeter.

Werkskepping sou inderdaad noodsaaklik wees indien groot gebiede onder werkloosheid gebuk gaan. Hierdie werkskepping moet uiteindelik daartoe lei dat mense ook gehelp word met dít wat hulle wil doen sodat hulle dan inderdaad die gemeenskap verder kan opbou.

In die vierde plek sal ’n toekomsverwagting daartoe moet lei dat mense as burgers van die land hulle verantwoordelikheid, nie alleen teenoor mekaar nie, maar teenoor die land as sodanig nakom deur positiewe dinge tot opbou van die gemeenskap te doen.

Die uitdagings in die informele gebiede is ontsaglik groot. Daar is geweldige krisisse wat alleen aangespreek kan word indien daar ’n diep Bybelse beginsel neergelê word dat God die Een is wat die hoop skep. Terselfdertyd sal die gemeenskap ook verantwoordelikheid moet aanvaar en sal owerhede en ander belanghebbendes steeds direk betrokke moet wees by mense en ook insien hoedat hulle die mense te hulp kan kom en hulle op ’n nuwe pad kan plaas. Dit beteken dat gemeenskappe meer as ooit vantevore geïnspireer moet word om kennis te neem van die Bybelse uitgangspunte en van die wyse waarop die Bybel tog vir mense onder die omstandighede waaronder hulle lewe, riglyne kan verskaf en vir hulle op ’n nuwe pad kan plaas.

Vanuit die wonder van God se nuwe skepping wat Hy in Jesus Christus moontlik maak, is dit moontlik om ook in die hier en die nou reeds vir sake van belang verantwoordelikheid te neem. ’n Makrostruktuur wat dit moontlik maak, is van groot belang, en sodanige makrostruktuur waarin mense inderdaad ruimte kan vind, moet beklemtoon word. Mense moet die ruimte gebied word om vanuit hierdie makrostruktuur steeds voort te gaan om hulleself te ontwikkel.

Die verwagting van ’n nuwe toekoms is alleen moontlik wanneer daar vanuit die diepte van die evangeliese beginsel dat Christus die Verlosser is, gedink kan word oor die werklikheid waarbinne ons leef en wanneer daar vanuit hierdie verlossing ’n toekoms geskep kan word.

Bruwer (1994:5) verwys na die uitdagings in Afrika om armoede te oorkom weens die feit dat sommige heksery beoefen en dat die vrees daarvoor inhiberend is.

Daar is egter ook uiterste probleme soos oorbevolking, gebrek aan energiebronne, watertekorte, werkloosheid, onderbetaling, hongersnood, ondervoeding, endemiese siektes, tekorte aan huisvesting, ongeletterdheid en politieke probleme (1994:6). Hy toon egter aan dat die Heilige Gees in die Christelike gemeenskap lewe en vernuwing bring (1994:18). Die Bybel doen 'n oproep tot hoop en om nooit moed op te gee nie. Die lewe moet gekies word deur verantwoordelik op te tree (1994:21).

Sobrino (1991:11) verduidelik dat die armes hulleself in die lyding van Jesus sien en daarin hulleself aan Hom verbind. Daarom is Christus die Bevryder, die nuwe voorbeeld van geloof vir die onderdruktes (1991:12). Die lyding van Jesus word dus nie net 'n simbool van swaarkry nie maar van protes teen die swaarkry en van bevryding. Die Christologie roep op tot vernuwing van die kerk waarin die gemeenskap van die kerk moet deel in die bevrydende optredes. Christus is teenwoordig in die kerk van die armes in sy liggaam (die kerk) daarin dat Hy die bevryding vir hulle bring (1991: 30). Hy is diep besorgd oor die lyding van mense. Sobrino (1991:100) wys daarop dat die koninkryk van God die koninkryk van die armes, swakkes en verwerptes is. Ware menslikheid word gevind wanneer hulle broers en susters van Jesus is. Daar moet krities op Sobrino se teologie gereageer word. Die heil in Jesus Christus word soms volledig op die aardse heil betrek terwyl die volledige verlossing in Hom wat ook die ewigheid insluit, misgekyk word. Daar is egter wel belangrike elemente van die heil wat wel deur Sobrino raakgesien word.

Wat die nuwe toekomsverwagting betref, sal daar altyd ook vir die arme 'n nuwe toekoms geskep moet word. Dit sal egter altyd in gebrokenheid voor God gedoen moet word. Die gelowige is altyd in diens van God, wanneer hy/sy na die toekoms kyk, kyk hulle na die toekoms deur die waas van die sonde en vernietiging, maar Jesus Christus, die Profeet, bring die ware vernuwing, daarin dat hy die totale heil en verlossing moontlik maak wat inderdaad nuwe heil skep in dít wat Hy gee.

## 6.10 DIE PROFETIESE AMP VAN JESUS CHRISTUS EN DIE HEILIGE GEES

Van de Beek (2012) het 'n besondere bydrae gelewer in sy boek: *Lichaam en Geest van Christus,* waarin die werk van die Heilige Gees in die kerk bepreek word. Die Heilige Gees is werkende in die kerk as Gees van Christus. Die Heilige Gees werk juis vernuwend in die kerk. Van de Beek (2012:126 e.v.) is huiwerig om hierdie

wêreld as 'n werklikheid wat vernuwe kan word te beskou. Die vernuwing vind in die kerk plaas, die wêreld is ons woning nie, die vernuwing vind nie in die wêreld plaas nie, maar in die kerk self. Die kerk is die gemeenskap van die vernude mense, nie die wêreld nie. Daarom is Van de Beek versigtig om te praat van die kosmologiese werking van die Heilige Gees, want hy wil die Heilige Gees aan die kerk verbind, en die werk van die Heilige Gees sou dan die werk van die Gees in die kerk wees.

Ten opsigte van hierdie saak moet sekere sake beklemtoon word. Ten eerste: die wêreld is nie ons woning nie. Die uitsig van die Christen is altyd op 'n heerlikheid wat groter en meer as hierdie wêreld is. Hierdie wêreld gaan verby en kom tot 'n einde. Hierdie sondige wêreld sal vernietig en verbrand word, maar die verwagting op 'n nuwe wêreld, op 'n wêreld wat nou ons woning sal wees, is die verwagting in Christus wat deur sy profetiese amp beklemtoon word. Vanuit die profetiese amp van Christus kan dit moontlik gemaak word dat die nuwe wêreld na vore kom. Volgens Van de Beek (2012:420 e.v.) word die nuwe wêreld juis in die kerk gevind.[123]

Die tweede aspek wat in die verband belangrik is, is dat die vernuwing wat Christus bring, juis na vore kom in dissipelskap. Diegene wat aan Hom behoort, Hom navolg en in 'n nuwe verhouding met Hom lewe, kan as dissipels van die Here in 'n nuwe en totaal vernude gemeenskap leef. As dissipels van die Here leef hulle in hierdie nuwe verhouding met Hom. Die Profeet Christus spreek juis die gemeenskap aan sodat daar dissipels kan wees wat Hom volg. Hierdie dissipels word geroep tot 'n nuwe verhouding met Hom. Hulle word ingetrek in die gemeenskap en hulle word vernuwe deur dít wat Hy doen. Hierdie vernuwing beteken 'n totale verandering en gemeenskapsvernuwing wat vanuit die kerk uitgaan. Dit is die belangrike punt. Dit is nie 'n gemeenskapsvernuwing wat uit die politiese denke of uit die gemeenskapsdenke opkom nie. Dit is 'n vernuwing

123 Van de Beek (2012:420) skryf oor die feit dat daar in die Heilige Gees geglo word wat die kerk vul:

> *Onze ziel en zaligheid hangen af van deze gemeenschap waar God zelf aanwezig is. De paradox is niet minder dan die bij de christologie. Daar is het dat God gekend wordt in een man die doodgaat aan een kruis. Hier is het dat God zijn woning heeft in de kerk die op allerlei manieren onder vuur ligt. Het grote verschil is dat de kerk de woonplaats van de Geest is en niet de Geest zelf. Zijn woning onder de mensen is bouwvallig. Toch is dat de stad met gouden straten en paarlen poorten. Dat kan men alleen zeggen als men gelooft dat in deze stad God zijn intrek heeft genomen en de mensen het geneesmiddel van het eeuwige leven toedient.*

vanuit die kerk as sodanig, omdat die kerk die nuwe gemeenskap van God is. As nuwe gemeenskap van God bring die kerk die heil vir die ander gemeenskappe en word hulle ook innerlik vernuwe (Van de Beek 2012:184 e.v.). Die profetiese amp van Christus het verder ten doel dat die kerk in die wêreld die voorbeeld stel van heil en verlossing. Nou is dit duidelik dat die kerk dit nie altyd doen nie. Die gebrokenheid van die kerk, die stukkendheid van die gemeenskap van die kerk en ook die boosheid van die kerk is dikwels nie sonder gevolge nie maar in Christus word die heil sterk na vore gebring, deurdat die verlossing in Christus ook betekenis het vir die kerk self.

Gebroke en stukkend kan die kerk aan die voete van die kruis van Jesus Christus neerkniel en Christus vind, en by die kruis kan die kerk dan die verlossing wat alleen in Christus is belewe. Hierdie verlossing in Christus wat aan die voete van die kruis gevind word, verbind die kerk aan 'n gebroke lewe in die gemeenskap. Dit is daarom uiters belangrik om altyd daarop te dui dat die kerk kerk in gebrokenheid is. Die kerk is triomfantlik in Christus, maar nooit triomfantlik vanuit haarself nie. Die gebroke kerk word geroep tot diens aan Christus, tot meelewe met Christus en tot die verheerliking van Christus in alle verbande. Gebroke dien die kerk die lewende Christus om Hom te verheerlik en te dien. Hierdie gebrokenheid van die kerk stempel die kerk as sodanig. Die kerk is juis die gebroke gemeenskap, maar hierdie gebroke gemeenskap verbind die kerk aan die lydende Christus. In hierdie wêreld vertoon die kerk die lydende Christus. Daarom moet sekere sake beklemtoon word:

Die kruis van Christus sê vir ons dat God in hierdie wêreld in sy Seun Jesus Christus die pad van lyding gekies het vir die vernuwing van die mense. Die kruis self is die teken van die lyding van Christus, en hoewel hulle weggestuur moet word van Vaderlike lyding (Teopasgitisme), moet daar tog beklemtoon word dat Christus die Een is wat die lyding op hom neem en hierdie versoening en verlossing deur sy lyding bring (Christopasgitisme). Hy is die unieke persoon wat die lyding op Hom neem.

Die tweede aspek beteken dat hierdie lyding van Christus die kerk stempel. Die kerk in hierdie wêreld is dit die kerk van lyding. As die kerk in hierdie wêreld beskou moet word, sal 'n mens dit inderdaad so sien. Vervolging van die kerk duur steeds voort. Vernedering van die gelowiges word steeds in baie opsigte aangedui. Hier moet egter gewaak word teen die lydingskonsepte wat meen dat die kerk 'n lydende gemeenskap is, en deel in die lyding van Christus, en daarom

lyding as’t ware aanvaarbaar is of gesoek moet word. Die lyding van die kerk is iets wat van buite op die kerk kom. Die kerk moet daarna strewe om in die profetiese amp van Christus die verlossing uit die lyding te vind. Die kerk moet strewe na totale vernuwing wat ook vanuit die verhouding tot Christus na vore kom. So kan die lyding alleen op ’n nuwe wyse hanteer word, deurdat die kerk daarna strewe om daaruit weg te kom in gebrokenheid, maar met die hoop op die heerlikheid wat Christus gee.

Die derde aspek is dat lyding nuwe betekenis kry in die opstanding van Christus, naamlik van ’n verwagting dat heil wat in Christus is nou reeds ’n werklikheid word. Hierdie verlossing in Christus word nou reeds ’n werklikheid wanneer ons op Christus bly hoop. In Christus is die heil dus volkome. Die opstanding is dus nie iets wat ons maar net eenvoudig moet sien as ’n tussengebeure nie, dit is die kulminasiepunt van Christus se profetiese amp. Wanneer Hy opstaan, is sy woord bevestig, wanneer Hy opstaan, is alles wat Hy gesê het waar. Wanneer Hy opstaan, is dit vir die kerk waar en die kerk leef uit hierdie woord wat waar is en wat beklemtoon word. So word die heil volledig in die profetiese amp van Christus en word Hy verheerlik as die profeet.

Dit is inderdaad die Heilige Gees wat die totale vernuwing in die gemeenskap bring. Christus, die transendente ewige Seun van God, stuur ook sy Gees. Die Heilige Gees kom in die wêreld sodat Hy as Gees mense kan vernuwe. Dit beteken nie ’n vernuwing soos in die wêreld nie of op die wyse van die wêreld nie. Dit beteken dat die vernuwing kom deur Christus wat heil op ’n unieke wyse deur sy gebrokenheid deur die dood heen bring, en daarom word in hierdie wêreld die tekens van gebrokenheid en stukkendheid gesien. Die Heilige Gees is die helende Gees wat te midde van die gebrokenheid en die stukkendheid van die wêreld genesing en heil vir die gemeenskap bring.

## 6.11 DIE PROFETIESE AMP EN DIE OPROEP TOT GEHOORSAAMHEID

Ten opsigte van profetiese amp van Jesus Christus is dit belangrik om daarop te let dat Hy die mens, die persoon in sy omstandighede, vanuit die verlossende genade aanspreek. Die profetiese amp sluit in dat Hy mense oproep tot nuwe verhoudings in die omstandighede waarin hulle verkeer. Die profetiese amp word in ’n baie spesifieke sin in die Bergpredikasie in Matteus 5 beklemtoon: Christus

die Profeet wat in 'n baie besonderse sin die roeping vir die mens daarstel om gehoorsaam in diens van God in 'n totale nuwe verhouding met God te kom. Daarom word verskillende aspekte van die profetiese roeping baie duidelik gestel. Die afhanklikheid van God word reeds in Matteus 5:3 beklemtoon:

*"Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is".* Jesus Christus beklemtoon dat die afhanklikheid van God insluit dat die mens volledig op God gerig sal wees. Hierdie afhanklikheid sluit alle aspekte van lewe in. Dit is daarom dat sy profetiese amp ook betekenisvol vir mense in die wêreld is. Die groot bedreiging van die ellende van mense wat nie vanuit hulle omstandighede kan loskom nie, word deur Hom as Profeet verbind en opgelos deur die saak van afhanklikheid van God, omdat die koninkryk van die hemele aan hulle toegesê sal word.

*"Geseënd is die wat treur want hulle sal vertroos word,"* dui daarop dat die Profeet ook aantoon dat dié wat verdruk is en in haglike omstandighede lewe deur God opgehef sal word tot 'n nuwe verhouding en 'n nuwe uitsig na die toekoms. Die profetiese amp wys ook daarop dat die *sagmoediges die nuwe aarde sal ontvang.* Dit sluit 'n belofte in en 'n seën wat van God af kom. Nie alleen sal daar verlossing wees nie, maar daar sal ook 'n toekoms geskep word. Hierdie toekoms sal 'n nuwe aarde wees waarin die heerlikheid van die nuwe aarde beleef sal word.

*"Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is"* sluit aan by die profetiese uitsprake van die Ou Testamentiese profete wat in 'n baie duidelike sin geëis het dat reg sal laat geskied. Die Ou Testamentiese profete het dus in 'n besonderse sin die waarheid van die reg voorgestaan en die reg sou geskied waar God se reg beklemtoon word. Daar waar God se reg beklemtoon word, waar reg geskied, daar sal die tekens van die profeet na vore kom. Die profeet sal deur die woord wat hy spreek uiteindelik ook die reg in die wêreld bring. Daarin het die profetiese amp in die Ou Testament besondere betekenis gehad vir die totstandkoming van die heil wat uit die profeet na vore kom. Daarom dat Christus dan ook in hierdie sin die belofte gee, as Profeet, dat die wat honger en dors na wat reg is, versadig sal word. Die geregtigheid sal gevind word en hulle wat die reg van God soek, sal uiteindelik ook versadig word.

*"Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word,"* beteken dat die Profeet ook daartoe oproep dat barmhartigheid sal geskied en dat barmhartigheid op so 'n wyse sal geskied dat die volheid van die seën van

die barmhartige sigbaar sal word in die wêreld. Hy wat barmhartig is, dien God. Die profete eis barmhartigheid. In die Ou Testament is daar talle voorbeelde dat die profetiese uitsprake daarop dui dat hy wat barmhartigheid wil bewys dit in diens van God moet doen. Daar moet juis aan die weduwees en die wese barmhartigheid bewys word. Daar waar die swakkes en diegene in die grootste nood voorkom, en barmhartigheid bewys word, sal die heil na vore kom en sal die heil van God deurbreek. Die hang egter saam met die reinheid van hart, want die "*wat rein van hart [is] sal God sien"* en Christus as Profeet maak dit ook duidelik dat hulle in daardie verhouding met God naby aan Hom sal kan lewe.

Verder is die profetiese taak om vrede te stig. Daarom sal die "*vredemakers kinders van God genoem word."* Die Ou Testamentiese profeet het soms die radikale taak gehad om mense tot die besef te bring dat daar vrede in hulle harte moet kom omdat hulle vir God kan sien. Verder is die vredemakers diegene wat as kinders van God benoem word omdat hulle God sal ken, die God van vrede, God wat vrede stig en wat vrede bring.

*"Geseënd is die wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel"* sluit in dat hulle wat vervolg word deur die profeet herstel sal word. Die profetiese amp in die Ou Testament het ingesluit dat die profeet self vervolging beleef het; wanneer die profeet vervolg is, het hy in die belewenis ook gesoek na die reg van God. Die vervolgdes sal egter omdat hulle doen wat reg is, omdat hulle die geregtigheid van God soek, die koninkryk ontvang. Aan hulle behoort die koninkryk omdat hulle doen wat reg is, en omdat hulle die volheid van die reg najaag. Dit hang daarmee saam dat die wat Christus navolg, beledig en vervolg en valslik al wat sleg is sal verduur, omdat hulle loon in die hemel groot is. Christus as Profeet stel dit duidelik dat om Hom te volg as Profeet ook sal beteken dat hierdie heil en hierdie verlossing deel van die lewe sal wees.

Juis daarom word in Matteus 5:17 beklemtoon dat Christus nie gekom het om die Wet of die Profete ongeldig te maak nie, maar dat Hy juis gekom het om hulle hulle volle betekenis te laat verkry. Die Wet en die Profete vind in Christus vervulling en Hy gee daaraan nuwe betekenis. Hierdie nuwe betekenis en nuwe vervulling beteken dat die persoon wat in Christus Jesus is ook die profetiese roeping kry om in die wêreld profetiese betrokke te raak en nuwe heil en verlossing in die wêreld na vore te bring. Omdat Christus dan ook as Profeet optree, eis Hy die

geregtigheid wat dan ook na vore sal kom. In missionêre verband het dit die betekenis dat die een wat Christus navolg die profetiese amp van Christus tot uitvoering bring, en dat die geregtigheid van God ook sigbaar word deur die persoon se optrede/dade. Daardie geregtigheid moet sigbaar word in die wêreld waar onreg en verdrukking geld, waar misplaaste dinge gebeur. Die geregtigheid van God moet uit Jesus Christus kom, maar juis daarom moet beklemtoon word dat Jesus Christus as Profeet self die heil bevestig. Die wat in Jesus Christus is, sal die verlossing en die heil alleen beleef as hulle in volkome afhanklikheid van Hom lewe en as hulle deel in sy profetiese roeping. Die profetiese roeping is dus nie afgesluit nie, maar het volle betekenis deurdat dit in die wêreld na vore kom en heil en betekenis vir die mens in die wêreld bring.

Die profetiese amp van Christus hang ook saam met die feit dat Hy as Profeet altyd verag en verstoot is. In oud-Israel is profete dikwels verwerp en het hulle onder uiters moeilike omstandighede hulle profetiese amp volvoer: Jeremia, wat in die put gegooi is en wat totaal verstoot is, Esegiël en andere. Hulle roeping as profete het soms beteken dat hulle doodgemaak is. Jesus Christus verwys self daarna dat die profete in Jerusalem doodgemaak word. Dit beteken dat die kruisiging van Jesus ook in verband staan met sy profetiese amp. As Profeet gaan Hy die kruis tegemoet. As Profeet word Hy verwerp. Johannes skryf daaroor dat sy eie mense Hom nie aanvaar het nie. As Profeet wat die heil wil bring, word Hy nie erken en verheerlik nie. Die verwerping is volkome wanneer uitgeroep word: "Kruisig Hom. Kruisig Hom." Christus wat as Profeet kom om juis die heil te bring vir die gemeenskap word egter op 'n radikale manier verwerp. Die verwerping raak alle aspekte van sy bestaan sodat dit beteken dat die verlossing vir die mens bewerk word deur Hom wat as Profeet verwerp word. Christus as die ware Profeet wil juis die heil vir mense bring. Die wyse waarop Hy die verlossing en die betekenis van die verlossing bekend maak is juis van belang vir die missionêre Christologie, naamlik dat die verwerping van die Profeet daarop dui dat Jesus Christus in hierdie wêreld die Verworpene is, in hierdie wêreld is Hy die Verstotene. Juis daarom roep Hy op tot gehoorsaamheid aan Hom in 'n wêreld wat nie hier heil in Hom wil erken nie. Die verwerping word iets volledigs en in die verwerping bewerk Hy juis die heil vir mense.

## 6.12 Die profetiese amp en die post-koloniale teologie

Afrika-teoloë spreek ernstige kritiek teenoor die koloniale tydperk uit. Sending as sodanig word ook skerp gekritiseer. Mugambi (1992), Setiloane (1986), Oduyoye (1986), Martey (1993)[124] en ander wys op besware teen die wyse waarop sendelinge in Afrika verandering teweeggebring het in die kulturele patrone van die mense aan wie hulle die evangelie bedien het, en vra ernstige vrae oor die wyse waarop sending uitgevoer is. Dit moet aangetoon word dat baie van hierdie besware nie berus op deeglike erkenning van die besondere taak en roeping van die evangelie in die omstandighede van Afrika nie. Daar was verskeie aspekte van die tradisionele gebruike en gewoontes wat nie met die evangelie van Jesus Christus te rym is nie. Vir sendelinge was dit onmoontlik om die evangelie te bring en hierdie gebruike en gewoontes bloot te aanvaar. Gebruike en gewoontes waar byvoorbeeld tweelinge doodgemaak is, of waar sekere huweliksgebruike beteken het dat vroue verneder is, was vir die sendelinge teenstrydig met die evangelie.

Daar moet egter ook aangetoon word dat die begrip van die evangelie soms op ’n Westerse benadering geskoei is, en dat sekere gebruike en sekere gewoontes van die inheemse bevolking van Afrika nie altyd erken en ontwikkel is op ’n wyse wat wel deur die evangelie ondersteun sou kon word nie. Hierdie benadering het dikwels daartoe gelei dat die besondere opbou van ’n gemeenskap op daardie manier misken is. Die gruwels van kolonialisme moet ten alle koste erken word. Niemand kan dit goedpraat nie. Dit sluit ook die vergrype van apartheid in. Vanuit Suid-Amerikaanse perspektief word verskeie aspekte van kolonialisme en die vernietigende effek daarvan, uitgewys. Post-kolonialisme wil daarteen reageer (Grossfoguel 2011:s.p, Quijano 2007:s.p. en Quijano 2000:s.p). Pears (2010:133) wys op die feit dat post-kolonialisme sedert die 1980s na vore tree as ’n reeks van teorieë, benaderings en literêre tegnieke om veral magstrukture te bevraagteken

124 Martey (1993:36) skryf byvoorbeeld:

> *Analysis of the African context must begin with African reality – reality which is to be located in time and space. Thus, the locus of African reality is African history. The value of history for a dispossessed people or those who have been deprived of their past cannot be overemphasized. For such a people, history is an enabler that controls their lives; it prepares them to live more humanely in the present and to meet rather than to forecast the future. Rediscovery of their history deepens the sympathies, fortifies the will and liberates the mind.*

en ongelykhede te hanteer. Sy toon ook aan dat post-koloniale teologie na vore tree in reaksie op die vergrype van kolonialisme.[125]

Na die koloniale tydperk het die post-koloniale teologie dus na vore gekom. Die post-koloniale teologie maak ten sterkste beswaar teen kolonialisme. Post-koloniale teologie wil ’n teologie vir Afrika wees, vir die mense van Afrika, wil as’t ware ’n teologie vanuit Afrika self word, en wil vir die mense van Afrika self betekenisvolle antwoorde bied.

Daar is verskillende redes waarom die post-koloniale teologie ontwikkel het. In die eerste plek moet erken word dat die koloniale tydperk nie altyd tot die beswil van Afrika was nie. Waar koloniale ontwikkeling wel ’n geweldige invloed gehad het ten opsigte van die ontwikkeling van infrastruktuur, mediese sorg, hospitale, skole en kerke, het dit dikwels ook beteken dat grondstowwe van die gemeenskappe waar die koloniale gebiede hulle self gevestig het, van die mense ontneem is, en dat daardie grondstowwe nie tot hulle heil aangewend is nie. Die uitbuiting wat daar voorgekom het, kan onder geen omstandighede goedgekeur word nie.

’n Tweede aspek waarom daar post-koloniale teologie ontwikkel het en wat wel van belang is, is dat mense self vanuit hulle eie omstandighede ’n antwoord op die teologie moet kan bied.[126] Dit is veral die gedagte van inkulturasie en kontekstualisering wat hier na vore kom, wat reeds deur Bosch (1991) sterk beklemtoon is. Daar moet verstaan word dat onder bepaalde omstandighede dit baie belangrik is om die evangelie op so ’n wyse te bring dat mense daarop kan antwoord vanuit hulle eie situasie, en dat die antwoord van mense vanuit hulle

125 Pears (2010:164) skryf:

> *Whilst keeping a sense of the diversity that are postcolonial theologies, postcolonial theology can nevertheless be characterized as incorporating a strong sense of multiple Christian identities and of human subjectivity, as rejecting a hegemonous Christian voice as representative of global Christianity and as challenging, universalizing tendencies in Christian scholarship. Postcolonial theologies are subversive of even their own positions and approaches and are concerned to continually question and critically interrogate.*

126 Oduyoye (1986:147) verduidelik dit soos volg:

> *African theologians have moved from debates about what African theology is, or is not, and from discussions of what it might become. The period of advising others on what to do in order to give birth to an authentic and relevant African theology is moving to one of expression of faith by Africans who have had formal theogical education with all the scientific disciplines that it involves.*

eie situasie weer betekenisvol verstaan word. Hierdie antwoorde vanuit mense se eie situasie het intensiewe betekenis vir hoe mense die evangelie kan verstaan en begryp. Die agente verskil dus. Waar daar in die koloniale tydperk gemeen is dat sending vanuit die Westerse benadering van die sendeling verrig moet word, word nou beklemtoon dat 'n nuwe benadering gevolg moet word waar antwoorde verskaf moet word deur die ontvangers en dat daar na hulle geluister moet word. Antwoorde moet vir hulleself geformuleer word.[127] Die evangelie moet dus tuiskom binne die gemeenskap en die evangelie moet 'n antwoord verskaf vir die mense binne bepaalde omstandighede.[128] Post-koloniale teologie het verder betekenisvol geraak omdat dit ook teologie ontwikkel het in gemeenskappe waar daar min sprake was van die teologisering in antwoord op wat die Skrif sê.

Post-koloniale teologie het ook betekenis vir die Westerse wêreld wat moet begryp dat die teologisering van die Weste nie die een-en-al van teologisering is nie. Vanuit die Weste moet ook begrip kom vir die wyse waarop mense teologie beoefen in hulle bepaalde omstandighede. Die Westerse benadering moet dus getemper word deur die ontmoeting met die omstandighede van ander mense. In die laaste plek beteken dit ook dat die Weste moet besef dat daar baie foute gemaak is en dat daar dan in vele opsigte dan ook, in geen geringe mate nie, sonde gepleeg is, ook op die wyse waarop die kerk in Afrika bestaan het.

Wat egter nou belangrik is, is dat daar 'n reformatoriese benadering ontwikkel moet word. Die post-koloniale teologie het hom vasgeloop in verbittering jeens en verwerping van Westerse invloed. Dit het dikwels ook beteken dat die evangelie verwerp word en dat daar nie na die intensiewe betekenis van die heerskappy

127 Setiloane (1986:35) maak dit duidelik dat 'n eie Afrika-teologie vanuit hulle eie verstaan van God volgens hom nodig is:

> *But it (African theology – Verster) calls for more. It denounces and frees itself from the very foundations of Western Theology. The battle is not against the Faith or* Kerygma, *rather it is against Western accretions which are now turned into Dogma.*

128 Mugambi (1992:120)skryf:

> *This challenge clearly points to a new change of relationships, the exaltation of the powerless, and the wilful abandoning of power by the powerful in humility, so that humanity may achieve dignity. If the powerful will not wilfully acknowledge the desire of the powerless to share political power and the power of the cross, then God will empower the powerless, and the first may become last while the last may become first. But the reversal of roles and status is not ideal. The ideal is a renewal of society so that a new creation comes into being, a new creation in which political power and the power of the cross are at equilibrium.*

van Jesus Christus geluister word nie. Ten spyte van groot vooruitgang en demokratisering verkeer post-koloniale Afrika nog in baie opsigte in die diepste van ellende. In Suid-Soedan word steeds 'n burgeroorlog gevoer. In Zimbabwe is die regering van diktatoriale aard en word die mense onderdruk. Die ellende van die Kongo en ander gebiede is ernstig. Daar is egter tekens van nuwe hoop in lande soos Namibië, Botswana en Ghana en dit moet gekoester word, maar verskeie uitdagings kom steeds voor.

Reformatoriese teologie sou ook inderdaad die misbruike van die koloniale tyd en apartheid aandui maar ook groot erns maak met die ellende en diepe nood van mense in Afrika. Oplossings sal hiervoor gevind moet word. Hierdie oplossings sal radikaal standpunt moet inneem teen diktature, korrupsie en uitbuiting van mense. In die teologisering rondom Jesus Christus sal beklemtoon moet word dat Hy die Een is uit Wie, en deur Wie en tot Wie alle dinge is. Sy heerlikheid, sy heerskappy, sy EENHEID in die Drie-enige God sal beklemtoon moet word. Christus sal erken moet word vir Wie Hy werklik is, en daar sal wegbeweeg moet word van die begrip dat Christus maar net nog 'n moontlike profetiese persoon is. Dit sal baie sterk beklemtoon moet word dat Hy wat gekom het om sy heerlikheid aan ons te bring, in alle opsigte verheerlik moet word.

Die kerk in Afrika sal dus opnuut toewending tot Jesus Christus as Here moet maak. Jesus Christus se heerskappy oor elke aspek van die lewe is noodsaaklik. Sy heerskappy vanuit die kerk oor alle aspekte van die lewe sal beklemtoon moet word. So sal daar inderdaad opnuut gevra moet word watter betekenis Jesus Christus in hierdie verband vir almal het.

Die profetiese amp van Christus sal in die opsig sterk na vore moet kom in 'n reformatoriese teologie. Mense sal nie hulle verantwoordelikheid op andere kan afskuif nie en so nie eie verantwoordelikheid neem vir hulle dade nie. Diktatoriale regeerders sal tot verantwoording geroep moet word, en die kerk sal as lydende kerk in Afrika onder die kruis moet opstaan en sê ons kan hierdie verwerping van Jesus Christus en sy heerskappy, en die korrupsie in die totaliteit nie aanvaar nie. In Afrika sal daar dus tekens moet kom van die heil van Christus wat verantwoordelikheid van alle mense vra. Dit kan alleen plaasvind as daar ook ten opsigte van die ekonomiese lewe verantwoordelikheid geneem word.

Die groot gevaar van kolonialisme sal op 'n nuwe manier beklemtoon moet word. Chinese en Russiese invloed kan dikwels daartoe lei dat mense uitgebuit

word, maar ook die Westerse onvermoë om regtig in Afrika betrokke te bly moet aangetoon word. In Afrika self moet die heil wat uit Christus kom steeds beklemtoon word. Ten opsigte van die versoening sal die lydende kerk in Afrika moet heenwys na Christus aan die kruis en sal die kruis, wat die inhoud het van verlossing omdat Hy daar aan die kruis gesterf het, betekenisvol oorgedra moet word. Daar sal nuwe inisiatiewe moet kom om mense te konfronteer met die ewige heil wat daar in Christus te vinde is. Hierdie konfrontasie met die heil in Christus sal beteken dat mense diep onder die indruk moet kom van die verlossing wat deur Christus Jesus bewerk is. Daarom sal daar in die wyse waarop die kerk leef en voortgaan om die evangelie uit te dra, steeds betekenisvol beklemtoon moet word dat die heil alleen in Christus te vinde is.

Dit beteken egter hoegenaamd nie dat die kerk ooit kan beweeg in die rigting van vernederende afwysing of die verwerping van mense nie. Die kerk sal die swakstes in die gemeenskap moet raaksien; die kerk wat die lydende kerk is, sal saam met hulle moet ly in hulle nood.

Wat die profetiese amp betref, sal daar op politieke terrein vanuit die kerk rigting aangedui moet word, van hoe dit moontlik is om ook op 'n kontinent soos Afrika beginsels van goeie regering neer te lê. Vanuit die profetiese amp van Jesus Christus sal daar inderdaad beklemtoon moet word dat die heil te vinde is in die wyse waarop die kerk in hierdie gemeenskap self die heil van Christus verkondig. Die heil in Christus sal betekenisvol wil wees vir almal wat in hierdie gemeenskap leef, en hulle sal dan inderdaad ondervind hoe goed dit is om onder die heerskappy van Jesus Christus se nuwe gemeenskap daar te stel.

Dit beteken egter nie dat die kerk 'n militante houding teenoor byvoorbeeld Moslems of tradisionele gemeenskappe sal inneem nie. Dit beteken dat die kerk in die lyding van Christus mense in Afrika sal ophelp en bemagtig om op 'n nuwe manier vanuit die verhouding met Christus te lewe.

Reformatoriese teologie sal egter ook op die terrein van sosiale gemeenskappe baie betekenisvolle invloed uitoefen. Daar sal erken moet word dat daar in die verlede foute gemaak is, maar daar sal ook erken moet word dat verantwoordelikheid geneem moet word vir 'n nuwe wyse van bestaan waar op 'n nuwe manier bestaan kan word, en waar dan op daardie manier nuwe heil vir die gemeenskap gevind word.

Hollinger (2002:213) lê groot klem op 'n Christelike wêreldbeskouing as die grondslag vir die etiek en dat die etiek vanuit hierdie Christelike wêreldbeskouing beskou en hanteer moet word. Hy bespreek Niebuhr se vyfvoudige begrip van die verhouding tussen Christus en die kultuur, en dan kom hy tot die gevolgtrekking dat die kern steeds bly: Christus in, maar nie van die kultuur, dus dat Christus in die kultuur gedien en geëer moet word, maar dat Christus nie van die kultuur word nie. In die inkarnasie is Jesus die ewige Seun van God, die Een wat die menslike vlees aangeneem het en wat in die gevalle, gebroke, geskeurde kultuur lewe. Hy het dit nie net gedoen om die verlossing te bring nie, maar om ook in God se geskape werklikheid die werklikheid te bring dat dit 'n goeie skepping is en nie prysgegee moet word nie. Hierdie skepping is deur God daargestel, al is daar 'n diep en sondig gevalle menslikheid in kultuur en sosiale instellings. Jesus roep juis sy volgelinge op om in die wêreld te wees en invloed daarop uit te oefen (2002:214). Christene sal nie perfek word in hierdie wêreld nie, maar te midde van al die spanning en al die morele uitdagings, moet die Christene 'n heilige lewe leef, want hulle word geroep om in diens van God te staan (2002:215).

Die teoloog wat die naaste aan aanvaarbare reformatoriese teologie kom, is BJ van der Walt (2003). Hy toon aan dat groot erns met die uitdagings van Afrika gemaak moet word. Die probleme moet direk in die oë gekyk word. Daar moet nie oppervlakkige antwoorde gegee word nie. Dit baat niemand om die korrupsie en misbruike te ontken nie. Die evangelie moet egter juis nie op 'n dualistiese wyse gebring word nie. Dit moet die hele lewe insluit. 'n Diepgaande Christelike lewens- en wêreldbeskouing is nodig (2003:512 e.v.). Die Skriftuurlike beginsel van die totale reformering van die totale gemeenskap is vir hom belangrik. Die finale vrae oor die betekenis van die lewe, naamlik waarom is ons hier, waarheen is ons op pad, en hoe moet ons lewe? moet gevra en beantwoord word. Die antwoord word gevind in die openbaring van God in sy Woord wat 'n totale lewens- en wêreldbeskouing moontlik maak. So kan daar wel hoop in Afrika geskep word. Alhoewel Van de Beek en Van der Walt van mekaar verskil oor die wyse waarop die heil in die wêreld sigbaar word – vir Van der Walt moet dit deur die koninkryk van God in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing waarin hierdie wêreld vernuwe word kom; vir Van de Beek kom dit deur die kerk wat na 'n ander werklikheid heenwys omdat hierdie wêreld nie ons woning is nie – beklemtoon beide dat die heil in Christus moet kom. Alleen so kan die lig ook in post-koloniale Afrika deurbreek. Reformatoriese teologie sal volledig erns met die nood van die wêreld maak en heenwys na die Here, Jesus Christus, wat deur die dood heen die heil bring.

## 6.13 DIE PROFETIESE AMP EN DIE SENDING

Hierdie profetiese amp het besondere betekenis vir die sending. Op missionêre vlak raak dit alle vorme van bestaan van die mens, maar juis daarom moet dit juis altyd in verband met Jesus Christus gesien word. Die profetiese amp moet nooit los van Jesus Christus gemaak word nie, maar moet aan Hom verbind word sodat die heil wat Hy bring radikaal gesien moet word in die verhouding met Hom en die betekenis wat Hy vir mense het. Daardie heil wat Hy bring, skep nuwe moontlikhede van verlossing, van seën en van 'n nuwe toekoms. Die profeet het telkemale ook die nuwe tyd aangekondig. Wanneer die profeet die nuwe tyd aankondig, is daar die gedagte dat die heil sal deurbreek. Wanneer die heil deurbreek, sal die wonder van die nuwe tyd ook betekenisvol ervaar word. Die profeet kondig aan dat daar oordeel en straf sal wees, maar hy kondig ook aan dat die heil sigbaar sal word in 'n nuwe wêreld en dit is dus hierdie heil wat dan betekenisvol deurgedra moet word in die gemeenskap. Christus as Profeet kondig daarom in sy lewe, sterwe en dan ook radikaal in sy opstanding, die nuwe heil wat sal deurbreek aan. Profeties word die kerk geroep om te deel in Christus se profetiese amp en so die heil wat Hy verkondig aan mense deur te gee.

Betekenisvol vir die sending is dit dan dat die sending vanuit die profetiese amp van Jesus Christus benader moet word. Dit beteken dat Hy as Profeet, as die transendente Profeet, gesien word en nie net as 'n profeet van hierdie wêreld nie, maar as die Een wat nuwe heil bring en 'n nuwe koninkryk vestig. Hierdie nuwe heil en koninkryk is anders as dié van hierdie wêreld. Dit is die heil en die koninkryk wat van Bo kom. Dit is 'n wonder wat alleen erken kan word in die lig van dít wat in Jesus Christus beleef word. Sy wonder en sy heerlikheid sal dan uiteindelik betekenisvol wees. So kom die heil tog in die wêreld. Hierdie Profeet, Jesus Christus, wat as Gebrokene, as Gekruisigde deur die dood heen vir ons die heil bring, het betekenis vir die sending in al hierdie verskillende verbande. So word die sending 'n nuwe getuienis aangaande Hom wat alle aspekte van die lewe vernuwe. Dit geskied altyd in gebrokenheid en in diens van die Here.



# HOOFSTUK 7

## Jesus die groot Hoëpriester is die Een wat ons versoening ìs

## 7.1 INLEIDING

As Priester is Jesus Christus die Een wat priesterlik bewoë na die mens in sy bestaan uitreik. Daarom moet bepaal word hoe Hy as Seun van God en as mens in sy bestaan die priesterlike taak volvoer. Hy gee Homself oor. Die betekenis van die versoening is dus van groot belang. Die heilsgebeure in sy lewe moet dus ook oorweeg word. As Een met God, is Hy die Een wat die priesterlike rol vervul. Meer as vantevore moet nou ook erken word dat Hy as Priester die mens se versoening ís. In hierdie gedeelte word nou indringend daaroor besin. Sy lewe word die getuienis van heil. Die verskillende aspekte van sy lewe word oorweeg om aan te dui hoe Hy juis ons versoening ís. Van groot belang in die benadering van die priesterlike amp van Jesus Christus is dat daar inderdaad gekyk moet word na hoe Christus as die groot Hoëpriester Homself prysgee. Daar moet dus hier gevra word na die betekenis van die wonderlike woord dat Jesus Christus ons versoening is.

Hierdie versoening is betekenisvol vir die mens in sy/haar lewe in al die verskillende verbande. Jesus is die groot Hoëpriester, die Een wat op baie verskillende terreine en deur sy inkarnasie in hierdie wêreld die heil bring. Daarom moet inderdaad gevra word na die betekenis van die gebroke Hoëpriester wat Homself gee sodat heil in Hom gevind kan word, wat Homself prysgee sodat die totale verlossing sigbaar kan word. Dit kom na vore in al die verskillende aspekte van die heil wat Hy bring, sodat dit erken kan word as die wyse waarop Hy die verlossing vir die mens bring.[129]

## 7.2 EEN VIR ANDER

Christus is die Priester by uitnemendheid, die Een wat intree ter wille van andere. Hy word as groot Hoëpriester die Een wat die heil en die verlossing vir ander verkry. Nêrens word dit duideliker beklemtoon as juis in die Hebreërbrief nie. In dié brief word dit onomwonde gestel dat die priesterorde van Melgisedek bo die priesterorde van Aäron gestel word. Dit is 'n priesterorde wat van die begin af is

129 Hierdie hoofstuk word slegs gedeeltelik op Verster (2007) en Verster (2011) gebaseer. Met vergunning van die uitgewers: Verster, P. 2007. Geweld in die versoening: Vrae aan 2 Korintiërs 5:11-21. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 48(1,2) Junie: 296-306. Verster, P. 2011. Hemel en hel: 'n Sendingperspektief. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 52(3,4):614-627.

en Melgisedek word beskryf as 'n man wat groter is as die stamvader Abraham omdat aan hierdie man offers gebring is. Hebreërs 7:1-3 stel dit soos volg:

> *"Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem, en dit beteken koning van vrede. Niks is bekend omtrent sy vader en sy moeder of sy afstammeling of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die seuns van God en hy bly priester vir altyd."*

Die verhouding tussen Christus en die Levitiese priesterskap word dan deur die Hebreërbrief op 'n unieke wyse verder bespreek. Christus word beskryf as die Een volgens die orde van Melgisedek wat van 'n hoër priesterorde is en dat Hy as priester die finale offer bring. Hy bring die offer vir eens en vir altyd. Hy het die offer geword van die groter heil.

Daar kan vanuit taalhandelingsperspektief na Hebreërs 7:20 gekyk word.

| | |
|---|---|
| a) Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie | |
| b) Die Leviete het wel priesters geword sonder die bevestiging met 'n eed, | |
| c) maar Jesus met 'n eed deur God, | |
| d) wat vir Hom gesê het: | |
| e) "Die Here het dit met 'n eed bevestig | |
| f) en Hy sal dit nie herroep nie | |
| g) Jy is priester vir ewig." | |
| h) So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. | |

Lokusies wat opval is:

Eed
Leviete
Jesus
God herroep
Priester
Ewig
Verbond

Die illokusie bevestig dat God met die eed bevestig dat Jesus vir ewig Priester is (c, e).

Die teksvoorwaardes word oortree deurdat die minimum oorskry word deur die herhaling van die feit dat die eed van groot belang is en met die implikasie dat God Jesus se priesterskap juis dubbel en dwars bevestig met die eed wat Hy nie herroep nie (c, e, f). Die perlokusie is dan juis Jesus is die ewige Hoëpriester.

Verder sou die dood die Levitiese priester verhinder het om voort te gaan, maar Jesus bly vir ewig omdat hy 'n priesterskap wat ewig is besit. Dit alles hang saam met die feit dat Hy die Hoëpriester van die nuwe verbond is. Jesus as ware Hoëpriester is ook Hoëpriester van die nuwe verbond. Daarom stel Hy dan ook die nuwe verbond in. Jesus offer homself sodat die nuwe verbond vasgestel kan word en die heil van die nuwe verbond ook sigbaar kan word.

Christus is die Een wat die nuwe verbond vestig. Christus is die Een wat die ware offer bring. Hebreërs 8:6:

> *Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is.*
> *As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê:*
> *"kyk daar kom 'n tyd, sê die Here,*
> *dat ek met Israel en Juda*
> *'n nuwe verbond sal sluit".*

Christus word die Hoëpriester van die nuwe verbond. Met sy sterwe aan die kruis offer Hy Homself vir baie. So word die nuwe verbond 'n werklikheid. In Hom is die nuwe hoop verkry.

Rondom die hoëpriesterskap van Christus, word sy besondere bediening van gebed beklemtoon. Nie alleen het Hy telkemale Homself afgesonder en gaan bid nie, maar sy gebede dra diepgaande boodskappe. Deur sy gebede breek die heil deur vir die gemeenskap en vir die volk van God. Christus se gebed in Getsemane word die hoogtepunt van sy priesterlike intrede waar Hy roep tot God om die beker by Hom te laat verbygaan. Hy aanvaar die wil van God omdat Hy as Priester binne die nuwe verbond optree en die nuwe verbond bevestig. Hy gee Homself oor om sodoende die nuwe verbond vas te stel. In Getsemane gee Hy Homself dus gehoorsaam prys. Hy is bereid om geoffer te word ter wille van die ander. Juis hierdie aspek van die priesterlike optrede van Jesus het besondere

betekenis vir die missionêre Christologie: Christus as die Een ter wille van die ander wat Homself opoffer ter wille van die ander. Hy gee Homself prys, Hy wy Homself toe, Hy is die Een wat Homself oorgee, maar Hy tree ook in vir andere en juis deur in te tree vir andere maak Hy dit moontlik in die sending om ook God se heil sigbaar te maak.

Die getuienis in Deuteronomium 18:5 word in Jesus vervul. So word Hy die priester in die lyn van die Leviete.

Die Bergpredikasie bevestig die betekenis van gebed. In Matteus 6:5-14 roep die Here die dissipels op om te bid, maar nie soos die Fariseërs wat op die straathoeke staan en bid nie, of wat dink dat hulle deur 'n stortvloed van woorde verhoor sal word nie, maar as een wat in gehoorsaamheid tot God bid:

*Ons Vader wat in die hemel is,*
*laat u Naam geheilig word,*
*laat u Koninkryk kom;*
*laat u wil ook op die aarde geskied,*
*net soos in die hemel.*
*Gee ons vandag*
*ons daaglikse brood;*
*en vergeef ons ook ons oortredings*
*soos ons ook dié vergewe*
*wat teen ons oortree;*
*en laat ons nie in versoeking kom nie*
*maar verlos ons van die Bose.*

Hierdie gebed wat Jesus Christus sy dissipels as Middelaar-priester leer, het op verskeie vlakke vir die sending betekenis. Die erkenning dat God Vader is word bevestig. God die Vader se Naam moet geheilig word deurdat mense tot bekering kom en Hom aanbid. Sy koninkryk moet kom. Priesterlik word gebid dat die koninkryk van God gevestig sal word sodat God erken kan word vir die heerlikheid wat Hy bepaal. Daarom moet die wil van God geskied want die priester tree in sodat daar versoening kan kom met die mense op aarde. Hulle moet ook die wil van God kan ken en in gehoorsaamheid aan God lewe. Verder word priesterlik gebid vir die daaglikse brood. Die priester tree in sodat God sal kom en die brood sal verskaf wat nodig is vir die lewe van elke dag. Hy is die een wat die brood verskaf. Hy is ook die een wat die oortredings vergewe. Omdat Hy as priester optree om vergifnis te vra in gebed, moet daar ook by die persoon

wat vra in die gebed vergifnis van andere wees. Uiteindelik sal die priester ook die een wees wat versoening moet doen sodat verlossing van die Bose verkry kan word. Alleen in verlossing van die Bose sal die volledige heil sigbaar word en sal die verlossing betekenisvol ontvang kan word. Die priester is dus die een wat in gebed intree maar ook offer in gebed sodat die wonder van heil sigbaar kan word. Juis daarom, omdat daar priesterlike intrede is, kan die sorge van die lewe aan God oorgelaat word en kan God ingryp om die sorge van die lewe op Hom, op die ware Priester te laai sodat daar rus vir die persoon kan wees.

Daarom volg daar in Matteus 6:25 e.v. die oproep:

> *Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker is as kos en die liggaam as klere nie.*

God verseker heil onder die mees haglike omstandighede. Die wonder van 'n nuwe lewe met God sal ondervind word en uiteindelik sal daar ook op 'n baie unieke wyse en op 'n baie persoonlike wyse deur God verlossing ervaar word. Daarom moet daar nie bekommernis wees nie, omdat die Priester daar is wat intree en uiteindelik die mens oproep om hom te beywer vir die koninkryk van God. Wanneer vir die koninkryk van God beywer word, sal die heil deurbreek. Dan eers kan gesê word (Matteus 6:34):.

> *"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

## 7.3 JESUS CHRISTUS ALLEEN IS DIE VOLHEID VAN DIE VERSOENING

Die betekenis van die missionêre Christologie ten opsigte van die verskillende optredes en handeling van Christus, asook die heilsgebeure in Christus se lewe, is van belang.

Dit is inderdaad dan ook Bosch (1991) wat in *Transforming Mission* verduidelik dat die heil juis in Christus se verskillende optredes betekenis vir die verlossing van die mens het. Die missionêre betekenis van die menswording (inkarnasie), die lewe van Christus, sy sterwe (die kruis), sy opstanding, sy hemelvaart en die wederkoms en die verheerliking deur die Heilige Gees is van belang. Dit is daarom

van groot betekenis om elkeen van hierdie verskillende aspekte van Christus se heilshandelinge van nader te bekyk.

### 7.3.1 Die geboorte van Christus

Die geboorte van Jesus Christus hang saam met die woord Immanuel, God met ons. Daar word dus besondere betekenis aan sy geboorte gegee. Reeds in Matteus 1:22 word dit bevestig wanneer dit baie duidelik gemaak word dat die Een wat gebore sal word, Jesus genoem sal word, sodat die woord wat die Here deur die profeet gesê het vervul sou word:

> *Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring,*
> *en hulle sal Hom Immanuel noem. Die naam beteken God by ons.*

Daar word tans in die teologiese denke die vraag gevra of die maagdelike ontvangenis van Christus nog erken kan word. Die implikasie van die maagdelike ontvangenis is dat God op besondere wyse in die persoon van Jesus Christus teenwoordig is. Dit het besondere betekenis omdat God se teenwoordigheid bevestig word. Dit ontneem nie Christus van sy volledige mensheid nie, maar dit het volle betekenis vir die uniekheid van sy geboorte. Dit beklemtoon juis dat Hy die missionêre God is, dat Hy die grense oorsteek sodat Hy as mens in die wêreld gebore word. In die Rooms-Katolieke tradisie het dit besondere betekenis wanneer Christus as mens deur die maagd Maria in die wêreld kom vir die heil wat Hy sou bring. Die rol van Maria word bevestig. Daar kan egter erkenning van Jesus se besondere geboorte wees sonder om in Marialogie te verval.

Die maagdelike ontvangenis beklemtoon die absolute uniekheid van Jesus daarin dat Hy God by ons, of God met ons is. By die geboorte is daar egter ook ander aspekte wat in die Christologie van sending na vore sal kom en ons vind dit veral in die Lukas-evangelie. Brown (1973:61 e.v.) benadruk die skriftuurlike getuienis wat die maagdelike ontvangenis bevestig. Dit bevestig beide Jesus se besondere menslikheid en sy uniekheid as Seun van God.[130]

130 Brown (1973:67) skryf dat voortdurende gesprek oor die maagdelikheid van Maria moet voortgaan, maar dat die wonder nie misken moet word nie:

> *Moreover, there is the danger that the discussion might imperil a traditional formulation of faith that has served Christianity well, and those who discuss the matter must show*

In die Lukas-evangelie word beklemtoon dat die herders in die veld bewus word van die heilige engele wat aan hulle verskyn (Lukas 2:13):

> *Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie Hy'n welbehae het!"*

Hierdie gebeurtenis beteken dat Hy die Een is wat vir die mens in wie Hy 'n welbehae het, die verlossing en die heil bewerk. Dit is van ongelooflike betekenis.

Bonhoeffer (1966) verbind die inkarnasie aan die oordeel wat in Jesus Christus voltrek word. Hy beklemtoon nie die synseenheid nie maar wel die feit dat Jesus van God kom. Jesus wat God vertoon, is ook die een wat die oordeel dra. Hy wat van God kom, is die Een wat as mens bestaan.[131]

Die begrip "diep inkarnasie" (deep incarnation) kom tans voor. Daarmee word bedoel dat Jesus Christus se inkarnasie die hele skepping en nie slegs die mensdom insluit nie. Ook Gregersen (2013:251 e.v.) beklemtoon dat in die godsdienswetenskapsdialoog Christus se inkarnasie in die totale werklikheid bevestig moet word. Die Logos het volgens hom nie net humaniteit aanvaar nie, maar die totale matriks van materialiteit (vgl. Venter 2016). Volgens dié insig moet daar kontinuïteit van menslikheid met diere en materiële wêreld wees in sy "growth, vulnerability and decay". Die vleeslikheid van Jesus Christus sluit dus die hele dimensie van materialiteit in.[132] Jesus word dan so ook aan die ekologie

---

*a sensitivity for the underlying beliefs that have been formulated in terms of virginal conception.*

131 Bonhoeffer (1966:107) skryf:

> *The Godhead of Jesus is not an extension of his manhood. Not is it something contigious to his manhood, which Jesus goes on to achieve. The statement 'this man is God' touches on Jesus vertically from above. It takes nothing from him and adds nothing to him. It simply qualifies the whole man Jesus as God. It is God's judgment and Word on this man.*

132 Gregersen (2013:252) skryf:

> *What deep incarnation adds to these many prepositions is the little "as." God appears as a human person in Jesus Christ (so also Luther), but in such depth, I would add, that in Jesus Christ the entire matrix of materiality is assumed in his blood and body. Incarnation does not only refer to a general presence of God in the midst of the world (there are many other temporary divine embodiments such as burning bushes, temples, or prophets). The point is that the Eternal Son is appearing as flesh in the life story of Jesus from cave to cross. With the resurrection of Jesus through the life-giving power of the divine Spirit also the humanity of Jesus (and in him the whole assumed cosmos) gains a permanent place in the eternal divine life.*

verbind. Niemandt (2017:249 e.v.) beklemtoon die betekenis van "deep incarnation" vir die sending. Soos God se ewige Logos mens word en deel in die menslike bestaan, word Christus verder ook geïnkarneer in die skepping self. God deel self in die laagste vorme van bestaan deur ook in die biologiese lewe te deel. God het nie net menslik geword in Jesus Christus nie maar ook deur die inkarnasie deel geword van die natuurlike wêreld deur te inkarneer in alle evolusionêre prosesse en vooruitgange (2017:250). Die interrelasie van alle dinge word dus beklemtoon. Vir die sending beteken dit dat wegbeweeg word van 'n bloot antroposentriese verstaan van die inkarnasie na die betekenis van die *missio Dei* vir die hele skepping in alle verbande (2017:254). So word God opnuut geopenbaar. Sending moet dus nie slegs die boodskap van verlossing na die hele wêreld neem nie maar na die hele kosmos. Daarom moet beklemtoon word dat Christus juis vir "ander" daar is.[133] Alhoewel daar inderdaad beklemtoon moet word dat Jesus volledig mens in die werklikheid van die bestaan geword het, word materialiteit totaal oorspan deur die voorstanders van "deep incarnation". Die vraag is egter of dit nie juis die unieke plek van Jesus in die inkarnasie misken nie.

### 7.3.2 Jesus Christus se aardse lewe

Die tweede aspek wat sterk beklemtoon moet word, is natuurlik die lewe van Christus: Sy hele optrede van sy geboorte tot sy sterwe het betekenis vir die ganse menslike bestaan. Matteus 4:23 beklemtoon dit:

> *"Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle Sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom gebring, en Hy het hulle gesond gemaak. Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg."*

133 Niemandt (2017:256) beskryf dit soos volg:

> *Participating in the missio Dei includes participation in the transformation of the whole complex material/spiritual world of creation. The missio Dei embodies the past and all relations that constituted life in fullness in the past, as well as the future and the re-instatement of all future relationship so that Christ can be all-in-all.*

Jesus se betekenis as die genesende wonderbaarlike Here word reeds vroeg beklemtoon. In sy handelinge as Persoon op aarde is Hy die Een wat genesings bring. Hy is die Een wat heil vir mense bring en wonderbaarlike dinge vir hulle verseker. Hy is die Een wat dit moontlik maak omdat Hy van God gekom het as Seun van God. Hy doen die wondere, Hy genees die lammes, die blindes, die siekes, Hy doen wonders soos die vermeerdering van die brood, Hy loop op die see sodat sy heerskappy oor die hele heelal bevestig kan word en sodat mense dan daarin kan sien aan watter besondere betekenis aan Hom gegee moet word.

Die lewe van Christus in die missionêre handelinge van die kerk het dus unieke betekenis vir elkeen wat na Hom toe sou kom.

Dit is veral Berkhof (1973:309) wat groot klem lê op Jesus se historiese lewe as mens tussen ander mense. Jesus se woorde en dade is die konkretisering van sy Seunskap. Berkhof (1973:311-313) gebruik verskeie terme om die menslike bestaan van Jesus te verduidelik, soos liefde vir die Vader, gehoorsaamheid aan die Vader, dat Jesus God teenoor die mense verteenwoordig juis in die oprig van die verbondsorde. Jesus self is die beliggaming van die verbondsorde, met sy radikale vergifnis en barmhartigheid. Die vryheid waartoe Hy mense roep hang daarmee saam. Hy beklemtoon die onbesorgdheid van die lewe voor God, waar eers die koninkryk gesoek moet word. Die vryheid wat Jesus bring, sluit ook die natuur in. Berkhof kies ook vir die term humaniteit eerder as sondeloosheid, waarin God se bedoeling met die mens beklemtoon word (1973:313). Die sondeloosheid van Jesus moet egter steeds benadruk word.

### 7.3.3 Die kruisiging

Wat die heilsgebeure betref, gee die Heidelbergse Kategismus besondere betekenis daaraan, deurdat elkeen van die aspekte van die verlossing behandel word.

Vraag en antwoord 37 vra:

Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

> *Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.*

38: Waarom het Hy onder die *regter Pontius Pilates gely*?

> *Sodat hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom.*

39: Sit daar iets meer in dat Christus juis *gekruisig is* en nie op 'n ander manier gesterf het nie?

> *Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het omdat die kruisdood deur God vervloek is.*

Sondag 16 vra dan die vraag:

40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus hom tot *in die dood* toe verneder het?

> *Weens die geregtigheid en waarheid van God kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie.*

41: Waarom is Hy *begrawe?*

> *Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het.*

42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

> *Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie, maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.*

43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en die dood van Christus aan die kruis?

> *Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar ons kan onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy.*

44: Waarna volg daar: *wat ter helle neergedaal het?*

> *Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.*

Berkhof (1973:315) is van mening dat die aardse lewe van Jesus, wat uitloop op 'n doodsvonnis, juis die Koninkryk van God naby aan die mense bring en dat Hy in sy offer die nuwe mensheid voltooi en ten volle openbaar. Sy lyding en sterwe beteken sy volgehoue en voltooide samesyn met die mense ter wille van

God en met God ter wille van die mense (1973:317). Berkhof gebruik die woorde "representant" en "representative", omdat Jesus as Middelaar die versoening van die mens met God bring (1973:319).

Welker (2013:185-190) verduidelik dat die kruis nie alleen die lydende Christus verkondig nie, selfs nie die lydende God nie, maar ook die God van geregtigheid en die God wat red. Die kruis openbaar die verskriklike godverlate situasie van die mensdom waarin hulle uit vrees, angs en aggressiwiteit teenoor God se teenwoordigheid in die lewe optree. Dit openbaar ook die diepte van die sonde. Die kruis openbaar ook God se lyding waarin Hy sy nabyheid aan die mense openbaar. Selfs God se Goddelikheid word in die kruis bevraagteken, maar gemeenskap tussen Skepper, Gees en Jesus Christus word geopenbaar. In die krag van die Gees word die hopelose toestand juis in een van hoop verander. Die soendood van Jesus Christus kan dus nie misken word nie.

Wat die priesterlike amp ten opsigte van die kruisiging betref, is daar ook verskillende aspekte wat besonder sterk na vore kom. Hy as Priester en Here het sy lewe gegee. Rondom die hele vraag van die offer van Christus word baie vrae gevra. Het Hy plaasvervangend gely en so sy lewe as offerprys gegee, sodat ons gered kan word deur die offer van Hom wat aan die kruis gesterf het? Hy gee Homself prys, Hy gee Homself oor, maar Hy doen dit sodat Hy vir ons die heil en die verlossing kan bewerk. Hy doen dit deurdat Hy Homself prysgee aan die kruis. Paulus dui aan dat Hy as offer gegee word om die verlossing te bewerk. Ten opsigte van 2 Korintiërs 5:11-21 word die saak rondom die vraag of Jesus se kruisdood 'n offer was, en of dit aan die ander kant 'n saak was waar Hy hom as ambassadeur aankondig, bespreek.

Die missionale kerk is in hierdie verband van besondere betekenis. Te midde van die uitdagings wat vir die kerk in die moderne tyd gestel word moet Jesus se priesterlike amp as oproep om as kerk – as missionale kerk – te bestaan, verstaan word. Rondom hierdie saak is daar egter ook vrae. Die vraag na die ontluikende kerk is van groot belang en daar moet inderdaad gevra word of die ontluikende kerk, "the emerging church", nog die waarheid bevestig dat God in die wêreld optree. Dogmatisme moet volgens hierdie kerklike beweging afgelê word. Verlossing word nie as verlossing van die hel beskou nie of verlossing om die hemel te bereik nie, maar dat die wêreld hier en nou vir ons van belang is en hoe ons hier en nou moet optree.

Daar moet aangetoon word dat die verlossing in Jesus Christus volledig en finaal is, dat Hy ons inderdaad van die hel red. Alhoewel daar enkele duidelike aanduidings van die hel is, is daar genoegsame tekens in die Nuwe Testament van die oordeel van God. Die ontluikende kerk is dus nie heeltemal eerlik indien daar beweer word dat die evangelie-boodskap nie ook daarop dui dat mense verlos moet word van die hel in die ewigheid nie. Hierdie wêreld, die hede en die hier-en-nou het nie die finale antwoord nie. 'n Mens kan inderdaad vra wat van die derduisende Christene deur die eeue wat vervolg en doodgemaak is, wat nie hier op aarde heil beleef het nie, maar wat die heil in die verlossing, wat Hy sou deurgee, verwag het. Dit is die verlossingswerk van Jesus Christus wat beklemtoon moet word. Die kerk as missionale kerk moet dus 'n totale spektrum van die heil in Jesus Christus aan mense deurgee. Hy bring die volledige heil, nie alleen vir hierdie wêreld nie, maar ook vir die wêreld hierna; nie alleen nou nie, maar ook vir die toekoms. Die wêreld is nie ons woning nie, want hierdie wêreld gaan verby. Ons woning is in Christus en ons heil is by Hom te vind.

Die versoening is 'n belangrike saak. Die priesterlike werk van Jesus Christus aan die kruis bring die versoening tussen ons en God. Hy tree in vir die mens, gee sy lewe prys en bewerk die versoening met God. Hierdie versoening is totaal en radikaal. Hy verwerf die versoening deur dít wat Hy aan die kruis doen. Hierdie versoening bring 'n nuwe verbondsverhouding tussen die mens en God, tussen die gelowige en Jesus Christus self, tot stand.

Die vraag na die geweldlose versoening word tans weer gevra. Het Jesus gesterf omdat die Vader die oordeel oor Hom voltrek het vir die sonde van die mens en Hy dus so sy lewe moes prysgee om die geweld van die oordeel te dra, óf sterf Jesus as die vermoorde, die een wat deur mense vermoor word omdat Hy die liefde van God en die geregtigheid van God wil uitdra? Dit is baie duidelik dat daar tekens in die Nuwe Testament is dat Jesus Homself prysgee en die geweld en die dood dra om die heil te bewerk.

Is Jesus Christus waarlik God en waarlik mens? Sy priesterlike teenwoordigheid onder sy eie mense beteken dat die wonderlike verlossing deur die geloof sigbaar word, ook deur die bevestiging van die geloof deur die doop en die heilige nagmaal. Die opgestane Jesus Christus is daarin teenwoordig en die Drie-enige God bring die nuwe gemeenskap tot stand, wat bestaan in die gemeenskap van geloof. God het Homself in Jesus Christus geopenbaar, maar Jesus Christus openbaar

ook God in Homself (Welker 2013:251). God se teenwoordigheid in Christus is 'n teenwoordigheid wat ons na diepe ootmoed lei en die teenwoordigheid van God in Christus is presies die saak waaroor dit ten diepste gaan.

Die hoë Christologie (Welker 2013:258 e.v.) beteken ook dat die verlossende Christus rondom die drievoudige amp van Christus verstaan word, wat 'n volledige eenheid vorm met die heerlikheid wat Christus openbaar. In sy verlossing moet egter ook erken word dat die verlossing van Christus volledig is en dat Hy daardie heil volledig bring. Die kruis openbaar die lydende God wat Homself in hierdie wêreld openbaar en die mag van sonde vernietig. Die kruis en die opstanding openbaar nie net die sonde van die wêreld nie maar God se magtige dade wat met sonde werk. Nicea wat bely dat Christus, "God uit God, Lig uit Lig, Waaragtige God uit Waaragtige God is" openbaar nie net aan die een kant die unieke verhouding tussen Jesus Christus en God die Skepper nie, maar aan die ander kant ook tussen Christus en die aardse wêreld. Christus is nie geskape nie, maar is die essensie van die *homoousios* van die Skepper. Hy is die uniek-gebore Seun van God wat so voor alle wêrelde, voor alle tye, die verhouding tussen Godheid en mensheid is in die Niceaanse en Konstantinopel-belydenis op unieke manier met mekaar in verband gebring.

Die Heilige Gees se werk moet in hierdie verband beklemtoon word. Welker (2013:282) beklemtoon dat die Heilige Gees die priesterlike teenwoordigheid van God in die geloof, aanbidding, doop as die koningskap, as die heerskap, "Lordship", van God beklemtoon. Welker (2013:282) sê dat die doop die volgende beklemtoon: verlossing van die mag van sonde en dood, bewaring vir die ewige lewe, gemeenskap met Christus en die Lewende God en die gawe van krag en mag van die Gees. Wat die nagmaal betref, verskil Welker (2013:293) baie van die Rooms-Katolieke posisie onder Ratsinger (Benedict XVIII) en beklemtoon hy die besondere betekenis dat Jesus die eenheid van die geloof by die nagmaal lê. Hy beklemtoon dan ook dat die nagmaal God se Trinitariese aktiwiteit is en bring die danksegging as 'n belangrike element na vore.

Maar wat is die betekenis van die kruisiging vir die kerk?

Die teenwoordigheid van Christus te midde van sy mense (Welker 2013:304), die verlossende mag van hoop wat hy meebring, word beklemtoon. In hierdie wêreld word iets van die bevryding in die verlossing van Christus duidelik. Die

nuwe skepping en hoe die kerk in die nuwe skepping ook die wonder van God beklemtoon, word sigbaar (2013: 314).

Die kerk moet egter ook die vergifnis van Christus uitdra, daarom deel die kerk ook in die lyding van Christus in die uitdra van die vergifnis (Van de Beek 2012:27), maar sy sal die sonde aantoon in die wêreld maar dan ook die oorwinning in die kruis van Christus oor die sonde, en die vergifnis wat in Hom te vinde is.[134] Die kerk moet ook haar eie sondigheid erken. Soos wat die kerk in die wêreld leef, is daar ook die teken van die eie sondigheid van die kerk. Om saam met Christus gekruisig te wees, beteken ook dat ons ons eie sonde moet erken en dat ons die lyding van Christus in ons eie sonde moet erken, omdat hy die las vir die sonde gedra het en ons dan met Christus verenig word (2012:27). Dit beteken egter volgens Van de Beek dat dit onmoontlik is om positiewe vooruitgang van die koninkryk van God na volmaaktheid toe te sien. Dit is net nie moontlik nie. Dit gaan altyd deur die dood (2012:27). Daarom vertoon die kerk die gestalte in hierdie wêreld van die kruis. In die kerk word die kruis van Christus gesien, maar baie belangrik, is dat die kerk een is in die eenheid van God; omdat God EEN is, is die kerk ook een in die eenheid van God. Hierdie eenheid moet gefundeer word in die eenheid van die Seun met die Vader.

Van der Beek (2012:140) dui aan dat die kerk vreemdelinge en bywoners op aarde is, wat beteken dat die sending nie skielik die wêreld gaan verander in die koninkryk van God nie. Hierdie wêreld is veroordeel, God het hierdie wêreld veroordeel. Dit is klaar met hierdie wêreld. Paulus wil van niks anders as Jesus Christus en Hom as die Gekruisigde weet nie, daarom verkondig hy in hierdie wêreld die lewe en sterwe van Christus en roep hy mense op om Hom te volg in die dood. Alle mag word van Christus ontvang. Die doop moet verkondig word as deelneming aan Christus se dood. Juis daarom moet 'n mens sterf om op te staan in 'n nuwe lewe met Christus (2012:141). Die kerk moet juis in hierdie wêreld, in die gestalte van die kruis, die koninkryk van God bring. Die koninkryk moet verstaan word in die lig van die dood en die opstanding van Christus. Die kerk is

134 Van de Beek skryf (2012:26):

> *De kerk draagt dus niet alleen het lijden dat ze ondergaat vanwege de vervolging van de wereld. Zij draagt ook het lijden van de wereld zelf. Ook hier geldt dat het niet alleen maar weten is. Net zoals gedenken leven impliceert, zo impliceert kennen meeleven: het weten van de nood van de wereld betekent meeleven met de wereld en meeleven bewijs je niet alleen met woorden, maar ook met de daad.*

steeds vreemdelinge en bywoners. Daarom wil van de Beek nie vanuit die kerk na die koninkryk beweeg om so koninkryksteologie te beklemtoon nie, maar van die kerk na die dood en die kruisiging van Christus. Die eenheid van die kerk – wat almal insluit – beklemtoon dit ten sterkste. Die Christene is die lig van die wêreld (2012:144). Daarom word die bloed van martelare die saad van die kerk. Hulle getuig van Hom wat uit die dood opgestaan het en omdat hulle lede van die liggaam is (2012:145).

NT Wright (2016:4-5) is van mening dat die klassieke verstaan van die dood van Jesus aan die kruis, naamlik dat God in sy toorn die sonde van mense gestraf het sodat hulle die hemel kan verwerf, verkeerd is. Volgens hom moet die kruisdood anders verstaan word omdat dit inderdaad ’n heidense gedagte is dat ’n toornige God die dood van sy eie Seun verlang om die mens van sonde te red sodat hy of sy van die aarde bevry word om hemel toe te gaan.[135] Ten eerste wil hy die begrip sonde anders as morele oortredings verstaan waarvoor versoening gedoen moet word. God straf Jesus nie vir die sonde van ander nie (2016:68 e.v.). Sonde het veel meer te doen met afgodery. In die plek van die lewende God word ander gode gestel en die mens mis sy of haar roeping in die verbond moet God.[136] Jesus se dood aan die kruis is die dood van sonde om nou vir God op die nuwe aarde en nuwe hemel te leef. Hierdie lewe is dus van die grootste belang alhoewel die eskatologiese perspektief nie nagelaat word nie. Die kruis en opstanding van Jesus het hiervolgens ’n nuwe revolusie ingelui – die revolusie van lewe met God in die

135 Wright (2016:4) verduidelik die wyse waarop hy die klassieke benadering uitbrei:

> *Like most Christians today, I started my thinking about Jesus’s death with the assumption, from what I had been taught, that the death of Jesus was all about God saving me from my ‘sin’ so that I could ‘go to heaven’. That, of course, can be quite a revolutionary idea for someone who’s never thought of it before. But it’s not quite the revolution the early Christians were talking about. In fact, that way of putting it, taken on its own, significantly distorts what Jesus’s first followers were saying. They were talking about something bigger, something more dangerous, something altogether more explosive.*

136 Wright (2016:346) verstaan dit soos volg:

> *Israel had been faithless to the divine vocation to bring blessing to the nations; but Israel’s failure is dealt with in the proper way, by the reality to which the Day of Atonement had always pointed. The Messiah, in his faithfull death, had very specifically accomplished the purpose for which Israel had been called. The covenant purpose of God* for_*Israel, and* through *Israel for the world, were at last established, with Jesus’s own blood as the blood of the new covenant. In other words,* Jesus, as Israel’s Messiah, is the place where and the means by which God’s covenant purposes and Israel’s covenant faithfulness meet, merge and achieve their original object. (Beklemtoning Wright).

roeping hier op aarde met uitsig op die nuwe aard en nuwe hemel. Jesus se dood het dus iets bereik en die dood van Jesus moet nagevolg word deur hulle wat as koninklike priesters nuut lewe. In dié verband speel die verhouding met Israel 'n besondere rol (2016:73 e.v.). Jesus is Israel se verteenwoordiger, die ware Messias. Hy staan in die plek van Israel en volvoer die goddelike plan om die skepping te herstel. So word Jesus se mense opgeneem in God se groot plan. Wright (2016:287) is dus van mening dat God nie vir Jesus straf in ons plek nie, maar dat Hy sonde in die vlees van Jesus straf. Daarom wil hy die plaasvervanging van die, volgens hom, heidense gedagte van die toorn van God teenoor Jesus red en eerder daarop wys dat mense van afgodery bevry word om hulle roeping as beeld van God om sy wysheid en liefde in die wêreld te vertoon uit te leef. Daar moet daarop gewys word dat Wright ten spyte van vele aanvaarbare aspekte in sy standpunt nie die die volle betekenis van die kruisdood van Jesus bevestig nie. Talle gedeeltes in die Skrif dui op die plaasvervanging (atonement) van Jesus se dood en dat Paulus inderaad verlang om heen te gaan en die hemelse woning binne te gaan en ook die opstanding uit die dood deelagtig te word (1 Kor 15:55,56; 2 Kor 5:2-5 en 21; Fil 3:7-14 en vergelyk ook Joh 14:1-4). Dit is ook nie moontlik om die wyse waarop Jesus as offer wat die toorn van God wegneem bloot as heidense gedagte af te wys nie. Daarvoor bestaan daar te veel getuienis (Rom 3: 25-26 en veral Heb 10). Hierdie saak moet egter verder oorweeg word.

Wat beteken die kruisdood van Jesus dan? Daar is twee groot interpretasies van die kruisdood. Die eerste is dat die kruisiging beskou is as plaasvervangende gebeure waar Christus in die plek van andere sterwe. Christus is die een vir ander, gee Homself prys, neem die kruis op en sterf dan ter wille van andere sodat die heil bewerk kan word.

Daar kan in hierdie verband na die implikasies van 2 Korintiërs 5:11-21 gekyk word.

Daar kan weer eens verwys word na Grice (1989:26 e.v.), wat met sy baanbrekerswerk oor oorreding en kommunikasie bepaal dat daar ideale omstandighede sou kon bestaan waaronder kommunikasie kan plaasvind. Onder daardie omstandighede sal die kommunikeerder die oordrag van tekens so op die punt af as moontlik, so ekonomies as moontlik, met soveel relevansie as moontlik en ook sonder enige onsekerheid oordra. Hierdie ideale omstandighede bestaan nie, maar implikasies ontstaan wanneer gekommunikeer word en die ideale oordrag oortree word. Hierdie implikasies dui op betekenismoontlikhede.

Grice se uitgangspunte kan baie vereenvoudig word. Daar kan gevra word wat die minimum is wat die teks of voordrag wil oordra en watter implikasies dan ontstaan wanneer die minimum oorskry word.

Hier word dus na die minimum gevra: Wat sou die minimum wees wat die teks voordra? Implikasies volg dus uit alles wat meer as die minimum is.

Uit die teks kan sekere minimumelemente geselekteer word:

1. Die liefde van Christus dring.
2. Een sterf vir ander.
3. God versoen mense met Hom.
4. God reken oortredinge nie toe nie.
5. Gesante doen 'n beroep.
6. Christus word as sondaar behandel.
7. Ons is een met Christus.

Elke keer wanneer hierdie minimum-elemente uitgebrei word, ontstaan daar implikasies.

Die verband tussen een en twee word deur die "omdat" gelê. Die "omdat" lê die verband tot insig en dit word weer verbind met twee, die Een wat vir ander sterf. Drie word uitgebrei om die verband met die nuwe wat gekom het, te lê. Die versoening word uitgebrei met God wat versoening met die mens bring. Vier word uitgebrei om aan te toon dat God die oortredinge nie toereken nie deur die bediening van die versoening daar te stel. Die besondere betekenis van die boodskap wat toevertrou is, kry so klem. Dit skakel met ses. Gesante word gekoppel met die beroep wat gedoen word, wat terugskakel met drie.

Ses word uitgebrei met die beklemtoning dat Christus sonder sonde was. Hierdie uitbreiding lê groot klem op die staat van Christus. Die vryspraak volg uit die eenheid met Christus, sewe.

Die implikasies wat telkens op die minimumsake volg, lei tot die gevolgtrekking dat die versoening bepaal word deur Een wat sonder sonde was, maar in wie die eenheid tot versoening gevind word.

Die vraag aan die teks – of hier sprake is van gewelddadige versoening – moet uit die implikasies negatief beantwoord word Hier is geen duidelike aanduiding van

gewelddadige versoening nie. Die analise, gegrond op die vertrekpunte onderliggend aan gespreksvoorwaardes, dui op opoffering en plaasvervanging as sleutelbegrippe. Dit dui nie op gewelddadigheid nie. Die klem val op die Een ter wille van die ander en die plek wat Hy ter wille van hulle inneem in hulle partisipasie met Hom.

2 Korintiërs 5:11-21 bevestig dit, wanneer Paulus skryf:

> **Vers 14-15:**
> *Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.*

| | | |
|---|---|---|
| 16 | a) Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie.<br>b) Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. | |
| 17 | c) Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens.<br>d) Die oue is verby, die nuwe het gekom. | |
| 18 | e) Dit alles is die werk van God.<br>f) Hy het ons deur Christus met Homself versoen<br>g) en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. | |
| 19 | h) Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het<br>i) en die mense hulle oortredinge nie toereken nie.<br>j) Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. | |
| 20 | k) Ons tree dus op as gesante van Christus,<br>l) en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. J) Ons smeek julle namens Christus:<br>m) Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! | |
| 21 | n) Christus was sonder sonde,<br>o) maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel<br>p) sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees. | |

Opvallende lokusies is:

Menslike maatstaf

Beoordeel

Christus

Nuwe mens

Oue
Nuwe
Werk
God
Bediening
Versoening
Gesante
Sondaar

Die illokusies beklemtoon dat Christus die Een is wat ter wille van andere sy lewe prysgee. Die kruisdood se unieke betekenis is dat Hy die Een in die plek van die ander is. Dit beteken dus ook dat die versoening wat Christus bewerk saamhang met sy plaasvervangende lyding. Die Een ly ter wille van ander. Hy was sonder sonde. God het Hom in die plek van ander tot sonde gemaak, sodat hulle deur hulle eenheid met Christus deur God vrygespreek kan word. Christus word in die plek van ander tot sonde gemaak.

Wat die betekenis van die koöperatiewe beginsel en voorwaardes wat oortree betref, word (a) en (b), herhaal en daarom word die beginsel van ekonomie oortree en so ontstaan die implikasie dat Paulus wil beklemtoon dat hy Jesus op 'n totaal ander vlak ken; (c) en (d) herhaal wat ook die beginsel van ekonomie oortree, sodat die vernuwing totaal beklemtoon word. Die wyse waarop Paulus die waarheid van die versoening beklemtoon, is volgens die beginsel van die kwaliteitsreël. So word die waarheid juis beklemtoon. Ook (n), (o) en (p) bevestig dat Paulus juis die kwaliteitsreël nakom.

Wat die perlokusie betref, is dit duidelik dat die saak wat voorgedra word unieke betekenis vir die sending het. Dit beteken dat Christus op 'n besonderse wyse die heil vir ons bewerk. Hy doen dit deur in ons plek te staan, en dat daar 'n gelukkige ruil plaasvind soos wat Luther beklemtoon het, omdat die Een ter wille van die andere optree. Hy bring heil vir die ander deur vir hulle op te tree, sonde weg te neem, genade en verlossing te bewerk om sodoende die totale verlossing en heil vir die mensdom te verseker.[137] Die kruisdood word dan die middelpunt van

137 Harris (1976:354-355) wys op die wonder van die versoening deur die sondelose Christus:

*The glorious purpose of the Father's act in making Christ "to be sin" was that believers should 'become the righteousness of God' in Christ. This is a bold restatement of the nature of justification. Not only does the believer receive from God a right standing before him on the basis of faith in Jesus (Philippians 3:9), but here Paul says that 'in*

hierdie verlossende gebeure, en die kruis word dan ook die teken van die hoop wat Hy bring. Daardie hoop verseker Hy deur aan die kruis te sterf.[138]

Die uitdaging aan die plaasvervangingsteologie moet uitgelig word.[139] In sy boek *The Non-violent Atonement*, daag Weaver (2001) die plaasvervangingsteologie, soos dit veral deur Anselmus hanteer is, uit. Hy is van mening dat die plaasvervangingsteologie geweld as onderliggende teologiese stramien het en dat dit nie meer gehandhaaf kan word nie. Hyself wil die gedagte van Christus Victor verder ontwikkel. Die klassieke Christus Victor-model bepaal dat die losprys dan aan die duiwel betaal word en nie aan God nie.[140]

Volgens hom beteken dit egter juis nie dat God die Een is wat Jesus se voldoening in ons plek aanvaar om ons so in Christus vry te skeld nie.[141]

---

> *Christ' the believer in some sense actually shares the righteousness that characterizes God himself (cf. 1 Cor 1:30).*

138 Martin (1998:158-159) wys op die betekenis van die versoening wat Christus meebring:

> *First, the thrust of the text, especially in the Pauline redaction, is inalienably personal. The cosmic transformation, implied in v 19, is recast in Paul's hands, in such a way that we cannot fail to see that at its heart is the forgiveness of sins and a new relationship with God through Christ that unites us with our creator as reconciled persons. Then, Paul's purpose is eminently practical and pastoral. He calls on a piece of soteriological credo to enforce the call "Be reconciled to God," issued here to errant Christians who were doubting both Paul's kerygma and his own attitude to them. So he turns the kerygma of the world's salvation into a version of his own Gospel; and armed with that version, he implores his readers to apply the message and to live as "reconciled children" of God and as his own true converts (6:13).*

139 Kyk Verster (2007)

140 Hy sluit aan by verskeie teoloë wat juis die gewelddadige element uit die plaasvervanging wil weer (Weaver 2001:45):

> *Narrative Christus Victor is indeed atonement if one means a story in which the death and resurrection of Jesus definitively reveal the basis of power in the universe, so that the invitation from God to participate in God's rule - to accept Jesus as God's anointed one - overcomes the forces of sin and reconciles sinners to God. Through identification with Jesus, sinful humankind shares in Jesus' death and his resurrection. To identify with Jesus is to have life in the reign of God.*

141 Weaver (2001:197) verduidelik sy standpunt soos volg:

> *Similar answers appear when one poses the question in terms of who or what needed the death of Jesus. For Anselm, it is God's honor that needed the death. For penal substitution the death was needed by divine law. In the moral theory, sinners can be said to need the death in order to see God's love made visible. Finally, in classic Christus Victor, the devil might be said to need the death in fulfillment of the contract. For narrative Christus*

Wie was vir die dood van Christus verantwoordelik? Volgens Waever dui die klassieke Christus Victor aan dat dit die duiwel is wat sy reg opeis. By Anselmus was dit volgens hom God self omdat Anselmus die duiwel uitlaat (Weaver 2001:197). Die gewelddadigheid van die versoening lê dus by God en Waever wil juis daarvandaan wegbeweeg. Hy wil God onskuldig hou van die dood van Christus. Dat dit nie moontlik is om God uit te skakel uit die eis om geregtigheid nie, sal blyk uit die verdere besinning wat volg.

Ook Vos (2005:68-74 en 93-96) wys op die kritiek teen die gedagte dat die versoening die gevolg van plaasvervanging is. Vos wys daarop dat kritiek hierteen reeds volledig deur veral feministiese teoloë uitgewerk is. Wanneer Vos (2005:102-134) self die vraag na die betekenis van die dood van Jesus en die versoening vra, gaan hy in op die perspektief van waaruit Paulus, Markus, Matteus, Lukas en Johannes die dood van Christus verstaan. Hy is oortuig dat geen van die evangeliste dieselfde begrip oor die dood van Christus as Paulus het nie. Hy is oortuig dat die plaasvervangende versoening by die evangeliste ingelees word. As voorbeeld kan verwys word na Jesus wat volgens Johannes die Lam van God is wat die sonde wegneem. Vos (2005:129) meen dat dit nie op 'n plaasvervangende versoeningsdood dui nie, aangesien die paaslam nie so 'n rol vervul het nie, maar dat dit veel eerder op Jesus dui wat deur woord en daad mense tot geloof bring (Vos 2005:129).

Vos wil daarmee afreken met die gewelddadige versoening alhoewel die vraag steeds gevra moet word of dit nie by Paulus voorkom nie. Verder is dit werklik onseker of Vos, in die proses om sy saak te stel, reg laat geskied aan sake soos die nagmaalsinstelling in die evangelies en die wyse waarop die begrip *lutron* by Markus voorkom.

Die klassieke plaasvervangingsteks is 2 Korintiërs 5:11-21. Daar kan op wetenskaplike wyse aan die teks sekere vrae gestel word op soek na 'n antwoord op Weaver en Vos se vraagstelling.

Om die vrae aan die teks te stel, is dit eers nodig om enkele ontledings te doen.

Strategieë uit die teks self.

---

*Victor, the death is not needed by any divine manifestation, nor can sinners in bondage to sin be said to need the death of Jesus. In fact, being in the service of the powers of evil and causing the death put them into opposition to the reign of God.*

Tolmie (2005) lê klem op die teks self en vra wat in die teks self beklemtoon word. Volgens hom moet daar nie vooraf vasgestel word wat die teks sê nie of vooraf besluit word hoe die teks saamgestel is nie.[142]

Hier is die vraag: Wat is die oorredingstrategie wat gebruik word om die hoofsaak oor te dra en om dan die gevolgtrekking te maak?

Om dit te bereik, maak hy veral van 'n bepaalde strategie gebruik (Tolmie 2005:28). Die eerste stap is om die beslissende retoriese strategie in die gedeelte te bepaal. Hy probeer twee vrae beantwoord: "Wat is Paulus se primêre retoriese bedoeling in die spesifieke afdeling? Hoe probeer hy die bedoeling bereik?" Die beslissende strategie word in 'n enkele sin vasgevang.

Die retoriese strategie kan dan in een sin uit die voorafgaande saamgevat word:

Die liefde van Christus dwing die apostel om te verklaar dat Een vir ander gesterf het sodat hulle vanweë die Plaasvervanger, Christus, deur God van hulle sonde vrygespreek word.

Wat is die komposisie van die teks?

In die komposisie is die aktante van groot belang. Die wyse waarop die aktante in die gang van die argument optree, bepaal ook hoe die argument verder gevoer word. EJ van Wolde (1989: 80-118) toon in haar werk oor Genesis, *A symiotic analysis of Genesis 2-3*, aan hoe die aktante of subjekte 'n duidelike rol speel in die bepaling van die implikasies van die teks.

Om die rol van die aktante te evalueer, beteken dat die gang van die perikoop bepaal moet word met die fokus op die aktante.

Hieruit volg duidelik dat die opbou van die teks die gevolgtrekking ondersteun dat die versoening juis by God en Christus lê. Vanaf die erkenning dat God geken word en dat God die bedoeling van die apostel deurskou, word beweeg na die gevolgtrekking dat die bediening van die versoening aan Hom toevertrou is. Maar hierdie versoening bestaan daarin dat God Christus in ons plek as sondaar behandel. Tussen God en Christus vind die versoening ter wille van die mens

142 Tolmie (2005) verduidelik sy metode soos volg: Hy wil die retoriese strategie uit die teks self aflei. Ten opsigte van Galasiërs, waarop hy sy metode toepas, wil hy "a text-centred descriptive analysis of the way in which Paul attempts to persuade the Galatians" uitvoer (Tolmie 2005:28).

plaas. Weaver is dus nie korrek dat die mens as eie persoon in die versoening, in plaas van God, bygebring moet word nie. Alhoewel daar hier nie duidelik sprake van gewelddadige versoening is nie, is dit tog duidelik dat God die eis van die voldoening van sonde na Christus verplaas. Dit is duidelik uit die komposisie van die perikoop.

Die aktante in die betrokke gedeelte verkeer nie in gewelddadige interaksie met mekaar nie. Die aktante bevestig juis dat Christus die versoening bewerk sodat dit volkome in Hom is. Die fokus is op die geregtigheid in Hom wat deur God tot sonde gemaak is, en die geregtigheid wat Hy toesê aan die persoon wat in Hom tot versoening kom.

Die vraag aan die orde is: Wat is die kern van die versoening in Christus in die lig van die beskuldiging dat dit gewelddadigheid veronderstel en daarom ’n skaduwee oor God se persoon werp?

Dit is uit die voorafgaande analise duidelik dat God wel Christus tot sonde maak in die plek van die ander. Hierdie aspek van plaasvervanging en substitusie kan geensins ontken word nie. ’n Analise volgens Grice se gespreksvoorwaardes, Tolmie se teksanalise en narratiewe komposisie bevestig dit.

Gaebelein (1980:354) is van mening dat drie verskillende interpretasies kan volg uit die feit dat Christus tot sonde gemaak is.

> *(a) Christus het die voorwerp van God se toorn geword en so die sonde weggeneem.*
>
> *(b) Dit dui op die inkarnasie, want in die menswording het Hy die sondige bestaan deelagtig geword. Al was Hy sonder sonde, deel Hy in die menslike bestaan.*
>
> *(c) Christus het ’n offer vir die sonde geword.*

Die eerste dui op substitusie, die tweede op partisipasie en die derde op die Ou Testamentiese offer.

’n Bespreking moet nou volg om die saak te beoordeel.

### *Eerstens:*

Dit is God wat die reg vereis. Die regverdiging is dus sentraal (Gaebelein 1980:354). Uit die analise is dit duidelik dat dit om God gaan wat Christus tot sonde maak. Die oorgang na Christus is dus die oorgang na die sondaar en dié oorgang is ook

’n oorgang na die oordeel (Strecker 2000:130-131). ’n Mens sal moet vashou aan die Joodse agtergrond waarin daar sprake is van versoening, plaasvervanging en die kollektiewe persoon (Nielsen 1995:76). Dit is duidelik dat God die persoon wat in Christus opgeneem word so behandel dat die oordeel oor die sonde op Christus oorskuif. Die substitusie spruit voort uit hoe Christus behandel word. Dit spruit ook voort uit die wyse waarop God wel by die mens uitkom deur Christus se substitusie in die plek van die mens, wat in Christus met God versoen word. Guthrie (1981:466) toon duidelik aan dat die teks (2 Kor 5:21) nie wil aandui dat Christus ’n sondaar geword het nie, maar wel dat Hy die sonde op Hom geneem het. Hy meen Christus is as sondaar gereken (*regarded*).[143]

Daar kan nie by die kruis van Christus verbybeweeg word nie. Die kruis is sentraal in die versoening. Wie dit nie raaklees nie, verstaan nie die versoening nie (vgl. Pop 1971:162 e.v.). Hahn (2002:220) beskryf hoe belangrik en universeel die heilbrengende dood van Christus vir die sondaars is. Die dood van Christus het universele betekenis, maar dit hang saam met die heilsboodskap waarin verkondig word dat die dood van Christus heil bring.

Paulus se bediening is dus juis die bediening van die versoening.[144]

### *Tweedens:*

Gewelddadigheid word nie in die teks veronderstel nie. Daar is immers geen aspek van gewelddadigheid primêr in die teks self nie. Die teks dui egter aan dat Een vir ander sterf. In die substitusie of die oorgang van die Een na die ander is daar sprake van die dood en die lewe wat prysgegee word – Een gee Homself prys ter

143 Guthrie (2005:466) stel dit soos volg:

> *Paul is clearly thinking of an action by God and his Son on man’s behalf and in all probability also in man’s place. The substitutionary element is more clearly expressed in 2 Corinthians 5:15, in which the statement ‘He died for all’ is immediately followed by a statement of the consequence that those who live might live ‘for him who for their sake died and was raised.’ There is an identification of the believer with Christ in his death and resurrection.*

144 Wright (1997:105) stel dit goed:

> *What Paul is saying is that he and his fellow apostles, in their suffering and fear, their faithful witness against all odds, are not just talking about God’s faithfulness; they are actually embodying it. The death of the Messiah has taken care of their apparent failure; now, in him, they* are *‘the righteousness of God’, the living embodiment of the message they proclaim.*

wille van die ander. Deur die dood van die Een ter wille van die ander is daar wel sprake die ander se oordeel opgeneem word (Marshall 2004:441). Die dood waarna verwys word, is die kruisdood van Jesus Christus. Hierdie kruisdood lei ook tot die lewe, want hulle wat lewe moet nie meer vir hulleself lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het. Hy het vir hulle gesterf en daarom moet hulle nie meer vir hulle self lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het (Hahn 2002:220).

Veronderstel dit gewelddadigheid by God?

Uit die analise is dit duidelik dat dit God is wat Christus tot sonde maak en dus die reg opeis wat dan ook die oorgang bewerk. God speel dus wel 'n rol in die dood van die gekruisigde. Jesus se dood moet dus ook in die lig as substitusie verstaan word. Wolff (1989:134-135) toon aan hoe die versoening universele betekenis verkry en daardeur ook begrond word in die liefde van God.

Die vraag is egter of die dood van Christus as gevolg van gewelddadigheid onder mense verstaan moet word. Die sonde lei tot die gewelddadige dood. Dit is egter nie so duidelik die werk van God nie. Hy bring verlossing oor hulle wat Hom dien deur die sonde weg te neem en die versoening mee te bring.

Uit die sonde volg die dood. Hierdie dood is voltrek op Christus in sy substitusie. Daarom kan steeds geen gevolgtrekking gemaak word dat God gewelddadig optree nie. God se genade is juis sigbaar in die voltrekking van die dood van sy Seun, Jesus Christus.

Sentraal is die gedagte dat 'n nuwe tyd aangebreek het. Dit is God wat 'n nuwe tyd inlui.[145]

'n Verdere saak wat aan die orde kom, is menslike verantwoordelikheid. Dit beteken dat daar opnuut besin moet word oor menslike verantwoordelikheid. Die skuld lê juis by die mens, nie by God nie. Die skuld vir gewelddadigheid berus dus by die mens en nie by God nie.

145 Martin (1986:158) stel dit soos volg:

> *The lengthy, weighty passage in vv 16-21 has many facets but one master theme. In it Paul is setting down the Christian conviction that in the Christ event a new world has been born and a new age has supervened on world history. Phrases like 'a new creation,' 'reconciliation' and 'righteousness of God' are virtually synonyms for this new eon which has radically affected* both *divine-human* and *all earthy relationships.*

*Derdens:*

Die implikasies wat Weaver (2001) en andere ten opsigte van partisipasie in die dood van Christus trek, is wel geregverdig. Daar is duidelik ook die aspek van partisipasie in die analise. Partisipasie speel dus wel 'n belangrike rol in Christus se dood. Die Een wat sterf, sterf saam met Christus en word so ook deel van die lewe in Christus. Partisipasie vervang egter nie die substitusie nie. Die substitusie veronderstel partisipasie.[146]

Hierdie samehang beteken dat God juis die liefde wil vertoon (vgl. Best 1987:51). Daarom is die enkele vers waarin gesê word dat die liefde van God ons dwing, sentraal. (Vgl. die bespreking hiervan by Pickett (1997:145 e.v.)).

Die substitusie en partisipasie veronderstel God se liefde (Hahn 2002:220). Die God van liefde tree op volgens sy eie beginsels en kan dus nie op menslike vlak van gewelddadigheid beskuldig word nie.[147]

Matthias (2014:20) toon dan aan dat die verhouding tussen die persoon en die werk van Jesus Christus vir Luther in sy klassieke begrip van die Christologie die Persoon van Jesus Christus, die teenwoordigheid van verlossing is, terwyl dit vir die Gereformeerdes in die klassieke Gereformeerde begrip in die Christologie Jesus die Middelaar van die Verlossing is. Die tweede saak wat hy wil beklemtoon, is dat daar 'n verskil in die verhouding tussen die goddelike en die menslike natuur van Christus is. Die begrip wat gevorm word van Christus se Godheid is belangrik vir die verhouding wat tussen sy goddelike en menslike natuur bestaan.

Die heil in Christus is so wonderbaar dat dit nie onder een noemer tuisgebring kan word nie. Paulus se bediening moes die betekenis van substitusie en partisipasie

146 Barret (1979:174) stel dit soos volg:

> *Just as all died (verse 14) is a universal statement that becomes actually true by individual participation ...*

147 Harris (2005:436) beskryf die versoening soos volg:

> *As a Pauline theological term depicting the relationship of God with humans, 'reconciliation' denotes a transformation of relations, not in the sense that the original friendly relations are restored (humans are by nature in enmity with God, Rom 5:10; Eph. 2:1-3) but in the sense that friendly relations now replace former hostility. Reconciliation restores humans to a proper relationship with God (the vertical aspect) and with fellow human beings (the horizontal aspect), just as sin produces in humans a twofold alienation, from God and from other human beings.*

bevestig. Dit het hy deur sy lewe gedoen. Dat hy daaronder verstaan het dat God gewelddadig teen sy eie Seun optree, is nie deel van die implikasies wat hy wou trek nie. Hy wou die oorgang tot die nuwe lewe en die nuwe tyd in Christus vasstel.

Aansluitend hierby is die gedagte dat Christus se heil en versoening wat Hy bewerkstellig eintlik saamhang met die heil wat mense verkry deur te deel in sy lyding. Dit word die model van partisipasie, Christus sterf aan die kruis, maar mense partisipeer, neem deel aan sy lyding en hierdie vorm van verlossing. Dit word gewoonlik met Romeine 6 in verband gebring. Wanneer Paulus sê dat mense deur die doop saam met Hom begrawe word, sê hy dan in Romeine 6:5-8:

> *Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook saam met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.*

Hierdie eenheid in die dood van Christus beteken dat daar heil en verlossing sal kom in die eenheid met die dood van Christus. Die kruisdood verkry dan eintlik ander betekenis as die plek van oordeel. Die kruisdood word die plek van vereniging, van heil wat op daardie manier verkry word.

Zizioulas (1985:97-98) beklemtoon egter 'n ander aspek van die heil. Hy meen dat die kruis beteken dat die gelowige ingelyf word in die kerk van Christus en so vergoddelik word deur die heil wat dan op hierdie unieke wyse gegee word. Die gelowige word dus vergoddelik op 'n bepaalde manier. In die nagmaal word gedeel in God se heerlikheid en word die gelowige aan God verbind.[148] So word die heil dan op 'n bepaalde manier ingegiet wanneer daar 'n vereniging in die nagmaal met is. Daar moet versigtig omgegaan word met hierdie standpunt. Die mens word nie vergoddelik nie maar bereik volledige wysheid in Jesus Christus.

Vir Paulus self is die kruisdood iets om oor te juig. Die kruisdood is 'n skrikwekkende bedreiging maar aan die ander kant is dit juis die kruis wat verlossing moontlik

148 Zizioulas (1985:97-98) skryf daarom ten opsigte van 'n Trinitariese benadering:

> *Christ, the* incarnate *Christ, is the truth, for He represents the ultimate, unceasing will of the ecstatic love of God, who intends to lead created being into communion with His own life, to know Him and itself within the communion-event.* (Beklemtoning Zizioulas).

maak. Daarom dat hy dan in Romeine 5 reeds skryf dat die mens verlos word deur die wonder van Christus.

> **Romeine 5:6:**
> *Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*

Terwyl ons nog sondaars is, sterf Christus vir ons en bereik dan vir ons die heil wat 'n volledige verlossing in alle aspekte behels. Hierdie verlossing is volkome en dit word verseker omdat Hy in ons plek die heil vir ons wil verseker. Hy word die tweede Adam. Paulus beklemtoon dat die genade oorvloediger is as die oordeel van die sonde. Die kruisdood se unieke betekenis kan dus op geen manier weggeneem word nie. Sentraal moet beklemtoon word dat verlossing in Christus moontlik is, as ons in Hom saam sterwe aan die kruis waar Hy ter wille van ons gesterf het en die heil vir ons bereik het.

Welker (2013:185 e.v.) toon aan dat die kruis nie alleen die lydende maar ook die oorredende en reddende God openbaar. Hy lig enkele sake uit: Die kruis openbaar die ellende van die mens wat hulle nie self besef nie. Hulle het teen die teenwoordigheid van God in hulle lewe en teen die bediening van Jesus gedraai. Verder openbaar die kruis die diastasis van God en die mensheid, van God en die wêreld. Die kruis openbaar ook die diepsinnigheid van sonde in die wêreld, waar die magte van die wêreld teenoor die teenwoordigheid en openbaring van God staan. Die moontlikheid dat God hom mag onttrek van die mense word ook in die kruis sigbaar. Maar die eie lyding van God word ook in die kruis geopenbaar – nie alleen in Jesus Christus nie, maar ook in die Drie-enige God self, waar God sy nabyheid aan mense betuig. Die diep kloof waar die Godheid van God in twyfel getrek word, word in die kruis geopenbaar. Die pyn en magteloosheid van God word in die kruis geopenbaar, maar ook die innerlike gemeenskap tussen Skepper, Gees en Jesus Christus word sigbaar teenoor 'n wêreld wat sigself van God afgrens.[149]

---

149 Welker (2013:189): verduidelik die betekenis van die kruis soos volg:

> *The deity that reveals itself as the deity that has entered into the abyss of human misery and horror, subjecting itself not only to natural death, but also to the abyss of extreme*

Ten opsigte van die versoening in Christus beklemtoon Jonker (1977:197) dat die ware versoening in Christus tekenend van God se liefde is, en dat die kruisdood inderdaad 'n wonderbaarlike betekenisvolle plek moet inneem in die verstaan van die liefde van God. Die onuitspreeklike liefde van God word sigbaar in die kruis en die verlossing vind daarin sy gestalte. Hy (1977:197) is egter van mening dat dit nie om God wat van gesindheid verander gaan nie. Dit handel veel eerder daarom dat aan God se geregtigheid voldoen word. Dit is nie alleen net 'n reg-verskaffende geregtigheid, maar ook 'n reg-eisende geregtigheid nie en daarom moet dit altyd in gedagte gehou word dat die liefde van God ook 'n eisende liefde is wat vra dat reg moet geskied.

Jonker (1977:198) beklemtoon hierdie waarheid deur die subjektiewe versoenings-leer sowel as die klassieke versoeningsleer waar alles toegespits was op die oorwinning van Christus oor magte wat die wêreld bedreig het. Hy (1977:198) beklemtoon dat hierdie versoening 'n beweging van Bo na onder is, van God, waar God die versoening bewerk en waar God in die plaasvervangende kruisdood van Christus die heil vir die mens verseker.

Die wyse waarop die gehoorsaamheid van Christus as aktiewe en passiewe gehoorsaamheid sy volmaakte gehoorsaamheid aan God openbaar is van belang (1977:199). Dit is die een lewensdaad van Christus, van sy geboorte tot die dood aan die kruis, wat die heil vir die mens meebring. Die versoening moet egter verwerklik word in die geskiedenis (1977:205). As Koning en Profeet moet die verwerkliking van die versoening wat priesterlik deur Christus verwerf is, sigbaar word in die wêreld. As Priester staan Christus voor God om die versoening te bewerk. As Koning bevestig Hy egter die heerskappy en die vrug van die versoening, en as Profeet word die verkondiging van die Woord en die werking van die Gees in besit geneem deur die wyse waarop Christus dit aan die mens bring.

Kan die historiese Jesus as Iemand wat sy lewe gegee het om die toorn van God weg te neem beskou word? Is die historiese Jesus die vriendelike Jesus, die Jesus van liefde vir die vyande, die Jesus wat vanweë sy gesindheid van liefde oorgegee is en veroordeel is? Daar word beweer dat Hy nie die Jesus is wat aan

*seperation from God, which various biblical traditions call 'hell.' The cross reveals God's descent into hell. It reveals that God himself is no stranger to hell, that God suffers from hell and allows the divine life itself, in the figure of the crucified Resurrected, to be enduringly characterized by this very suffering.*

die kruis sterf, sodat Hy ons sonde kan wegneem omdat God se toorn teen die sonde voltrek word nie. In hierdie opsig word aangesluit by Marcion. Die gedagte van die Ou Testamentiese wrede God word opsy geskuif en sekere gedeeltes in die Nuwe Testament, veral ook Paulus, word nie erken nie. Sommige aspekte van veral Lukas se evangelie word aanvaar as 'n aanduiding dat Jesus Homself oorgelewer het ter wille van andere, maar nie om die sonde weg te neem in die sin van om die straf van die sonde te dra nie, maar as die Voorbeeld sodat ons in ons liefde en in ons gesindheid ook so vir God kan dien. Die Evangelie van Lukas word dan beskou as 'n Evangelie waarin van sonde vrygespreek word deurdat andere se sondes deur ons vergewe word. In hierdie verband word verwys na die gebed, die Ons Vader, waarin Jesus dan voorgaan en sê dat ons moet bid dat die Vader ons sonde sal vergewe, soos ons ook hulle wat teen ons sondig vergewe. Sondevergifnis word gekoppel aan ons vergifnis en nie aan Jesus se kruisdood nie. Die toorn van God op die sonde word nie beskou as iets wat op Jesus neergekom het terwyl Hy aan die kruis gehang het nie, en die verlossing word dus ook op 'n heel andere wyse beskou.

Hierteenoor is die instelling van die Nagmaal van groot belang. Jesus stel die Nagmaal in Lukas 22:14 -23 in. Die verhouding van die paasmaaltyd en die Paaslam wat geslag word, word deur Jesus in verband met sy lyding gebring. Die beker en die brood word dan met sy dood in verband gebring.

| | | |
|---|---|---|
| 15 | Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie Paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. | |
| 16 | Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie." | |
| 17 | Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan. | |
| 18 | Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie." | |
| 19 | Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." | |
| 20 | Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word." | |

Wat sluit dit in? Sluit dit nie dan juis in dat Jesus Homself oorgee ter wille van die ander, sodat sy liggaam wat gebreek gaan word aan die kruis, juis heilbrengend is vir hulle wat dit ontvang nie? Nog sterker word na die beker verwys. Hierdie beker, metafoor vir die wyn, is die nuwe verbond beseël deur sy bloed wat vir hulle vergiet word. Die nuwe verbond word dus ter sprake gebring. Hierdie nuwe verbond word dus verseël deur die bloed van Jesus. Aan die kruis is Hy juis besig om in gebrokenheid sy liggaam en sy bloed te skenk, sodat die wat daaraan verbind word, gered kan word. Dit word beseël deur sy bloed, sodat die nuwe verbond bevestig kan word; 'n nuwe verbond wat veral insluit dat God weer hulle God kan wees, en hulle sy kinders kan wees. Dit is dus baie duidelik in Lukas dat by die instelling van die nagmaal daar geen sprake kan wees dat die dood en sterwe van Jesus Christus nie ook heilbrengend is deurdat Hy dit vir andere gee deur sy lyding nie. Die logiese konsekwensie is dat Jesus aan die kruis die sonde wegneem deurdat Hy in die plek van andere ly, en dat Hy ter wille van andere die toorn van die sonde wegneem. Dit is dus nie moontlik om Lukas op so 'n manier te interpreteer dat daar geen sprake is van die verlossing wat in Jesus Christus verwerf is nie. Dit word by die gedeelte wat oor die Emmausgangers in Lukas 24:25 e.v. handel ook beklemtoon wanneer Hy van Moses af al die profete, al die skrifuitsprake wat op Hom betrekking het vir hulle uitlê. Nadat Hy hulle verwyt het oor hulle gebrek aan begrip en traagheid van Gees, sê Hy vir hulle:

Lukas 24:25-26

> *Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan nie?*

DeSilva (2004:329) vra ook die vraag of Lukas wel beklemtoon dat Jesus se dood betekenis het as versoening en losprys. Dieselfde versoeningstaal wat in Markus 10:35-45 voorkom word nie by Lukas gevind nie. Wanneer Jesus na Homself verwys as 'n voorbeeld vir sy dissipels sê Hy dan nie vir hulle dat die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie, maar Hy sê eerder dat Hy onder hulle is soos Een wat dien. Die losprys word nie beklemtoon nie, maar eerder dat Hy onder hulle is soos Een wat dien. Wil Lukas daarmee die versoeningselement van Jesus se dood wegneem en sy dood beklemtoon as die dood van die regverdige Een is wat onskuldig sterf en deur God opgehef word? DeSilva (2004:329) meen egter dat daar 'n ander tradisie aangaande Jesus se antwoord voorkom en die fokus op die dissipelskap lê eerder

as op die teologiese standpunt, en die klem plaas op die Christelike sending as diens wat die dissipels kan navolg en nie op die feit dat Hy voorsiening maak om die oordeel weg te neem nie, wat die dissipels nie kan navolg nie.

In Lukas 22:17-20 vind DeSilva (2004:330) egter wel baie duidelik die gedagte van die dood van versoening by die instelling van die nagmaal van die Here. Daar is egter heelwat teksprobleme ten opsigte van die verwysing na die brood en die wyn. Maar hy is tog van mening dat die gedagte beklemtoon word dat die versoeningselement van die dood van Christus wel hier by Lukas beklemtoon word.

In die prediking in Handelinge is daar egter baie min verwysing na die versoeningsoffer van Christus. Die dood van Christus word gesien as die verwerping van die regverdige Een en die weg na verlossing is berou vir die deelname aan sy verwerping. Die nuwe aanvaarding van Jesus as 'n Profeet soos Moses wat God opgerig het as Here en Messias om mense te seën deur hulle van hulle slegte weë af weg te laat draai word as die uitgangspunt beskou. Vergifnis van sonde word deur hierdie Man aangekondig, maar dit is nie deur sy bloed of deur sy offer nie. DeSilva (2004:330) is tog van mening dat dit nie beteken dat Lukas die interpretasie van Jesus se dood as versoeningsbemiddeling verwerp nie, maar dat Hy ander aspekte van die betekenis van sy dood na vore bring.

As Messias, as Christus, ly Hy om in sy heerlikheid in te gaan, maar dit het ook betekenis van die ander, want Hy gee Homself prys ter wille van die ander. Sy lyding word hulpbrengend, sodat andere ook deur sy lyding gered kan word.

In Lukas 24:46-47 word aangetoon dat Hy plaasvervangend verlossing bring wanneer Hy vir sy dissipels by die ontmoeting na sy opstanding sê:

> *Die Christus moes ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.*

Weer eens is Hy die Een wat ter wille van die andere optree, want in sy Naam, as die Een wat heilbrengend optree ter wille van die ander, deurdat Hy Homself prysgee, kom die verlossing. Deur sy lyding kom die vergewing van sondes wat ook verkondig moet word.

Die vergewing van sondes is wel van groot belang. Die vraag is of dit in die Ons Vader-gebed afhanklik gemaak word van ons vergifnis van ander. Dit moet in

die geheel van die gebed verstaan word. Binne die raam van God se ryk kan gebid word dat sonde ook vergewe sal word, omdat daar binne die ryk van God vergifnis voorkom. Dit is ook duidelik wanneer Jesus self optree. In Lukas 5:20 word dan uitdruklik gesê:

> *Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: "Mens jou sondes is jou vergewe."*

Die verlamde man wat voor Hom neergelaat is, verkry vergifnis weens die geloof in Jesus. Die Fariseërs bevraagteken dit dadelik en sê dat Hy godslasterlik praat, omdat Hy nie sonde mag vergewe nie, want God alleen kan dit doen. Maar Jesus as Seun van God bring die vergifnis van sonde na mense omdat Hy van God kom. Wanneer dit in verband met die instelling van die nagmaal gelees word, dat die bloed van die nuwe verbond gestort word, is dit duidelik dat Hy die heil deur sy kruisdood bring.

Wanneer Jesus dan ook sy heerskappy oor die Sabbat bevestig, hang dit daarmee saam dat Hy as die unieke persoon van God erken moet word. Dikwels word gesê dat die gedeelte wat ooreenkoms met die Bergpredikasie in Matteus toon, aandui dat Jesus immanente, aardse verlossing voorhou, naamlik dat die wat geseënd is op aarde geseënd sal wees. Aardse kenmerke soos julle sal lag, julle sal geseënd wees, julle sal bly wees op daardie dag, word uitgelig. Ten spyte daarvan moet tog erken word dat die koninkryk van God hier op 'n baie unieke wyse deurgegee word. Dit is 'n koninkryk wat ook betekenis het vir die eskatologiese heil wat alleenlik aanbreek wanneer die volledige evangelie van Lukas voltooi word en die heil in Christus volledig gemaak word.

Natuurlik word die ellende vir hulle wat hulle in hierdie lewe verlustig en in hierdie lewe die voordele geniet ook beklemtoon. Natuurlik word daar ook beklemtoon dat daar liefde vir die vyande moet wees, wat saamhang met die ideaal van die historiese Jesus. Maar terwyl die historiese Jesus wel betekenisvol deur Lukas aangewend word, is dit duidelik dat hy in sy Evangelie ook die volle betekenis van Jesus van die geloof, van die verlossing wil deurgee. Die historiese Jesus en die Jesus van geloof, mag dus ook nie sommer net van mekaar geskei word nie, want die een en die ander is ten diepste aanmekaar verbonde.

Die laaste gedeelte van Lukas wat handel oor die feit dat Jesus Christus gereed maak om die pad van die kruis te loop, het besondere sterk gedeeltes rondom die profetiese rede, waar Hy aandui hoe daar gevaarlike tye is en dat daar

angswekkende dinge gebeur, skrikwekkende dinge plaasvind, swaar tye kom voordat die Seun van die mens sal kom om die volledige heil aan te kondig. Daarom sê Hy in Lukas 21:36:

> *Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom, om voor die Seun van die mens te verskyn.*

'n Mens kan werklik in daardie verhouding met die lewende God in Christus die Seun van die mens gered word. Dit beteken weer eens dat die betekenis van die nagmaal en die kruisiging steeds voor oë gehou moet word. In hierdie verband word die swakheid van byvoorbeeld Petrus uitgedruk, sodat Petrus se krag nie in sy geloof of in sy sterk belydenis lê nie, maar aan die uitsteek van die hande van Christus na Hom toe, ten spyte van sy verloëning. Petrus verloën Jesus, maar Jesus bring die verlossing vir hom deur te sterf aan die kruis en die verlossing te bewerk. Dit word sterk uitgedruk in Lukas 23 wanneer Jesus na die vroue omdraai en sê dat die vroue van Jerusalem nie oor Hom moet huil nie, maar oor hulleself en hulle kinders, omdat daar dae sal kom waar hulle sal sê dat die onvrugbare vroue wat nooit 'n kind in die wêreld gebring of gevoed het nie, gelukkig is.

Die spanning van die oomblik wanneer Christus die eindpad tegemoet gaan, wanneer die voltooiing van sy taak en roeping baie duidelik gestel word, omdat Hy uiteindelik aan die kruis sal sterwe, word beklemtoon. In Lukas word beklemtoon dat die voorhangsel middeldeur geskeur is en dat Jesus sê: "Vader, in U hande gee ek my gees oor". Dit beteken dat daar 'n besondere verhouding is tussen wat aan die kruis gebeur en die verhouding met die Vader. Jesus onderwerp Hom aan die Vader, daarmee neem Hy die sonde van die wêreld op Hom wat dan deur God vergewe word in dít wat Jesus gedoen het.

Ten slotte sê Jesus in Lukas 24:46-47:

> *Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes moet aan die al die nasies verkondig word ...' "*

Omdat die Christus moet ly en omdat Hy opgestaan het uit die dood volg dit dat verlossing moontlik is. Die evangelie neem sy loop in Handelinge. Die boodskap van die evangelie word na mense geneem en hulle kom tot geloof en deur die geloof in Christus in die nuwe verbond ontvang hulle heil en verlossing. Telkemale kom

mense tot geloof en ondervind hulle hoe goed God is, en hoe daardie verlossing in God die sekerheid en heil vir hulle meebring. In Handelinge 16:31 word dit baie sterk uitgedruk wanneer Paulus en Silas vir die tronkbewaarder sê dat hy moet glo in die Here Jesus en dat sy huisgesin dan gered sal word. Geloof in die Here Jesus bring dus die verlossing wat dan ten volle betekenisvol is, maar hierdie geloof hang saam met Jesus as Gekruisigde. Dit word nooit los gesien van dít wat in Lukas gebeur nie, ook nie los van die nuwe verbond wat Jesus in Lukas met sy bloed beseël nie.

Diegene wat die historiese Jesus net beskou as die Jesus van goeie gesindheid maak Hom los van die waarheid dat Hy ook sy lewe gee ter wille van andere, in die nuwe verbond met die beseëling van sy bloed.

### 7.3.4 Die Opstanding

Die betekenis van die opstanding word in die Heidelbergse Kategismus uitgedruk:

Sondag 17

45

Watter nut het die *opstanding* van Christus vir ons?

> *Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Tweedens word ons ook nou deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding*

Welker (2013:104) bepreek die vraag of Jesus se opstanding bloot visioen of mite was (Strauss, Bultmann & Lüdemann). Moet 'n bepaalde historisiteit daaraan toegeken word (Pannenberg)? Hy toon aan dat die Nuwe Testamentiese getuienis aangaande die leë graf en verskyning nie eenduidig is nie (2013:119). 'n Komplekse historiese werklikheid word deurgegee maar dit is baie duidelik dat daar die oortuiging was dat Hy waarlik gesterf het en ook opgestaan het sodat sy lewende teenwoordigheid 'n werklikheid is. Deur die krag van die Gees maak die na-Pase Jesus Homself bekend in algaande groter heerlikheid.[150] Baie

150 Welker (2013:126) bevestig die werklikheid van die opstanding soos volg:

> *This event is as little an 'illusions' as was the discovery of mathematics, music , or justice. It is not merely that a new order of things, a new sphere of knowledge or experience, has*

belangrik is ook sy verwysing na NT Wright se standpunt wat beklemtoon dat Jesus nie net weer lewendig geword het nie, maar histories robuust fisies lewend geword het. Alhoewel Welker (2013:128) erken dat dit belangrik is om aan te toon dat die werklikheid van die opstanding nie misken mag word nie, wil hy tog die volle implikasie van al die weergawes en veral Paulus s'n in ag neem en wil hy die opstanding in die volle lig van die Gees se teenwoordigheid in Jesus beskou (2013:142).

Die opstanding van Christus is 'n kulminasiepunt van die heilsgebeure. Berkhof (1973:324) beskryf dit as die beslissende heilsgebeure. Hy wys daarop dat sonder die opstanding alleen maar Jesus van Nasaret oorbly, een van talle martelare in die geskiedenis. Hy bevestig dat die Christelike geloof staan en val met die opstanding van Jesus Christus. Hy dui aan wat dit beteken deur vier aspekte aan te sny, naamlik 1. Die goddelike legitimasie van sy lewe en sterwe; 2. Die bevestiging van die verheerliking van Jesus Christus; 3. Dit is ook die grond van ons komende verheerliking; en 4. Die heil is egter ook betekenisvol vir die huidige lewe in die lig van God se ryk, die wêreld en die gemeente (1973:325-333). Bosch beklemtoon daarom ook hoedat die opstanding veral in die Ortodokse kerk nuwe betekenis gee ten opsigte van die heil wat in Christus verkry word. Die opstanding verseker vir ons dat ons in Christus volkome verlossing het en dat daardie verlossing ook vir ons in alle opsigte 'n nuwe lewe verseker. Die opstanding verseker van lewe na die dood en daarom is 1 Korintiërs 15 so betekenisvol. Paulus skryf daar dat die evangelie daarin bestaan dat Christus opgestaan het uit die dood, Christus het vir ons sondes gesterf volgens die skrifte. Hy is begrawe op die derde dag opgewek volgens die geskrifte. Hy het verskyn, maar dan maak Hy die belangrike uitspraak in 1 Korintiërs 15:12

> *As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie? As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie. En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud.*

Die betekenis van die heil in Christus is sonder inhoud as die heil nie in Christus gevind word nie, en dan sê hy in vers 20:

> *Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.*

*been disclosed; it is the person and life of Jesus that comes to bear in a new and different fashion, so much so that Paul can now speak of a 'spiritual body' (1 Cor 15:44).*

Daarom beteken die opstanding dat die gelowige ook verseker is van die opstandingsliggaam, omdat die heil in Christus en die verlossing verwerf is. Die sekerheid wat deur die opstanding verkry word, beteken dat Paulus in 1 Korintiërs 15 verkondig dat die volledige heil aangebreek het.

Welker (2013:131) is versigtig om die opstanding as 'n herrysing van die voorgekruisigde Jesus te beskou. Hy verskil dus van Wright, wat volgens hom 'n spekulatiewe rekonstruksie van die fisiese opstanding te maak. Volgens Welker beklemtoon Wright 'n robuuste fisiese Jesus wat weer lewendig geword het. Welker (2013:132) is van mening dat daar wel erken moet word dat Jesus volledig gesterf het – dit is die betekenis van "na drie dae" – maar dat 'n meer gesofistikeerde vorm van transformasie as blote herrysenis voorgestaan moet word. Die liggaamlike en geestelike word soms dualisties van mekaar geskei maar dit moet op 'n veel meer subtiele manier hanteer word.[151] Die materiële is in die lig van Bybelse begrippe slegs 'n aspek van menslike bestaan. Die opstanding beteken dus nie slegs nuwe liggaamlike bestaan in die gees nie maar liggaamlike teenwoordigheid in die Gees (2013:133). Paulus beskou volgens Welker (2013:133) die liggaam as die draer van die openbaring waardeur Jesus verheerlik en geken kan word.

Die vraag is egter of liggaamlikheid nie as ongewens beskou word deur hulle wat die liggaamlike opstanding misken nie. Van de Beek (1998:163 e.v.) het in dié verband betekenisvolle bydraes gelewer deur aan te toon dat liggaamlikheid nie verwerplik is nie.

Daar word 'n interessante benadering deur Crossan (2002:s.p. en 1991:395 e.v. en 423 e.v.) gevolg. Hy is van mening dat in die lig van die verwagting van die opstanding van die martelare in die tussentestamentêre tyd (Makkabeërs) die verwagting en oortuiging in die Nuwe Testament juis is dat Jesus "liggaamlik" sal opstaan. Dit was die Joodse verwagting in daardie tyd. Crossan meen dat die

151 Welker (2013:126) verduidelik soos volg:

> *These varied and differing witnesses point to a complex historical event, a new reality; the persuasion that Jesus had died and that his mission and person had failed is replaced by a grounded conviction of his living presence. Although it is true that the pre-Easter Jesus does not reappear as a biological, natural-empirical 'event', the Ressurrected, that is, the post-Easter Jesus, does indeed make his presence known – and does so with incomparably greater force – in the power of his Spirit and with what is initially a rather modest, then increasingly expanding cultural-historical charisma.*

vroeë Christene dit juis aangegryp het en op Jesus van toepassing gemaak het. Volgens hom kan dit natuurlik nie gebeur nie en is dit ook nie waar nie, maar is wel as getuienis deur Jesus se volgelinge aangewend. Daar moet met Crossan saamgestem word dat die opstanding verstaan is as "liggaamlik" maar teenoor hom moet saam met Paulus bely word dat as Christus nie opgewek is nie, is ons geloof waardeloos (1 Kor 15:12-19).

Missionêr beteken dit dat die verlossing in Christus besondere betekenis het vir alle aspekte van ons bestaan. Dit vul die lewe van alle kante en van alle hoeke; dat dit die sin van die lewe beteken. Die opstanding van Christus het dus betekenis in die mees haglike omstandighede. Dit skep hoop en hierdie nuwe verwagting van hoop is dan die volle heil wat in Christus verkry word. Hierdie heil het betekenis vir die ewigheid en vir die tyd van die bestaan van die mens. So word verseker dat God se heil werklikheid sal word en volledige vervulling sal verkry. Hierdie vervulling en hierdie heil het betekenis vir elke mens wat in Christus is. So word deur die opstanding die verwagting op die nuwe hemel en die nuwe aarde waar die opgestane mens in heerlikheid vir God sal dien en sal lewe tot in ewigheid 'n sekerheid en word hierdie sekerheid beklemtoon en ook vasgelê. So word die opstanding die sekerheid dat Christus se heilsgebeure nie verniet is nie. Missionêr beteken dit dat die kerk ook kan voortgaan om in hierdie wêreld die ongelooflike boodskap van die verlossing te kan verkondig.

### 7.3.5 Lewe na die dood

Tans word die bestaan van hemel en hel sterk betwyfel. Vanuit verskeie oorde word daar vrae gevra of daar nog hoegenaamd geglo kan word in 'n bowe-werklikheid wat as hemel beskou kan word waar mense in geluksaligheid sal lewe en met God die vreugde van hierdie geluksaligheid sal beleef. Daarteenoor word gesê, is die hel 'n konsep wat saamhang met 'n pre-moderne primitiewe gedagte asof daar 'n werklikheid sou wees waar mense gemartel sal word vir tyd en vir ewigheid omdat hulle wel een of ander sonder sou gepleeg het. Hemel en hel is dus sake wat uit verskillende hoeke radikaal verskillend benader word en die vraag of dit werklik nog sinvol is om daaroor te handel in 'n sendingwetenskaplike benadering, word al hoe meer gestel. Kan 'n mens hoegenaamd nog praat van hemel en hel in die moderne samelewing? Die vraag is dus op watter wyse hierop geantwoord

moet word en op watter manier daar vanuit 'n sendingkundige perspektief na antwoorde gesoek moet word ten opsigte van hierdie vraagstuk.

Wanneer oor hemel en hel besin word, is dit noodsaaklik om die bronne daaroor na te gaan. Om die perspektief te beoordeel moet eksegetiese, hermeneutiese, dogmatiese en etiese benaderings vanuit die Skrif bekyk word. Lebhar (2006:259) is van mening dat die unieke beeld van die hemel en die belofte van die lewe na die dood fundamenteel vir die Christelike geloof is. Moore (2006:301) toon aan dat daar verskeie stemme opgaan teen die begrip hel. Veral die gedagte dat God sal oordeel en mense straf word beskou as 'n menslike handeling wat nie aanvaar kan word nie. God sou onreg kon voorkom en het nie nodig om te straf nie.

Wat die beskouings oor hel betref, toon Moore (2006:302) aan dat daar verskillende beskouings in die Christelike wêreld voorkom. Die een beskouing verstaan die hel letterlik as die straf van die regverdige ewige oordeel van God. (Vgl. Tertullinanus Augustinus en Jonathan Edwards). Die tweede groep stel dit dat die aard van die straf en lyding in die hel onbekend is (Moore 2006:302). (Vgl Calvyn, FF Bruce en Billy Graham). Hulle is van mening dat die beelde in die Bybel die erns van die saak wil beklemtoon sonder om die oordeel letterlik te beskryf. 'n Derde groep, wat as die annihiliste bekend staan, is van mening dat die tweede dood dui op hulle wat nie sal voortbestaan nie maar uitgewis sal word. Ewige lewe word vir gelowiges gegee. Die konsep van onsterflike siel is hiervolgens Hellenisties. (Clemens Origines, CS Lewis en John Stott staan onder andere hierdie gedagte voor) (Moore 2006:303-304).

### *Hel en die Ou Testament en Judaïsme.*

Wat die Ou Testament en die lewe na die dood betref, is daar nie 'n eenduidige riglyn nie. Die wêreldbeeld speel 'n beslissende rol. Die lewe na die dood word soms as 'n bewuste bestaan in die onderwêreld beskou. Sjeol beteken 'n skaduagtige voortbestaan van die dooies. "Deprivation and oblivion" kom voor maar nie noodwendig straf nie, alhoewel daar wel in Jesaja 14 ondertone van straf voorkom wanneer aangedui word dat die maghebbers van mag gestroop word (Nolland 1993:557). Later word die begrip van opstanding uit die dood beklemtoon (vgl. Daniël). Die begrippe hemel en hel kom nie in die Ou Testament voor soos in die Nuwe Testament nie (Arnold 2008:24). Die dood het 'n bepaalde finaliteit. Die mens kan verskillend daarop reageer maar die verwagting is dat hy by sy vaders

versamel word in die skaduryk (Plöger 1983:79). Die Ou Testament het meer 'n verwagting van 'n heilstyd wat aanbreek. Die totale vernuwing sal in die eindtyd plaasvind. Arnold (2008:25) wys daarop dat dit nie ontsnappingseskatologie deur die wêreld waarin ons leef te minag is nie, maar dat dit eerder verlang na en die tyd verwag waarin God sal triomfeer oor kwaad, sy volk sal verlos en oor die wêreld sal regeer in vrede. Die verlossingsgeskiedenis speel hierin 'n groot rol

In die profesieë van die agste en sewende eeue v.C., veral in die boek Jesaja, het Sionsteologie beslag gekry. Jerusalem word die goddelike sentrum waarheen die nasies in onderdanige pelgrimstog kom en so die seën van die Abrahamitiese verbond verkry (Dumbrell 1994:95). Ook die eksiliese profete beklemtoon dat Jerusalem herstel sal word en die nasies daar hulle heil sal vind (1994:125). Arnold (2008:29) wys op die ekskatologiese implikasies van die profesie van die post-eksiliese profete waarin die verwagting van 'n tyd van heil wat sal aanbreek sterk beklemtoon word (Sag 14:6-7 en 14:4 en 14:8; Jes 24-27 en Sag 12:2-3 en 14:2-15 asook Sag 2:15 en 8:20-23 en 14:16; Hag 2:23 en Sag 4:6-10, 12:8). Oordeel is egter ook onlosmaaklik deel van die profesie (Joël 3:3-4). Die proto-apokaliptiese literatuur, naamlik Jesaja 24-27, Sagaria 9-14 en Joël 3-4, asook die volle apokaliptiek van Daniël 7-12, toon aan dat God sal oordeel en ekwilibrium in die kosmos bring en restitusie vir Israel (Arnold 2008:33).

Post-eksiliese apokaliptiese literatuur beklemtoon dat God se koninkryk sal inbreek in die werklikheid. Daar is weens die beklemtoning van die Sionsheil minder klem in die Ou Testament op persoonlike heil en meer oor die heil vir die nasies (Dumbrell 1994:152). Peels (1999:31) is egter wel van mening dat daar van individuele eskatologie sprake is soos in Psalm 63:4, waar dit tog duidelik blyk dat God sterker is as die dood. Johnston (1997:73 e.v.) verwys ook na Psalms 49 en 73 om aan te dui dat daar tog die verwagting is van persoonlike heil en redding van Sjeol.

### *Lewe na die dood in die Tussen-testamentêre tyd*

Die Tussentestamentêre tydperk word gekenmerk deur die teenstelling tussen die huidige wêreld en die toekomende wêreld waarin die heil die huidige bestaan sal transendeer (De Bie 1999:59). Alhoewel die hoofgroepe soos deur Josefus aangedui, naamlik die Esseners, Fariseërs en Sadduseërs, verskillende verwagtinge

van die lewe na die dood voorgehou het, word die gedagte van fisiese opstanding ook sterk beklemtoon.[152]

## *Lewe na die dood en die Nuwe Testament*

### *Sinoptiese Evangelies*

Van de Beek (2008:104) wys daarop dat daar in die Bybel van die definitiewe verwerping op verskillende maniere gepraat word. Dit is 'n plek van geween en gekners van tande. Dit word aangedui met onuitblusbare vuur, waar die wurms nooit sterf nie, die poel van vuur en swael, die plek van pyniging. Verskillende bewysplasing kan bekyk word, naamlik Matteus 8:12; 13:24-30; 13:42, Lukas 13:28, Markus 9:43; 48, Markus 9:48, Openbaring 19:20; 20:14; 21:8, Lukas 16:23 en Judas 13.

In Matteus 8:12 word aangedui dat 'n groot fees aangebied word vir hulle wat deur God genooi word. Dit is belangrik dat dit juis nou ook die ongelowiges (heidene) wat tot geloof kom, insluit. Daar is egter diegene wat in die buitenste duisternis uitgewerp word. Matteus gebruik die begrip van 'n geween en gekners van tande. Hagner (1993:206) verwys na die verband met die apokriewe boeke naamlik 2 Esdr 9:93, Enoch 63:10 Pss Sol 14:4 en 15:10. Selfverwyt word volgens Hagner (1993:206) die rede vir die geween eerder as die vrees vir die straf. Die apokaliptiese taal kom ook voor by Matteus 13:42 en die beeld van vuur word met Daniël 3:6 in verband gebring (Hagner 1993:394). (Vgl. ook die verwysing na Gehenna in Mat 5:22 en 18:8-9. Joodse apokaliptiese taal kom ook voor in Mat 13:30.) (Hagner 1993:384).

By Lukas 13:22-30 bly die fees op Israel gerig. Die taal is nie-parabolies maar wel metafories. Dié daarbuite is uitgesluit uit God se groot klimaks wat Hy inrig vir

152 Elledge (2006:18) beskryf die implikasies hiervan soos wat dit in 2 Makkabeërs na vore kom duidelik:

> *The resurrection in 2 Maccabees is perhaps the most graphically physical account of the resurrection available in ancient literature. The author emphatically maintians that the very members of the physical body that have been mutilated and tortured will be reconstituted by divine power into whole human bodies … Six times, the author articulates the resurrection hope in specific relationship to God's own ultimacy as the one who created heaven and earth, the very God who even forms the human mysteriously within the womb, the one who has power over life and breath (7:9,11,22-23,27-29;14:45-46).*

sy mense en wat berei word saam met die geloofshelde uit die verlede (Nolland 1993:736). In Lukas 16:23 kom die begrip van die onderwêreld voor.[153]

Van de Beek (2008:104) verduidelik dat Berkhof se gedagte dat Matteus die hel ken, maar die gedagte dat Paulus en andere meer universalisties dink, nie volhoubaar is nie. Lukas is nie minder skerp as Matteus nie en Paulus praat ook van 'n ewige verderf waar diegene wat God nie ken nie sal boet. Van de Beek wys egter daarop dat die Nuwe Testamentiese eskatologie deur Joodse apokaliptiek skerp beïnvloed is. Dit kom ook voor in die beelde wat radikaal en sterk gestel word.

*Die Johannese korpus*

Van de Beek (2008:107) wil ook vanuit die perspektief van Johannes na die begrippe kyk. Johannes beklemtoon dat wie nie glo nie, alreeds veroordeel is en dat die veroordeling in Jesus sigbaar is. Dit is nie soseer 'n persoonlike keuse nie, maar die werking van God wat ons eie wil voorafgaan.[154]

Volgens Lebhar (2006:296) word die beeld van die antieke huwelik waar die verloofde sy vader se huis uitbou vir die verloofde gebruik om die hemel te beskryf; Johannes 14:2-3 en Openbaring 19:7. Beasly-Murray (1987:249) is van mening dat die verwysing na die woning, "unapocalyptic rather eschatological" is en dat die woning juis aandui dat dit moontlik is om by Hom te wees.

Lebhar (2006:296) toon aan hoe die ewigheid die lewe in die werklike wêreld sal bevestig (Op 21:2-3).

Aune (1998:1029) verduidelik hoe sterk die verwagting op hemelse heerlikheid uitgedruk word met die beeld van die huweliksfees (vgl. Op 19:7). Dit sluit aan

153 Nolland skryf (1993:829):

> *Though representing the place of the dead quite generally, it comes increasingly to include the idea of a preliminary experience of what is to be the individual's ultimate fate at the final judgement (see 2 Esdr 7:80; 1 Enoch 22:11; cf. Jude 6-7; 1 Pet 3:19-20). It thus embraces two of the three horizons of judgement that are to be found in Luke's thought (see 12:5).*

154 Beasly-Murray (1987:92) verwys na Johannes 6:38-40 en hoe die betekenis van die ewige lewe daar na vore kom:

> *Herein lies the reason for his 'descent', i.e. for his Incarnation; he is charged to lose none of those given him by the Father, but tot give them eternal life now and raise them in the last days.*

by die vreugdefees van die Ou Testament en die vroeg-Judaïsme se hantering van Israel as bruid van YAHWEH.

Wat die oordeel betref wat oorvloedig in Openbaring uitgebeeld word, word by die tweede-tempel Judaïsme aangesluit[155] Die verband tussen oordeel en vuur was bekend in die Ou Testament en vroeg-Judaisme. Dit word in Jesaja 66:24 genoem en dikwels daarna, bv 1 Enoch 10:6,13 en dan verskeie kere by Matteus.

In Openbaring 20:11-15 word die oordeel in eskatologiese taal uitgedruk. Aune (1998:1104) dui aan dat die metafoor van twee stelle hemelse tablette (boeke) waar die regverdige en onregverdige dade opgeteken is vir die oordeel, algemeen in vroeg-Judaïsme voorgekom het. So oordeel God volgens Openbaringe.[156]

*Pauliniese korpus*

Van de Beek (2008:104) dui soos reeds gesê aan dat Paulus nie meer universalisties dink as Lukas nie. Sou daar in die Nuwe Testament sprake wees van universalisme dan is dit volgens van die Beek net in Efesiërs en Kolossense waar die nadere, die allesomvattende heerskappy van Christus voorkom, maar 'n mens moet versigtig gevolgtrekkings vir alversoening daaruit trek.

Hemel is persoonlik, volgens Lebhar (2006:295). Hy verwys na 1 Tessalonisense 4:17 waar verseker word dat die gelowige die ewigheid met mekaar en met God sal deurbring. Mense se perfekte self sal te voorskyn tree (Lebhar 2006:295) (1 Kor 15:42-49). Ook verwys hy na hereniging (296) (Fil 1:23 en 1 Tess 4:17). Bruce (1982:105) meen dat die opstanding begrond word in die verlossingwerk van Christus in 1 Tessalonisense 4:17 wat ook op groot sekerheid dui.

Elledge (2006:36) is van mening dat Paulus ook aansluit en selfs beïnvloed is deur die geloof in die opstanding by Daniël en 1 Enoch "by placing the risen in heaven

155 Aune (1998:1066) skryf:

> *The imagery of fire as a means of eternal punishment was a familiar conception during the second temple period. In ancient Israel, the teophannic imagery of the Sinai traditon (Exodus 19) included fire as part of a complex of natural phenomena associaited with volcanic activity, wind storms and earthquakes.*

156 Aune (1998:1133) skryf:

> *The role of God as presented by John is analogous to the popular conception of the role of the emperor: his main task is to dispense justice by punishing the disobedient and rewarding the obedient.*

(1 Tess 4:13-18)." Die Heilige Gees is reeds die onderpand van die ewigheid en die hemel in 2 Korintiërs 1:22 en 5:5 (Lebhar 2006:297).[157]

Alhoewel die oordeel radikaal en volkome in die Nuwe Testament aangedui word en die genade oorvloedig[158] aangetoon word, word die heil nooit universalisties nie. Die wat verlore gaan word egter altyd in verband met God se appèl tot liefde en verlossing opgeroep tot lewe.[159] Exalto (1999:565) wys daarop dat Paulus aantoon dat hy daarna verlang om met Christus te wees. Dit sluit 'n onmiddellike bewuste vereniging met Christus na die dood in. Aardse gemeenskap met Christus is nog onvolkome, na die dood sal hy volkome gemeenskap met Hom verkry. Daar is dus 'n verlange na hemelse saligheid na die dood.

Van de Beek (2008:98) is van mening dat verskeie moderne teoloë die alversoening voorstaan wat beteken dat na die dood alles weer goed sal wees en almal dan uiteindelik gered sal word, maar hy wys daarop dat dit nie so by die vroeë kerk voorkom nie.

In die moderne Rooms-Katolieke teologie het Pous Benedictus self oor die saak van oordeel en vaevuur geworstel (Van de Beek 2008:101). Dit gaan nie meer soseer om 'n selfstandige menslike boete van 'n tyd na die dood nie, maar die konfrontasie van Hom as die gekruisigde in ons sonde. Dan kom ons by die fundamentele gedagte van eskatologie dat Christus self die regter is dat Hy juis die gekruisigde is. Op daardie wyse val 1 Korintiërs 3:18 op sy plek volgens Van de

157 Zimmermann (1983:86) verduidelik dat daar by Paulus twee onafwendbare sake is wat saamhang:

> *1. Ebenso wie Tod und Auferstehung Jesu bie Paulus unlösbar verbunden sind, so auch Tod und Auferstehung des Christen. 2. Wie Paulus den Tod Jesu von seiner Auferstehung her versteht, so versteht er den Tod des Christen von der Auferstehung Christi her und der darin vorweggenommenen Auferstehung des Toten.*

158 Lampe (2002:105) verduidelik ook dat die verlossing holisties deur Paulus verstaan is:

> *In Paul's holistic perspective, on the other hand, the reality of salvation is not another reality apart from the outer everyday life, not just a religious rality for the inner life of a person. It grasps and embraces the whole of human existence, the entire peronality. This principle is also applied very consistently to the eschatological concept of a postmortem life: this life will not only involve parts of a human being, a soul or a spirit, but the entire personality, including his or her bodily existence.*

159 Noordgraaf (1999:125) beskryf dit in aansluiting hierby soos volg:

> *Maar een prediking van het oordeel waarin de genade van God en zijn liefde niet doorklinken, is niet naar het Nieuwe Testament.*

Beek (2008:101-102), aangesien Paulus in die voorafgaande hoofstuk dit duidelik gestel het dat hy niks anders wil weet as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde nie. Van de Beek wys daarop dat moderne Protestantse teoloë dit weer eksplisiet onder die aandag gebring het. Berkhof wys daarop en hoop daarop dat die hel 'n voorlopige saak van loutering is. Teoloë van ander skole, soos Moltmann, neem ook die gedagte oor dat die tydelike bestaan na die dood as voorbereiding van die voleinding is. Hy wil egter die loutering weglaat. Vir Moltmann gaan dit om die positiewe invulling van die lewe (Van de Beek 2008:102). Moltmann word van horisontalisering en humanisering beskuldig maar hy is van mening dat dit onregmatig aan sy teologie ten laste gelê word (Runia 1999:448). Barth, Berkhof en Verkuyl deel volgens Velema (1999:588) die oortuiging dat die oordeel in God se liefde opgehef word en dat die oordeel dus nie uitloop op 'n ewige hel nie. Kuitert se optimisme ondergrawe die oordeel en gerig ewe-eens (Velema 1999:588).

In die hermeneutiese besinning word gevra na die betekenis van die pre-moderne agtergrond waaruit die hemel en hel in veral die Nuwe Testament voorgestel word. Hoe moet die hermeneutiese brug geslaan word na die post-moderne wêreld waarin ons vandag leef? Daar is verskillende standpunte. Sommige meen dat dieselfde werklikheid gedeel word en dat dit daarom nie nodig is om die beelde van hemel en hel te herinterpreteer nie. Daarvolgens word gemeen dat die Claritas (perspectuitas in ander verband) van die Skrif die konsepte duidelik maak en dat herinterpretasie onnodig is.

Daarteenoor is die radikale standpunt wat meen dat die pre-moderne wêreld totaal agterhaal is en dat die konsepte van hemel en hel so nuut geïnterpreteer moet word dat dit totaal afgewys moet word. Volgens hierdie standpunt is die hemel en hel bloot voorstellings van 'n antieke tyd en dat die moderne mens dit geheel nie aanvaar nie. Die bedoeling van die tekste in die Bybel is om mense op te roep tot 'n goeie lewe van liefde, maar dit het geen ewige betekenis nie.

Daartussen kom die standpunt voor wat die werklikheid van hemel en hel aanvaar maar wat tog van mening is dat die voorstelling daarvan pre-modern is. Die beelde van vuur en wurms wat nie verteer nie dui nie op werklikheid nie maar beeld die godverlatenheid uit, terwyl die beelde van heerlikheid die lewe met God uitbeeld sonder om aan te dui hoedanig dit werklik sal wees.

Met Bultmann kom die groot omwenteling in die hermeneutiek. Volgens hom kan die pre-moderne wêreld se voorstelling nie aanvaar word in die moderne wêreld nie. Dit is 'n mitiese wêreld vol voorstellinge uit daardie wêreld en moet dus totaal herinterpreteer word (Runia 1999:442-443). Mitologiese spreke is egter nie onbelangrik nie want dit dui op die geëksistensieerdheid van die bestaan in die geloof voor God en elimineer nie die geloofswerklikheid nie (Runia 1999:443). Runia (1999:443) toon aan dat onder andere Ridderbos dit egter as grandiose reduksie van Nuwe Testament gegewens beskou het. Die hermeneutiese vraag is egter in die midde geplaas omdat Bultmann voorstellinge soos hemel en hel skerp afgewys het. Vir Bultmann is bloot die kerugma beslissend (Johnson 1987:300).

Die beginsel van *sola Scriptura* in hierdie verband dui aan dat die Skrif die laaste woord het en nie die interpretasie van mense nie. Sekere waarhede in die Skrif kan nie weggedink word omdat dit aanstoot sou gee nie. Die Skrif self het die laaste woord. Dit beteken nie dat daar diepgaande besin moet word oor die betekenis van gedeeltes van die Skrif wat vrae oproep nie. Die gedeeltes wat minder duidelik is, word deur gedeeltes wat duideliker is uitgelê volgens die beginsel dat die Skrif homself uitlê. Dit beteken dat die hele prentjie van die verwagting van die lewe na die dood in ag geneem moet word. In die lig van die geheel is dit egter duidelik dat die hermeneutiese brug nie die erkenning van die bestaan van hemel en hel uitwis nie. Gedeeltes wat op alversoening dui moet egter in verband met die geheel gelees word en sou nie beteken dat die duidelike beklemtoning van die oordeel van God en die beginsels van die lewe na die dood misken kan word nie.

Die gereformeerde hermeneutiek wil totaal erns maak met die *sola Scriptura* en die *sacra Scriptura sui ipsius interpres est.* Die Bybel verloor nie sy betekenis omdat dit pre-modern is nie. Daar is talle ooreenkomste in die wêreld van die tyd van die Bybel en vandag. Mense behou hulle menslikheid en alhoewel die implikasies mag verskil, beteken dit nie dat die saak verander nie. Die hermeneutiese brug wat geslaan word, moet dus steeds in ag neem dat die werklikheid van die Bybel en vandag steeds dieselfde werklikheid is en dat daar nie gemeen kan word dat die verskille so groot is dat geen ooreenkomste daartussen bestaan nie. Wat egter in ag geneem moet word, is dat die voorstelling van sekere sake wel vanuit die pre-moderne wêreldbeeld beoordeel moet word.

Wat die dogmatiese besinning ten opsigte van die vraagstuk van hemel en hel betref staan ons midde in die spanningsveld van die verlossing. Volgens Lebhar (2006:297) sal die hemel vol vreugdefeeste wees. Vervolgens sal daar doelgerigte aktiwiteite wees. Die bestaan van die hel word deur Geisler (1999:310-312) soos volg aangedui:

1. Jesus het die bestaan daarvan geleer, bv. Matteus 10:28.
2. Die Bybel leer dit, bv. Openbaring 20:11-15.
3. God se geregtigheid vereis dit, bv. Romeine 2.
4. God se liefde vereis dit, want God dwing nie maar laat mense toe om van Hom geskei te wees as hulle verkies.
5. Menslike waardigheid vereis dit God dwing mense nie in die hemel in nie.
6. God se soewereiniteit vereis dit. Finale oorwinning oor kwaad is nodig.
7. Die kruis van Christus impliseer dit. As daar nie 'n hel is nie is die kruis ook nie nodig nie.

Dit is egter moeilik verklaarbaar hoe die hel vanuit die beginsel van liefde bestaan en daar moet eerder na die beginsel van geregtigheid wat ook in die liefde na vore kom, gesoek word om die hel te verklaar. Dit is ook nie moontlik om die beginsel neer te lê dat diegene wat verlore gaan self hulle onheil verkies nie. Dit is oordeel van God en hulle beleef die oordeel as skeiding van God en alhoewel hulleself skuldig is aan die dood van die hel is dit nie hulle eie keuse om die hel te kies nie.

Geisler (1999:312) is ook van mening dat die hel die verwydering van God radikaal aantoon maar dat dit nie 'n plek van marteling deur God is nie. Dit is 'n plek van self-veroorsaakte marteling (Geisler 1999:312). Wat besware teen die leer betref, word gevra waarom God mense nie bloot hervorm nie? Geisler (1999:313) se antwoord hierop is dat God dit juis in die lewe doen maar mense nie dwing om Hom te dien nie. Verder word gevra of die ewige straf vir tydelike sonde nie oormatige straf (overkill) is nie. Geisler (1999:313) antwoord dat sonde teen die Ewige gedoen is en dat dit juis beteken dat om die hemel te verseker die hel ewig moet wees. Verder is tydsduur nie van belang nie maar wel objektiwiteit. Daar word ook aangedui dat die hel nie die redding bring nie maar God se geregtigheid sal duideliker blyk uit die oordeel van die hel (vgl. Jonathan Edwards) (Geisler 1999:314). Daar word ook gevra: Kan daar vreugde in die hemel wees as 'n geliefde dalk in die hel is? In die werklikheid is daar tog vreugde ten spyte van

ellende en so sal daar in die hemel ook vreugde wees ten spyte van die negatiewe (Geisler 1999:314).

Die vraag kan ook gestel word waarom het God mense geskape het indien Hy hulle wel in die hel werp? Geisler (1999:314) antwoord dat nie-bestaan nie noodwendig beter is nie. Is dit nie so dat die mens nie kan help om te sondig nie? Geisler antwoord dat sonde noodwendig maar nie onvermydelik is nie. Almal sou hel toe moes gaan maar God red uit (Geisler 1999:315). Wat die redelikheid van die hel betref, wys Geisler daarop dat Jonathan Edwards aangetoon het dat dit juis irrasioneel sou wees indien daar nie 'n oordeel sou wees nie. Wat redes waarom die leer oor die hel verwerp word betref, meen Geisler (1999:316) dat dit teen ons voorkeure is en dat ons begrip van kwaad gebrekkig is. Hy verwys na Jonathan Edwards wat aandui dat ons God se eer en heerlikheid nie erken nie.

Dogmaties is die kernvraag die vraag oor die godsleer. Hoedanig is God? Wat moet ons van God sê in hierdie verband? Dit moet baie duidelik beklemtoon word dat God heilig is. In sy selfopenbaring in die Ou sowel as die Nuwe Testament maak God Homself bekend as die Heilige wat geen sonde verdra nie. Verder staan die mens totaal skuldig voor die God. God is egter volgens die duidelike aanduiding die God van Liefde. Geregtigheid en liefde moet dus in alle opsigte erken word. God se oordeel is onafwendbaar, maar word in sy liefde totaal nuut hanteer. Romeine 5 leer dat die genade ook veel oorvloediger as die sonde is. Die onmoontlike het plaasgevind daarin dat God uitred deur self te voorsien. God is in sy wese hierin te ken as liefde. Die wonder van God se liefde moet oorvloedig verkondig word. Die verlossing skipper altyd op die rand van alversoening maar dit kan nie uit die Skrif afgelei word nie. Heil en verlossing hang altyd saam met wedergeboorte en geloof. God se liefde is sy liefde in geregtigheid wat deur die geloof in Jesus Christus bepaal word.

Ten opsigte van die vraag van verlossing en heil kom die wyse waarop die geloof na vore tree vanselfsprekend aan die orde. Die gereformeerde leer beklemtoon dat dit slegs uit God se ryke vrye genade ontvang word deur die vrye guns alleen. God se liefde is daarin oorvloedig dat God wel mense roep tot Hom, hulle kies om te glo en seën in hulle totale verlossing. Hierdie heil is volkome maar word gedra deur die wedergeboorte en geloof wat die besondere genade van God in gemeenskap met Hom beteken. God sal die hemel berei. God sal sy liefde vertoon. Dit is oorvloedig. Die onmoontlike donker kant van geregtigheid beteken egter

dat God wel – omdat Hy alleen God is – in sy oordeel ook die ongeregtigheid verwerp. Inklusiwisme is nie Skriftuurlik te verantwoord nie omdat die verhouding tussen heil en redding aan die een kant en geloof en wedergeboorte aan die ander kant in so 'n standpunt deurgesny word.

Sou God egter "oneties" optree as Hy in sy geregtigheid mense ewig veroordeel? Eis die regverdigheid van God nie dat alle mense gered moet word nie? Is dit nie eties om almal te red nie? God self beskik oor lewe en dood. Hy is selfgenoegsaam om self te bepaal wat eties is. Om te bepaal wat eties is word dus deur God self bepaal. God gee egter vir mense die vermoë om ook oor etiese sake te besin. Die openbaring van God is egter steeds die enigste maatstaf. Daarom bepaal God wat in sy geregtigheid moet geskied. In sy absolute heerlikheid is God die een wat bepaal waar die heil lê. Helm (1989:112) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat as God geregtigheid is en die hel bestaan soos God dit openbaar, sal sy geregtigheid dan in daardie sin volkome wees. God regeer daar ook in sy geregtigheid. Moore (2006:305) verduidelik dat waarskuwing van die hel wel erken moet word.[160]

Velema (1999:591) dui aan dat daar vrae oor God en die oordeel bestaan, naamlik dat die regverdigheid van God beteken dat daar tog 'n verband tussen die oordeel en die gedrag moet wees as dat ewige hel dit nie sou wees nie. Verder is die vraag of Jesus dan nie al die sonde van die wêreld weggeneem het nie. Meer nog, 'n regter sou immers grasie kon verleen. Ten slotte dui oordeel nie op blywende tweespalt in God nie? Velema is van mening dat God se geregtigheid en liefde steeds erken moet word en nie teen mekaar afgespeel moet word nie. Die liefde hef die geregtigheid nie op nie soos blyk uit die kruisiging van die Here en die worsteling in Getsemane.

Die vraag is egter: Sal die God van liefde mense ewig in hel werp? Die liefde van God en God se geregtigheid hang saam. Die geskende liefde eis geregtigheid. Die geregtigheid van God bewaar die liefde sodat God selfs in liefde nie misken mag word nie."[161]

160 *We possess only analogies to teach the mysterious horrors of hell, but the reality of hell, banishment from God's presence by those created in his image and designed for fellowship with him, is sobering no matter how dimly and incompletely we understand it.*

161 Walls (2008:410) dui aan hoedat die liefde juis die hemelse geregtigheid openbaar:

> *For Christian theology, the logic of theodicy recieves historical confirmation by the resurrection of Jesus. The resurrection brings to light not only the full extent of what*

Van de Beek (2008:91) stel die vraag: Hoe aards is die hemel? Daar was altyd die gedagte dat dit heeltemal spiritueel opgevat moet word, maar sedert die verligting het die metafisiese gedagte al hoe verder weg gedryf en daarom word die vraag gevra: Het God werklik die materiële wêreld gewil? In die huidige teologie wys Van de Beek daarop dat 'n tendens te bespeur is dat die abstrakte konsepte verby is en dat mense meer konkrete beelde wil oproep. Die vraag waar is die dooies? bly belangrik. Die vraag wat Ernst Bloch se vrou vir Moltmann gevra het oor haar man: Waar is Ernst? is 'n reële vraag, sê Van de Beek (2008:91). Die antwoord is natuurlik dat 'n mens in 'n nuwe werklikheid bestaan waar die mens eers ondergaan in die dood en dan as mens herrys. Die voortbestaan van die siel is dan ook anders as in die liggaam en daarom bestaan die mens voort in hierdie verheerlikte liggaam.[162]

Polkinghorne (2002:55) is van mening dat wetenskaplike insigte en die teologiese begrip verenig kan word om 'n geloofwaardige hoop te verskaf wat in terme van die Christelike dood en opstanding hoop gemanifesteer in Jesus Christus se opstanding en in die God van Abraham, Isak en Jakob gevind word. Polkinghorne sluit dus nie hoop op 'n nuwe werklikheid uit nie.[163] Daar is egter steeds die

---

> *it means to say that God is love, but also that the love of God has defeated death. The promise of heaven is not merely a matter of justice in the face of evil, but the ultimate gift of one whose eternal nature is self-giving love. If the resurrection is true, then the deepest roots of heaven are not the manipulation and coercion that Wright identifies, but the love of a God for whom these are out of the question.*

162 Ook Küng (1980) bespreek die wonder van die heil wat God gee:

> *In faith, I entrust everything to this God, even the ultimate, even the conquest of death. The almighty Creator, who calls from nonbeing to being, can also call out death to life. The Creator and Conserver of the universe and man, and he alone, can be trusted, even at death as we are dying, beyond the limits of everything hitherto experienced, to have still one more word to say: to have the last word as he had the first. Anyone who seriously believes in the eternal and living God believes also in God's eternal life, in his one own eternal life. If I begin my Credo with belief in God, 'the almighty Creator,' I may be content to end it with belief in 'eternal life.'*

163 Moltmann (1996:337) beskryf die ewige lewe in terme van die opstanding van Christus, die paasvreugde vind sy oorsprong in die opstanding:

> *Here the divine life opens and communicates itself. The Bible calls this charis. The divine life communicated is also eternal life, life in partcicipation in the divine life. But it is not just life in 'the world beyond', 'life after death'; it is an awakening, a rebirth, already here and now, and the endowment of earthly life with new viral energies.*

gevaar dat hy nie die volle heil in die toekoms gerealiseer sien nie maar wel in 'n aardse verlossing.[164]

Die prediking in die sending sal dus nie by die waarskuwing van die hel kan verbygaan nie. Die boodskap wat egter duidelik moet uitgaan is die boodskap van God se oorvloedige heil en genade. Hy is die Een wat oorvloedige heil bied. Hy is die Een wat die hemel oopsluit vir hulle wat geen ander verwagting as net die hel het nie. Hy is die Een wat sy Seun midde in die kruis plaas sodat die verlossing sigbaar kan word. Die boodskap wat uitgaan in die sending is die boodskap van die hemel. God berei die ewige heil voor vir hulle wat glo.

Die Skrif bly die enigste maatstaf om hierdie saak te beoordeel. Eksegeties en hermeneuties is dit nie moontlik om die bestaan van die hemel (en die opstanding) en die hel (en die oordeel) weg te wys nie. Die getuienis van die Skrif praat te duidelik. In die sendingprediking sal die oorvloed van die genade egter steeds die klem moet kry.

### 7.3.6 Hemelvaart

Die Heidelbergse Kategismus beklemtoon sekere sake:

Sondag 18

46

Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?

> *Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.*

47

Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy beloof het nie?

> *Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.*

48

164 Walls (2008:404) stel die eis tot geloof soos volg:

Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

> *Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly*

49

Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

> *Eerstens dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Tweedens dat ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof, ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Derdens dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie.*

Sondag 19

50

Waarom word daar bygevoeg: *en sit aan die regterhand van God?*

> *Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Homself daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan toon deur wie die Vader alles regeer.*

51

Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus ons?

*Eerstens dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort. Tweedens dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar.*

Die betekenis van die hemelvaart is van groot belang. In Handelinge 1:9 word die betekenis daarvan uitgelig:

---

> *The upshot of this is fairly obvious. If the Christian account of God is true, then one cannot have a perfected relationship with God without accepting that Jesus is the Son of God. If the essence of going to heaven is to experience a perfected relationship with God, then denying that Jesus is the Son of God and going to heaven are mutually exclusive. In short, one sense in which the Christian doctrine of heaven is exclusive is a straightforward implication of the fact that Christians believe that there are important truths about God that have been revealed. There is a mutual exclusion between these truth claims and other claims that are incompatible with them.*

*Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. Dié sê toe vir hulle: 'Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.*

Die hemelvaart is die versekering van die troonbestyging. Maar dit is die troonbestyging van die Here wat Homself prysgee, van die Lam wat geslag is, nie die Een wat met heerskappy en eiegeregtigheid wil regeer nie (Van de Beek 1998:172 e.v.). Dit is die troonbestyging van die Gebrokene, van die Een wat in gebrokenheid heerlikheid aan ons skenk. Die hemelvaart is egter die versekering dat die opstanding voltooi is. Die opstanding is in die volledige sin afgehandel en die hemelvaart verseker ons dan daarvan dat dit plaasgevind het.

### 7.3.7 Die Wederkoms

Die heil wat uiteindelik deurbreek is die heil wat van God kom. Die eskatologiese Christus is die een wat opgestaan het en wat dan ook die opstanding vir ons verseker. Hierdie opstanding bring Hy dan ook vanuit die heerlikheid van die toekoms na ons toe terug. Hierdie versoening en verlossing sal ook vir ons verlossing en versoening beteken en sal ook vir ons heil inhou. Hierdie versoening is betekenisvol vir hulle wat in Hom glo, want Hy kom weer. NT Wright skryf ten opsigte van die eskatologiese verwagting van Christus se wederkoms dat die heil in Christus sal aanbreek wanneer daar 'n opstanding sal wees en daardie opstanding volledig sal wees vir hulle wat die heil in hom vind.

By die hemelvaart word bevestig dat Jesus wat opgevaar het na die hemel ook weer sal terugkeer. Dit sal die finale voltooiing wees van sy heilswerk. Hierdie finale voltooiing van sy heilswerk het groot betekenis in die sending. In 1 Tessalonisense 5 word indringend geskryf oor die uniekheid van die wederkoms van Christus wat sal kom soos 'n dief in die nag, maar dat diegene wat in Christus glo nie in duisternis moet leef nie sodat die dag hulle nie sal oorval nie. Daar is in 1 Tessalonisense 5:5 geskryf:

*Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. Dié wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van*

> *die nag. Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm.*

Die verwagting dat die Here sal kom en dat Hy sy heil volledig sal volbring en dat die verlossing die finale voleinding sal bereik, skep nuwe hoop. Missionêr beteken dit dié Christus, wat gekruisig en opgestaan en na die hemel opgevaar het, die volledige heil – die eskatologiese heil – sal voltooi en uiteindelik alle aspekte van die heil volledig sal verenig. So sal die wonder van die heil sigbaar word in Christus. Wanneer Hy weer kom, sal hulle wat Hom verwag in sy heerlikheid die wonder daarvan beleef.

Die Heidelbergse Kategismus beklemtoon:

52

Hoe word jy getroos deur *die wederkoms van Christus om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het*?

> *Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag, wat al vantevore in my plek voor die regbank van God gestaan het en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.*

As Priester is Jesus Christus Een met God en ís Hy ook ons versoening. In hierdie gedeelte het die kruis sentraal gestaan. So is Jesus Christus inderdaad die Een vir ander, die Een in die plek van ander, die Een wat Homself en sy lewe prysgee vir die ander. So word Hy ons heil. Hierdie wêreld is ons woning nie. Jesus Christus as Priester maak dit duidelik. Hy bring nog groter heil. In die sending moet daar dus na die heerlikheid van God gewys word – meer as wat ons ons kan indink. Natuurlik het sy priesterskap ook betekenis vir hierdie lewe, maar Hy vul dit met nuwe inhoud. Die inhoud van lewe met God in ewigheid. Daarom sal die kerk pelgrimskerk moet wees – kerk op weg na die ewigheid, in diens van die groot Priester.

## 7.4 SAMEVATTING

Samevattend kan dus gesê word dat die Groot Hoëpriester Homself ontledig. Hy kom in die wêreld as die Gebrokene en Hy is stukkend in die wêreld vanweë

die sonde van die mens wat Hy dra. Hy bring aan die ander kant die heil van God op 'n transendente wyse omdat Hy die wonderbaarlike Seun van God is. As ewige Seun van God maak Hy die heil moontlik deurdat Hy Homself prysgee, en daardie prysgawe van Hom moet in die sending verkondig word. Die sending sal dus intensief moet beklemtoon dat Jesus Christus as groot Hoëpriester die Een van ons versoening is. Hy bring die heil deurdat Hy Homself prysgee. Hy bring die verlossing deurdat Hy die Een vir die ander is. Die sending moet dit steeds beklemtoon. Jesus Christus as die Een vir die ander moet steeds erken word as die Here van kerk en samelewing.



# HOOFSTUK 8

## Die sendingimplikasies van die Christologie

Die eerste beslissende sendingimplikasie van die belydenis dat Jesus waarlik Ewig Een met God is, is dat die sending transendensie in hierdie werklikheid van sekularisme en sekulariteit wil terugwen. Transendensie moet dus beklemtoon word vanuit die belydenis dat Jesus waarlik God is. Vanuit sy verhouding met sy Vader word openbaar dat Hy die Een is wat die transendente God naby aan die mens in hierdie werklikheid bring. Hierdie transendensie beteken dat God geken kan word in Jesus Christus, dit is Hy wat die teenwoordigheid van God in hierdie werklikheid tuisbring. Die werklikheid is 'n in-sonde-gevalle-werklikheid, en in hierdie in-sonde-gevalle-werklikheid word die ontmoeting met die transendente God moontlik. Transendensie is dus moontlik omdat God Homself openbaar. Hierdie werklikheid kan dus met God in 'n verhouding gebring word omdat God Homself in Jesus Christus openbaar.

Vanuit die erkenning van die Monoteïsme en in aansluiting by NT Wright (2013), word Jesus Christus as die ware Persoon wat Homself teenwoordig stel in die wêreld sodat God bekend kan word, geopenbaar. Jesus Christus openbaar die enigste ware God en omdat hierdie transendensie moontlik is in Jesus Christus kan die mens in 'n nuwe verhouding met God kom. Monoteïsme is dus ononderhandelbaar in die beklemtoning van God se teenwoordigheid in die wêreld. Die sending moet leef vanuit hierdie transendensie. Die sending moet dit juis as die hoofsaak van sy belydenis in die wêreld maak dat God Hom openbaar in Jesus Christus. Dit beteken dat daar nie sommer om een of ander rede afstand gedoen kan word van die unieke openbaring van God in Jesus Christus nie. God het besluit om in sy volheid in Hom te woon (Kol 1). Omdat dit so is, is die belydenis dat daar 'n Drie-enige God is wesenlik vir die sending. Die *missio Trinitatis* is nie maar net die erkenning van 'n bepaalde gestuurdheid in die wêreld nie, maar is die erkenning van volledige transendensie. In hierdie transendensie word die Monoteïstiese God erken en vanuit die erkenning van Monoteïstiese God word die sending opgeroep om die belydenis dat Jesus Christus Here is, bekend te maak.

In hierdie sin word sterk aansluiting gevind by Barth, naamlik dat God Homself direk van Bo, "senkrecht von Oben" openbaar, en dat Jesus Christus die volheid van hierdie openbaring bekend maak. Dit het egter betekenis vir die hele wêreld en die hele gemeenskap. Ook in verhouding met ander godsdienste moet die belydenis dat Jesus die openbaring van die lewende God is, steeds volgehou

word. Ook in die dialoog met godsdienste sal daar bely moet word dat Jesus Christus Een met God is. Die sending sal dus hierdie beginsel in die hele wêreld verkondig. Die beginsel waarvolgens die kerk lewe, sal beklemtoon dat Jesus Christus waarlik God is en dat Hy God in die wêreld bekend maak maar ook dat Hy volledig mens geword het. In hierdie opsig sal die beginsel wat deur Tutu aangedui word, naamlik "God is not a Christian" anders uitgedruk moet word. Daar moet bely word dat God in Jesus Christus in die wêreld gekom het, en dit het betekenis vir alle mense en alle godsdienste en alle belydenisse. In Jesus Christus is God bekend, God is dus nie 'n Christen in die sin van dat Hy volgens die aardse beginsel van christelikheid lewe nie, maar God is geopenbaar in Jesus Christus as ware God en in Jesus Christus is hierdie openbaring gegee. Die dialoog met ander gosdienste sal dus uitgaan van 'n bepaalde erkenning van die transendensie in Christus. Erkenning van die Triniteit is dus die grondslag van die proklamasie van die sending.

Die belydenis dat Jesus Christus, God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, is, eenswesens met die Vader, sal gestel moet word teen die tydsgees van die modernisme, die postmodernisme en die post-kolonialisme. Die modernisme erken die mens as godheid en dat die werklikheid op rasionele wyse benader moet word. Hierdie rasionaliteit word die wyse waarop die mens verstaan word. Die postmodernisme daarteenoor beweeg weg van rasionaliteit en wil eintlik 'n veelheid van moontlikhede skep, waar die mens nie as god bely word nie, maar waar God eintlik as totaal onkenbaar beskou word. Die sending moet juis die belydenis dat God in Jesus Christus kenbaar is, beklemtoon. Teenoor die postmodernisme en die modernisme moet die belydenis uitgespreek word dat God in hierdie werklikheid kenbaar is in Jesus Christus sy Seun. Rasionaliteit as uitgangspunt van die denke moet dus self nuut beoordeel moet word. Eweeens sal die vervlugtiging van vaste oortuigings ook bevraagteken moet word. Jesus Christus is in die wêreld geïnkarneer is as God wat mens geword het. In Jesus Christus is daar dus nuwe moontlikhede van bestaan wat die mens se rasionaliteit in 'n ander lig stel. Die sendingverkondiger bedien hom/haarself dus altyd van 'n belydenis, ook in die diaoog met ander. Dit beteken egter nie dat die sending hoegenaamd op enige wyse vernederend of afbrekend teenoor enige godsdiens of enige ander persoon sal staan nie. Sending is altyd sending in gebrokenheid. Sending kom altyd met 'n boodskap van 'n stukkende wêreld

en van 'n gekruisigde Jesus. Die boodskap wat dus gebring word, is die boodskap van Jesus aan die kruis, die Middelaar aan die kruis. Dit beteken dat na aan Moltmann se oortuiging van die gekruisigde God beweeg moet word sonder om die formulering volledig te aanvaar. Die totale volheid van God was nie aan die kruis nie (extra Calvinisticum), maar Jesus Christus, die Middelaar in wie God ten volle woon, het aan die kruis gesterf. Hierdie belydenis word deur die sending uitgedra. Hy is die Gekruisigde, Hy is juis die Een in die wêreld wat God bekend maak, maar in die gebrokenheid van die wêreld is die boodskap van die sending self 'n boodskap van gebrokenheid.

Die totale heerlikheid van Jesus Christus moet in die sending erken word. Die sending moet dus inderdaad, of dit dan nou sal wees uit 'n meer tradisionele hoek waar verkondig word deur die kerugmatiese boodskap wat die kerk aan mense bring, dat Jesus Christus die Here is, of aan die ander kant deur 'n meer missionale karakter van die gemeente in die wêreld, steeds die verkondiging dat Jesus Christus die transendente Een is uitdra. Hy is die Een uit God. Hy kom van God. Verlossing kan alleen in Hom gevind word. In die kragveld van die ontmoeting van Jesus Christus as die Een wat uit God is en die gebroke wêreld sal die sending steeds die heil dra. Daar kan nie meer in hierdie wêreld maar bloot op menslike vlak in die sending geredeneer word nie. Die spanningsveld is te groot. Christus word dus nie maar bloot op menslike vlak verstaan nie. Daar kan nie maar bloot op die vlak van gemeenskapsorganisasies met mense gewerk word nie. In die kragveld van die spanning van die tyd waarin gelewe word en die buitengewone uitdagings van hierdie tyd, sal die Eenheid van Jesus Christus met die Vader erken moet word. Vandaaruit moet sending verrig moet word.

Dit is betekenisloos om maar bloot in hierdie wêreld, met die verskrikking van sonde, ongeregtigheid, siekte en ellende te verkondig dat Jesus Christus nie juis diepgaande verandering bring nie. Hy moet verkondig word in die kragveld van groot getuienis aangaande wie Hy werklik is. Daarmee word die heil duidelik: Jesus Christus as Seun van God moet erken word en so kan daar heil op die verskillende terreine van die lewe na vore kom. So kan Hy as ware Profeet, Priester en Koning betekenisvol in die wêreld verkondig word. Alleen wanneer dit erken word, kan vanuit hierdie heil wat Hy bring ook betekenis wees vir mense in hulle diepste nood. Die kerk moet dus leef uit hierdie oortuiging. In gebrokenheid, in die Gebrokene, Jesus Christus, is heil vir die mense sodat die

verlossing in Hom na vore kan kom. Dit is alleen moontlik omdat Jesus Christus God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God is. Te midde van die wêreld wat dit ontken, moet sy boodskap, sy verlossing, sy heil sigbaar gemaak word. Dit kan alleen plaasvind indien daar in gebrokenheid deur die kerk erken word dat alle dinge uit Christus is en dat ons in afhanklikheid van Hom lewe. 'n Christosentriese benadering is essensieel in die sending. Die sending moet opnuut die Christus van die Bybel sentraal stel en daar moet vanuit sentrale belydenis van die Christus in die Bybel gekom word tot volledige heil en verlossing vir die mens. Dit beteken dat daar bely moet word, deur die kerk, dat Christus uit God is; dat Hy Een met God is, en dat Hy die Een is wat heil vir die wêreld bring. Die verlossing in Christus moet na vore gebring word en die heil wat van Hom kom moet aan mense gebring word.

Dit beteken dat die kerk uitbeweeg in die wêreld. Alleen wanneer erken word dat Jesus Christus as Gekruisigde, Gebrokene, nederige Heiland die heil bring, kan die volle verlossing beleef word.

Maar dit beteken dat daar ook 'n nuwe begrip van transendensie onder die mens moet posvat. In 'n wêreld waarin daar vir die hier-en-nou gelewe word, in 'n wêreld waar die teologie die transendensie prysgee vir 'n aardse Jesus wat hier-en-nou optree, moet die transendensie van God weer bevestig word. Alleenlik wanneer die volle transendensie van God sigbaar is, kan die sending nog 'n boodskap vir die wêreld waarin ons woon, hê. Hierdie transendensie moet op verskillende maniere beklemtoon word. In die eerste plek moet dit beklemtoon word dat die ewige God homself openbaar in die wêreld. God maak Homself bekend. Tweedens moet beklemtoon word dat God Hom bekend maak as die Transendente, as die Gans Andere, as die Totale Heerlike, as die Een aan wie die majesteit en die heerlikheid behoort. Dit word openbaar in Jesus Christus, die Seun van God, omdat Hy juis uit die dood opgestaan het en die nuwe lewe bevestig. In die derde plek beteken dit dat die mense vanuit 'n ander prinsipe moet lewe as bloot die materiële. Alhoewel Christus volledig mens geword het, en die inkarnasie van God in Christus sigbaar is, beteken dit nie dat hierdie werklikheid, hierdie bestaan, die laaste woord het nie. Daar moet dus vanuit die belydenis van die transendensie van God en die ontmoeting met die transendente in God, bely word dat hierdie werklikheid verbygaande is en nie die laaste antwoord vir ons bestaan het nie. Die wêreld is dus nie ons woning nie. Dit is juis die beklemtoning van die heil in

Christus Jesus wat dit moontlik maak om ook die belydenis uit te dra dat daar 'n toekomsverwagting is. Die sending beweeg dus binne in die nood van die mens, met die belofte van 'n transendente God wat deel word van ons werklikheid in die heil wat Hy hier wil bewerk. Dit beteken nie dat dit nie belangrik is om hier ook liggaamlik te lewe nie, maar die liggaamlike bestaan en liggaamlike werklikheid moet altyd uitreik na die heerlikheid van 'n transendente bestaan en 'n transendente lewe met God; 'n lewe waar die volheid in God gevind word en die heerlikheid daarvan beleef word. Jesus Christus is ook die een wat die volheid van die transendensie sigbaar sal maak in die voleinding. Daarom roep Hy aan die kruis uit: "Dit is volbring!" God kan ingryp en hierdie werklikheid verander in 'n totaal nuwe werklikheid, en 'n totaal nuwe lewe wat dit sal moontlik maak om in die teenwoordigheid van sy heerlikheid te bestaan. Die liggaamlikheid sal herstel word, maar nie op die wyse waarop ons in hierdie tydelike wêreld lewe nie, maar in 'n nuwe liggaam op die nuwe aarde, en in die nuwe hemel. Hierdie totale vernuwing word deur Paulus baie uitdruklik in 1 Korintiërs 15 beklemtoon. Dit is dan alleenlik moontlik in Christus wat die transendente God bekend maak.

As erkenning van Jesus Christus as ware Koning beteken dit dat deur die sending die koningskap van die Koning van 'n ander aard beklemtoon sal word. Dit is die koningskap van die ware heil wat van God kom. Daarom sal daar steeds op die roeping van owerhede om in diensbaarheid te regeer, gewys word.

In die erkenning van Jesus Christus as ware Profeet sal inderdaad erken moet word dat Hy gesag oor alle lewensterreine het maar dat Hy ook ware menslikheid beklemtoon. Sosiale verhoudinge moet deur Jesus Christus bepaal word. Nuwe verhoudinge is in Hom moontlik. Ware menslikheid vind dan daar plaas waar mense erken word vir wie hulle werklik is, geskape na die beeld van God. Volledige menslikheid vind eers plaas wanneer daardie volledige versoening in Christus beklemtoon word. Die volledige versoening is in Christus. Daarmee word nie bedoel dat neerhalend teenoor enige ander mens wat nie in Christus is gespreek word nie, maar dat die heil volledig in Christus aan mense gebring word sodat hulle die volledige versoening in Christus kan vind. Dit beteken dat op vele terreine van die lewe daar steeds dringende boodskappe van die sending moet uitgaan, dat mense hulle moet bekeer omdat die tyd dringend is en omdat die oordeel van God 'n werklikheid is.

Inisiatief en rentmeesterskap op ekonomiese terrein moet erken word maar daar moet ook gewaak word teen uitbuiting en die miskenning van mense. Wat die wetenskap betref, sal erken word dat God die Skepper is, maar sal daar ook groot erns met wetenskaplike ontwikkeling gemaak word. Jesus Christus is ook Here van die Skepping. Die tegnologie moet ook altyd onderhewig aan sy heerskappy wees. Verder sal die politiek ook onderhewig aan Jesus Christus se ware heerskappy gemaak moet word met die post-koloniale benadering wat krities ontleed moet word vanweë die onvermoë om hoop in Afrika te bring. Alleen wanneer die probleme van Afrika opnuut erken word, kan hoop geskep word. Die toekoms kan in Jesus Christus tegemoet getree word omdat Hy die ware lewe moontlik maak.

Daar sal opnuut erken moet word dat die heil kom deur Jesus ons Hoëpriester wat ons versoening ís. Priesterlik gee Hy Homself prys vir ander, gee Hy sy lewe, verwerf Hy die heil. Die kruis staan sentraal en in die sending sal die boodskap dat Hy deur die dood heen ons verlossing bring, beklemtoon moet word. Daarmee saam hang egter die volle heil van die heilsgebeure, sy geboorte, lewe, opstanding, hemelvaart en wederkoms verseker van die totale verlossing wat Hy bring. In die sending sal die Jesus Christus, Een met God die ware Priester wees wat hoop vir tyd en ewigheid verseker.

Dit moet baie sterk beklemtoon word dat Jesus volledig mens geword het, en dat Hy dan sodoende as volledige mens, die volledige verlossing vir die mens kan bring. Hy kan die verlossing en die heil vir die mens bring. Hierin moet beklemtoon word dat die versoening en verlossing in Christus plaasvind. Christus Jesus ís ons versoening. Dit is Hy wat met sy kruisdood die moontlikheid skep van die versoende lewe met God en van die uitsig op die heerlikheid wat in die hart van die mens nie opgekom het nie. Dit is alleen moontlik omdat Jesus Christus Homself prysgee. Hy is die Een ter wille van die ander, Hy is die Een in die plek van die ander. Hy gee Homself prys ter wille van die ander, Hy is die Een wat die heil moontlik maak in hierdie prysgawe van Homself as die Een vir die ander. So skep Hy die nuwe moontlikhede van die lewe met God, omdat Hy die Een aan die kant van God is wat kom en Homself prysgee, maar ook aan die kant van die mens, omdat hy sonde op Homself neem en tot sonde gemaak word. Hierdie beginsel ten opsigte van die mens se bestaan is van die allergrootste belang. Jesus Christus word tot sonde gemaak, sodat Hy die Een kan word in wie die

versoening ’n volledige werklikheid word. Die versoening kan dus op geen ander manier verstaan of begryp word, as in Jesus Christus wat Homself as die Een vir die ander gee nie. Juis daarin vind die heil plaas, in die versoening wat Hy bewerk. Dit beteken dat die versoening geweldig ruim verstaan moet word, wat insluit dat God se genade genoegsaam is in Jesus Christus omdat Hy die versoening ís. Dit is geweldig ruim en strek uit na almal, sodat almal daarin sou kon deel indien hulle in die geloof in Jesus Christus ingelyf is.

Die onmoontlike gebeur egter, dat mense in hulle sondes sterf, afgesluit van God. Jesus Christus is die versoening vir hulle wat in Hom hulle heil vind en in Hom verlossing vind, in Hom lewe, en in Hom sterwe. Dit beteken dat die heil alleen volledig gevind kan word wanneer daar bely word dat die heil *in Christus* is. Hierdie heil in Christus is die totale verlossing wat beleef word wanneer daar met Christus gelewe word. Die mens in sy bestaan, in al sy verskillende verbande, moet juis hierdie versoening in Christus vind.

Daarom moet die kerugmatiese verkondiging deur die sending steeds wees dat die heil in Christus individueel en gemeenskaplik gevind word. Daar kan nie afstand gedoen word van die verkondiging dat heil in Christus moontlik is nie. Die sending moet met volle oortuiging verkondig dat die versoening in Christus ís. Die heil moet ware menslikheid teweegbring. Die bestaan van die mens kan voor God wees. Dit kan alleen gevind word wanneer die heil volledig in Christus gevind word. Sending kan dus nooit ophou om dringende oproepe tot bekering en tot toewyding aan Jesus Christus in die wêreld uit te dra nie. Die sending sal dus ’n dringende oproep “Kom, laat julle tog met God versoen”, voortdurend uitdra, sodat hierdie woord gehoor kan word. Hierdie verkondiging beklemtoon altyd, onder alle omstandighede die vrye genade van God in Jesus Christus, die Here (Ef 2:3-10).

Sending wat nie hieraan gehoor gee nie misken die openbaring van die monoteïstiese God, die Eenheid van God, en Jesus Christus se besondere betekenis. Ware menslikheid word egter juis deur Jesus Christus beklemtoon – ware menslikheid teenoor mekaar – maar daarom die dringende oproep: “Julle moet liefde tot God en liefde tot die naaste hê”.

In Christus is die volledige versoening moontlik wat beteken dat die volledige mens herstel word, in God, nou vir hierdie tyd, maar ook vir die tyd wat kom.

Wanneer bely word dat hierdie wêreld nie ons woning is nie, en dat hierdie wêreld verbygaan, word egter daarmee saam ook bely dat ons reeds in hierdie wêreld die koninkryk van God moet bou, sodat die heerlikheid van God sigbaar kan word en ons in daardie heerlikheid vir God kan erken.

Ook wat die geestelike vlak betref, word die mens binne sy mensheid as volledige mens, liggaam en gees, opgeroep tot hierdie nuwe verhouding om die volledige versoening in Christus te vind. Dit is die versoening wat heil en verlossing op allerlei terreine bring. Daar kan met Wright (2016:362 e.v.) saamgestem word dat die sending hierdie wêreld moet vernuwe met die oog op die nuwe aarde en nuwe hemel, maar daar moet tog aangetoon word dat die eskatologiese heil in Christus wat vir die gelowige plek berei in die Vaderhuis ook die verwagting van die hemel na die dood insluit. Sending beteken om te verkondig dat daar inderdaad méér as hierdie wêreld is. Die wêreld gaan verby. God se koninkryk egter nie. Die lewe hier is beperk en tydelik. Die lewe by God is ewig en heerlik. Teenoor Wright moet bely word dat vroeë Christene bereid was om te sterf eerder as om vir die keiser te offer, nie omdat hulle 'n "revolusie" hier op aarde wou begin nie, maar omdat hulle onwrikbaar geglo het hulle gaan na Christus in die hemel toe. Ook Gorman (2015:303-304) is van mening dat dit in die sending om 'n holistiese benadering gaan waar die kerk se getuienis alleen met integriteit kan voortgaan indien die volle boodskap uitgeleef word. Die kerk moet in woord én daad getuig van die Een ware God en Jesus, die Here, deur die Heilige Gees, deur versoening en geregtigheid in Christus uit te leef selfs met die besef dat daardie gevaar dreig om te ly en te sterf. Die volle heil van God moet verkondig word, maar sending het 'n speerpunt, naamlik dat verkondig word dat die verlossing tot die ewigheid in Jesus Christus 'n werklikheid is.

'n Verdere aspek van die deurdra van die sending in die gemeenskap vanuit die belydenis dat Jesus waarlik God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God is, is die gemeenskap, die kerk, die liggaam van Christus. Meteens word die dringende vraag gevra: Hoe kan die kerk in hierdie verband vanuit die transendensie die heil sigbaar maak in die werklikheid? Sake wat dan nou na vore kom, is hoedat vanuit die Een Here Jesus Christus die kerk in die wêreld deur *koinonia* en *diakonia* vernuwe word. Deur middel van *koinonia,* wat veral in die missionale kerk sigbaar word, waar die kerk in gemeenskap met mekaar leef in die erkenning dat Jesus die ware openbaring van God in hierdie

werklikheid is, word gesoek na nuwe verhoudings tussen mense. Die kerk bestaan dus nie op sigself nie, die *missio ecclesiae* beteken dat die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, die kerk in die wêreld bemagtig om as kerk te kan bestaan en die heil van God aan mense te bring. Hierdie bemagtiging vind plaas vanuit die versoening in Jesus Christus en vanuit die belydenis dat Hy waarlik God is. Hierdie nuwe gemeenskap van mense is dus nie maar net 'n gemeenskap wat hulle met dinge besig hou soos om op 'n Sondag saam te kom, of om bepaalde barmhartigheidswerk te verrig nie, maar dit is 'n bestaan in die heil van die geopenbaarde God in Jesus Christus. Die missionale kerk is dus 'n kerk van toewyding en radikale deurgee van die boodskap van heil in Jesus Christus. Dit is 'n bestaan op 'n nuwe wyse. Dit is 'n bestaan waar die kerk uitreik na die wêreld daar rondom heen, en die heil in Christus dan so aan mense bring. Hierdie kerk is egter 'n kerk van vernuwing en van die bring van heil op 'n radikale en 'n kragtige wyse.

Dit beteken egter ook dat die missionale kerk nie die algemene verstaan van sending moet misken nie. Die bestaan in sending kan nie 'n ontsnappingsmetode wees vir die gemeente om nie meer betrokke te wees by die uitdra van die evangelie in evangelisasie nie. In sending moet steeds met volle oortuiging voortgegaan word om die evangelie in die totaliteit daarvan uit te dra. Sendelinge is steeds onontbeerlik om die volle boodskap van die evangelie kerugmaties in die wêreld te bedien. Die sending is dus meer as 'n gesindheid of 'n bestaanswyse. Sending beteken om met alle moontlike wyses en metodes God se groot dade te beleef en uit te dra.

Afrika se kommunaliteit beklemtoon die gemeenskapsverhouding waar mense in gemeenskap met mekaar leef. Hierdie gemeenskap met mekaar moet ook beklemtoon word in die wyse waarop mense saamleef en waar hulle in die kerk mekaar vind. Die eenheid van die kerk is nie noodwendig gestruktureerde eenheid nie, maar dit moet die belydenis dat Jesus God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God is, en dat Hy hoof van die kerk is, beklemtoon. In *koinonia* moet eenheid ook in die breëre kerk gevind word.

Daarmee saam, binne die missionale kerk, hang *diakonia* van die kerk, wat beteken dat die kerk daardie gemeenskap sal wees wat die inkarnasie van Christus uitleef (Fil 2). Christus het Homself verneder deur die gestalte van 'n mens aan te neem. Hy het Homself volledig verneder om in hierdie werklikheid te kom, so moet die

kerk in hierdie werklikheid die gestalte aanneem van die gemeenskap wat die diens verrig. Die sending moet leef vanuit die diens, vanuit die voetewas van mense, vanuit die versorging van die HIV-positiewe mense, en vigslyers, vanuit die gemeenskap wat uitreik na hulle op straat, prostitute, straatkinders, vanuit die gemeenskap wat verligting bring vir die armes. Dit is juis daarom van soveel belang dat selfs in die informele gemeenskappe die kerk nie alleen die kerk van *koinonia* sal wees nie, maar ook die kerk van *diakonia.* Die kerk in die gemeenskap moet dan self diens verrig en moet self ook *diens* vir mense wees. Gemeenskappe moet opgehef word, en gehelp word om dan in 'n nuwe verhouding te kan staan.

Die kerk is egter ook kerk van lof aan God. In *Leiturgia* kom die kerk as gemeenskap bymekaar om die heerlike lof van God te besing en om die heerlikheid na die gemeenskap uit te dra. Die eer en heerlikheid moet aan God gebring word. Daarom sal die sending altyd die lof van God wil beklemtoon. Daarom sal daardie lof steeds weerklink op die wyse waarop die sending besig is in die wêreld. Dit kom baie sterk na vore in Romeine waar dit in die lofsang van Paulus beklemtoon word dat die lof aan God gebring moet word, want uit Hom, en deur Hom, en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in alle ewigheid. Daardie heerlikheid kan op geen ander manier erken word, as om te sê dat die rykdom, die wysheid, en die kennis van God so ontsaglik is, sodat al die eer aan God gebring kan word, juis omdat Hy die versoening in Christus teweegbring.

Om alles saam te vat, beteken dit dat in die sending, die eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus beklemtoon moet word: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

> *Dat ek met liggaam en siel in die lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my Hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.*



# Bibliografie

Alfsvåg, K. 2011. Postmodern epistemology and the mission of the church. *Mission Studies,* 28:54-70. https://doi.org/10.1163/016897811X572186

Allen, L.C. 2002. *Psalms 101-150* (Hers. uitg.). Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 21).

Arnold, B.T. 2008. Old Testament eschatology and the rise of apocalypticism. In: Walls, J.L. (Red.). *The Oxford handbook of eschatology.* Oxford: Oxford University Press: 23-35.

Aune, D.E. 2002a. *Revelation 6-16.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 52B).

Aune, D.E. 2002b. *Revelation 17-22.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 52C).

Barclay, J.M.G. 2001. *Colossians and Philemon.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (New Testament Guides).

Barclay, J.M.G. 2015. Review. Wright, N.T. Paul and the faithfulness of God. *Scottish Journal of Theology,* 68:235-243. https://doi.org/10.1017/S0036930615000071

Barret, C.K. 1979. *A commentary on the second epistle to the Corinthians.* (2de uitg.). Londen: Adam and Charles Black.

Barrett, C.K. 1994. *Paul: an introduction to his thought.* Louisville, KY: Westminster.

Barth, K. 1957. *Church dogmatics 11(1). The doctrine of God.* Bromiley, G.W. en Torrance, T.F. (Reds). (Vertaal deur T.H.L. Parker, W.B. Johnston, H. Knight en J.L.M. Haire). Edinburgh: T&T Clark.

Barth, K. 1978. *Church dogmatics 11(2). The doctrine of God.* Bromiley, G.W. en Torrance, T.F. (Reds). (Vertaal deur G.W. Bromiley, J.C. Campbell, I. Wilson, J. Strathearn, H. Knight, R.A. Steward). Edinburgh: T&T Clark.

Barth, M. en Blanke, H. 1994. *Colossians: A new translation with introduction and commentary*. (Vertaal deur A.B. Beck). New York: Doubladay. (The Anchor Bible).

Barton, J. 2013. *Bible and interpretation: the collected essays of James Barr. Vol. 2: Biblical studies.* Oxford: Oxford University Press.

Barton, J. 1994. Historical criticism and literary interpretation: Is there any common ground? In: Porter, S.E., Joyce, P. en Orton, D.E. *Crossing the boundaries: Essays in biblical interpretation in honour of Michael D Goulder.* Leiden: Brill. 3-16.

Baugh, S.M. 1985. The poetic form of Col 1:15-20. *Westminster Theological Journal,* 47(2):227-244.

Bavinck, J.H. 1948. *Zending in een wereld in nood.* Wageningen: Zomer & Keunings.

Beach, L. 2012. Assessing what is emerging in the emerging church. *Cultural Encounters,* 8(2):97-108. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host.* [Besoek 5 Oktober 2017].

Beasley-Murray, G.R. 2002. *John.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 36).

Begerau, G. 2012. Micah, prophet of hope through judgement. In: Peels, H.G.L en Snyman, S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.* Eugene, OR: Pickwick: 65-78.

Behr, J. 1996. Colossians 1:13-20: A chiastic reading. *St Vladimir's Theological Quarterly*, 40(4):247-264.

Bell, R. 2011. *Love wins: At the heart of life's big questions.* Londen: Collins.

Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer.* (2de druk). Nijkerk: Callenbach.

Best, E. 1987. *Second Corinthians.* Atlanta: John Knox.

Bevans, S.B. en Schroeder, R.P. 2006. *Constants in context: A theology of mission for today.* Maryknoll, NY: Orbis.

Billings, J.T. 2008. What makes a church missional?: Freedom from cultural captivity does not mean freedom from tradition. *Christianity Today*, 52(3):56-9.

Bockmuehl, M.A. 2012. Hope and optimism in straitened times. *Pro Ecclesia,* 21(1):7-24.

Boer, R. 2007. *Rescuing the Bible.* Malden, MA: Blackwell. (Blackwell Manifestos). https://doi.org/10.1002/9780470692615

Bonhoeffer, D. 1966. *Christology.* (Vertaal deur J. Bowden). Londen: Collins.

Bosch, D.J. 1979. *Heil vir die wêreld: Die Christelike sending in teologiese perspektief.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.* Maryknoll, NY: Orbis Books.

Bovon, F. 2006. *Luke the theologian.* (2e hers. uitg.). Waco, TX: Baylor University Press.

Bovon, F. en Koester, H. (2002). *Luke 1: A commentary on the Gospel of Luke 1:1-9:50* Minneapolis, MN: Fortress.

Bright, J. 1972. *A history of Israel.* (Hers. uitg.). Londen: SCM. (Old Testament Library).

Brown, R.E. 1973. *The virginal conception and bodily resurrection of Jesus.* New York: Paulist.

Brown, R.E. 1997. *An introduction of the New Testament.* New York: Doubleday.

Bruce, F.F. 1976. *The book of the Acts.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Bruce, F.F. 1977. *Paul: Apostle of the Free Spirit.* Exeter: Paternoster.

Bruce, F.F. 1984. Colossian problems, pt 2: The 'Christ hymn' of Colossians 1:15-20. *Bibliotheca Sacra,* 141(562):99-111.

Bruce, F.F. 1982. *1 and 2 Thessalonians.* Waco, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 45).

Brueggemann, W. 1997. *The theology of the Old Testament: Testimony, dispute, advocacy.* Minneapolis, MN: Fortress.

Brueggemann, W. 2008. *Old Testament theology: An introduction.* Nashville, TN: Abingdon.

Brueggemann, W. en Bellinger,W.H. Jr. 2014. *Psalms.* Cambridge: Cambridge University Press. (New Cambridge Bible Commentary).

Brueggemann, W. 1999. *The covenanted self: Explorations in law and covenant.* Minneapolis, MN: Fortress.

Bruwer, E. 1994. *Beggars can be choosers: In search of a better way out of poverty and dependence.* Pretoria: University of Pretoria, Institute for Missiological and Ecumenical Research (IMER).

Buis, H. 1957. *The doctrine of eternal punishment.* Philadephia: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Bultmann, R. 1985. *The second letter to the Corinthians.* (Vertaal deur R.A. Harrisville). Minneapolis, MN: Augsburg.

Calvyn, J. *Institusie.* (Weergawe vertaal deur A. Duvenhage), 1967. Potchefstroom: Pro Rege.

Cham, J. & Whiteson, D. 2017. *We have no idea: A guide to the unknown universe.* London: John Murray.

Carson, H.M. 1983. *The epistles of Paul to the Colossians and Philemon: An introduction and commentary.* Leicester: InterVarsity. (Tyndale New Testament Commentaries).

Christensen, R.L. 2007. Colossians 1:15-28. *Interpretation,* 61(3):318-320. https://doi.org/10.1177/002096430706100309

Collett, D. 2014. The Christology of Israel's psalter. *Currents in Theology and Mission*, 41(6): 390-395. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host*. [Besoek 27 September 2016].

Conradie, E. 2006. *Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na 'n aardse spiritualiteit.* Wellington, Suid-Afrika: Lux Verbi BM.

Conzelmann, H. 1987. *Acts of the apostles: A commentary on the Acts of the Apostles.* (Vertaal deur E.J. Epp en C.R. Matthews). Philadelphia: Fortress. (Hermeneia).

Conzelmann, H. en Dibelius, M. 1972. *The pastoral epistles.* (Vertaal deur P. Buttolph en A. Yarbro). Philadelphia: Fortress. (Hermeneia).

Crafford, D. 1982. *Aan God die dank. Deel 1.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Craigie, P.C. 1998. *Jeremiah 1-25.* Dallas, TX: Word Incorporated. (Word Biblical Commentary Vol. 26).

Craigie, P.C. 2004. *Psalms 1-50.* (2de uitg.) Nashville, TN: Nelson Reference & Electronic. (Word Biblical Commentary Vol. 19).

Crossan, J.D. 1991. *The historical Jesus: the life of a mediterrnean Jewish peasant.* Edinburgh: T&T Clark.

Crossan, J.D. 2002. *The resurrection of Jesus in its Jewish context. Lecture NTWSA 2002.*

Dawkins, R. 2006. *The God delusion.* Londen: Black Swan.

De Bie, H.J. 1999. Eschatologie tijdens de interestamentaire periode. In: Van't Spijker, W. (Red.). *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 51-84.

De Gruchy, J. 1994. The nature, necessity and task of theology. In: De Gruchy, J.W. en Villa-Vicencio, C. (Reds). *Doing theology in context: South African perspectives.* Cape Town: David Philip. (Theology and Praxis, Vol. 1).

Deist, F. 1994. *Ervaring, rede en metode in skrifuitleg: 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk, 1840-1990.* Pretoria: RGN.

Dekker, J. 2012. Isaiah: Prophet in the service of the Holy One of Israel (Isa 1-39). In: Peels, H.G.L. en Snyman, S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.* Eugene, OR: Pickwick: 40-64.

DeSilva, D.A. 2004. *An introduction to the New Testament contexts, methods, and ministry formation.* Downers Grove. IL: IVP Academic.

Du Plessis, T. 1987. Dit is net 'n grappie! Ironie: 'n perspektief binne die taalhandelingsteorie. In: Van Jaarsveld, G.J. (Red.) *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva.

Dumbrell, W.J. 1994. *The search for order: Biblical eschatology in focus.* Grand Rapids, MI: Baker.

Dunn, J.D.G. 1989. *Christology in the making: A New Testament inquiry into the origins of the doctrine of the incarnation.* (2de uitg.). Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Dunn, J.D.G. 1996. *The epistle to the Colossians and to Philemon: A commentary on the Greek text.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Greek Testament Commentary).

Dunn, J.D.G. 1998. *The theology of Paul the Apostle.* Edinburg: T&T Clarke.

Dunn, J.D.G. 1998. *Romans 9-16.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 38B).

Dunn, J.D.G. 2002. *Romans 1-8.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 38A).

Durham, J.I. 2002. *Exodus.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 3).

Elledge, C.D. 2006. *Life after death in early Judaism.* Tübingen: Mohr Siebeck.

Estermann, J. 2003. Theology of hope or hope for theology? *Exchange,* 32(2):109-122. https://doi.org/10.1163/157254303X00181

Etherington, N. (Red.) 2005. *Missions and empire.* Oxford: Oxford University Press.

Exalto, K. 1999. Sterven en dan … In: Van't Spijker, W. (Red). *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 554-567.

Flemming, D. 2015. *Why mission?* Nashville: Abingdon. (Reframing New Testament Theology).

Fokkelman, J.P. 1999. *Reading the biblical narrative: An introductory guide.* (Vertaal deur I. Smit). Leiderdorp, Nederland: Deo.

Gaebelein, F.E. 1980. *Romans-Galatians.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary. Vol.10).

Galli, M. 2011. *God wins: Heaven, hell, and why the Good News is better than Love Wins.* Carolstream, IL: Tyndale.

Geisler, N.L. 1999. (2007 uitg.). *Baker encyclopedia of Christian apologetics.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Goldingay, J. 2003. *Israel's gospel.* Downers Grove, IL: IVP Academic. (Old Testament Theology, Vol. 1).

Goldingay, J. 2002. *Daniel.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary. Vol. 30).

Goldingay, J. 2006, *Israel's faith.,* Downers Grove, IL: IVP Academic. (Old Testament Theology, Vol. 2).

Goheen, M.W. 2014. *Introducing Christian mission today: Scripure, history and issues.* Downers Grove, IL: IVP Academic.

Goppelt, L. 1982. *The variety and unity of the apostolic witness to Christ.* (Vertaal deur J. Alsup.) Grand Rapids, MI: Eerdmans. (Theology of the New Testament, Vol. 2).

Gorman, M.J. 2005. The interpretation of the Bible in Protestant churches. In: Gorman, M.J. (Red.). *Scripture: An ecumenical introduction to the Bible and its interpretation.* Peabody, MA: Hendriksen Uitgewers: 177-193.

Gorman, M.J. 2015. *Becoming the Gospel: Paul, participation and mission.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Grice, H.P. 1989. *Studies in the way of words.* Cambridge: Harvard University Press.

Grogan, G.W. 1986. *Isaiah.* In: Gaebelein, F.E. (Red.). *Isaiah, Jeremiah, Lamentations, Ezekiel.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 6).

Gregersen, N.H. 2013. Deep incarnation and kenosis: in, with, under, and as: a response to Ted Peters. *Dialog,* 52(3): 251-262. ATLA Religion Database with ATLASerials. EBSCO*host.* [Besoek 14 Desember 2016]. https://doi.org/10.1111/dial.12050

Grossfoguel, R. 2011. Decolonizing post-colonial studies and paradigms of political economy: Transmodernity, decolonial thinking, and global coloniality. *Journal of Peripheral Cultural Production of the Luso-Hispanic World* 1(1):37.

Guelich, R.A. 1998. *Mark 1-8:26* Dallas, TX: Word Books (Word Biblical Commentary, Vol. 34A).

Gundry, R.H. 2010. (e Book edition 2011.) *Commentary on Colossians and Philemon.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Guthrie, D. 1974. *New Testament introduction.* Londen: Intervarsity.

Guthrie, D. 1979. *The pastoral epistles.* Leicester: Intervarsity. (Tyndale New Testament Commentaries).

Guthrie, D. 1981. *New Testament theology.* Leicester: Intervarsity.

Hagner, D.A. 1993. *Matthew 1-13.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 33a).

Hahn, F. 2002. *Theologie des Neuen Testaments Band 1.* Tübingen: Mohr Siebeck.

Hancke, F. 2010. *Ons is die plan: die geheim van verskilmakende gemeentes.* Pretoria: Iswen.

Hanson, A.T. 1966. *The pastoral letters.* Cambridge: Cambridge University Press. (The Cambridge Bible Commentary on the New English Bible).

Harris, M.J. 1976. 2 Corinthians. In: Gaebelein, F.E. (Red.). *Romans through Galatians.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 10, pp. 354-355).

Harris, M.J. 1991. *Colossians and Philemon.* Grand Rapids MI: Eerdmans.

Harris, M.J. 2005. *The second epistle to the Corinthians.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Greek Testament Commentary).

Hawthorne, G.F. 2004. *Philippians.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 43, p. 104).

*Heidelbergse Kategismus.* In: Glo en bely: Leerboek vir Katkisante. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Heick, O.W. 1973. *A history of Christian thought. Vol 1.* Philadelphia: Fortress.

Helm, P. 1989. *The last things: Death, judgement, heaven and hell.* Edinburgh: Banner of Truth.

Helyer, L.R. 1983. Colossians 1:15-20: Pre-Pauline or Pauline? *Journal of the Evangelical Theological Society,* 26(2):167-179.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NG. Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1982. *Teologiese etiek. Deel 1.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1988. *Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse geloofsbelydenis.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Hollinger, D.P. 2002. *Choosing the good: Christian ethics in a complex world.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Holmes, C.R.J. 2014. Bonhoefer and Reformed Christology: Towards Trinitarian supplement. *Theology Today,* 7(1):28-42. https://doi.org/10.1177/0040573613518643

Holton, M. 2010. Our hope comes from God: Faith narratives and resilience in Southern Sudan. *Journal of Pastoral Theology,* 20(1):67-84. https://doi.org/10.1179/jpt.2010.20.1.005

Holtz, G. 1980. *Die Pastoralbriefe.* Berlyn: Evangelische Verlagsanstalt. (Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament, 13).

Hurtado, L.W. 2003. *Lord Jesus Christ: Devotion to Jesus in earliest Christianity.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Ito, H. 2015. The story of Jesus and the blind man: A speech act reading of John 9. *Acta Theologica Supplementum 21.* http://dx.doi.org/10.4314/actat.v21i1.1S

Jasper, D. 2004. *A short introduction to hermeneutics.* Louisville, KY: Westminster John Knox.

Jenni, E. 1984. *Theologisches Handwörtenbuch zum Alten Testament Band 11.* München: Chr Kaiser.

Jewett, R. 2007. *Romans: A commentary.* (Bygestaan deur R.D. Kotansky; vertaal deur E.J. Epp). Minneapolis, MN: Fortress. (Hermeneia).

Johnson, A.F. 1981. *Revelation.* In: Gaebelein, F.E. (Red.). *Hebrews through Revelation.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 12).

Johnson, R.A. 1987. *Rudolf Bultmann: Interpreting faith for the modern era.* Londen: Collins.

Johnston, P.S. 1997. Psalm 49: A personal eschatology. In: Brower, K.E. en Elliot, M.W. *"The reader must understand": Eschatology in Bible and theology.* Downers Grove, IL: IVP: 73-84.

Jonker, W.D. 1977. *Christus die Middelaar.* Pretoria, N.G. Kerk Boekhandel.

Kaiser, W.C. Jr. 1990. *Exodus.* In: Gaebelein, F.E. (Red.). *Genesis, Exodus, Leviticus, Numbers.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 2).

Kaminsky, J.S. en Stewart, A. 2006. God of all the world: Universalism and developing monotheism in Isaiah 40-66. *Harvard Theological Review,* 99(2):139-163. https://doi.org/10.1017/S0017816006001180

Kärkkäinen, V-M. 2003. *Christology: A global introduction.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Kärkkäinen, V-M. 2013. *Christ and reconciliation.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (A constructive Christian theology for the pluralistic world, Vol. 1).

Kelly, J.N.D. 1978. *A commentary on the Pastoral Epistles: 1 and 2 Timothy, Titus.* Londen: Black. (Blacks New Testament Commentaries).

Keum, J. (Red.) 2013. *Together towards life: Mission and evangelism in changing landscapes – with a practical guide.* Geneva: WCC Publications.

Kim, J.S. 2012. Joel: Prophet proclaiming God's future judgement. In: Peels, H.G.L en Snyman, S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.*: Eugene, OR: Pickwick: 212-220.

Kim, S. 2002. *Paul and the new perspective: Second thoughts on the origin of Paul's gospel.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Kruger, H. 2012. Isaiah, prophet of the Lord who heals his people and restores their land (Isa 40-66). In: Peels, H.G.L. en Snyman,S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.* Eugene, OR: Pickwick: 156-174.

Kümmel, W.G. 1975. *Introduction to the New Testament.* (Vertaal deur H.C. Kee). Londen: SCM. (New Testament Library).

Küng, H. 1980. *Does God exist?* (Vertaal deur E. Quinn). Londen: Collins.

Kvanvig, J.L. 2008. Hell. In: Walls, J.L. (Red.) *The Oxford handbook of eschatology.* Oxford: Oxford University Press: 413-426.

Lähnemann, J. 1971. *Der Kolosserbrief.* Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.

Lampe, P. 2002. Paul's concept of a spiritual body. In: Peters, T., Russel, R.J., and Welker, M. (Reds). *Resurrection: Theological and scientific assessments.* Grand Rapids, MI: Eerdmans: 103-114.

Lampe, P. 2016. Caesar, Moses and Jesus as "God", "godlike" or "God's Son": Constructions of Divinity in Paganism, Judaism and Christianity in the Greco-Roman world. Referaat gelewer by die kongres: *Research Project: Making sense of Jesus: Experiences, interpretation and identities.* Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, 20-21 Oktober 2016 in Bloemfontein, Suid-Afrika.

Lane, W.L. 2002. *Hebrews 9-13.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 47B).

Lebhar, S.G. 2006. Heaven. In: Campbell-Jack, C. en McGrath, G.J. (Reds). *New Dictionary of Christian Apologetics.* Leicester: Inter-Varsity Press: 295-297.

Lennan, R. 2011. The church as a sacrament of hope. *Theological Studies,* 72(2):247-274. https://doi.org/10.1177/004056391107200201

Lessing, R. 2011. Isaiah's servants in chapters 40-55: Clearing up the confusion. *Concordia Journal,* 37(2):130-134.

Lohse, E. 1971. *Colossians and Philemon: A commentary on the epistles to the Colossians and Philemon.* (Vertaal deur W.R. Poehlmann en R.J. Karris). Philadelphia: Fortress. (Hermeneia).

Luz, U. 2005. *Matthew 21-28: A commentary.* (H. Koester, Red.) (Vertaal deur J.E. Crouch). Minneapolis, MN: Augsburg.

MacIlvaine, R. 2010. How churches become missional. *Bibliotheca Sacra,* 167:216-33.

Mackenzie, E. 2012. Mission and the emerging church: Pauline reflections on a new kind of missiology. *Missiology* 40(3):315-328. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host.* [Besoek 5 Oktober 2017]. https://doi.org/10.1177/009182961204000307

MacMillen, S. 2011. A sociologist appeals to theological hope in postmodern apocalypses. *Cross Currents,* 61(2):232-244. https://doi.org/10.1111/j.1939-3881.2011.00178.x

Maier, H.O. 2005. A sly civility: Colossians and empire. *Journal for the Study of the New Testament,* 27(3):323-349. https://doi.org/10.1177/0142064X05052509

Malherbe, A.J. 2010. Godliness, self-sufficiency, greed, and the enjoyment of wealth. Part I: 1 Timothy 6:3-19. *Novum Testamentum,* 52(4):376-405. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host.* [Besoek 20 Mei 2014]. https://doi.org/10.1163/156853610X490219

Malherbe, A.J. 2011. Godliness, self-sufficiency, greed, and the enjoyment of wealth. Part II: 1 Timothy 6:3-19. *Novum Testamentum,* 53(1):73-96. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host*. [Besoek 20 Mei 2014]. https://doi.org/10.1163/156853610X490228

Marshall, I.H. 2004. *New Testament theology.* Downers Grove, IL: InterVarsity.

Martey, E. 1993. *African theology: Inculturation and liberation.* Maryknoll, NY: Orbis Books.

Martin, R.P. 1998. *2 Corinthians.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 40).

Martin, R.P. 1972. *Colossians: The church's Lord and the Christian's liberty.* Exeter: Paternoster.

Martin, R.P. 1977. Approaches to New Testament exegeses. In: Marshall, I.H. (Red.). *New Testament interpretation: Essays in principles and methods.* Exeter: Paternoster: 220-251.

Mashau, T.D. 2008. Where and when it hurts most: The theology of hope and accompaniment in the context of HIV and Aids in marriage and family life. *Exchange,* 37(1):23-34. https://doi.org/10.1163/157254308X251331

Matthias, M. 2014. 'Lutheran' Christology in Barth's doctrine of justification. *Zeitschrift für dialektische Theologie*, 6: 12-32. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host.* [Besoek 27 September 2016].

Meilander, G. en Werpehowski, W. (Reds). *The Oxford handbook of theological ethics.* Oxford: Oxford University Press.

Migliore, D.L. 2004. *Faith seeking understanding: An introduction to Christian theology.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Migliore, D.L. 2004. *Faith seeking understanding: An introduction to Christian theology.* (2de uitg.). Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Mihoc, V. 2008. The final admonition to Timothy (1 Tim 6,3-21). In: Donfried, K.P. (Red.). *1 Timothy reconsidered.* Herent: Peeters: 135-152.

Moltmann, J. 1996. *The coming of God: Christian eschatology.* (Vertaal deur M. Kohl). Londen: SCM.

Moltmann, J. 2012. *Ethics of hope.* (Vertaal deur M. Kohl). Minneapolis: Fortress.

Moltmann, J., Nausner, M., Collins Winn, C.T. en Heltzel, P. 2004. The hope for the kingdom of God and signs of hope in the world: The relevance of Blumhardt's theology today. *Pneuma,* 26(1):4-16. https://doi.org/10.1163/157007404776111153

Moore, E. 2006. Hell. In: Campbell-Jack, C. en McGrath, G.J. (Reds). *New dictionary of Christian apologetics.* Leicester: Inter-Varsity: 301-305.

Moreau, A.S., Corwin,G.R. en McGee, G.B. 2004. *Introducing world missions: A Biblical, historical and practical survey.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Morris, L. 1981. *Hebrews.* In: Gaebelein, F.E. (Red.). *Hebrews through Revelation.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 12).

Mugambi, J.N.K. 1992. *African Christian theology: An introduction.* Nairobi: East African Educational Publishers.

Mukawa, N. 2012. Transformation as missional goal for our churches and schools. *Direction*, 41(2):24451.

Murphy-O'Connor, J. 1991. *The theology of the second letter to the Corinthians.* Cambridge: Cambridge University Press. (New Testament Theology).

Nel, M.J. 2013. The influence of dwelling in the Word within the Southern African partnership of missional churches. *Verbum et Ecclesia*, 34(1). http://www.ve.org.za/index.php/VE/article/view/778/1836 [Besoek 23 Maart 2016].

Newbigin, L.1989. *The gospel in a pluralist society.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Nielsen, J. 1995. *2 Korintiërs: Een praktische bijbelverklaring.* Kampen: Kok.

Niemandt, C.J.P. 2010. Acts for today's missional church. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 66(1). http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/336/76 [Besoek 23 Maart 2016]. https://doi.org/10.4102/hts.v66i1.336

Niemandt, C.J.P. 2015. Together towards new life for missiology?: Mission and missiology in the light of the World Council of Churches 2013 policy statement. *Acta Theologica,* 35(2):82-103. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCO*host.* [Besoek 5 Oktober 2017].

Niemandt, C.J.P. 2017. Missiology and deep incarnation. *Mission studies,* 34(2):246-261.

Nikolajsen. J.B. 2013. Missional church: A historical and theological analysis of an ecclesiological tradition. *International Review of Mission*, 102(2):249. https://doi.org/10.1111/irom.12028

Nolland, J. 1993. *Luke 9:21-18:34.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 35B).

Nolland, J. 2002. *Luke 1:1-9:20.* Dallas,TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 35A).

Noordegraaf, A.1999. De eschatologiese prediking van het Nieuwe Testament. In: Van't Spijker, W. (Red.). *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 8546.

O'Brien, P.T. 1995. *Gospel and mission in the writings of Paul: An exegetical and theological analysis.* Grand Rapids, MI: Baker Books.

O'Brien, P.T. 2002. *Colossians-Philemon.* Dallas,TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 44).

Oduyoye, M.A. 1986/2009. *Hearing and knowing: theological reflections on Christianity in Africa.* Eugene, OR: Wipf & Stock.

Okure, T. 2002. "In him all things hold together": A missiological reading of Colossians 1:15-20. *International Review of Mission,* 91(360):62-72. https://doi.org/10.1111/j.1758-6631.2002.tb00329.x

Pannenberg, W. 1981. *Ethics.* (Vertaal deur K. Crim). Philadelphia: Westminster.

Pears, A. 2010. *Doing contextual theology*. London: Routledge.

Peels, H.G.1999. Eschatologie in het Oude Testament. In: Van't Spijker, W. (Red.). *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 9-50.

Peels, E. 2012. Jeremiah: Prophet of ultimate ruin and new hope. In: Peels, H.G.L en Snyman, S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.* Eugene, OR: Pickwick: 96-118.

Peterson, R.A. 2010. To reconcile to himself all things. *Presbyterion,* 36(1):37-46.

Pickett, R. 1997. *The cross in Corinth: The social significance of the death of Jesus.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Pillay, J. 2015. The missional renaissance: Its impact on churches in South Africa, ecumenical organisations, and the development of local congregations. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 71(3). http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/3065/html [Besoek 23 Maart 2016]. https://doi.org/10.4102/hts.v71i3.3065

Platinga, A. 2003. Two (or more) kinds of scripture scholarship. In: Bartholomew, G., Evans, C.S., Healy, M. en Rae, M. *"Behind" the text: History and biblical interpretation.* Grand Rapids, MI: Zondervan: 19-57.

Plöger, O. 1983. Tod und Jenseits im Alten Testament. In: Klimkeit, H-J. *Tod und Jenseits im Glauben der Völker.* Wiesbaden: Otto Harrassowitz: 77-85.

Pocock, M., Van Rheenen, G. en McConnell, D. 2005. *The changing face of world missions: Engaging contemporary issues and trends.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Pokorný, P. 1987. *Der Brief des Paulus an die Kolosser.* Berlin: Evanglische Verlagsanstalt. (Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament 10/1.)

Polkinghorne, J. 2002. Eschatological credibility: emergent and teleological process. In: Peters, T., Russel, R.J. en Welker, M. (Reds). *Resurrection: Theological and scietific assessments.* Grand Rapids, MI: Eerdmans: 43-55.

Pop, F.J. 1971. *De tweede brief van Paulus aan de Corinthiërs.* Nijkerk: Callenbach.

Quijano, A. 2000. Coloniality of power, Eurocentrism, and Latin America. *Nepantla: Views from South,* 1(3):533580. https://doi.org/10.1177/0268580900015002005

Quijano, A. 2007. Coloniality and modernity/rationality. *Cultural Studies,* 21(2&3):168-78. https://doi.org/10.1080/09502380601164353

Reicke, B. en Rost, L. 1969. *Bijbels-Historisch Woordenboek 1.* Utrech: Het Spectrum.

Roberts, J.H. 1984. Die gevangeskapsbriewe. In: Du Toit, A.B. (Red.). *Die Pauliniese briewe: Inleiding en teologie.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 114-157. (Handleiding by die Nuwe Testament Band V).

Rogerson, J.W. 2006. Historical criticism and the authority of the Bible. In; Rogerson, J.W. en Lieu, J.M. (Reds). *Oxford handbook of Biblical studies.* Oxford: Oxford University Press: 841-859.

Roubos, K. 1969. *1 Kronieken.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).

Runia, K. 1999. Eschatologie: Tweede helft van de twintigste eeuw. In: Van't Spijker, W. (Red.) *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 443448.

Saayman, W.A. 1992. "If you were to die today, do you know for certain that you would go to heaven?" Reflections on conversion as primary aim of mission. *Missionalia,* 20(3):159-173.

Sabrino, J. 1993. *Jesus the Liberator: A historical theological view.* Maryknoll, NY: Orbis.

Sailhamer, J.H. 1990. Genesis. In: Gaebelein, F.E. (Red.). *The Expositor's Bible Commentary, Vol. 2: Genesis, Exodus, Leviticus, Numbers.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Scheffler, E. 2015. The historical Jesus as peacemaker between Judaism, Christianity and Islam. *Neotestamentica,* 49(2): 261-296. AN ATLAiBCA160606001525.

Schnabel, E.J. 2004a. *Early Christian mission: Jesus and the twelve.* Vol.1. Downers Grove, IL: InterVarsity.

Schnabel, E.J. 2004b. *Early Christian mission: Paul and the early church.* Vol 2. Downers Grove, IL: InterVarsity.

Schnelle, U. 2005. *Apostle Paul: His life and theology.* (Vertaal deur M.E. Boring). Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Schreiner, T.R. 2001. *Paul, Apostle of God's glory in Christ: A Pauline theology,* Downers Grove, IL: InterVarsity.

Schreiner, T.R. 2013. *The King in his beauty, A biblical theology of the Old and New Testaments.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Schweizer, A. 1948. *The quest for the historical Jesus: A critical study of its progress from Reimarus to Wrede.* (Vertaal deur W. Montgomery). Londen: Adam & Charles Black.

Schweizer, E. 1982. *The letter to the Colossians: A commentary.* (Vertaal deur A. Chester). Minneapolis, MN: Augsburg.

Scott, E.L. 2010. A theological critique of the emerging, postmodern missional church/movement. *Evangelical Review of Theology*, 34(4):335-344.

Setiloane, G.M. 1986. *African theology: An introduction.* Johannesburg: Skotaville.

Shultz, G. 2010. The reconciliation of all things in Christ. *Bibliotheca Sacra,* 167(668):442-459.

Skreslet, S.H. 2012. *Comprehending mission: The questions, methods, themes, problems, and prospects of missiology.* Maryknoll, NY: Orbis.

Smelik, E.L. 1973. *Die brieven van Paulus aan Timotheüs, Titus en Filemon.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Nieuwe Testament).

Smit, D. 1986. *Christus is die Heer! Oordenkings en Bybelstudie uit die Kolossensebrief.* Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, D. 1987. *Hoe verstaan ons wat ons lees?: 'n Dink-en-werkboek oor die hermeneutiek, vir predikers en studente.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Smit, D.J. 2003. Openbare getuienis en publieke teologie vandag? Vrae oor verskeie vanselfsprekende voorveronderstellings. *Scriptura,* 82: 39-48. https://doi.org/10.7833/82-0-896

Smit, D.J. en De Villiers, E. 1994. Hoe Christene in Suid-Afrika by mekaar verbypraat ... Oor vier morele spreekwyses in die Suid-Afrikaanse kerklike konteks. *Verbum et Ecclesia,* 15(2): 228-247. https://doi.org/10.4102/ve.v15i2.1094

Smit, D. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan.* Wellington, Suid-Afrika: Lux Verbi.

Smith, J.E. 1992. *The major prophets (Is 6:13).* Joplin, MO: College Press.

Snyman, S.D. 2012. Malachi: prophet proclaiming the Lord in the present, past and future. In: Peels, H.G.L en Snyman, S.D. (Reds). *The lion has roared: Theological themes in the prophetic literature of the Old Testament.* Eugene, OR: Pickwick: 197-204.

Speckman, M.T. 2007. *A biblical vision for Africa's development.* Pietermaritzburg: Cluster.

Standhartinger, A. 1999. *Studien zur Entstehungschichte & Intention des Kolosserbriefs.* Leiden: Brill.

Stein, R.H. 2008. *Mark.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Strauss, D.F.M. 1978. *Inleiding tot die kosmologie.* Bloemfontein: Sacum.

Strecker, G. 2000. *Theology of the New Testament.* (Vertaal deur E. Boring). New York: De Gruyter. https://doi.org/10.1515/9783110806632

Sugirtharajah, R.S. 2006. Charting the aftermath: A review of postcolonial criticism. In: Sugirtharajah, R.S. *The postcolonial biblical reader.* Molden, MA.: Blackwell: 7-32. https://doi.org/10.1002/9780470775080.ch1

Swanepoel, L.M. en Van Jaarsveld, G.J. 1993. Wat is oorreding? 'n Pragmatiese perspektief. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde,* 11(4):129-135. https://doi.org/10.1080/10118063.1993.9723923

Tate, M.E. 1998. *Psalms 51-100.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentries Vol. 20).

Tennent, T.C. 2010. *Invitation to world missions: A trinitarian missiology for the twenty-first century.* Grand Rapids, MI: Gregall Academic.

Tenney, M.C. 1981. John. In: Gaebelein. F.E. (Red.). *The Expositor's Bible Commentary, Volume 9: John and Acts.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Terreblanche, S. 2014. *Verdeelde land: Hoe die oorgang Suid-Afrika faal.* Kaapstad:Tafelberg.

Thiselton, A. 1998. Thirty years of hermeneutics: Retrospect and prospects: In: Kras'ovec, J. (Red.). *The interpretation of the Bible.* Slovenska Biblia International symposium on the interpretation of the Bible. 17-20 September 1996, Ljubljana, Slovenia:1559-1572. Ljubljana: Sheffield.

Thiselton, A.C. 2007. *The hermeneutics of doctrine.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Thompson, J.A. 1979. *Deuteronomy: An introduction and commentary.* Leicester: Inter-varsity (Tyndale Old Testament Commentaries).

Thompson, M.M. 2005. *Colossians and Philemon.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Two Horizons New Testament Commentary).

Thurston, B. 1995. *Reading Colossians, Ephesians & 2 Thessalonians: A literary and theological commentary.* New York: Crossroad.

Tolmie, D.F. 2005. *Persuading the Galatians.* Tübingen: Mohr Siebeck. (WUNT2. Reihe 190).

Towner, P.H. 2006. *The letters to Timothy and Titus.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

Trevethan, T.L. 1981*. Our joyful confidence: The Lordship of Jesus in Colossians. An exposition.* Downers Grove, IL: InterVarsity.

Turner, D.L. 2008. *Matthew.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Tutu, D.M. 2011. *God is not a Christian: Speaking truth in a time of crisis.* (J. Allen, red.). Londen: Rider.

Uitman, J.E. 1978. *De brief van Paulus aan de Colossenzen.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Nieuwe Testament).

Van Coller, H.P. en Van Rensburg, M.C.J. 1984. Suggesties, implikasies en afleidings. In: Van Coller, H.P. en Van Jaarsveld, G.J. *Woorde as dade: Taalhandelinge en letterkunde.* Durban: Butterworth: 86-89.

Van de Beek, A. 1996. *Schepping: De wereld als voorspel voor de eeuwigheid.* Baarn: Callenbach.

Van de Beek, A.1998. *Jezus Kurios: De Christologie als hart van de theologie.* Kampen: Kok. (Spreken over God 1.1).

Van de Beek, A. 2002. *De kring om de Messias: Israël as volk van de lijdende Heer.* Zoetermeer: Meinema. (Spreken over God 1.2).

Van de Beek, A. 2008. *God doet recht: Eschatologie als christologie.* Zoetermeer: Meinema. (Spreken over God 2.1).

Van de Beek, A. 2012. *Lichaam en Geest van Christus: De theologie van de kerk en de Heilige Geest.* Zoetermeer: Meinema. (Spreken over God 2.2).

Van den Heever, J. 2017. *Wat moet ons met die Kerk doen?* Tygervallei: Naledi.

Van der Ploeg, J. 1952. *Spreuken: Uit de grondteks vertaald en uitgelegd.* Roermond: JJ Romen & Zonen.

Van der Pol, F. 1999. Eschatologie in de Middeleeuwe. In: Van't Spijker, W. (Red.) *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 173199.

Van der Walt, B.J. 2003. *Understanding and rebuilding Africa: From desperation today to expectation for tomorrow.* Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.

Van der Walt, B.J. 1999. *Visie op die werklikheid: Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Van der Walt, I.J. 1972. Gemeentebou in die nuwe Afrika. In: Bosch, D.J. (Red.). *Ampsbediening in Afrika.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van Engen, C. 1991. *God's missionary people: Rethinking the purpose of the local church.* Grand Rapids, MI: Baker.

Van Engen, C. 1996. *Mission on the way: Issues in mission theology.* Grand Rapids, MI: Baker.

Van Heerden, W. 1991. Prophets and profiteers: Prophetic perspectives on wealth and poverty. In: Bosman, H.L., Gous, I.G.P. en Spangenberg, I.J.J. *Plutocrats and paupers: Wealth and poverty in the Old Testament.* Pretoria: Van Schaik: 206-227.

Van Niekerk, A. 2014. Pragmatiek. In: Carstens, W.A.N. en Bosman, N. (Reds). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde.* Pretoria: Van Schaik: 275-310.

Van Niekerk, A. 2014. The missional congregation in the South African context. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 70(1):1-6. https://doi.org/10.4102/hts.v70i1.2648

Van Selms, A. 1972. *Jeremia Deel 1.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).

Van Selms, A. 1973. *Genesis. Deel 2.* Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament).

Van Wolde, E.J. 1989. *A symiotic analysis of Genesis 2-3: A semiotic theory and method of analysis applied to the story of the Garden of Eden.* Assen: Van Gorcum.

VanGemeren, W.A. 1991. Psalms. In: Gaebelin, F.E. (Red): *The Expositor's Bible Commentary, Vol. 5: Psalms–Song of Songs:* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Velema, WH. 1999. Oordeel. In: Van't Spijker, W. (Red.). *Eschatologie: Handboek over de christelijke toekomsverwachting.* Kampen: De Groot Goudriaan: 9-50.

Venter, R. 2016. Navigating the plurality of contemporary Christological discourses. Referaat gelewer by die kongres: *Research Project: Making sense of Jesus: Experiences, interpretation and identities.* Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, 20-21 Oktober 2016 in Bloemfontein, Suid-Afrika.

Verkuyl, J. 1975. *Contemporary missiology: an introduction.* (Vertaal deur D. Cooper). Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Vermes, G. 2000. *The changing faces of Jesus.* Londen: Penguin.

Vermes, G. 2004. *Towards the authentic gospel of Jesus.* Londen: Penguin.

Verster, P. 1979. *Die implikasies van die verlosssingsleer van die Marxisme.* Ongepubliseerde BD-skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Verster, P. 1999. Nie-egte vrae in die Romeinebrief: 'n Taalhandelingsperspektief. Ongepubliseerde MA verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Verster, P. 1996. Lukas 4:16-30 in Sendingperspektief. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* XXXVII (4). Desember: 550-557.

Verster, P. 2007. Geweld in die versoening: Vrae aan 2 Korintiërs 5:11-21. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 48(1,2) Junie:296-306.

Verster, P. 2008. *A theology of Christian mission: What should the church seek to accomplish?* Lewiston: Edwin Mellen.

Verster, P. 2011. Hemel en hel: 'n Sendingperspektief. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* , 52(3,4):614-627.

Verster, P. 2012. Die sendingimplikasies van Kolossense 1:15-20. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 53(3&4):402413.

Verster, P. 2013. Toekomsverwagting en hoop by inwoners in die informele nedersettings rondom Bloemfontein. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 54(3,4):1-12.

Verster, P. 2014. Watter ryk man sal gered word? Riglyne uit 1 Timoteus 6. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 50(3):111-131

Von Rad, G. 1962. *Old Testament theology, Volume 1: The theology of Israel's historical traditions* (Vertaal deur D.M.G. Stalker). New York: Harper & Row.

Von Rad, G. 1966. *Deuteronomy.* Londen: SCM. (Old Testament Library).

Vorster, J.M. 2011. An ethics of hope for moral renewal in South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa,* 140:4-19.

Vos, J. 2005. *De betekenis van de dood van Jezus: Tussen seculiere exegese en christelijke dogmatiek.* Zoetermeer: Meinema.

Wall, R.W. 1993. *Colossians and Philemon.* Downers Grove, IL: InterVarsity. (The IVP New Testament Commentary Series).

Wall, R.W. 2012. *1 & 2 Timothy and Titus.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The Two Horizons New Testament Commentary).

Walls. J.L. 2008. Heaven. In: Walls, J.L. (Red.). *The Oxford handbook of eschatology.* Oxford: Oxford University Press: 23-35.

Walsh, B.J. en Keesmaat, S.C. 2004. *Colossians remixed: Subverting the Empire.* Downers Grove, IL: IVP Academic.

Ware, J.P. 2009. Paul's hope and ours: Recovering Paul's hope of the renewed creation. *Concordia Journal,* 35(2):129-139.

Watts, J.D.W. 2005. *Isaiah 1-33* (Hers. uitg.). Nashville: Thomas Nelson.

Weaver, J. Denny. 2001. *The non-violent atonement.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Webster, W. 1982. The messenger and mission societies. In: Winter, R.D. en Hawthorne, S.C. *Perspectives on the world Christian movement: A reader.* Pasadena: William Carey Library: 763-769.

Weiser, A. 1972. *Introduction to the Old Testament: The canon, the apocrypha and pseudepigrapha.* (Vertaal deur D.M. Barton). Londen: Darton, Longman & Todd.

Weiser, A. 1975. *The Psalms: A commentary.* (Vertaal deur H. Hartwell). Londen: SCM (Old Testament Library).

Welker, M. 2013. *God the revealed: Christology.* (Vertaal deur D.W. Stott). Grand Rapids, MI: Eerdmans. (Expanded version of the Gunning lectures. Edinburgh 2004).

Wenham, G.J. 2002. *Genesis 1-15.* Dallas,TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 1).

Wenham, G.J. 2002. *Genesis 16-50.* Dallas,TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 2).

Westermann, C. 1969. *Isaiah 40-66: A commentary.* Londen: SCM. (Old Testament Library).

Wilson, W.T. 1997. *The hope of glory: Education & exhortation in the epistle to the Colossians.* Leiden: Brill. https://doi.org/10.1163/9789004267343

Witherington III, B. 1995. *Conflict and commmunity in Corinth: a socio-rhetorical commentary on 1 and 2 Corinthians.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Witherington III, B. 2004. *Paul's letter to Romans: A socio-rethorical commentary.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Witherington III, B. 2006. *Letters and homilies for Hellenized Christians. Vol 1: A socio-rhetorical commentary on Titus,1-2 Timothy and 1-3 John.* Downers Grove, IL: IVP Academic.

Witherington III, B. 2007. *The letters to Philemon, the Colossians and the Ephesians: A socio-rethorical commentary on the captivity epistles.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wolff, C. 1989. *Der zweite Brief des Paulus an die Korinther.* Berlin: EVB. (THNT: 8).

Wright, C.J.H. 2006 *The mission of God: Unlocking the Bible's grant narrative.* Nottingham: InterVarsity.

Wright, N.T. 1996. *Jesus and the victory of God.* Londen: SPCK.

Wright, N.T. 1997. *What Saint Paul really said: Was Paul of Tarsus the real founder of Christianity?* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wright, N.T. 2013. *Paul and the faithfulness of God: Christian origins and the question of God. (Parts I and II).* Londen: SPCK.

Wright, N.T. 2013. *Paul and the faithfulness of God: Christian origins and the question of God. (Parts III and IV).* Londen: SPCK.

Wright, N.T. 2016. *The day the revolution began: Reconsidering the meaning of Jesus's crucifixion.* San Francisco: HarperOne.

Zimmermann, H. 1983. Tod und Auferstehung im neutestamentlichen Frühchristentum. In: Klimkeit, H-J. *Tod und Jenseits im Glauben der Völker.* Wiesbaden: Otto Harrassowitz: 86-96.

Zizioulas, J.D. 1985. *Being as communion: studies in personhood and the church.* Crestwood, New York: St Vladimir's Seminary Press.



# Indeks

aanbid 19, 59-64, 71, 76, 80-83, 94-96, 140, 145-148, 213
aanbidding 59-63, 81, 182, 222
aarde 2, 29, 48-51, 66, 83-89, 93-95, 100-101, 106, 112, 117, 123-124, 130, 138, 143, 152, 158, 175-179, 199, 213-225, 242, 247, 260-261, 270-273
aards 259
aardse 8, 36-39, 44-45, 51, 69, 145, 150-153, 159, 177, 195, 217-222, 242, 260, 267-269
Aäron 210
aartsvader 132
Abelardes 47
Abraham 57-58, 65-67, 84, 88, 113, 153, 184, 188, 211, 259
Adam-Christologie 56-58, 144
Adam-Christologieë 56
Adam-tipologie 54
afgode 92, 156
afgodery 224-225
Afrika 153-156, 194, 202-207, 271-274
Aleksandrynse 70
Allah 153
alleen 2, 9-10, 18, 22-25, 33-34, 38-43, 49, 58, 67-71, 79-83, 93-97, 105, 125, 130-131, 135-136, 140-141, 145-148, 156-160, 165-169, 179, 186-201, 205-208, 212, 220-223, 237-238, 242-245, 257-258, 268-275
Allerhoogste 106, 211
Almagtige 81, 117-119, 124, 152
alversoening 252-257
Anselmus 47, 229-230
Antiocheense 70
apokaliptiek 49-251
apokaliptiese 40, 125, 249-250
apokriewe 250
apostels 18, 31, 110
Aquinas 52
Aristoteliese 45
Arius 42, 51, 135
armes 22, 40, 149, 168, 172, 182-185, 193-195, 275
armoede 182, 194
Athanasius 50-51, 70-71
atonement 225, 229
Augustinus 52, 248
Barmen 40
Barth 23, 44-45, 73-75, 81, 139, 155, 254, 266
bediening 33, 61, 109-110, 116, 212, 226, 231-237
beeld 29, 54-58, 71, 114-117, 124-125, 129, 133-144, 172, 225, 248-254, 270
begrip 5-18, 27, 33-45, 54-69, 75-81, 87-88, 96-99, 111-112, 121, 126-128, 135, 139, 147, 154, 167-174, 182, 187, 202-207, 216, 224, 230, 235, 240, 248-251, 257-259, 269
begrippe 55, 90, 98, 120, 127-128, 134, 153, 178, 246-251
bekering 20, 28-29, 33, 74, 82, 162, 213, 241-243, 272
beliggaam 32
beliggaming 27, 139, 218

belofte 101, 105, 117, 150, 165, 188-192, 199, 248, 270

beloftes 23, 66, 93, 106, 110, 188-193, 212

belydenis 2, 7, 15, 24-25, 36-42, 46-49, 53, 59, 64, 73, 78-82, 91, 95, 104-108, 114, 145-154, 162, 243, 266-274

belydenisse 49, 105, 131, 267

Bergpredikasie 97, 166-167, 198, 213, 242

Berkhof 5, 218-220, 245, 251-254

bestaan 3-8, 14, 18, 23-33, 38-58, 66-75, 80-100, 112-117, 127-130, 135, 155-158, 162, 170-187, 192, 201-210, 216-221, 225, 231-236, 245-249, 254-260, 267-274

bevraagteken 6, 29, 53, 61, 139-140, 157, 173, 202, 220, 242, 267

bevry 88, 219, 224-225

bevrydende 7, 25, 179, 183, 195

Bevryder 195

bevryding 24, 109, 179, 195, 222

bloed 30, 100, 104, 117, 121-123, 131-134, 159, 224, 240-244, 275

Bonhoeffer 36, 216

boodskap 16-24, 30-32, 65-67, 101-104, 110-111, 130, 159-168, 217, 226, 243, 247, 260, 267-274

Bosch 20-24, 159, 203, 214, 245

bruid 124, 252

Bruidegom 125

bruilof 112, 124, 191

Bultmann 39, 244, 255

Bybel 4-15, 26-29, 42, 46, 153-154, 173, 188-189, 193-195, 248-250, 254-256, 269

Calvyn 43-44, 48, 75, 166, 248

Chalcedon 2, 36, 42-43, 49-52

Christ 5, 11, 25-26, 31, 38, 44, 53-56, 109, 129-135, 139-143, 155-158, 216-217, 228-229, 233-236

Christelike 2-7, 18, 27-28, 39, 55, 60-63, 74, 111-112, 133, 159-162, 170-171, 179, 183, 192-195, 207, 241, 245-248, 259-261

Christelikheid 26, 173

Christen 3-4, 52, 74, 154, 171, 183, 196, 253, 267

Christendom 26-29, 40, 55, 59-60, 171

Christene 5, 13, 53-55, 61-63, 117-118, 139, 170, 207, 221-224, 247, 273

Christian 20, 26-31, 53, 59, 63, 129, 157, 182, 203, 234, 258-261, 267

Christianity 63, 67, 203, 215

Christians 28, 32, 157-158, 224, 229, 261

Christologie 2-3, 8-10, 15-18, 32-57, 64, 70, 74-78, 96, 109-111, 129, 142-144, 148, 156, 172, 176, 195, 201, 213-215, 222, 235, 265

Christologieë 46-49, 56

Christologies 34, 45, 73

Christologiese 2, 34, 48, 57, 73, 81, 147, 159

Christosentries 96

Christosentriese 26, 269

Christus 2-79, 87, 96-162, 166-179, 183-247, 252-275
church 10-11, 20, 24, 28, 220
Claritas 254
Clemens 248
Cyprianus 71
Cyrillus 70
Damaskus-Christofanie 144
Darwinisme 173
Dawid 57-58, 80, 95-97, 110, 120, 126, 184
Dawkins 173
death 31, 56, 65-68, 108, 122-125, 129, 142-143, 155-157, 224, 229-233, 237, 259
deity 142, 157, 237
dekaloog 83
Dekapolis 217
demokrasie 181
demokratisering 205
Derrida 6
diakonia 31, 273-275
dialoog 25, 41, 267
diens 7, 25, 31, 83, 104-105, 117, 130, 148, 158, 164-167, 175, 179-180, 185-186, 195-200, 207-208, 241, 263, 275
dissipels 21, 100, 107-108, 116, 196, 213, 240-241, 260
dissipelskap 105, 196, 240
dooie 14, 118, 153
dooies 132, 153, 245-248, 259
Doper 97, 106, 112
Drie-eenheid 27, 72
Drie-enige 5, 12, 73, 182, 205, 221, 237, 266, 274
dualisme 192
dualisties 246
dualistiese 159, 207
duisternis 18-23, 31-33, 250, 262
duiwel 229-230, 275
duiwelbesetenes 103
dwaalleraars 142
ecclesiae 20-24, 274
eenswesens 42, 50, 70, 267
eerste 3, 8, 15, 20-27, 36, 40, 50, 54-61, 80-83, 101-107, 112, 117-118, 129, 133, 142, 162, 169-171, 175-177, 184, 192, 196, 203, 211-212, 224-225, 231-232, 266-269, 275
eersteling 245
eerstelinge 123
eindtyd 32, 249
eindtyd-oordeel 66
ekklesia 30
ekklesiologie 72
ekklesiologiese 26
ekologie 26, 216
ekologies 158
ekologiese 26, 158
ekonomie 18-20, 85, 90, 115, 121, 128, 135, 164, 180-186, 228
ekonomiese 162, 168, 182-185, 189, 205, 271
ekonoom 180
eksegese 9-14
eksiliese 249

ekskatologiese 249
ekumeniese 13, 23, 171
engele 60, 75, 99, 106, 118, 216
eniggebore 140
enigste 9, 28, 33, 45, 60, 71, 83, 114, 133, 148, 171, 218, 258-260, 266, 275
entrepreneurskap 182-186
erediens 13, 71
eredienste 193
eskatologie 65-68, 74, 82, 177, 249-253
eskatologiese 32, 38, 65, 69, 74, 143-144, 176-178, 187-188, 224, 242, 252, 262-263, 273
eurosentrisme 171
evangelie 11-13, 18, 22-32, 36, 48-51, 101-103, 126, 183-184, 202-207, 217, 239-245, 274
evolusie 83, 173
evolusionêre 217
ewige 2, 22, 30, 51-54, 73, 85-95, 116, 131, 145, 158, 188, 198, 206-207, 217-222, 248-264, 269, 275
ewigheid 2-3, 7, 46, 51-52, 78-81, 86-96, 109, 117-118, 123, 130-131, 147, 151-152, 159, 190, 195, 221, 247, 251-253, 263, 271-275
Fariseërs 99-101, 105, 213, 242, 249
filosofie 139
filosofiese 2, 73, 81, 87-89
fundamentalisme 9-12
fundamentalisties 12
gebed 38, 43, 95, 100, 212-214, 239-242
geboorte 91, 215-217, 238, 271
gebore 70-71, 91, 106, 132, 215
gebroke 69, 152-156, 177, 186, 197, 207-210, 268
Gebrokene 69, 152, 172, 208, 262-263, 268-269
gebrokenheid 69-70, 147, 152, 160, 172-177, 186, 195-198, 208, 240, 262, 267-269
geestelik 12, 40, 189, 217
geestelike 105, 159, 189, 193, 246, 273
gehoorsaam 30, 48, 54, 71, 80, 172, 185, 199, 212
gehoorsaamheid 31, 47, 71, 107, 111, 128-130, 158, 185-186, 201, 213, 218, 238
gehoorsame 4, 47, 66
geïnkarneer 43, 217, 267
gekruisig 65, 73, 104, 126, 145, 219, 223, 236, 263
Gekruisigde 47, 69, 126, 130, 148-154, 159, 172, 208, 223, 244, 268-269
geloof 3-7, 36-41, 47, 52, 62-64, 69, 74, 115, 126, 131, 139, 143, 174, 187, 191, 195, 221-222, 230, 242-263, 272
gelowige 73, 118, 157, 190-191, 195, 221, 236, 246, 252, 273
gelowiges 49, 124, 131, 170, 191, 197, 248
gemeente 30, 92, 156, 245, 268, 274
gemeentes 30, 118, 191
genade 5-8, 29, 34, 57-58, 71, 99-100, 117, 126, 132, 144, 169, 177, 186-187, 198, 218, 228, 234-237, 253, 257-260, 272

genesings 38, 97, 103, 218
geopenbaar 7-8, 40-43, 49, 61, 66, 78-79, 104-105, 135, 217-221, 237, 266-267
gered 84, 88, 162, 183, 220, 240-244, 253, 258
gereformeerde 156, 255-257
Gereformeerdes 235
geregtigheid 24, 28-30, 58, 67, 86, 148-152, 164, 172, 178-183, 187, 199-201, 211, 218-221, 230-232, 238, 244, 256-258, 273
geregverdig 235
geroep 11, 58, 67, 107, 162-167, 189, 193-197, 205-208
geskape 80, 94, 129, 137-140, 156, 175, 207, 222, 257, 270
geskapenes 156
geslag 88, 92-97, 119-125, 150-152, 218, 239, 262
geslagte 121-125, 188
gespreksvoorwaardes 13-14, 227, 232
gesterf 34, 122, 153, 158, 206, 219-221, 227, 231-237, 244-246, 260-263, 268
gesterwe 143, 227, 236-237
getuienis 2-7, 11-13, 24, 31, 38-49, 53-57, 75-78, 82-84, 109-112, 118, 144-145, 208-215, 225, 244-247, 260, 268, 273
gewelddadig 170, 234-236
geweldloosheid 170-171
geweldlose 170, 221
goddelike 4, 27, 50-55, 70, 91, 140-142, 148, 225, 235, 245, 249
Goddelikheid 18-19, 43, 48, 52, 71-72, 87, 174, 220
goddeloses 237
Godgelyke 127-128
Godheid 36, 43-50, 57-59, 79, 131-132, 142-145, 152-157, 167-168, 173-174, 222, 235-237, 260-261
God-mens 154
godsdiens 3, 28, 36, 40, 45, 60-61, 267
godsdienste 40, 154, 266-267
godsdienstige 38, 42, 60-63
Grice 13, 225-226, 232
Hebreeuse 87
heelal 64-66, 135-136, 140-142, 156-160, 172-174, 218
heerlikheid 4, 10, 14, 19-21, 36-61, 74-135, 140-160, 177-179, 183-185, 190, 196-199, 205-208, 213, 222, 236, 240-247, 251-263, 268-275
Heidelbergse 218, 244, 260-263, 275
heilig 83-86, 119, 257
heiligdom 88
Heilige 3-15, 19, 23, 27, 39, 45, 70, 86, 97-101, 106, 114, 131, 186, 191, 195-198, 214, 222, 253, 257, 261, 273-275
hel 29, 72, 210, 220-221, 247-260
Hellenistiese 15, 53-56, 60, 105, 137-139

hemel 21, 29, 72, 83, 88, 92-95, 100-103, 112, 117, 130, 138, 150-152, 176-179, 191, 200, 213-216, 220, 224-225, 247-263, 270-273

hemele 106, 111, 150, 199

hemelse 44, 50, 72, 93, 225, 251-253, 258-263

hemelvaart 24, 55, 214, 261-262, 271

hier-en-nou 29-32, 221, 269

Hindoeïsme 154

historisiteit 37-39, 244

Hoëpriester 209-212, 263-264, 271

hominiede 175

homoiousios 42, 50, 70

homoousios 42, 50, 70, 222

hoofstroomgodsdienste 40

hoog-kapitalisme 180-182

humanisme 39

humanistiese 169

humaniteit 216-218

huwelik 168-172, 251

illokusie 18-19, 85, 90, 98, 115, 121, 134, 149, 164, 212

illokusies 22, 102, 108, 127, 228

immanensie 86

immanente 242

Immanuel 97, 187, 215

inkarnasie 24-27, 46, 52-59, 112, 130, 140, 154, 159, 207-210, 214-217, 232, 269, 274

inkarneer 217

inkulturasie 203

Islam 40-41, 73, 154

Israel 5, 58, 64-69, 75, 80-89, 94-95, 101, 106-110, 148-151, 155, 164-166, 189, 212, 224-225, 249-252

Israeliet 66

Israeliete 83, 88, 164

Jerusalem 108, 185, 190, 201, 217, 241-243, 249

Jesus 2-11, 15-82, 96-118, 122-136, 140-162, 166-187, 191-230, 234-247, 251-275

Joodse 38-40, 51, 55-56, 60-69, 75, 112-114, 137-140, 148, 233, 246, 250-251

Kanaänitiese 93

kanon 125

Kapitaal 180-181

kapitalisme 184

kapitalistiese 181

Kappadosiërs 73

Kappadosiese 72

keiser 109, 130, 273

keisers 105, 147

kerk 2, 11-13, 18-33, 41-43, 51, 57, 63-64, 69-76, 101, 110, 116, 125, 130, 134-136, 141-143, 147, 156-162, 168-172, 179-180, 186-187, 192-198, 204-208, 218-224, 236, 245-247, 253, 261-269, 273-275

Kerke 193-194

kerkisme 171

koloniale 13, 24-27, 202-205

kolonialisme 202-205

Koning 36-39, 66, 87-96, 100, 107-110, 116-117, 125, 147-153, 160, 189, 238, 268-270

konings 80, 91, 117, 124, 138, 147-150, 211

koningskap 39, 50-52, 59, 90-93, 110, 126, 130, 143-152, 222, 270

koninklik 45

koninklike 39, 99, 147-152, 168, 225

koninkryk 3-4, 23-32, 40, 50, 62, 80, 96-97, 101-105, 117, 123-125, 142, 147-151, 159-160, 167, 180, 185-186, 195, 199-200, 207-208, 213-218, 223-224, 242, 249, 273

koninkryke 27, 155-156, 185

koninkrykschristendom 171

koninkryksteologie 224

korrupsie 180, 205-207

kosmiese 92, 135-141, 158

kosmos 158-159, 217, 249

kreasionisme 176

krities-materialistiese 7

krities-rasionalistiese 7

kruis 8-11, 24, 33, 67, 71-73, 104-105, 110-111, 122-128, 134, 141-143, 151-152, 158-159, 170, 174-177, 188, 192, 196-197, 201, 205-206, 212-214, 219-225, 229, 233-243, 256, 260-263, 268-271

kruisdood 100, 219-220, 224-228, 234-242, 271

kruishout 111, 122

Kruisig 201

kruisigingsgebeure 114

Krygsheer 117, 150

kulture 26

kulturele 9, 26, 64, 202

kultuur 60, 207

Kurios 62, 79, 131

kwaliteitsreël 13-14, 20, 228

kwantiteitsreël 13-14, 20

lewend 13-14, 132, 245

lewende 3-5, 30-33, 46, 80-83, 93-95, 122, 153, 167, 197, 224, 243-244, 266

liefde 11-12, 29-31, 39-42, 47, 67, 72, 82, 94, 117, 131, 170-172, 178, 187, 218-221, 225-227, 231-242, 253-258, 263, 272

liggaam 30-32, 72-73, 156, 195, 214, 218, 224, 240, 246, 259, 270-275

Logos 25, 44-51, 70, 112, 153, 216-217

lokusie 18, 90, 120, 127-128, 134

Lokusies 19-21, 85, 98, 102, 108, 149, 163, 211

losgekoop 121-123

losprys 229, 240

Luther 45, 71, 216, 228, 235

lutron 230

lydende 36-37, 170, 174, 197, 205-206, 220-222, 237

lydensbeker 100

lyding 8, 36, 47, 69-70, 121-123, 159-160, 187, 195-198, 206, 218-223, 228, 236-241, 248

maagd 215

maagdelike 215

maagdelikheid 215
majesteit 51, 78-79, 84-85, 90-99, 104-107, 117-126, 130-133, 144, 150-153, 177-178, 189, 260, 269
Marcion 96, 239
Marcusse 169
Maria 43, 106, 215
Marialogie 215
Melgisedek 210-211
mensgeworde 39
menswording 3, 46, 53-54, 214, 232
Messiaanse 57, 65, 104, 110-112, 151
Messias 31, 64-69, 97, 104-110, 116, 122, 144-148, 169, 225, 241
Messias-geheim 126
Messias-Koning 69
Messiasskap 69, 75, 103-105
Middelaar 44-46, 114, 135, 153, 212, 220, 235, 268
Middelaar-priester 213
middelaarsrol 153
missio 10-11, 23-30, 34, 217, 266, 274
missiologiese 158
mission 10, 22-26, 31, 99-101, 110, 116, 125, 182, 246
missionaal 10-11
missional 11, 26, 30
missionale 11, 27-33, 101, 220-221, 268, 273-274
missionary 10, 24-26, 31
Missionêr 150, 247, 263
missionêre 39, 152, 201, 208, 213-218
missiones 23-24
missions 68
Mohammed 153
Moses 61, 75, 84-88, 148, 166-167, 189, 240-241
Moslems 206
narratiewe 12, 32, 232
Nasarener 74
Nasaret 21, 102-103, 110, 148, 245
nasies 18-20, 88, 93, 100, 106, 117, 124, 132, 188, 241-243, 249
Neo-Darwinisme 174-179
Niceaanse 56, 222
offer 6, 47, 131, 142, 211-214, 219-220, 225, 232, 241, 273
onderdruktes 22, 107, 195
oordeel 29, 58-60, 66-74, 80, 84, 88, 93, 99, 113, 117, 123-124, 131, 151, 155, 162-165, 176, 183-184, 190, 208, 216-221, 233-237, 241, 248-263, 270
openbaar 3-8, 25, 29, 61-67, 79-87, 96, 101, 105, 114-118, 130, 141-148, 154, 176, 185, 219-222, 237-238, 258, 266-269
opstaan 100, 198, 205, 241-246
opstanding 5-8, 24, 47, 56-57, 62, 67-72, 106, 110-111, 125-126, 131, 142-144, 158, 174-177, 188, 192, 198, 208, 214, 222-225, 236, 241-252, 259-262, 271

opstandingshoop 187
opstandingsliggaam 246
Origines 170, 248
partisipasie 70, 227, 232-236
partisipeer 70, 236
pasifistiese 170
Pauliniese 61, 136-137, 183, 252
Paulus 11, 15-18, 29-33, 38, 51-75, 79, 122, 126-139, 144-145, 151, 156-159, 183, 191, 220-239, 244-247, 251-254, 270, 275
perlokusie 18-22, 86, 90, 99, 103, 108, 115, 121, 128, 135, 149, 164, 212, 228
Plaasvervanger 33, 69, 231
plaasvervanging 33, 225-233
politieke 73, 148, 168-172, 180-182, 189, 195, 206
post-koloniale 13, 203-207, 271
post-kolonialisme 202, 267
postmodernisme 6, 26, 267
prediking 13, 103, 150, 241, 245, 253, 260
pre-eksistensie 41-42, 46, 50-63, 75, 134-135, 152
Priester 36-39, 210-214, 220, 238, 263, 268-271
profete 75, 80, 99-100, 110, 162-167, 199-201, 240, 249
profeties 45, 162, 172, 180, 187
profetiese 25, 39, 80, 99, 104, 162-172, 180-183, 190, 196-201, 205-208, 242
Protestantse 8, 13, 254
pseudepigrafiese 137
reconciliation 125, 142, 155-157
reddende 8, 93, 237
Redder 25, 145
redding 32, 68, 88, 123, 249, 256-258
Reformasie 12
reformatore 12
reformatoriese 3-12, 204-207
regeer 66, 86, 92-95, 105, 117-118, 123, 147-150, 249, 258-262, 270
regeerders 205
reg-eisende 238
regering 92-95, 172, 181, 205-206
regter 104, 187, 219, 253, 258
regverdig 113, 131
regverdiging 61, 232
regverdigmaking 126
reg-verskaffende 238
religieuse 6, 14, 40, 60-64, 73, 172
rentmeesterskap 183, 271
resurrection 20, 31, 56, 65-68, 108-110, 157, 216, 229, 233, 250, 258-259
revolusie 169, 224, 273
revolusionêre 168-169
roeping 23, 45, 68, 80, 150-151, 162-168, 172, 186, 199-202, 224-225, 243, 270
roepingsvisioen 86
Romeinse 40, 60-64, 101, 105, 109, 147, 170
Rooms-Katolieke 52, 74, 215, 222, 253

Rooms-Katolisisme 27

sekerheid 191-193, 244-247, 252

sendeling 6, 27, 204

sendelinge 31, 202

sending 2-3, 7-36, 41, 75-78, 101, 130, 136, 145-147, 156-160, 170-180, 202-204, 208, 213-217, 223, 228, 241, 260-275

Skepper 7, 11, 52, 66, 83-91, 95, 140, 152, 174, 179, 220-222, 237, 271

Skepperkoning 152

skepping 3-11, 26, 32-33, 43, 64-67, 80-82, 87, 91-94, 114, 125, 133, 137-142, 156-159, 171-177, 183, 191-194, 207, 216-217, 223-225

Skrif 3-8, 12-16, 21, 25, 30-33, 41-42, 46-49, 53, 58-59, 78-80, 145, 204, 225, 248, 254-260

soewerein 83

soewereine 5, 125

soewereiniteit 86, 93, 181, 189, 256

sonde 8, 29, 33, 54, 58, 70-74, 80, 100, 105, 110-112, 172-176, 185-190, 195, 204, 218-243, 253-258, 264, 268-271

sondeloosheid 47, 218

sondelose 228

Sosialistiese 182

sterf 8, 70, 97, 111, 170-171, 221-229, 233-243, 250, 272-273

sterwe 20, 33, 114, 208, 212-219, 223-225, 237-245, 272-275

swakheid 71, 159, 181, 243

Taalhandelingsperspektief 18, 85, 89, 98, 102, 107, 163

teksvoorwaardes 14, 22, 90, 102, 115, 128, 149, 164, 212

teoloë 49, 72-78, 154, 173-175, 229-230, 253-254

teologie 2-4, 12, 32, 44, 50, 64, 71-73, 84, 110, 126, 144, 168, 187-188, 195, 203-207, 253-254, 259, 269

teologiese 3, 26-29, 43-45, 49-53, 75, 89, 139, 176, 215, 229, 241, 259

teologisering 89, 204-205

teoloog 207

Teopasgitisme 197

Tertullinanus 248

toekoms 2, 24, 38, 65-66, 70, 74, 110, 130, 157-158, 169, 186-195, 199, 208, 221, 260-262, 271

transendensie 33-34, 74-75, 79, 86, 111, 145-147, 162, 266-273

transendent 42, 76

transendente 198, 208, 264-270

Trinitaries 142, 154

Trinitariese 27, 154, 222, 236

Trinitatis 27, 34, 266

Triniteit 43-46, 72-73, 267

troon 90-92, 99, 110, 119-123, 191

troonbestyging 58, 92, 262

troonvisioen 71, 119

uniek 42, 60, 103, 168

unieke 2-5, 18, 24, 28, 38, 45-53, 57-62, 72-81, 86-89, 95-107, 114, 126-135, 141-155, 160-167, 190, 197-198, 211-218, 222, 228, 236-237, 242, 248, 266

uniek-gebore 222

uniekheid 81-84, 96-99, 103, 108, 114, 122, 139, 215, 262

universalisme 155, 187, 252

universalisties 155, 251-253

universaliteit 142

universeel 32, 74, 121, 143, 155, 233

universele 8, 25, 30, 110, 136, 143, 155-156, 187, 233-234

Vader 3, 19, 23, 27, 40-44, 48-49, 55, 59-63, 71-75, 96-103, 107-118, 130, 144-148, 154, 162, 191, 213, 218-223, 239, 243, 261, 266-268, 274-275

Vader-gebed 241

Vaderhuis 273

vaevuur 253

verbond 4, 18, 64-68, 80-89, 100, 104, 165, 188-192, 212, 224, 240-244, 249

verheerlik 10, 32, 45, 67, 79-80, 106, 113-117, 121-122, 155, 197-201, 205, 246

verhewe 39, 85-88, 92, 128, 132-139

verkondig 5, 22-25, 31-33, 99, 109, 130, 136, 145-147, 152, 162-168, 179, 206-208, 217-223, 233, 241-247, 257, 264-268, 272-273

verkondiging 18, 24-25, 29, 40, 80, 166-167, 238, 268, 272

verlos 117, 126, 159, 213, 218-221, 237, 249, 275

verlossende 8, 37-39, 105, 169, 183, 198, 222, 229

Verlosser 11, 28, 39, 59, 97, 106, 123, 130, 145, 194

verlossing 3-6, 10, 22-25, 33-34, 39, 52, 64-74, 96, 100-126, 130-132, 143, 150-159, 164-167, 173-178, 186-201, 206-210, 214-222, 228, 234-247, 253-264, 269-273

verlossingsdaad 176

verlossingsgeskiedenis 82, 249

verlossingswerk 139, 148, 221

versoeking 107, 213

versoekings 128

versoen 34, 67, 134-135, 142, 226, 233, 272

versoende 271

versoenende 141, 183

versoening 2-3, 17, 33-36, 42-48, 70-78, 109, 131, 136, 142-147, 155-161, 172, 177-178, 187, 197, 206-214, 220-241, 262-264, 270-275

vleeswording 52

vloek 71-72, 129

volbring 65, 114, 150, 263, 270

vryspraak 131, 226

waarheid 6-7, 14, 20, 38, 82, 99-102, 112-115, 126, 130, 136, 149-150, 157, 199, 219-220, 228, 238, 244

wedergeboorte 257-258

wederkoms 24, 47, 124, 144, 159, 214, 262-263, 271

wêreld 2-3, 8-11, 15-18, 23-34, 40-45, 50, 55-56, 60-74, 78-82, 87, 91-100, 106-114, 125, 130, 136, 140-143, 147-152, 156-162, 166-168, 172, 177-188, 196-210, 215-225, 237-238, 243-275

wêreldbeeld 6, 66, 248, 255

wêreldbeskouing 207

wêreldbeskoulike 192

werke 48, 82, 137

Westerse 2, 24-27, 202-206

wetenskap 14, 48-49, 173-179, 271

wetenskaplike 3-6, 13-14, 172, 176-179, 230, 259, 271

wonder 33, 43, 48, 72, 84-86, 99-100, 110-111, 121, 125, 130, 136, 140, 144, 150, 156, 176, 194, 208, 214-215, 223, 228, 237, 257-259, 263

woord 7, 19-22, 31, 69, 80, 87, 93-94, 131, 136, 148-151, 162-169, 198-199, 210, 215, 230, 255, 269-273

woorde 42, 69, 87, 94-95, 102, 107, 113, 128, 153, 162-165, 213, 218-220

wysheid 40, 55-57, 64-66, 112, 139-140, 151, 225, 236, 275

YAHWEH 51, 58, 63, 67, 76-88, 96, 109-112, 131, 147-148, 154, 160, 252

In *Jesus Christus, Seun van God, ís ons versoening: 'n Missionêre Christologie* beklemtoon Pieter Verster die unieke betekenis van Jesus Christus as Seun van God en die implikasies van hierdie belydenis vir die sending. Verster lig die betekenis vir die sending uit deur 'n hermeneutiek en evangeliese grondslag vir die interpretasie van die Bybelse teks en konteks binne die post-moderne wêreld te ontwikkel. Die Christologiese benadering is essensieel vir sending, veral in die lig van Christus as Versoener in sy ampte as Koning, Profeet en Priester. Deeglike Skrifbewyse word voorgelê om sy standpunt te verduidelik.

**Dr Maniraj Sukdaven**
*Religiekunde en Missiologie, Universiteit van Pretoria*



SUNBONANI
SCHOLAR

ISBN 978-1-928424-10-9
9 781928 424109